# WET

**Om voorsiening te maak vir die inkorporasie, registrasie, organisasie en bestuur van maatskappye, die kapitalisasie van maatskappye met winsoogmerk en die registrasie van kantore van buitelandse maatskappye wat sake in die Republiek doen; om die verwantskappe tussen maatskappye en hulle onderskeie aandeelhouers of lede en direkteure te omskryf; om voorsiening te maak vir billike en doeltreffende amalgamasies, samesmeltings en oornames van maatskappye; om voorsiening te maak vir die doeltreffende redding van maatskappye in finansiële nood; om voorsiening te maak vir gepaste regsremedies vir beleggers en derde partye met betrekking tot maatskappye; om 'n Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom en 'n Oornamereguleringspaneel in te stel om die vereistes van die Wet ten opsigte van maatskappye te administreer; om 'n Maatskappytribunaal in te stel om alternatiewe geskilbeslegting te fasiliteer en besluite van die Kommissie te hersien; om 'n Raad vir Finansiële Verslagdoeningstandaarde in te stel om advies te gee oor vereistes vir finansiële rekordhouding en verslagdoening deur maatskappye; om die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), te herroep en wysigings aan die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984), aan te bring soos wat nodig is vir 'n konsekwente en harmonieuse bestel van besigheidsinkorporasie en -regulering; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

Die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika verorden soos volg:—

**INDELING VAN AFDELINGS**

**HOOFSTUK 1**

**VERTOLKING, OOGMERK EN TOEPASSING**

***Deel A***

***Uitleg***

1. Woordomskrywing
2. Verwante en onderling verwante persone, en beheer
3. Filiaalverwantskappe
4. Solvensie-en-likiditeitstoets
5. Algemene vertolking van Wet
6. Teenvermyding, vrystellings en wesenlike nakoming

***Deel B***

***Oogmerke en toepassing***

7. Oogmerke van Wet
8. Maatskappykategorieë

9. Gewysigde toepassing ten opsigte van maatskappye in staatsbesit
10. Gewysigde toepassing ten opsigte van maatskappye sonder winsoogmerk

**HOOFSTUK 2**

**STIGTING, ADMINISTRASIE EN ONTBINDING VAN MAATSKAPPYE**

***Deel A***

***Reservering en registrasie van maatskappyname***

11. Maatstawwe vir maatskappyname
12. Reservering van naam vir latere gebruik

***Deel B***

***Inkorporasie en regstatus van maatskappye***

13. Reg om maatskappy te inkorporeer
14. Registrasie van maatskappy
15. Akte van Oprigting, aandeelhouersooreenkomste en reëls van maatskappy
16. Wysiging van Akte van Oprigting
17. Veranderings, vertalings en konsolidasies van Akte van Oprigting
18. Regsgeldigheid van weergawes van Akte van Oprigting
19. Regstatus van maatskappye
20. Geldigheid van maatskappyhandelinge
21. Voorinkorporasiekontrakte
22. Roekelose handel verbode

***Deel C***

***Deursigtigheid, aanspreeklikheid en integriteit van maatskappye***

23. Eksterne maatskappye en geregistreerde kantoor
24. Formaat en standaarde vir maatskappyrekords
25. Ligging van maatskappyrekords
26. Toegang tot maatskappyrekords
27. Finansiële jaar van maatskappy
28. Rekeningkundige rekords
29. Finansiële state
30. Finansiële jaarstate
31. Toegang tot finansiële state of verwante inligting
32. Gebruik van maatskappynaam en registrasienommer
33. Jaarlikse opgawe
34. Bykomende rekenpligtigheidsvereistes vir sekere maatskappye

***Deel D***

***Kapitalisasie van maatskappy met winsoogmerk***

35. Regsaard van maatskappyaandele en vereiste om aandeelhouers te hê
36. Magtiging vir aandele
37. Voorkeure, regte, beperkings en ander bepalings ten opsigte van aandele
38. Uitreiking van aandele
39. Voorkoopsreg om aanbod van aandele te ontvang en in te skryf
40. Teenprestasie vir aandele
41. Goedkeuring deur aandeelhouers vir uitreiking van aandele in sekere gevalle
42. Opsies vir inskrywing vir sekuriteite
43. Ander sekuriteite as aandele
44. Finansiële bystand vir inskrywing vir sekuriteite

45. Lenings of ander finansiële bystand aan direkteure
46. Uitkerings moet deur direksie gemagtig word
47. Kapitalisasie-aandele
48. Maatskappy of filiaal wat maatskappy se aandele verkry

***Deel E***

***Registrasie en oordrag van sekuriteite***

49. Sekuriteite wat met of sonder sertifikaat bewys moet word
50. Sekuriteiteregister en -nommering
51. Registrasie en oordrag van sekuriteite met sertifikaat
52. Registrasie van sekuriteite sonder sertifikaat
53. Oordrag van sekuriteite sonder sertifikaat
54. Vervanging van sekuriteite met of sonder sertifikaat
55. Aanspreeklikheid met betrekking tot sekuriteite sonder sertifikaat
56. Voordelige belang in sekuriteite

***Deel F***

***Bestuur van maatskappye***

57. Vertolking en beperkte toepassing van Deel
58. Aandeelhouer se reg om ingevolge 'n volmag verteenwoordig te word
59. Rekorddatum vir die bepaling van aandeelhoudersregte
60. Ander aandeelhouersoptrede as op vergadering
61. Aandeelhouersvergadering
62. Kennisgewing van vergaderings
63. Hou van vergaderings
64. Vergaderingkworum en verdaging
65. Aandeelhouersbesluite
66. Direksie, direkteure en voorgeskrewe beamptes
67. Eerste direkteur of direkteure
68. Verkiesing van direkteure
69. Nie-verkiesbaarheid en diskwalifisering van persone om direkteur of voorgeskrewe beampte te wees
70. Vakatures op direksie
71. Ontheffing van direkteure
72. Direksiekomitees
73. Direksievergaderings
74. Direkteure se optrede buiten by vergadering
75. Direkteure se persoonlike finansiële belange
76. Standaarde van direkteure se gedrag
77. Aanspreeklikheid van direkteure en voorgeskrewe beamptes
78. Skadeloosstelling en direkteursversekering

***Deel G***

***Likwidasie van solvente maatskappye en deregistrasie van maatskappye***

79. Likwidasie van solvente maatskappye
80. Vrywillige likwidasie van solvente maatskappy
81. Likwidasie van solvente maatskappye per hofbevel
82. Ontbinding van maatskappye en afhaal van register
83. Uitwerking van afhaal van maatskappy van register

## HOOFSTUK 3

## GROTER AANSPREEKLIKHEID EN DEURSIGTIGHEID

### *Deel A*

### *Toepassing en algemene vereistes van hierdie Hoofstuk*

84. Toepassing van Hoofstuk
85. Registrasie van maatskappysekretaris en ouditeure

### *Deel B*

### *Maatskappysekretaris*

86. Verpligte aanstelling van maatskappysekretaris
87. Regspersoon of vennootskap mag as maatskappysekretaris aangestel word
88. Pligte van maatskappysekretaris
89. Bedanking of ontslag van maatskappysekretaris

### *Deel C*

### *Ouditeure*

90. Aanstelling van ouditeur
91. Bedanking van ouditeure en vakatures
92. Rotasie van ouditeure
93. Regte en beperkte funksies van ouditeure

### *Deel D*

### *Ouditkomitees*

94. Ouditkomitees

## HOOFSTUK 4

## OPENBARE AANBIEDINGE VAN MAATSKAPPYSEKURITEITE

95. Toepassing en vertolking van Hoofstuk
96. Aanbiedinge wat nie aanbiedinge aan publiek is nie
97. Standaarde vir aandeleskemas vir kwalifiserende werknemers
98. Advertensies met betrekking tot aanbiedinge
99. Algemene beperkings op aanbiedinge aan publiek
100. Vereistes rakende prospektusse
101. Sekondêre aanbiedinge aan publiek
102. Toestemming tot gebruik van naam in prospektus
103. Verandering van ooreenkoms in prospektus genoem
104. Aanspreeklikheid vir vals verklarings in prospektus
105. Aanspreeklikheid van deskundiges en ander
106. Verantwoordelikheid vir vals verklarings in prospektus
107. Tydgrens ten opsigte van toekenning of aanvaarding
108. Beperkings op toekenning
109. Toekenning wat nietig verklaar kan word
110. Minimum tydsverloop voor toekenning of aanvaarding
111. Voorwaardelike toekenning indien prospektus sekuriteite aangee wat genoteer gaan word

## HOOFSTUK 5

## FUNDAMENTELE TRANSAKSIES, OORNAMES EN AANBIEDINGE

***Deel A***

***Goedkeuring vir sekere fundamentele transaksies***

112. Voorstelle om volle of grootste deel van bates of onderneming te vervreem
113. Voorstelle vir amalgamasie of samesmelting
114. Voorstelle vir reëlingskema
115. Vereiste goedkeuring vir transaksies beoog in Deel
116. Implementering van amalgamasie of samesmelting

***Deel B***

***Gesag van Paneel en Oornameregulasies***

117. Omskrywings van toepassing op hierdie Deel, Deel C en Oornameregulasies
118. Toepassing van hierdie Deel, Deel C en Oornameregulasies
119. Regulering deur Paneel van transaksies wat geraak word
120. Oornameregulasies

***Deel C***

***Regulering van transaksies en aanbiedinge wat geraak word***

121. Algemene vereiste aangaande transaksies en aanbiedinge
122. Vereiste openbaarmaking aangaande sekere aandeletransaksies
123. Verpligte aanbiedinge
124. Verpligte verkrygings en uitdrywings
125. Vergelykbare en gedeeltelike aanbiedinge
126. Beperkings op verydelende optrede
127. Verbode transaksies voor en gedurende aanbod

## HOOFSTUK 6

## ONDERNEMINGSREDDING EN SKIKKING MET SKULDEISERS

***Deel A***

***Verrigtinge in ondernemingsredding***

128. Toepassing en woordomskrywings van toepassing op Hoofstuk
129. Maatskappybesluit om ondernemingsreddingsverrigtinge te begin
130. Besware teen maatskappybesluit
131. Hofbevel om met ondernemingreddingsverrigtinge te begin
132. Duur van ondernemingreddingsverrigtinge
133. Algemene moratorium op regsgedinge teen maatskappy
134. Beskerming van eiendomsbelange
135. Na-aanvangsfinansiering
136. Uitwerking van ondernemingsredding op werknemers en kontrakte
137. Uitwerking op aandeelhouers en direkteure

***Deel B***

***Praktisyn se funksies en aanstellingsvoorwaardes***

138. Praktisyns se kwalifikasies
139. Ontslag en vervanging van praktisyn
140. Algemene bevoegdhede en pligte van praktisyn
141. Ondersoek na maatskappy se sake

142. Direkteure van maatskappy moet samewerking en hulp aan praktisyn verleen
143. Praktisyn se vergoeding

***Deel C***

***Regte van geaffekteerde persone tydens ondernemingreddingsverrigtinge***

144. Werknemers se regte
145. Skuldeisers se deelname
146. Deelname deur houers van maatskappy se sekuriteite
147. Eerste vergadering van skuldeisers
148. Eerste vergadering van werknemers se verteenwoordigers
149. Funksies, pligte en lidmaatskap van komitees van geaffekteerde persone

***Deel D***

***Ontwikkeling en goedkeuring van ondernemingreddingsplan***

150. Voorstel vir ondernemingreddingsplan
151. Vergadering om maatskappy se toekoms te bepaal
152. Oorweging van ondernemingreddingsplan
153. Versuim om ondernemingreddingsplan aan te neem
154. Vereffening van skuld en afhandeling van eise

***Deel E***

***Skikking met krediteure***

155. Skikking tussen maatskappy en krediteure

**HOOFSTUK 7**

**REGSMIDDELE EN AFDWINGING**

***Deel A***

***Algemene beginsels***

156. Alternatiewe prosedures vir hantering van klagtes of beveiliging van regte
157. Uitgebreide kwalifikasie om vir regsmiddele aansoek te doen
158. Regsmiddele om die doel van Wet te bevorder
159. Beskerming vir alarmmakers

***Deel B***

***Regte om spesifieke regsmiddele te gebruik***

160. Geskille rakende reservering of registrasie van maatskappyname
161. Aansoek om regte van sekuriteitehouers te beskerm
162. Aansoek om direkteur as misdadig of op proef te laat verklaar
163. Verligting van onderdrukkende of benadelende optrede of van misbruik van afsonderlike regspersoonlikheid van maatskappy
164. Teenstemmende aandeelhouers se waardasieregte
165. Afgeleide handelinge

***Deel C***

***Vrywillige oplossing van geskille***

166. Alternatiewe geskiloplossing
167. Geskiloplossing kan tot toestemmingsbevel aanleiding gee

### *Deel D*

### *Klagtes by Kommissie of Paneel*

168. Inisiëring van klagte
169. Ondersoek deur Kommissie of Paneel
170. Uitslag van ondersoek
171. Uitreiking van voldoeningskennisgewings
172. Beswaar teen kennisgewings
173. Toestemmingsbevele
174. Verwysing van klagtes na hof
175. Administratiewe boetes

### *Deel E*

### *Bevoegdheid om ondersoeke en inspeksies te steun*

176. Dagvaarding
177. Magtiging om ingevolge lasbrief te betree en deursoek
178. Bevoegdheid om te betree en deursoek
179. Uitvoering van betreding en deursoeking

### *Deel F*

### *Beregtingsprosedures van die Maatskappytribunaal*

180. Beregtingsverhore voor Tribunaal
181. Reg om aan verhoor deel te neem
182. Bevoegdhede van beregtigingsverhoor van Tribunaal
183. Prosesreëls
184. Getuies

## HOOFSTUK 8

## REGULERENDE AGENTSKAPPE EN ADMINISTRASIE VAN WET

### *Deel A*

### *Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom*

185. Instelling van Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom
186. Oogmerke van Kommissie
187. Funksies van Kommissie
188. Verslagdoening, navorsing, openbare inligting en verhoudings met ander reguleerders
189. Aanstelling van Kommissaris
190. Minister mag beleid bepaal en ondersoek vereis
191. Instelling van spesialiskomitees
192. Samestelling van spesialiskomitees

### *Deel B*

### *Maatskappytribunaal*

193. Instelling van Maatskappytribunaal
194. Aanstelling van Maatskappytribunaal
195. Funksies van Maatskappytribunaal

### *Deel C*

### *Oornamereguleringspaneel*

196. Instelling van Oornamereguleringspaneel

197. Samestelling van Paneel
198. Voorsitter en adjunkvoorsitters
199. Vergaderings van Paneel
200. Uitvoerende Komitee van Paneel
201. Funksies van Paneel
202. Spesiale Oornamekomitee

***Deel D***

***Raad vir Finansiële Verslagdoeningstandaarde***

203. Instelling en samestelling van Raad
204. Funksies van Raad

***Deel E***

***Administratiewe bepalings op agentskappe van toepassing***

205. Kwalifikasies vir lidmaatskap
206. Botsende belange van lede van agentskappe
207. Bedanking, ontheffing uit amp en vakatures
208. Botsende belange van werknemers
209. Aanstelling van inspekteurs en ondersoekers
210. Finansies
211. Oorsigte en verslae aan Minister
212. Vertroulike inligting

**HOOFSTUK 9**

**OORTREDINGS, DIVERSE AANGELEENTHEDE EN ALGEMENE BEPALINGS**

***Deel A***

***Oortredings en boetes***

213. Vertrouensbreuk
214. Vals verklarings, roekelose gedrag en nie-nakoming
215. Verhindering van administrasie van Wet
216. Boetes
217. Jurisdiksie van landdroshof om strawwe op te lê

***Deel B***

***Diverse aangeleenthede***

218. Siviele handelings
219. Beperkte tyd vir inisiëring van klagtes
220. Betekening van dokumente
221. Bewys van feite
222. Staatsaanspreeklikheid

***Deel C***

***Regulasies, gevolglike aangeleenthede en inwerkingtreding***

223. Regulasies
224. Gevolglike wysigings, herroeping van wette en oorgangsbepalings
225. Kort titel en inwerkingtreding

## BYLAE 1

## BEPALINGS RAKENDE MAATSKAPPYE SONDER WINSOOGMERK

1. Oogmerke en beleid
2. Fundamentele transaksies
3. Inkorporeerders van maatskappy sonder winsoogmerk
4. Lede
5. Direkteure

## BYLAE 2

## OMSKEPPING VAN BESLOTE KORPORASIES NA MAATSKAPPYE

1. Kennisgewing van omskepping van beslote korporasie
2. Uitwerking van omskepping op regstatus

## BYLAE 3

## WYSIGING VAN WETTE

A: Wet op Beslote Korporasies, 1984
1. Wysigings van woordomskrywings van Wet op Beslote Korporasies
2. Beperking van tydperk om beslote korporasies te inkorporeer of maatskappye te omskep
3. Regstatus van beslote korporasies
4. Name van korporasies
5. Deursigtigheid en aanspreeklikheid van beslote korporasies
6. Redding van beslote korporasies wat finansieel in die nood verkeer
7. Ontbinding van korporasies
8. Deregistrasie van korporasies
B: Gevolglike wysigings van sekere ander Wette wat in Bylae 4 aangegee word

## BYLAE 4

## WETGEWING WAT KOMMISSIE MOET AFDWING

## BYLAE 5

## OORGANGSBEPALINGS

1. Vertolking
2. Voortsetting van voorafbestaande maatskappye
3. Hangende indienings
4. Akte van Oprigting en reëls
5. Voorinkorporasiekontrakte
6. Pariwaarde van aandele, skatkisaandele, kapitaalrekeninge en aandelesertifikate
7. Maatskappyfinansies en -bestuur
8. Maatskappyname en reservering van name
9. Volgehoue toepassing van die vorige Wet op likwidasie
10. Handhawing en voortsetting van hofverrigtinge en -bevele
11. Algemene handhawing van regulasies, regte, pligte, kennisgewings en ander instrumente
12. Oorgang van regulerende agentskappe
13. Volgehoue ondersoek en afdwinging van vorige Wet
14. Regulasies

## HOOFSTUK 1

## UITLEG, OOGMERKE EN TOEPASSING

### *Deel A*

### *Uitleg*

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

**"aandeel"** een van die eenhede waarin die eiendomsbelang in 'n maatskappy met winsoogmerk verdeel is;

**"aandeelhouer"**, behoudens artikel 57(1), die houer van 'n aandeel deur 'n maatskappy uitgereik en wat as sodanig in die effekteregister as met of sonder 'n sertifikaat ingeskryf is;

**"aandeelhoudervergadering"**, ten opsigte van 'n bepaalde aangeleentheid wat met 'n maatskappy verband hou, 'n vergadering van daardie houers van daardie maatskappy se uitgereikte sekuriteite wat geregtig is om stemregte met betrekking tot daardie aangeleentheid uit te oefen;

**"aandeleskema vir werknemers"** soos in artikel 95(1)*(c)* uiteengesit;

**"advertensie"** enige regstreekse of onregstreekse kommunikasie deur enige medium versend, of enige voorstelling of verwysing in of op enige medium geskryf, ingeskryf, opgeneem, geënkodeer of ingesluit, waardeur 'n persoon inligting onder die aandag van die publiek of 'n deel van die publiek wil bring;

**"Akte van Oprigting"** die dokument, soos van tyd tot tyd gewysig—

*(a)* wat regte, pligte en verantwoordelikhede van aandeelhouers, direkteure en ander in en met betrekking tot 'n maatskappy uiteensit, en ander aangeleenthede soos in artikel 15 beoog; en

*(b)* waardeur—

(i) die maatskappy ingevolge hierdie Wet geïnkorporeer is, soos in artikel 13 beoog; of

(ii) 'n voorafbestaande maatskappy gestruktureer en gereël voor—

*(aa)* die inwerkingtredingsdatum; of

*(bb)* die datum waarop dit ingevolge Bylae 4 in 'n maatskappy omskep is;

watter een ook al die laatste is;

**"algemene jaarvergadering"** 'n vergadering van 'n openbare maatskappy deur artikel 61(7) vereis;

**"algemene stemreg"** stemreg wat oor die algemeen op 'n algemene vergadering van 'n maatskappy uitgeoefen kan word;

**"amalgamasie of samesmelting"** 'n transaksie, of reeks transaksies, na aanleiding van 'n ooreenkoms tussen twee of meer maatskappye, wat lei tot—

*(a)* die stigting van een of meer nuwe maatskappye wat saam al die bates en laste hou wat onmiddellik voor die uitvoering van die ooreenkoms deur enige van die geamalgameerde of saamgesmelte maatskappye gehou is, en die ontbinding van elkeen van die geamalgameerde of saamgesmelte maatskappye; of

*(b)* die oorlewing van minstens een van die geamalgameerde of saamgesmelte maatskappye, met of sonder die stigting van een of meer nuwe maatskappye, en al die bates en laste wat onmiddellik voor die uitvoering van die ooreenkoms deur enigeen van die geamalgameerde of saamgesmelte maatskappye gehou is, berus by die oorlewende maatskappy of maatskappye, saam met sodanige nuwe maatskappye;

**"amptelike taal"** 'n taal wat in artikel 6(1) van die Grondwet genoem word;

**" 'Auditing Profession Act' "** die 'Auditing Profession Act', 2005 (Wet No. 26 van 2005);

**"Bankwet"** die Bankwet, 1993 (Wet No. 124 van 1993);

**"beheermaatskappy"** met betrekking tot 'n filiaal, 'n regspersoon of onderneming wat daardie filiaal beheer;

**"beslote korporasie"** 'n regspersoon wat kragtens die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984), geïnkorporeer is;

**"buitelandse maatskappy"** 'n buitelandse maatskappy wat in die Republiek sake doen of aktiwiteite sonder winsoogmerk verrig, na gelang van die geval, onderworpe aan artikel 23(2);

''**deelnemer**'' soos uiteengesit in artikel 1 van die Wet op Sekuriteitedienste, 2004 (Wet No. 36 van 2004);

**"direksie"** die raad van direkteure van 'n maatskappy;

**"direkteur"** 'n lid van die direksie van 'n maatskappy soos in artikel 66 beoog, of 'n plaasvervangende direkteur van 'n maatskappy;

**"elektroniese kommunikasie"** soos uiteengesit in artikel 1 van die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies;

**"*ex officio*-direkteur"** 'n persoon wat 'n amp van direkteur van 'n bepaalde maatskappy beklee uitsluitlik omdat daardie persoon 'n ander amp, titel, benaming of soortgelyke status het wat in die maatskappy se Akte van Oprigting gespesifiseer is;

**"filiaal"** soos ooreenkomstig artikel 3 bepaal;

**"finansiële staat"** ook—

*(a)* finansiële jaarstate en voorlopige finansiële jaarstate;
*(b)* tussentydse of voorlopige verslae;
*(c)* groep en gekonsolideerde finansiële state in die geval van 'n groep maatskappye; en
*(d)* finansiële inligting in 'n omsendbrief, prospektus of voorlopige aankondiging van resultate waarop 'n werklike of voornemende skuldeiser of houer van die maatskappy se sekuriteite, of die Kommissie, Paneel of ander regulerende gesag, redelikerwys verwag kan word om op te steun;

**"finansiële verslagdoeningstandaarde"**, met betrekking tot 'n bepaalde maatskappy se finansiële state, die standaarde wat op daardie maatskappy van toepassing is, soos ingevolge artikel 29(4) en (5) voorgeskryf;

**"geamalgameerde of saamgesmelte maatskappy"** 'n maatskappy wat óf—

*(a)* geïnkorporeer is na aanleiding van 'n amalgamasie- of samesmeltingsooreenkoms; of
*(b)* 'n geamalgameerde of saamgesmelte maatskappy was en voortbestaan het na die amalgamasie- of samesmeltingsooreenkoms, en 'n deel van die bates en laste hou wat onmiddellik voor die uitvoering van die ooreenkoms deur enigeen van die geamalgameerde of saamgesmelte maatskappye gehou is;

**"genomineerde"** soos uiteengesit in artikel 1 van die Wet op Sekuriteitedienste, 2004 (Wet No. 36 van 2004);

**"genoteerde sekuriteite"** soos uiteengesit in artikel 1 van die Wet op Sekuriteitedienste, 2004 (Wet No. 36 van 2004);

**"geregistreerde buitelandse maatskappy"** 'n buitelandse maatskappy wat sy kantoor geregistreer het soos deur artikel 23 vereis, en aan wie 'n registrasienommer ingevolge daardie artikel toegeken is;

**"geregistreerde kantoor"** die kantoor van 'n maatskappy, of van 'n buitelandse maatskappy, geregistreer soos deur artikel 23 vereis;

**"geregistreerde ouditeur"** soos uiteengesit in die Wet op die Ouditprofessie;

**"geregistreerde vakbond"** 'n vakbond wat ingevolge artikel 96 van die Wet op Arbeidsbetrekkinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995), geregistreer is;

''gereguleerde persoon of instelling'' 'n persoon aan wie magtiging om sake te doen deur 'n regulerende gesag verleen is;

**"gewone besluit"** 'n besluit wat aangeneem is—

*(a)* op 'n aandeelhouervergadering, met die steun van meer as 50% van die stemregte wat ten opsigte van die besluit uitgeoefen is, of 'n groter persentasie soos in artikel 65(8) beoog; of
*(b)* deur houers van 'n maatskappy se sekuriteite wat nie op 'n vergadering optree nie, soos in artikel 60 beoog;

**"groep maatskappye"** twee of meer maatskappye wat verwant of onderling verwant is;

**"Grondwet"** die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

**"hierdie Wet"** ook die Bylaes en regulasies;

**"indien"**, wanneer dit as 'n werkwoord gebruik word, om 'n dokument by die Kommissie af te lewer op die wyse en in die vorm, indien enige, wat vir daardie dokument voorgeskryf word;

**"individu"** 'n natuurlike persoon;

**"inkorporeerder"**, wanneer dit gebruik word—

*(a)* ten opsigte van 'n maatskappy wat ingevolge hierdie Wet geïnkorporeer is, 'n persoon wat daardie maatskappy geïnkorporeer het, soos in artikel 13 beoog; of

*(b)* ten opsigte van 'n voorafbestaande maatskappy, 'n persoon wat die toepaslike stappe vergelykbaar met dié in artikel 13 beoog, gedoen het om die inkorporasie van daardie maatskappy te bewerkstellig;

**"inspekteur"** 'n persoon wat ingevolge artikel 209 as sodanig aangestel is;

**"inwerkingtredingsdatum"**, met verwysing na 'n bepaalde bepaling van hierdie Wet, die datum waarop daardie bepaling ingevolge artikel 225 in werking getree het;

**"Kabinet"** die nasionale uitvoerende gesag in artikel 91 van die Grondwet beskryf;

**"Kennisgewing van Inkorporasie"** die kennisgewing wat ingevolge artikel 13(1) ingedien moet word, waardeur die inkorporeerders van 'n maatskappy die Kommissie van die inkorporasie van daardie maatskappy in kennis stel met die doel om dit te laat registreer;

**"Kommissaris"** die persoon wat aangestel is of waarneem in die amp met daardie naam, soos in artikel 189 beoog;

**"Kommissie"** die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom, ingestel deur artikel 185;

**"koöperasie"** 'n regspersoon geïnkorporeer kragtens die Koöperasiewet, 2005 (Wet No. 14 van 2005);

**"lid"**, wanneer dit met verwysing na 'n maatskappy sonder winsoogmerk gebruik word, 'n persoon wat lidmaatskap het van, en gespesifiseerde regte het ten opsigte van, daardie maatskappy sonder winsoogmerk, soos in Item 4 van Bylae 2 bedoel;

**"maatskappy"** 'n regspersoon wat ingevolge hierdie Wet geïnkorporeer is, of 'n regspersoon wat, onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum—

*(a)* geregistreer was ingevolge die—

(i) Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), behalwe 'n buitelandse maatskappy soos in daardie Wet omskryf; of

(ii) Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984), as dit sedertdien ingevolge Bylae 4 omskep is;

*(b)* bestaan het en as 'n 'bestaande maatskappy' ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), erken is; of

*(c)* gederegistreer is ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), en sedertdien ingevolge hierdie Wet herregistreer is,

en sluit enige persoon in wat die pos van 'n direkteur of plaasvervangende direkteur, by welke benaming ook al aangewys, beklee;

**"maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid"** 'n maatskappy wie se Akte van Oprigting meld dat die maatskappy 'n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid is, soos in artikel 8(2)*(c)* beoog;

**"maatskappy met winsoogmerk"** 'n maatskappy wat vir die doel van finansiële voordeel vir sy aandeelhouers geïnkorporeer is;

**"Maatskappytribunaal"** die Maatskappytribunaal wat ingevolge artikel 193 ingestel is;

**"maatskappy sonder winsoogmerk"** 'n maatskappy—

*(a)* wat vir 'n openbare voordeel of ander doel geïnkorporeer is soos deur Item 1(1) van Bylae 2 vereis; en

*(b)* waarvan die inkomste en eiendom nie aan sy inkorporeerders, lede, direkteure, ampsdraers of persone wat aan enigeen van hulle verwant is, uitkeerbaar is nie, buiten in die mate wat deur item 1(3) van Bylae 2 toegelaat word;

**"Meester"** die persoon wat die amp met daardie naam ingevolge die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet No. 59 van 1959), beklee;

**"Menseregtekommissie"** die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie wat ingevolge Hoofstuk 9 van die Grondwet ingestel is;

**"Minister"** die lid van die Kabinet verantwoordelik vir maatskappye;

**"omskepbare sekuriteite"** sekuriteite van 'n maatskappy wat, volgens die bepalings daarvan, in ander sekuriteite van die maatskappy omskep kan word, insluitende—

*(a)* nie-stemdraende sekuriteite wat deur 'n maatskappy uitgereik is en wat stemdraende sekuriteite sal word—

(i) by die plaasvind van 'n aangewese gebeurtenis; of

(ii) as die houer van daardie sekuriteite op 'n stadium na die verkryging daarvan so kies; en

*(b)* opsies om sekuriteite te verkry wat deur 'n maatskappy uitgereik gaan word, ongeag of daardie sekuriteite stemdraende sekuriteite of nie-stemdraende sekuriteite is soos in paragraaf *(a)* beoog of nie;

**"onderling verwant"**, wanneer dit ten opsigte van drie of meer persone gebruik word, persone wat in 'n reeks verwantskappe, soos in artikel 2(1)*(d)* beoog, aan mekaar verwant is;

**"maatskappy in staatsbesit"** 'n onderneming wat ingevolge hierdie Wet as 'n maatskappy geregistreer is, en óf—

*(a)* binne die betekenis van "regeringsbesigheidsonderneming" ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), val; of

*(b)* deur 'n munisipaliteit besit word, soos in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000), beoog, en andersins soortgelyk is aan 'n onderneming in paragraaf *(a)* bedoel;

**"ondersoeker"** 'n persoon wat ingevolge artikel 209 as sodanig aangestel is;

**"onveranderbare bepaling"** 'n bepaling van hierdie Wet wat nie uitdruklik beoog dat die uitwerking daarvan op 'n bepaalde maatskappy weerspreek, ingekort, beperk, gekwalifiseer, uitgebrei of andersins in wese of strekking deur 'n maatskappy se Akte van Oprigting of reëls verander kan word nie;

**"ooreenkoms"** ook 'n kontrak, of 'n reëling of verstandhouding tussen twee of meer partye waarvan die bedoeling is om regte en verpligtinge tussen daardie partye te skep;

**"Oornameregulasies"** die regulasies wat ingevolge artikels 120 en 223 deur die Minister uitgevaardig is;

**"openbare maatskappy"** 'n maatskappy met winsoogmerk wat nie 'n maatskappy in staatsbesit, 'n privaatmaatskappy of 'n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid is nie;

**"openbare regulasie"** nasionale, provinsiale of plaaslikeregeringswetgewing of ondergeskikte wetgewing, of 'n lisensie, tarief, voorskrif of soortgelyke magtiging wat deur 'n regulerende gesag of na aanleiding van 'n statutêre gesag uitgereik is;

**"ouditeer"** soos uiteengesit in die Wet op die Ouditprofessie, 2005 (Wet No. 26 van 2005);

**"ouditeur"** het die betekenis soos uiteengesit in die Wet op die Ouditprofessie;

**"Paneel"** die Oornamereguleringspaneel, deur artikel 196 ingestel;

**"perseel"** ook grond, of 'n gebou, struktuur, voertuig, skip, boot, vaartuig, vliegtuig of houer;

**"persoon"** ook 'n regspersoon;

**"persoonlike finansiële belang"**, wanneer dit ten opsigte van 'n persoon gebruik word—

*(a)* 'n regstreekse wesenlike belang van daardie persoon van 'n finansiële, monetêre of ekonomiese aard, of waaraan 'n monetêre waarde toegeskryf kan word; maar

*(b)* sluit nie enige belang in wat deur 'n persoon in 'n effektetrust of kollektiewe beleggingskema ingevolge die Wet op Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, 2002 (Wet No. 45 of 2002), gehou word nie, tensy daardie persoon regstreekse beheer oor die beleggingsbesluite van daardie fonds of belegging het;

**"plaasvervangende direkteur"** 'n persoon wat verkies of aangestel is om, wanneer die omstandighede dit vereis, as 'n lid van die direksie van 'n maatskappy te dien ter plaasvervanging van 'n bepaalde verkose of aangestelde direkteur van daardie maatskappy;

**"privaatmaatskappy"** 'n maatskappy met winsoogmerk wat—

*(a)* nie 'n maatskappy in staatsbesit of 'n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid is nie; en

*(b)* voldoen aan die kriteria wat in artikel 8(2)*(b)* uiteengesit word;

**"Raad"** die Raad vir Finansiële Verslagdoeningstandaarde deur artikel 203 ingestel;

**"reëls"** en **"reëls van 'n maatskappy"** reëls wat deur 'n maatskappy gemaak is soos in artikel 15(3) tot (5) beoog;

**"register van maatskappye"** die register wat deur die Kommissie ingevolge artikel 187(4) ingestel moet word;

**"register van sekuriteite sonder 'n sertifikaat"** die rekord van sekuriteite sonder 'n sertifikaat wat deur 'n deelnemer of sentrale sekuriteitebewaarplek geadministreer en in stand gehou word, soos bepaal ooreenkomstig die reëls van 'n sentrale sekuriteitebewaarplek, en wat deel uitmaak van die betrokke maatskappy se sekuriteiteregister wat ingevolge Deel E van Hoofstuk 2 ingestel en in stand gehou word;

**"registrasiekantoor"** 'n bewaarplek vir dokumente wat ingevolge artikel 187(4) deur die Kommissie gehou moet word;

**"registrasiesertifikaat"**, wanneer dit gebruik word ten opsigte van—

*(a)* 'n maatskappy wat op of na die inwerkingtredingsdatum geregistreer is, die sertifikaat, of gewysigde sertifikaat, wat deur die Kommissie uitgereik is as bewys van die inkorporasie en registrasie van daardie maatskappy;

*(b)* 'n voorafbestaande maatskappy geregistreer ingevolge—

(i) die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), die sertifikaat van inkorporasie of registrasie wat ingevolge daardie Wet aan hom uitgereik is;

(ii) die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984), en ingevolge Bylae 4 by hierdie Wet omskep, die sertifikaat van inkorporasie wat ingevolge daardie Bylae, saamgelees met artikel 14, aan hom uitgereik is; of

(iii) enige ander wetgewing, 'n dokument wat ingevolge daardie wetgewing aan die maatskappy uitgereik is as bewys van die maatskappy se inkorporasie; of

*(c)* 'n geregistreerde buitelandse maatskappy, die sertifikaat van registrasie wat ingevolge hierdie Wet of die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), aan hom uitgereik is;

**"regspersoon"** ook—

*(a)* 'n vreemde maatskappy; en

*(b)* 'n trust, ongeag of dit binne of buite die Republiek gestig is of nie;

**"regulasie"** 'n regulasie kragtens hierdie Wet uitgevaardig;

**"reguleringsowerheid"** 'n entiteit ingestel ingevolge nasionale of provinsiale wetgewing en wat vir die regulering van 'n nywerheid of 'n sektor van 'n nywerheid verantwoordelik is;

**"rekorddatum"** die datum kragtens artikel 59 bepaal waarop 'n maatskappy die identiteit van sy aandeelhouers en hulle aandeelhouding vir die doel van hierdie Wet bepaal;

**"rekords"**, wanneer dit gebruik word ten opsigte van inligting wat met 'n maatskappy verband hou, enige inligting in artikel 24(1) beoog;

**"ruil"**, wanneer dit as 'n naamwoord gebruik word, soos uiteengesit in artikel 1 van die Wet op Sekuriteitedienste, 2004 (Wet No. 36 van 2004), en sluit aandele in wat in 'n privaatmaatskappy gehou word;

**"sakedae"** soos ooreenkomstig artikel 5(3) bepaal;

**"sekuriteite"** soos uiteengesit in artikel 1 van die Wet op Sekuriteitedienste, 2004 (Wet No. 36 van 2004);

**"sekuriteite sonder 'n sertifikaat"** sekuriteite as sodanig in artikel 29 van die Wet op Sekuriteitedienste, 2004 (Wet No. 36 van 2004), omskryf;

**"sentrale sekuriteitebewaarplek"** soos uiteengesit in artikel 1 van die Wet op Sekuriteitedienste, 2004 (Wet No. 36 van 2004);

**"solvensie-en-likiditeitstoets"** die toets in artikel 4(1) uiteengesit;

**"spesiale besluit"** 'n besluit wat aangeneem is—

*(a)* op 'n aandeelhouervergadering, met die steun van minstens 75% van die stemregte wat ten opsigte van die besluit uitgeoefen word, of 'n kleiner persentasie soos in artikel 65(10) beoog; of

*(b)* deur houers van 'n maatskappy se sekuriteite wat nie op 'n vergadering optree nie, soos in artikel 60 bedoel;

**"staatsorgaan"** soos in artikel 239 van die Grondwet uiteengesit;

**"stembevoegdheid"**, ten opsigte van 'n aangeleentheid waaroor 'n maatskappy moet besluit, die stemregte wat in verband met daardie aangeleentheid deur 'n bepaalde persoon uitgeoefen kan word, as 'n persentasie van al sodanige stemregte;

**"stemdraende sekuriteite"**, ten opsigte van 'n bepaalde aangeleentheid, sekuriteite wat—

*(a)* stemregte ten opsigte van daardie aangeleentheid het; of

*(b)* tans omskepbaar is in sekuriteite wat stemregte ten opsigte van daardie aangeleentheid het;

**“stemreg”**, ten opsigte van ’n aangeleentheid waaroor ’n maatskappy moet besluit—

*(a)* die reg van ’n houer van die maatskappy se sekuriteite om in verband met daardie aangeleentheid te stem, in die geval van ’n maatskappy met winsoogmerk; of

*(b)* die reg van ’n lid om in verband met die aangeleentheid te stem, in die geval van ’n maatskappy sonder winsoogmerk;

**“teenprestasie”**, enigiets van waarde wat gegee of aanvaar is in ruil vir ’n eiendom, diens, handeling, versuim of inskiklikheid of enige ander ding van waarde, insluitende—

*(a)* geld, eiendom, verhandelbare instrument, sekuriteite, beleggingskrediet-fasiliteit, teken of kaartjie;

*(b)* arbeid, ruil of soortgelyke verruiling van een ding vir ’n ander; of

*(c)* enige ander ding, onderneming, belofte, ooreenkoms of versekering, ongeag die oënskynlike of intrinsieke waarde daarvan, of hetsy dit regstreeks of onregstreeks oorgedra word;

**“teenwoordig op ’n vergadering”** om persoonlik teenwoordig te wees, of in staat te wees om deur elektroniese kommunikasie aan die vergadering deel te neem, of deur ’n gevolmagtigde verteenwoordig te wees wat persoonlik teenwoordig is of in staat is om deur elektroniese kommunikasie aan die vergadering deel te neem;

**“uitkering”** ’n regstreekse of onregstreekse—

*(a)* oordrag deur ’n maatskappy van geld of ander eiendom van die maatskappy, buiten sy eie aandele, aan of ten behoewe van een of meer houers van enige van die aandele van daardie maatskappy of van ’n ander maatskappy binne dieselfde groep maatskappye, hetsy—

(i) in die vorm van ’n dividend;

(ii) as ’n betaling in plaas van ’n kapitalisasieaandeel, soos in artikel 47 beoog;

(iii) as teenprestasie vir die verkryging—

*(aa)* deur die maatskappy van enige van sy aandele, soos in artikel 48 beoog; of

*(bb)* deur ’n maatskappy binne dieselfde groep maatskappye, of aandele van ’n maatskappy binne daardie groep maatskappye; of

(iv) andersins ten opsigte van enige van die aandele van daardie maatskappy of ’n ander maatskappy binne dieselfde groep maatskappye, onderworpe aan artikel 164(19);

*(b)* aangaan van ’n skuld of ander verpligting deur ’n maatskappy ten behoewe van een of meer houers van enige van die aandele van daardie maatskappy of van ’n ander maatskappy binne dieselfde groep maatskappye; of

*(c)* kwytskelding of tersydestelling deur ’n maatskappy van ’n skuld of ander verpligting deur een of meer houers van enige van die aandele van daardie maatskappy of van ’n ander maatskappy binne dieselfde groep maatskappye aan die maatskappy verskuldig,

maar sluit nie enige sodanige optrede by die finale likwidasie van die maatskappy in nie;

**“uitoefen”**, wanneer dit met betrekking tot stemregte gebruik word, ook stem deur ’n gevolmagtigde, benoemde, trustee of ander persoon in ’n soortgelyke hoedanigheid;

**“veranderbare bepaling”** ’n bepaling van hierdie Wet waarin uitdruklik beoog word dat die uitwerking daarvan op ’n bepaalde maatskappy weerspreek, ingekort, beperk, gekwalifiseer, uitgebrei of andersins in wese of strekking deur daardie maatskappy se Akte van Oprigting verander kan word;

**“verwant”**, wanneer dit ten opsigte van twee persone gebruik word, persone wat met mekaar verbind is op ’n wyse in artikel 2(1)*(a)* tot *(c)* beoog;

**“verwantskap”** ook die verband wat tussen enige twee of meer persone bestaan wat ’n beheermaatskappy- of vertrouensverhouding deel, soos ooreenkomstig artikel 2 bepaal;

**“volfiliaal”** soos ooreenkomstig artikel 3(1)*(b)* bepaal;

**“voorafbestaande maatskappy”** ’n maatskappy in paragraaf *(a)*, *(b)* of *(c)* van die omskrywing van ‘‘maatskappy’’ in hierdie artikel beoog;

**“voordelige belang”**, wanneer dit met betrekking tot ’n maatskappy se sekuriteite gebruik word, die reg of geregtigdheid van ’n persoon, deur eienaarskap, ooreenkoms, verwantskap of andersins, alleen of saam met ’n ander persoon om—

*(a)* ’n uitkering ten opsigte van die maatskappy se sekuriteite te ontvang of daarin te deel;

*(b)* in die gewone loop van sake, enige of al die regte verbonde aan die maatskappy se sekuriteite uit te oefen of te laat uitoefen; of

*(c)* die maatskappy se sekuriteite, of enige deel van ’n uitkering ten opsigte van die sekuriteite, te vervreem of vervreemding daarvan te gelas,

maar sluit nie ’n belang in wat deur ’n persoon in ’n effektetrust of kollektiewe beleggingskema ingevolge die Wet op Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, 2002 (Wet No. 45 van 2002), gehou word nie;

**“voorgeskrewe beampte”** die bekleër van ’n amp in ’n maatskappy, wat deur die Minister ingevolge artikel 66(11) aangewys is;

**“voorgeskryf”** vasgestel, gestipuleer, vereis, gemagtig, toegelaat of andersins gereguleer deur ’n regulasie of kennisgewing wat ingevolge hierdie Wet uitgevaardig of gegee is;

**“voorinkorporasiekontrak”** ’n ooreenkoms wat voor die inkorporasie van ’n maatskappy aangegaan is deur ’n persoon wat voorgee in die naam van, of namens, die maatskappy op te tree, met die bedoeling of verstandhouding dat die maatskappy geïnkorporeer sal word, en daarna deur die ooreenkoms gebind sal wees;

**“vreemde maatskappy”** ’n entiteit buite die Republiek geïnkorporeer, ongeag of dit—

*(a)* ’n entiteit met of sonder winsoogmerk is; of

*(b)* in die Republiek sake doen of aktiwiteite sonder winsoogmerk verrig, na gelang van die geval;

**“wetende”** of **“weet”** wanneer dit ten opsigte van ’n persoon en met betrekking tot ’n bepaalde aangeleentheid gebruik word, dat die persoon óf—

*(a)* werklike kennis van daardie aangeleentheid gehad het;

*(b)* in ’n posisie was waar die persoon redelikerwys—

(i) werklike kennis sou gehad het;

(ii) die aangeleentheid moes ondersoek het in ’n mate wat die persoon van werklike kennis kon voorsien het; of

(iii) ander maatreëls kon getref het wat, as dit getref is, redelikerwys verwag sou word die persoon van werklike kennis van die aangeleentheid te kon voorsien het;

**“wesenlike”**, wanneer dit as ’n byvoeglike naamwoord gebruik word, beduidend in die omstandighede van ’n bepaalde aangeleentheid dermate dat dit—

*(a)* van belang by die bepaling van die aangeleentheid is; of

*(b)* ’n persoon se oordeel of besluitneming in die aangeleentheid redelik kan beïnvloed;

**“Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies”** die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002 (Wet No. 25 van 2002); en

**“Wet op Mededinging”** die Wet op Mededinging, 1998 (Wet No. 89 van 1998).

**Verwante en onderling verwante persone, en beheer**

**2.** (1) Vir die toepassing van hierdie Wet—

*(a)* is ’n individu aan ’n ander individu verwant indien hulle—

(i) getroud is, of saamwoon in ’n verhouding soortgelyk aan ’n huwelik; of

(ii) geskei word deur nie meer as twee grade van natuurlike of aangenome bloedverwantskap of aanverwantskap nie;

*(b)* is ’n individu verwant aan ’n regspersoon as die individu regstreeks of onregstreeks die regspersoon beheer, soos ooreenkomstig subartikel (2) bepaal;

*(c)* is ’n regspersoon aan ’n ander regspersoon verwant indien—

(i) enigeen van hulle die ander, of die besigheid van die ander, regstreeks of onregstreeks beheer, soos ooreenkomstig subartikel (2) bepaal;

(ii) enigeen ’n filiaal van die ander is; of

(iii) ’n persoon elkeen van hulle, of die besigheid van elkeen van hulle, regstreeks of onregstreeks beheer, soos ooreenkomstig subartikel (2) bepaal.

(2) Vir die toepassing van subartikel (1) beheer 'n persoon 'n regspersoon of sy besigheid indien—

*(a)* in die geval van 'n regspersoon wat 'n maatskappy is—
  (i) daardie regspersoon 'n filiaal van daardie eerste persoon is, soos ooreenkomstig artikel 3(1)*(a)* bepaal; of
  (ii) daardie eerste persoon saam met 'n verwante of onderling verwante persoon,
    *(aa)* regstreeks of onregstreeks 'n meerderheid van die stemregte wat aan sekuriteite van daardie maatskappy verbonde is, hetsy na aanleiding van 'n aandeelhouersooreenkoms of andersins, kan uitoefen of die uitoefening daarvan kan beheer; of
    *(bb)* die reg het om direkteure van daardie maatskappy wat 'n meerderheid van die stemme by 'n vergadering van die direksie beheer, aan te stel of te verkies, of die aanstelling of verkiesing te beheer;

*(b)* in die geval van 'n regspersoon wat 'n beslote korporasie is, daardie eerste persoon die meerderheid van die ledebelang besit, of die meerderheid van lede se stemme in die beslote korporasie regstreeks beheer of die reg het om dit te beheer;

*(c)* in die geval van 'n regspersoon wat 'n trust is, daardie eerste persoon die vermoë het om die meerderheid van die stemme van die trustees te beheer of die meerderheid van die trustees aan te stel, of die meerderheid van die begunstigdes van die trust aan te stel of te verander; of

*(d)* daardie eerste persoon die vermoë het om die beleid van die regspersoon wesenlik te beïnvloed op 'n wyse wat vergelykbaar is met 'n persoon wat, in die gewone handelspraktyk, 'n element van beheer waarna in paragraaf *(a)*, *(b)* of *(c)* verwys word, sal kan uitoefen.

(3) Wat 'n bepaalde aangeleentheid betref wat ingevolge hierdie Wet ontstaan, kan 'n hof, die Maatskappytribunaal of die Paneel 'n persoon vrystel van die toepassing van 'n bepaling van hierdie Wet wat op daardie persoon van toepassing sou wees vanweë 'n verwantskap in subartikel (1) beoog as die persoon kan toon dat, ten opsigte van daardie bepaalde aangeleentheid, daar voldoende bewys is om tot die gevolgtrekking te kom dat die persoon onafhanklik van enige verwante of onderling verwante persoon optree.

**Filiaalverwantskappe**

**3.** (1) 'n Maatskappy is—

*(a)* 'n filiaal van 'n ander regspersoon as daardie regspersoon, een of meer ander filiale van daardie regspersoon, of een of meer genomineerdes van daardie regspersoon of enigeen van sy filiale, alleen of in kombinasie—
  (i) 'n meerderheid van die algemene stemregte wat aan uitgereikte sekuriteite van daardie maatskappy verbonde is, regstreeks of onregstreeks kan uitoefen of die uitoefening daarvan kan beheer, hetsy na aanleiding van 'n aandeelhouersooreenkoms of andersins; of
  (ii) die reg het om direkteure van daardie maatskappy wat 'n meerderheid van die stemme by 'n vergadering van die direksie beheer, aan te stel of te verkies, of die aanstelling of verkiesing te beheer; of

*(b)* 'n volfiliaal van 'n ander regspersoon as al die algemene stemregte wat aan uitgereikte sekuriteite van die maatskappy verbonde is, alleen of in enige kombinasie, gehou of beheer word deur persone in paragraaf *(a)* beoog.

(2) Vir die doeleindes om te bepaal of 'n persoon al, of 'n meerderheid van, die algemene stemregte wat aan uitgereikte sekuriteite van 'n maatskappy verbonde is, beheer—

*(a)* moet stemregte wat net in sekere omstandighede uitgeoefen kan word, alleenlik in ag geneem word—
  (i) wanneer daardie omstandighede ontstaan het, en vir so lank as wat dit voortduur; of
  (ii) wanneer daardie omstandighede onder die beheer is van die persoon wat die stemregte hou;

*(b)* moet stemregte wat net uitgeoefen kan word in opdrag of met die toestemming of instemming van ’n ander persoon, behandel word asof dit deur ’n genomineerde vir daardie ander persoon gehou word; en

*(c)* moet stemregte gehou deur—

(i) ’n persoon as genomineerde vir ’n ander persoon, behandel word asof dit deur daardie ander persoon gehou word; of

(ii) ’n persoon in ’n vertrouenshoedanigheid, behandel word asof dit deur die begunstigde van daardie stemregte gehou word.

(3) Vir die toepassing van subartikel (2) verwys ‘hou’ of enige afleiding daarvan na die geregistreerde of regstreekse of onregstreekse voordelige houer van sekuriteite wat ’n reg verleen om te stem.

**Solvensie-en-likiditeitstoets**

**4.** (1) Vir enige doel van hierdie Wet voldoen ’n maatskappy op ’n bepaalde tydstip aan die solvensie-en-likiditeitstoets as, met inagneming van alle redelik voorsienbare finansiële omstandighede van die maatskappy op daardie tydstip—

*(a)* die bates van die maatskappy of, as die maatskappy ’n lid van ’n groep maatskappye is, die totale bates van die maatskappy, soos billik gewaardeer, gelykstaande is aan of die laste oorskry van die maatskappy of, as die maatskappy ’n lid van ’n groep maatskappye is, die totale laste van die maatskappy, soos billik gewaardeer; en

*(b)* dit blyk dat die maatskappy in staat sal wees om sy skulde te betaal wanneer hulle in die gewone loop van sake verskuldig word vir ’n tydperk van—

(i) 12 maande na die datum waarop die toets oorweeg word; of

(ii) in die geval van ’n uitkering in paragraaf *(a)* van die woordomskrywing van ‘‘uitkering’’ in artikel 1 beoog, 12 maande na daardie uitkering.

(2) Vir die doeleindes in subartikel (1) beoog—

*(a)* moet enige finansiële inligting wat met betrekking tot die maatskappy oorweeg moet word, gebaseer wees op—

(i) rekeningkundige rekords wat aan die vereistes van artikel 28 voldoen; en

(ii) finansiële state wat aan die vereistes van artikel 29 voldoen;

*(b)* behoudens paragraaf *(c)*, moet die direksie of enige ander persoon wat die solvensie-en-likiditeitstoets op ’n maatskappy toepas—

(i) ’n billike waardasie van die maatskappy se bates en laste, insluitende enige redelik voorsienbare gebeurlike bates en laste, in aanmerking neem, ongeag of dit as gevolg van die voorgestelde uitkering, of andersins, ontstaan of nie; en

(ii) enige ander waardasie van die maatskappy se bates en laste wat in die omstandighede redelik is, in aanmerking neem; en

*(c)* tensy die Akte van Oprigting van die maatskappy anders bepaal, moet ’n persoon wat die toets toepas ten opsigte van ’n uitkering in paragraaf *(a)* van die woordomskrywing van ‘‘uitkering’’ in artikel 1 beoog, nie ’n bedrag wat, as die maatskappy ten tye van die uitkering gelikwideer sou word, nodig sou wees om te voldoen aan die voorkeurregte by likwidasie van aandeelhouers wie se voorkeurregte by likwidasie voorrang geniet bo die voorkeurregte by likwidasie van diegene wat die uitkering ontvang, as ’n las beskou nie.

**Algemene uitleg van Wet**

**5.** (1) Hierdie Wet moet op so ’n wyse uitgelê en toegepas word dat dit uitvoering gee aan die doeleindes wat in artikel 7 uiteengesit word.

(2) ’n Hof wat hierdie Wet uitlê of toepas kan, in die mate wat gepas is, buitelandse maatskappyreg in ag neem.

(3) Wanneer in hierdie Wet voorsiening gemaak word vir ’n bepaalde aantal ‘sakedae’ tussen die plaasvind van een gebeurtenis en ’n ander, moet die getal dae bereken word deur—

*(a)* die eerste dag waarop die eerste sodanige voorval plaasvind, uit te sluit;

*(b)* die dag waarop of waarteen die tweede gebeurtenis gaan plaasvind, in te sluit; en

*(c)* enige feesdag, Saterdag of Sondag wat val op of tussen die dae in onderskeidelik paragrawe *(a)* en *(b)* beoog, uit te sluit.

(4) Indien daar teenstrydigheid is tussen 'n bepaling van hierdie Wet en 'n bepaling van ander nasionale wetgewing—

*(a)* is die bepaling van albei Wette gelyktydig van toepassing in die mate wat dit moontlik is om een van die strydige bepalings toe te pas en daaraan te voldoen sonder om die tweede te oortree; en

*(b)* in die mate wat dit onmoontlik is om een van die strydige bepalings toe te pas en daaraan te voldoen sonder om die tweede te oortree—

(i) geniet enige toepaslike bepalings van die—

*(aa)* "Auditing Profession Act";

*(bb)* Wet op Arbeidsbetrekkinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995);

*(cc)* Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000);

*(dd)* Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet No. 3 van 2000);

*(ee)* Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);

*(ff)* Wet op Sekuriteitedienste, 2004 (Wet No. 36 van 2004); of

*(gg)* Bankwet;

voorrang in die geval van 'n teenstrydigheid waarby enigeen van hulle betrokke is, buiten in soverre daar andersins in artikel 49(4) voorsiening gemaak word; of

(ii) geniet die bepalings van hierdie Wet in enige ander geval voorrang, buiten in die mate waarin daar andersins in subartikel (5) of artikel 118(4) voorsiening gemaak word.

(5) Indien daar teenstrydigheid is tussen 'n bepaling van Hoofstuk 8 en 'n bepaling van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994), geniet die bepalings van daardie Wet voorrang.

**Teenvermyding, vrystellings en wesenlike voldoening**

**6.** (1) 'n Hof kan, op aansoek van die Kommissie of Paneel, verklaar dat 'n ooreenkoms, transaksie, reëling, besluit of bepaling van 'n maatskappy se Akte van Oprigting of reëls—

*(a)* primêr of wesenlik bedoel is om die uitwerking van 'n verbod of vereiste wat deur of ingevolge 'n onveranderbare bepaling van hierdie Wet ingestel is, te verydel of in te kort; en

*(b)* nietig is in die mate waarin dit die uitwerking van 'n verbod of vereiste wat deur of ingevolge 'n onveranderbare bepaling van hierdie Wet ingestel is, verydel of inkort.

(2) 'n Persoon kan by die Maatskappytribunaal aansoek doen om 'n administratiewe bevel wat 'n ooreenkoms, transaksie, reëling, besluit of bepaling van 'n maatskappy se Akte van Oprigting of reëls vrystel van 'n verbod of vereiste wat deur of ingevolge 'n onveranderbare bepaling van hierdie Wet ingestel is, buiten 'n bepaling wat binne die jurisdiksie van die Paneel val.

(3) Die Maatskappytribunaal kan 'n administratiewe bevel maak soos in subartikel (2) beoog as hy oortuig is dat—

*(a)* die ooreenkoms, transaksie, reëling, besluit of bepaling 'n ander redelike doel dien as om die uitwerking van daardie verbod of vereiste te verydel of in te kort; en

*(b)* dit redelik en regverdigbaar is om die vrystelling te verleen, met inagneming van die doeleindes van hierdie Wet en alle toepaslike faktore, insluitende—

(i) die doel en beleid wat deur die betrokke verbod of vereiste gedien word; en

(ii) die mate waarin die ooreenkoms, transaksie, reëling, besluit of bepaling inbreuk op die betrokke verbod of vereiste maak of sal maak.

(4) Die opsteller van 'n prospektus, kennisgewing, openbaarmaking of dokument wat ingevolge hierdie Wet gepubliseer, geproduseer of aan 'n potensiële belegger, 'n maatskappy se skuldeiser of potensiële skuldeiser, 'n houer van 'n maatskappy se sekuriteite, 'n lid van 'n maatskappy sonder winsoogmerk, 'n werknemer van 'n maatskappy of 'n verteenwoordiger van werknemers van 'n maatskappy verskaf moet word, moet daardie prospektus, kennisgewing, openbaarmaking of dokument publiseer, produseer of verskaf—

*(a)* in die voorgeskrewe formaat, indien enige, vir daardie prospektus, kennisgewing, openbaarmaking of dokument, of;

*(b)* in eenvoudige taal, indien geen formaat vir daardie prospektus, kennisgewing, openbaarmaking of dokument voorgeskryf is nie.

(5) Vir die toepassing van hierdie Wet is ’n prospektus, kennisgewing, openbaarmaking of dokument in eenvoudige taal as dit redelik is om tot die gevolgtrekking te kom dat daar van ’n persoon van die klas persone vir wie die prospektus, kennisgewing, openbaarmaking of dokument bedoel is, met gemiddelde geletterdheidsvaardighede en minimale ondervinding van die hantering van maatskappyregsaangeleenthede, verwag kan word om die inhoud, betekenis en strekking van die prospektus, kennisgewing, openbaarmaking of dokument sonder onnodige inspanning te verstaan, met inagneming van—

*(a)* die konteks, volledigheid en konsekwentheid van die prospektus, kennisgewing, openbaarmaking of dokument;

*(b)* die organisasie, formaat en styl van die prospektus, kennisgewing, openbaarmaking of dokument;

*(c)* die woordeskat, woordgebruik en sinsbou van die prospektus, kennisgewing, openbaarmaking of dokument; en

*(d)* die gebruik van illustrasies, voorbeelde, opskrifte of ander hulpmiddels om die prospektus, kennisgewing, openbaarmaking of dokument te lees en te verstaan.

(6) Die Kommissie kan riglyne publiseer oor metodes om te bepaal of ’n prospektus, kennisgewing, openbaarmaking of dokument aan die vereistes van subartikel (4)*(b)* voldoen.

(7) ’n Onveranderde elektronies- of meganies-gegenereerde reproduksie van ’n dokument, buiten ’n aandelesertifikaat, kan die oorspronklike vervang vir enige doel waarvoor die oorspronklike ingevolge die bepalings van hierdie Wet gebruik kan word.

(8) As ’n vorm vir ’n dokument, rekord, staat of kennisgewing ingevolge hierdie Wet vir enige doel voorgeskryf word—

*(a)* is dit voldoende as die persoon van wie dit vereis word om so ’n dokument, rekord, staat of kennisgewing op te stel of te voltooi dit doen in ’n formaat wat aan al die substantiewe vereistes van die voorgeskrewe formaat voldoen; en

*(b)* maak enige afwyking van die ontwerp of inhoud van die voorgeskrewe formaat nie die stappe van die persoon wat daardie dokument, rekord, staat of kennisgewing opgestel of voltooi het, ongeldig nie, tensy die afwyking—

(i) die wese van die dokument, rekord, staat of kennisgewing negatief en wesenlik beïnvloed; of

(ii) sodanig is dat dit ’n persoon wat die dokument, rekord, staat of kennisgewing lees, redelikerwys sal mislei.

(9) As die wyse van aflewering van ’n dokument, rekord, staat of kennisgewing ingevolge hierdie Wet vir enige doel voorgeskryf word—

*(a)* is dit voldoende as die persoon wat so ’n dokument, rekord, staat of kennisgewing moet aflewer, dit doen op ’n wyse wat aan al die substantiewe vereistes soos voorgeskryf voldoen; en

*(b)* maak enige afwyking van die voorgeskrewe wyse nie die stappe van die persoon wat daardie dokument, rekord, staat of kennisgewing afgelewer het, ongeldig nie, tensy die afwyking—

(i) wesenlik die waarskynlikheid verminder dat die bedoelde ontvanger die dokument, rekord, staat of kennisgewing sal ontvang; of

(ii) sodanig is dat dit ’n persoon by wie die dokument, rekord, staat of kennisgewing afgelewer word of gaan word, redelikerwys sal mislei.

(10) Indien, ingevolge hierdie Wet, ’n kennisgewing aan ’n persoon gegee moet word of toegelaat word om gegee of gepubliseer te word, is dit voldoende as die kennisgewing regstreeks elektronies aan daardie persoon versend word op so ’n wyse en in so ’n formaat dat die kennisgewing gerieflik binne ’n redelike tyd en teen ’n redelike koste deur die ontvanger gedruk kan word.

(11) Indien, ingevolge hierdie Wet, ’n dokument of staat, buiten ’n kennisgewing in subartikel (10) beoog—

*(a)* behou moet word, is dit voldoende as ’n elektroniese oorspronklike of reproduksie van daardie dokument behou word soos bepaal in artikel 15 van die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies; of

*(b)* gepubliseer, verskaf of afgelewer moet word, is dit voldoende as—

(i) ’n elektroniese oorspronklike of reproduksie van daardie dokument, rekord of staat gepubliseer, verskaf of afgelewer word deur elektroniese kommunikasie op so ’n manier en in so ’n vorm dat die dokument, rekord

of staat gerieflik binne ’n redelike tyd en teen ’n redelike koste deur die ontvanger gedruk kan word; of

(ii) ’n kennisgewing van die beskikbaarheid van daardie dokument, rekord of staat, wat die inhoud daarvan saamvat en aan enige voorgeskrewe vereistes voldoen, aan elke bedoelde ontvanger van die dokument, rekord of staat afgelewer word, saam met instruksies vir die ontvangs van die volledige dokument, rekord of staat.

(12) Indien ’n bepaling van hierdie Wet vereis dat ’n dokument onderteken of geparafeer moet word—

*(a)* deur of namens ’n persoon, kan dit bewerkstellig word op enige manier waarvoor daar in die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies voorsiening gemaak word; of

*(b)* deur twee of meer persone, is dit voldoende as—

(i) al daardie persone ’n enkele oorspronklike van die dokument onderteken, persoonlik of soos in paragraaf *(a)* beoog; of

(ii) elkeen van daardie persone ’n afsonderlike duplikaat-oorspronklike van die dokument onderteken, persoonlik of soos in paragraaf *(a)* beoog, en in so ’n geval maak die afsonderlike duplikaat-oorspronklikes, gekombineer, die hele dokument uit.

(13) Die Kommissie kan—

*(a)* ’n stelsel instel deur enige metode van elektroniese kommunikasie te gebruik, om die geoutomatiseerde—

(i) reservering van name ingevolge Deel A van Hoofstuk 2 of ingevolge enige ander wetgewing in Bylae 6 gelys, te vergemaklik;

(ii) inkorporasie en registrasie van maatskappye of beslote korporasies te vergemaklik; of

(iii) indien van enige inligting deur hierdie Wet beoog, of deur enige wetgewing in Bylae 6 gelys, te vergemaklik; of

*(b)* ’n gevestigde stelsel akkrediteer wat—

(i) in staat is om enige aktiwiteit in paragraaf *(a)* beoog te vergemaklik; en

(ii) aan enige voorgeskrewe vereistes voldoen.

(14) Die Minister kan—

*(a)* regulasies uitvaardig met betrekking tot die bedryfstandaarde, toeganklikheid, tegniese vereistes, diensgehalte en gelde vir die gebruik van enige stelsel in subartikel 13 beoog; en

*(b)* verklaar dat ’n stelsel wat deur die Kommissie ingestel of geakkrediteer is ’n aanvaarbare meganisme vir die indien van ’n bepaalde dokument is in plaas van enige ander vereistes wat in wetgewing met betrekking tot die indien van daardie dokument uiteengesit word.

## *Deel B*

## *Oogmerk en toepassing*

### Oogmerke van Wet

**7.** Die oogmerke van hierdie Wet is om—

*(a)* by die toepassing van maatskappyreg, nakoming van die Handves van Menseregte te bevorder soos in die Grondwet bepaal;

*(b)* die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie te bevorder deur—

(i) entrepreneurskap en ondernemingsdoeltreffendheid aan te moedig;

(ii) buigsaamheid en eenvoud teweeg te bring in die stigting en instandhouding van maatskappye;

(iii) deursigtigheid en hoë standaarde van korporatiewe bestuur, soos gepas gegewe die belangrike rol van ondernemings binne die maatskaplike en ekonomiese lewe van die nasie, aan te moedig;

*(c)* innovering en belegging in die Suid-Afrikaanse markte te bevorder;

*(d)* die konsep van die maatskappy as ’n middel om ekonomiese en maatskaplike voordele te verkry, te herbevestig;

*(e)* voort te gaan om voorsiening te maak vir die skep en gebruik van maatskappye op ’n wyse wat die ekonomiese welsyn van Suid-Afrika as ’n vennoot in die globale ekonomie bevorder;

*(f)* die ontwikkeling van maatskappye in alle sektore van die ekonomie te bevorder, en aktiewe deelname aan ekonomiese organisasie, bestuur en produktiwiteit aan te moedig;

*(g)* optimum toestande te skep vir die aggregasie van kapitaal vir produktiewe doeleindes, en vir die belegging van daardie kapitaal in ondernemings en die verspreiding van ekonomiese risiko;

*(h)* voorsiening te maak vir die stigting, bedryf en verantwoordbaarheid van maatskappye sonder winsoogmerk op 'n manier wat daarop gemik is om die vermoë van sulke maatskappy om hulle funksies te verrig, te bevorder, te ondersteun en te verbeter;

*(i)* die regte en verpligtinge van aandeelhouers en direkteure in maatskappye in ewewig te bring;

*(j)* die doeltreffende en verantwoordelike bestuur van maatskappye aan te moedig;

*(k)* voorsiening te maak vir die doeltreffende redding en herstel van maatskappye wat finansieel in die nood is, op 'n wyse wat die regte en belange van alle betrokke belanghebbers in ewewig bring; en

*(l)* 'n voorspelbare en effektiewe omgewing vir die doeltreffende regulering van maatskappye te voorsien.

**Maatskappykategorieë**

**8.** (1) Twee tipes maatskappye kan kragtens hierdie Wet gestig en geïnkorporeer word, naamlik maatskappye met winsoogmerk en maatskappye sonder winsoogmerk.

(2) 'n Maatskappy met winsoogmerk is—

*(a)* 'n maatskappy in staatsbesit; of

*(b)* 'n privaat maatskappy, indien—

(i) dit nie 'n maatskappy in staatsbesit is nie; en

(ii) sy Akte van Oprigting—

*(aa)* die aanbied van sy sekuriteite aan die publiek verbied; en

*(bb)* die oordraagbaarheid van sy sekuriteite beperk;

*(c)* 'n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid, indien—

(i) dit voldoen aan die maatstawwe vir 'n privaatmaatskappy; en

(ii) sy Akte van Oprigting verklaar dat dit 'n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid is; of

*(d)* 'n openbare maatskappy, in enige ander geval.

(3) Geen assosiasie van persone wat na 31 Desember 1939 gestig is met die doel om enige besigheid te bedryf met as oogmerk die verkryging van wins deur die assosiasie of sy individuele lede, is of mag 'n maatskappy of ander vorm van regspersoon wees nie, tensy dit—

*(a)* as 'n maatskappy kragtens hierdie Wet geregistreer is;

*(b)* gestig is na aanleiding van 'n ander wet; of

*(c)* voor 31 Mei 1962 na aanleiding van Oktrooibriewe of Koninklike Oktrooi gestig is.

**Gewysigde toepassing ten opsigte van maatskappye in staatsbesit**

**9.** (1) Behoudens artikel 5(4) en (5), is enige bepaling van hierdie Wet wat op 'n openbare maatskappy van toepassing is, ook van toepassing op 'n maatskappy in staatsbesit, buiten in die mate waarin die Minister vrystelling ingevolge subartikel (3) verleen het.

(2) Die lid van die Kabinet verantwoordelik vir—

*(a)* maatskappye in staatsbesit, kan die Minister versoek om 'n algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van een of meer bepalings van hierdie Wet, van toepassing op alle maatskappye in staatsbesit, enige klas maatskappy in staatsbesit of een of meer bepaalde maatskappye in staatsbesit te verleen; of

*(b)* plaaslikeregeringsaangeleenthede kan die Minister versoek om 'n algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van een of meer bepalings van hierdie Wet, van toepassing op alle maatskappye in staatsbesit wat aan 'n munisipaliteit behoort, enige klas van sulke ondernemings, of een of meer bepaalde sulke ondernemings te verleen,

op grond daarvan dat daardie bepalings 'n toepaslike regulerende skema wat ingevolge ander nasionale wetgewing ingestel is, oorvleuel of dupliseer.

(3) Die Minister kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant* op advies van die Kommissie, vrystelling verleen soos in subartikel (2) beoog—

*(a)* slegs in die mate waarin die betrokke alternatiewe regulerende skema die bereiking van die doeleindes van hierdie Wet ten minste so goed soos die bepalings van hierdie Wet verseker; en

*(b)* onderworpe aan enige perke of voorwaardes wat nodig is om te sorg dat die oogmerke van hierdie Wet bereik word.

**Gewysigde toepassing ten opsigte van maatskappye sonder winsoogmerk**

**10.** (1) Elke bepaling van hierdie Wet is van toepassing op 'n maatskappy sonder winsoogmerk, onderworpe aan die bepalings, beperkings, veranderings of uitbreidings wat in hierdie artikel en in Bylae 1 uiteengesit word.

(2) Die volgende bepalings van hierdie Wet is nie op 'n maatskappy sonder winsoogmerk van toepassing nie:

*(a)* Deel D van Hoofstuk 2—Kapitalisasie van maatskappye met winsoogmerk.

*(b)* Deel E van Hoofstuk 2—Registrasie en oordrag van sekuriteite.

*(c)* Dele B en D van Hoofstuk 3—Maatskappysekretarisse en ouditkomitees, buiten soos in artikel 34(2) beoog.

*(d)* Hoofstuk 4—Openbare aanbieding van maatskappysekuriteite.

*(e)* Hoofstuk 5—Oornames, aanbiedinge en fundamentele transaksies.

*(f)* Artikels 146*(d)* en 152(3)*(c)*—Regte van aandeelhouers om 'n ondernemingreddingsplan goed te keur, buiten in die mate waarin die maatskappy sonder winsoogmerk self 'n aandeelhouer is van 'n maatskappy met winsoogmerk wat met ondernemingreddingsverrigtinge besig is.

*(g)* Artikel 164—Teenstemmende aandeelhouers se waardasieregte, buiten in die mate waarin die maatskappy sonder winsoogmerk self 'n aandeelhouer is van 'n maatskappy met winsoogmerk.

(3) Artikels 58 tot 65, saamgelees met die veranderings wat deur die samehang vereis word—

*(a)* is van toepassing op 'n maatskappy sonder winsoogmerk slegs as die maatskappy stemgeregtigde lede het; en

*(b)* wanneer dit toegepas word op 'n maatskappy sonder winsoogmerk, is onderworpe aan die bepalings van Item 4 van Bylae 1.

(4) Ten opsigte van 'n maatskappy sonder winsoogmerk wat stemgeregtigde lede het, is 'n verwysing in hierdie Wet na ''n aandeelhouer'', ''die houers van 'n maatskappy se sekuriteite'', ''houers van uitgereikte sekuriteite van daardie maatskappy'' of '' 'n houer van stemregte wat geregtig is om te stem'', 'n verwysing na die stemgeregtigde lede van die maatskappy sonder winsoogmerk.

## HOOFSTUK 2

## STIGTING, ADMINISTRASIE EN ONTBINDING VAN MAATSKAPPYE

### *Deel A*

### *Reservering en registrasie van maatskappyname*

**Maatstawwe vir name van maatskappye**

**11.** (1) Behoudens subartikels (2) en (3), kan 'n maatskappynaam—

*(a)* uit woorde in enige taal bestaan, ongeag of die woorde algemeen gebruik word of nie of vir die doel bedink is, saam met—

(i) enige letters, syfers of leestekens;

(ii) enige van die volgende simbole: +, &, #, %, =;

(iii) enige ander simbool wat toegelaat word deur die regulasies wat ingevolge subartikel (4) uitgevaardig is; of

(iv) ronde hakies in pare gebruik om enige ander deel van die naam te isoleer,

alleen of in enige kombinasie; of

*(b)* in die geval van 'n maatskappy met winsoogmerk, kan dit die registrasienommer van die maatskappy saam met die toepaslike uitdrukkings deur subartikel (3) vereis, wees.

(2) Die naam van 'n maatskappy moet—

*(a)* nie dieselfde of verwarrend soortgelyk wees aan—

(i) die naam van 'n ander maatskappy, geregistreerde buitelandse maatskappy, beslote korporasie of koöperasie nie tensy die maatskappy deel uitmaak van 'n maatskappyegroep wat soortgelyke name gebruik;

(ii) 'n naam geregistreer vir die gebruik van 'n persoon as 'n besigheidsnaam ingevolge die Wet op Besigheidsname, 1960 (Wet No. 27 van 1960), nie; of

(iii) 'n geregistreerde handelsmerk wat aan 'n ander persoon as die maatskappy behoort, of 'n handelsmerk ten opsigte waarvan 'n aansoek in die Republiek ingedien is vir registrasie as 'n handelsmerk of 'n welbekende handelsmerk soos in artikel 35 van die Wet op Handelsmerke, 1993 (Wet No. 194 van 1993), beoog nie; of

(iv) 'n handelsmerk, woord of uitdrukking waarvan die gebruik ingevolge die Wet op Handelswaremerke, 1941 (Wet No. 17 van 1941), beperk of beskerm word nie, buiten in die mate waarin dit deur of ingevolge daardie Wet toegelaat word;

*(b)* nie valslik impliseer of voorgee, of sodanig wees dat dit 'n persoon redelikerwys sal mislei om verkeerdelik te glo, nie dat die maatskappy—

(i) deel is van, of geassosieer word met, 'n ander persoon of entiteit;

(ii) 'n staatsorgaan of 'n hof is, of deur die Staat of deur 'n staatsorgaan of 'n hof bedryf, geborg, gesteun of onderskryf word;

(iii) besit, bestuur of bedryf word deur 'n persoon of persone wat 'n bepaalde opvoedkundige benaming het of wat 'n gereguleerde persoon of entiteit is;

(iv) besit, bedryf, geborg, gesteun of onderskryf word deur, of die ondersteuning geniet van enige—

*(aa)* buitelandse staat, staatshoof, regeringshoof, regering of administrasie van 'n departement van so 'n regering of administrasie; of

*(bb)* 'n internasionale organisasie; en

*(c)* nie 'n woord, uitdrukking of simbool insluit wat, in isolasie of in samehang met die res van die naam, redelikerwys geag kan word—

(i) oorlogspropaganda;

(ii) aanhitsing tot onmiddellike geweld; of

(iii) voorspraak vir haat gebaseer op ras, etnisiteit, geslag of geloof, of aanhitsing om skade te veroorsaak,

uit te maak nie.

(3) Benewens nakoming van die vereistes van subartikels (1) en (2)—

*(a)* as die naam van 'n maatskappy met winsoogmerk die maatskappy se registrasienommer is, soos in subartikel (1)*(b)* beoog, moet daardie nommer onmiddellik gevolg word deur die uitdrukking ''(Suid-Afrika)'';

*(b)* as die maatskappy se Akte van Oprigting 'n bepaling insluit soos in artikel 15(2)*(b)* of *(c)* beoog, moet die naam onmiddellik gevolg word deur die uitdrukking (''RF''); en

*(c)* moet 'n maatskappynaam, ongeag die vorm of taal daarvan, met een van die volgende uitdrukkings eindig, soos gepas vir die kategorie van die bepaalde maatskappy:

(i) Die woord ''Geïnkorporeer'' of die afkorting ''Geïnk.'', in die geval van 'n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid.

(ii) Die uitdrukking ''Eiendoms Beperk'' of die afkorting, ''(Edms.) Bpk.'', in die geval van 'n privaatmaatskappy.

(iii) Die woord ''Beperk'' of die afkorting, ''Bpk.'', in die geval van 'n openbare maatskappy.

(iv) Die uitdrukking ''MSB Bpk.'' in die geval van 'n maatskappy in staatsbesit.

(v) Die uitdrukking ''MSW'', in die geval van 'n maatskappy sonder winsoogmerk.

(4) Die Minister kan bykomende algemeen erkende simbole vir gebruik in maatskappyname in subartikel (1)*(a)*(iii) beoog, voorskryf.

**Reservering van naam en defensiewe name**

**12.** (1) ’n Persoon kan een of meer name reserveer om op ’n later tydstip te gebruik, hetsy vir ’n nuut geïnkorporeerde maatskappy of as ’n wysiging van die naam van ’n bestaande maatskappy, deur ’n aansoek saam met die voorgeskrewe geld in te dien.

(2) Die Kommissie moet elke naam reserveer soos in die naam van die aansoeker aansoek gedoen word, tensy die naam waarom aansoek gedoen word—

*(a)* die geregistreerde naam van ’n ander maatskappy, beslote korporasie of koöperasie is;

*(b)* die naam van ’n geregistreerde buitelandse maatskappy is; of

*(c)* reeds ingevolge hierdie artikel gereserveer is.

(3) Indien, by reservering van ’n naam ingevolge subartikel (2), daar redelike gronde bestaan om van mening te wees dat die naam strydig is met die vereistes van—

*(a)* artikel 11(2)*(a)* of *(b)*—

(i) kan die Kommissie, deur skriftelike kennisgewing, van die aansoeker vereis om ’n afskrif van die aansoek en naamreservering op ’n bepaalde persoon, of klas persone, wat in die kennisgewing genoem word, te beteken op die gronde dat die persoon of persone ’n belang kan hê in die gebruik van die naam wat vir die aansoeker gereserveer is; en

(ii) kan ’n persoon aan wie ’n kennisgewing ingevolge subparagraaf (i) beteken moet word, by die Maatskappytribunaal aansoek doen vir ’n beslissing en bevel ingevolge artikel 160; of

*(b)* artikel 11(2)*(c)*—

(i) kan die Kommissie die aansoek en naamreservering na die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie verwys; en

(ii) kan die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie by die Maatskappytribunaal aansoek doen vir ’n beslissing en bevel ingevolge artikel 160.

(4) ’n Naamreservering duur vir ’n tydperk van ses maande vanaf die datum van die aansoek, en die Kommissie kan, as voldoende gronde aangegee word, op aansoek van die persoon vir wie die naam gereserveer is, saam met die voorgeskrewe geld, vir ’n tydperk van 60 sakedae op ’n keer verleng word.

(5) ’n Persoon vir wie ’n naam ingevolge subartikel (2) gereserveer is, kan daardie reservering aan ’n ander persoon oordra deur ’n ondertekende kennisgewing van die oordrag saam met die voorgeskrewe geld in te dien.

(6) Indien die Kommissie redelikerwys glo dat ’n aansoeker ingevolge subartikel (1) ’n persoon aan wie ’n gereserveerde naam oorgedra gaan word of ’n persoon vir wie ’n naam gereserveer word, poog om die naamreserveringstelsel te misbruik met die doel om toegang tot name te verkoop of name te verhandel of te bemark, kan die Kommissie ’n kennisgewing aan daardie persoon uitreik—

*(a)* wat van die persoon vereis om gronde aan te gee waarom daardie naam gereserveer moet word of voortgegaan moet word om gereserveer te word, of waarom die reservering oorgedra moet word;

*(b)* weier om ’n naamreservering te verleng nadat dit verval het;

*(c)* weier om ’n gereserveerde naam oor te dra; of

*(d)* ’n naamreservering kanselleer.

(7) Indien, as gevolg van ’n gedragspatroon deur ’n persoon of twee of meer persone wat verwant of onderling verwant is, die Kommissie redelike gronde het om te glo dat die persoon of persone die naamreserveringstelsel misbruik het deur—

*(a)* toegang tot name te verkoop, of gereserveerde name te verhandel of te bemark; of

*(b)* herhaaldelik te poog om name te reserveer met die doel om toegang tot name te verkoop of gereserveerde name te verhandel of te bemark,

kan die Kommissie by ’n hof aansoek doen om vir ’n tydperk wat die hof billik en redelik in die omstandighede ag, ’n bevel uit te reik wat die persoon of persone verbied om aansoek te doen om die reservering van name ingevolge hierdie artikel.

(8) Wanneer oorweeg word of ’n persoon die naamreserveringstelsel misbruik het of poog om dit te misbruik soos in subartikel (6) of (7) beoog, kan die Kommissie enige toepaslike gedrag deur daardie persoon of enige verwante of onderling verwante persoon oorweeg, insluitende—

*(a)* die reservering van meer as een naam in ’n enkele aansoek of reeks aansoeke;

*(b)* ’n patroon van herhaaldelike aansoeke om ’n bepaalde naam of ’n aantal wesenlik soortgelyke name te reserveer, of die reservering van ’n bepaalde naam te verleng;

*(c)* ’n versuim om goeie gronde aan te gee vir die verlenging van ’n reserveringstydperk; of

*(d)* ’n patroon van die ongewoon gereelde oordrag van gereserveerde name sonder oënskynlik legitieme oorsaak wat die aard van die persoon se beroep of besigheid betref.

(9) Enige persoon mag by aansoek op die voorgeskrewe vorm en die betaling van die voorgeskrewe geld by die Kommissie aansoek doen om—

*(a)* enige naam vir ’n tydperk van twee jaar as ’n defensiewe naam te registreer; of

*(b)* die registrasie van die naam vir ’n tydperk van twee jaar as ’n defensiewe naam te hernu,

ten opsigte waarvan hy of sy tot die Kommissie se oortuiging bewys gelewer het dat hy of sy ’n regstreekse en wesenlike belang het.

## *Deel B*

## *Inkorporasie en regstatus van maatskappye*

### Reg om maatskappy te inkorporeer

**13.** (1) Een of meer persone kan ’n maatskappy met winsoogmerk inkorporeer, of drie of meer persone kan ’n maatskappy sonder winsoogmerk inkorporeer deur—

*(a)* ’n Akte van Oprigting te voltooi en dit elkeen persoonlik of by volmag te onderteken—

(i) in die voorgeskrewe formaat; of

(ii) in ’n formaat wat eie is aan die maatskappy; en

*(b)* ’n Kennisgewing van Inkorporasie in ooreenstemming met subartikel (2) in te dien.

(2) Die Kennisgewing van Inkorporasie van ’n maatskappy moet—

*(a)* saam met die voorgeskrewe geld ingedien word; en

*(b)* vergesel word van ’n kopie van die Akte van Oprigting, behoudens enige verklaring wat in artikel 6(14)*(b)* beoog word.

(3) Indien ’n maatskappy se Akte van Oprigting enige bepaling beoog in artikel 15(2)*(b)* of *(c)* insluit, moet die Kennisgewing van Inkorporasie wat deur die maatskappy ingedien word, ’n prominente verklaring insluit wat die aandag op elke sodanige bepaling en die plasing daarvan in die Akte van Oprigting vestig.

(4) Die Kommissie—

*(a)* kan ’n Kennisgewing van Inkorporasie afkeur indien die kennisgewing, of enigiets wat daarmee saam ingedien moet word, onvolledig is of in enige opsig onvoldoende ingevul is, behoudens artikel 6(8); en

*(b)* moet ’n Kennisgewing van Inkorporasie afkeur indien—

(i) die aanvanklike direkteure van die maatskappy, soos in die Kennisgewing uiteengesit word, minder is as wat deur of ingevolge artikel 66(2) vereis word; of

(ii) die Kommissie redelikerwys glo dat enige van die aanvanklike direkteure van die maatskappy, soos in die Kennisgewing uiteengesit word, ingevolge artikel 69(8) gediskwalifiseer word, en die oorblywende direkteure minder is as wat deur of ingevolge artikel 66(2) vereis word.

### Registrasie van maatskappy

**14.** (1) So gou doenlik nadat ’n ingediende Kennisgewing van Inkorporasie ingevolge artikel 13 aanvaar is, moet die Kommissie—

*(a)* ’n unieke registrasienommer aan die maatskappy toewys; en

*(b)* behoudens subartikel (2)—

(i) die voorgeskrewe inligting met betrekking tot die maatskappy in die register van maatskappye inskryf;

(ii) die Kennisgewing van Inkorporasie en, indien van toepassing, die kopie van die Akte van Oprigting wat daarmee saam ingedien is, op die voorgeskrewe manier goedkeur; en

(iii) op die voorgeskrewe manier en in die voorgeskrewe formaat aan die maatskappy ’n registrasiesertifikaat uitreik en lewer, gedateer as die laatste van—

*(aa)* die datum op en tyd waarteen die Kommissie die sertifikaat uitreik; of

*(bb)* die datum, indien enige, wat deur die inkorporeerders in die Kennisgewing van Inkorporasie gemeld word.

(2) Indien die naam van 'n maatskappy, soos in die Kennisgewing van Inkorporasie gemeld—

*(a)* nie aan die vereistes van artikel 11(3) voldoen nie, kan die Kommissie, wanneer die stappe gedoen word soos deur subartikel (1)*(b)* vereis word, die naam verander deur die toepaslike uitdrukkings soos deur artikel 11(3) vereis word, in te voeg of te vervang; of

*(b)* dieselfde is as die naam van 'n ander maatskappy, beslote korporasie of koöperasie, of ingevolge artikel 12 vir 'n ander persoon as een van die inkorporeerders gereserveer is, moet die Kommissie—

(i) die stappe doen wat in subartikel (1)*(b)* uiteengesit word, en die maatskappy se registrasienommer, gevolg deur ''Geïnk.'', ''(Edms.) Bpk.'', ''Bpk.'', ''MSB'', of ''MSW'', soos toepaslik, as die tussentydse naam van die maatskappy in die register van maatskappye en op die registrasiesertifikaat gebruik;

(ii) die maatskappy versoek om 'n gewysigde Kennisgewing van Inkorporasie met 'n bevredigende naam in te dien; en

(iii) wanneer die maatskappy sodanige gewysigde Kennisgewing van Inkorporasie indien—

*(aa)* die maatskappy se gewysigde naam in die register van maatskappye inskryf; en

*(bb)* aan die maatskappy 'n gewysigde registrasiesertifikaat uitreik en lewer wat die gewysigde naam van die maatskappy aandui.

(3) Indien daar, wanneer 'n maatskappy ingevolge subartikel (2) geregistreer word, redelike gronde is om te vermoed dat die maatskappy se naam nie voldoen aan die vereistes van—

*(a)* artikel 11(2)*(a)* of *(b)* nie, kan—

(i) die Kommissie deur skriftelike kennisgewing van die aansoeker vereis om 'n kopie van die aansoek en naamreservering te beteken aan enige spesifieke persoon, of klas persone, wat in die kennisgewing genoem word, op grond daarvan dat die persoon of persone moontlik 'n belang by die aansoeker se gebruik van die gereserveerde naam kan hê; en

(ii) enige persoon in subparagraaf (i) beoog by die Maatskappytribunaal aansoek doen om 'n beslissing en bevel ingevolge artikel 160; of

*(b)* artikel 11(2)*(c)* nie, kan—

(i) die Kommissie die aansoek en naamreservering na die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie verwys; en

(ii) die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie by die Maatskappytribunaal om 'n beslissing en bevel ingevolge artikel 160 aansoek doen.

(4) 'n Registrasiesertifikaat wat ingevolge subartikel (1) uitgereik word, is afdoende bewys dat—

*(a)* daar aan al die vereistes van die inkorporasie van die maatskappy voldoen is; en

*(b)* die maatskappy vanaf die datum en tyd, indien enige, wat in die sertifikaat aangedui word kragtens hierdie Wet geïnkorporeer is.

**Akte van Oprigting, aandeelhouersooreenkomste en reëls van maatskappy**

**15.** (1) Elke bepaling van 'n maatskappy se Akte van Oprigting—

*(a)* moet met hierdie Wet ooreenstem; en

*(b)* is nietig in die mate wat dit hierdie Wet oortree of nie daarmee ooreenstem nie.

(2) Die Akte van Oprigting van enige maatskappy kan—

*(a)* enige bepaling insluit—

(i) wat 'n saak hanteer wat hierdie Wet nie insluit nie; of

(ii) wat die uitwerking van enige veranderbare bepaling van hierdie Wet verander.

*(b)* enige spesiale voorwaardes bevat wat op die maatskappy van toepassing is en, benewens die vereistes wat in artikel 16 uiteengesit word, enige vereiste vir die wysiging van enige sodanige voorwaarde; of

*(c)* die wysiging van enige spesifieke bepaling van die Akte van Oprigting verbied.

(3) Buiten in die mate wat 'n maatskappy se Akte van Oprigting anders bepaal, kan die direksie van die maatskappy enige nodige of bykomende reëls met betrekking tot die bestuur van die maatskappy wat verband hou met sake wat nie in hierdie Wet of die Akte van Oprigting hanteer word nie, maak, wysig of afskaf deur—

*(a)* 'n kopie van daardie reëls te publiseer op enige manier soos deur die Akte van Oprigting of die reëls van die maatskappy vereis of toegelaat word; en

*(b)* 'n kopie van daardie reëls in te dien.

(4) 'n Reël beoog in subartikel (3)—

*(a)* moet met hierdie Wet en die maatskappy se Akte van Oprigting ooreenstem, en enige sodanige reël wat strydig is met hierdie Wet of die maatskappy se Akte van Oprigting, is nietig in die mate waarin dit strydig is;

*(b)* tree in werking op 'n datum wat die laatste is van—

(i) 20 sakedae nadat die reël ingevolge subartikel (3)*(a)* gepubliseer is; of

(ii) die datum, indien enige, wat in die reël gespesifiseer word; en

*(c)* is bindend—

(i) op 'n tussentydse grondslag vanaf die tydstip waarop dit in werking tree totdat daar by die volgende aandeelhouervergadering van die maatskappy daaroor gestem word; en

(ii) op 'n permanente grondslag slegs indien dit bekragtig word deur 'n gewone besluit op die vergadering wat in subparagraaf (i) beoog word.

(5) Indien 'n reël wat ingevolge subartikel (3) gepubliseer is, nie daarna bekragtig word soos in subartikel (4)*(c)* beoog word nie, kan die maatskappy se direksie nie binne die daaropvolgende 12 maande 'n wesenlik soortgelyke reël opstel nie, tensy dit vooraf deur gewone besluit by 'n aandeelhouervergadering goedgekeur is.

(6) 'n Maatskappy se Akte van Oprigting en enige reëls van die maatskappy is bindend—

*(a)* tussen die maatskappy en elke aandeelhouer;

*(b)* tussen of onder die aandeelhouers van die maatskappy; en

*(c)* tussen die maatskappy en—

(i) elke direkteur of voorgeskrewe beampte van die maatskappy; of

(ii) enige ander persoon wat die maatskappy in die uitoefening van hul onderskeie funksies binne die maatskappy as 'n lid van die ouditkomitee of as 'n lid van 'n komitee van die direksie dien

(7) Die aandeelhouers van 'n maatskappy kan enige ooreenkoms met mekaar aangaan rakende enige saak wat op die maatskappy betrekking het, maar enige sodanige ooreenkoms moet nie strydig wees met hierdie Wet en die maatskappy se Akte van Oprigting nie, en enige bepaling van sodanige ooreenkoms wat strydig is met hierdie Wet of die maatskappy se Akte van Oprigting, is nietig in die mate waarin dit strydig is.

**Wysiging van Akte van Oprigting**

**16.** (1) 'n Maatskappy se Akte van Oprigting kan gewysig word—

*(a)* ter voldoening aan 'n hofbevel op die wyse wat in subartikel (4) beoog word;

*(b)* op die wyse wat in artikel 36(3) en (4) beoog word; of

*(c)* op enige ander tydstip indien 'n spesiale besluit om dit te wysig—

(i) voorgestel word deur—

*(aa)* die direksie van die maatskappy; of

*(bb)* aandeelhouers wat daarop geregtig is om ten minste 10% van die stemregte uit te oefen wat vir sodanige besluit uitgeoefen kan word; en

(ii) aangeneem word by 'n aandeelhouervergadering, of in ooreenstemming met artikel 60, behoudens subartikel (3).

(2) 'n Maatskappy se Akte van Oprigting kan ander vereistes stel as dié wat in subartikel (1)(*c*)(i) met betrekking tot voorstelle vir wysigings uiteengesit word.

(3) Ondanks subartikel (1)*(c)*(ii), indien 'n maatskappy sonder winsoogmerk geen stemgeregtigde lede het nie—

*(a)* kan die direksie van die maatskappy sy Akte van Oprigting wysig op die manier beoog in subartikel (1)*(c)*(i)*(aa)*; en

*(b)* is die vereistes van subartikel (1)*(c)*(ii) nie op die maatskappy van toepassing nie.

(4) ’n Wysiging van ’n maatskappy se Akte van Oprigting wat deur enige hofbevel vereis word—

*(a)* moet aangebring word deur ’n besluit van die maatskappy se direksie; en

*(b)* vereis nie ’n spesiale besluit soos in subartikel (1)*(c)*(ii) beoog word nie.

(5) ’n Wysiging beoog in subartikel (1)*(c)* kan in die formaat wees van—

*(a)* ’n nuwe Akte van Oprigting ter vervanging van die bestaande Akte; of

*(b)* een of meer veranderings aan die bestaande Akte van Oprigting deur—

(i) die naam van die maatskappy te verander;

(ii) enige van sy bepalings te skrap, te verander of te vervang;

(iii) enige nuwe bepalings by die Akte van Oprigting te voeg; of

(iv) enige kombinasie van veranderings aan te bring wat in hierdie paragraaf beoog word.

(6) Indien ’n maatskappy met winsoogmerk sy Akte van Oprigting op so ’n wyse wysig dat dit nie meer aan die kriteria vir sy spesifieke kategorie van maatskappy met winsoogmerk voldoen nie, moet die maatskappy sy naam terselfdertyd wysig deur die einduitdrukking soos toepaslik te verander om die kategorie van maatskappy met winsoogmerk te weerspieël waaronder dit nou val.

(7) Binne die voorgeskrewe tyd nadat die Akte van Oprigting gewysig is, moet ’n maatskappy ’n Kennisgewing van Wysiging saam met die voorgeskrewe geld indien, en—

*(a)* die bepalings van artikel 13(3) en 4*(a)* en artikel 14, elkeen saamgelees met die veranderinge wat deur die konteks vereis word, is op die indien van die Kennisgewing van Wysiging van toepassing; en

*(b)* indien die wysiging van ’n maatskappy se Akte van Oprigting—

(i) ’n nuwe Akte vervang het, soos beoog in subartikel (5)*(a)*, is die bepalings van artikel 13(2)*(b)*, saamgelees met die veranderinge wat deur die samehang vereis word, op die indien van die Kennisgewing van Wysiging van toepassing; of

(ii) die bestaande Akte verander het, soos in subartikel (5)*(b)* beoog word—

*(aa)* moet die maatskappy ’n kopie van die wysiging by die Kennisgewing van Wysiging insluit; en

*(bb)* kan die Kommissie vereis dat die maatskappy binne ’n redelike tydperk ’n volledige kopie van sy gewysigde Akte van Oprigting moet indien.

(8) Indien ’n maatskappy se wysiging van sy Akte van Oprigting ’n verandering van die maatskappy se naam insluit—

*(a)* is die bepalings van artikel 14(2) en (3), saamgelees met die veranderinge wat deur die samehang vereis word, opnuut op die maatskappy van toepassing; en

*(b)* indien die gewysigde naam van die maatskappy—

(i) ingevolge artikel 12 vir daardie maatskappy gereserveer is, moet die Kommissie—

*(aa)* aan die maatskappy ’n gewysigde registrasiesertifikaat uitreik; en

*(bb)* die naam van die maatskappy in die register van maatskappye verander; of

(ii) nie ingevolge artikel 12 vir daardie maatskappy gereserveer is nie, moet die Kommissie die stappe doen wat in subparagraaf (i) uiteengesit word, tensy die naam—

*(aa)* die geregistreerde naam van ’n ander maatskappy, geregistreerde buitelandse maatskappy, beslote korporasie of koöperasie is; of

*(bb)* ingevolge artikel 12 vir ’n ander persoon gereserveer is.

(9) ’n Wysiging van ’n maatskappy se Akte van Oprigting tree in werking vanaf die laatste van—

*(a)* die datum waarop en tyd waarteen die Kommissie die indiening van die Kennisgewing van Wysiging aanvaar; of

*(b)* die datum, indien enige, wat in die Kennisgewing van Wysiging uiteengesit word.

**Veranderings, vertalings en konsolidasies van Akte van Oprigting**

**17.** (1) Die direksie van ’n maatskappy, of ’n individu wat deur die direksie gemagtig word, kan die maatskappy se reëls of sy Akte van Oprigting verander op enige manier wat nodig is om ’n klaarblyklike fout in die spelling, punktuasie, grammatika of soortgelyke defek op die voorkant van die dokument reg te stel, deur—

*(a)* 'n kennisgewing van die verandering te publiseer op enige manier wat deur die Akte van Oprigting of die reëls van die maatskappy vereis of toegelaat word; en

*(b)* 'n kennisgewing van die verandering in te dien.

(2) Die Kommissie, of 'n direkteur of aandeelhouer van 'n maatskappy, kan by die Maatskappytribunaal aansoek doen om 'n administratiewe bevel wat die kennisgewing van 'n verandering wat ingevolge subartikel (1) gepubliseer is, ter syde te stel, slegs op grond daarvan dat die verandering die bevoegdheid oorskry om 'n klaarblyklike fout of defek reg te stel, soos in daardie subartikel beoog word.

(3) 'n Maatskappy wat sy Akte van Oprigting ingedien het, kan op enige tydstip een of meer vertalings daarvan indien, in enige amptelike taal of tale van die Republiek.

(4) 'n Vertaling van 'n maatskappy se Akte van Oprigting moet vergesel word van 'n beëdigde verklaring van die persoon wat die vertaling gedoen het, waarin aangedui word dat dit 'n ware, akkurate en volledige vertaling van die Akte van Oprigting is.

(5) Op enige tydstip nadat 'n maatskappy sy Akte van Oprigting ingedien het, en vervolgens een of meer veranderings of wysigings daaraan ingedien het—

*(a)* kan die maatskappy 'n gekonsolideerde hersiening van sy Akte van Oprigting as sodanig verander of gewysig, indien; of

*(b)* kan die Kommissie vereis dat die maatskappy 'n gekonsolideerde hersiening van sy Akte van Oprigting as sodanig verander of gewysig, indien.

(6) 'n Gekonsolideerde hersiening van 'n maatskappy se Akte van Oprigting moet vergesel word van—

*(a)* 'n beëdigde verklaring deur 'n direkteur van die maatskappy; of

*(b)* 'n verklaring deur 'n prokureur of notaris, wat aandui dat die gekonsolideerde hersiening 'n ware, akkurate en volledige voorstelling van die maatskappy se Akte van Oprigting is, soos verander en gewysig tot op die datum van die verklaring.

**Egtheid van weergawes van Akte van Oprigting**

**18.** (1) Die Akte van Oprigting van 'n maatskappy, soos verander of gewysig, geld in enige geval van 'n konflik tussen die Akte en—

*(a)* 'n vertaling wat ingevolge artikel 17(3) ingedien word; of

*(b)* 'n gekonsolideerde hersiening wat ingevolge artikel 17(5) ingedien word, tensy die gekonsolideerde hersiening daarna deur 'n spesiale besluit by 'n algemene aandeelhouervergadering van die maatskappy bekragtig is.

(2) Die jongste weergawe van 'n maatskappy se Akte van Oprigting wat ingevolge hierdie Deel deur die Kommissie goedgekeur is, geld in die geval van enige konflik tussen die jongste weergawe van die Akte van Oprigting en enige ander beweerde weergawe van die maatskappy se Akte van Oprigting.

**Regstatus van maatskappye**

**19.** (1) Vanaf die datum waarop en tyd waarteen die inkorporasie van 'n maatskappy geregistreer is, soos op die registrasiesertifikaat aangedui word—

*(a)* is die maatskappy 'n regspersoon, wat onafgebroke bestaan totdat die naam in ooreenstemming met hierdie Wet uit die register van maatskappye verwyder word.

*(b)* het die maatskappy al die regsbevoegdhede en vermoëns van 'n individu, buiten in die mate dat—

(i) 'n regspersoon nie in staat is om enige sodanige mag uit te oefen nie, of nie enige sodanige bevoegdheid het nie; of

(ii) die maatskappy se Akte van Oprigting anders bepaal;

*(c)* is die maatskappy gestig in ooreenstemming met—

(i) die onveranderbare bepalings van hierdie Wet;

(ii) die veranderbare bepalings van hierdie Wet, behoudens enige negering, beperking, kwalifisering, uitbreiding of ander verandering wat in 'n veranderbare bepaling beoog word, en is in die maatskappy se Akte van Oprigting opgeteken; en

(iii) enige verdere bepalings van die maatskappy se Akte van Oprigting.

(2) 'n Persoon is nie vir enige aanspreeklikhede of verpligtinge van die maatskappy aanspreeklik uitsluitlik omrede hy of sy 'n inkorporeerder, aandeelhouer of direkteur

van ’n maatskappy is nie, buiten in die mate wat hierdie Wet of die maatskappy se Akte van Oprigting anders bepaal.

(3) Indien ’n maatskappy ’n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid is, is die direkteure en voormalige direkteure, saam met die maatskappy, gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir enige skuld en aanspreeklikhede van die maatskappy wat tydens hulle onderskeie ampstermyne aangegaan word of is.

(4) Behoudens subartikel (5) moet ’n persoon nie geag word kennisgewing te ontvang het en kennis te geneem het van die inhoud van enige dokument met betrekking tot ’n maatskappy nie bloot omdat die dokument—

*(a)* ingedien is; of

*(b)* vir insae by ’n kantoor van die maatskappy toeganklik is.

(5) ’n Persoon moet geag word kennisgewing te ontvang het en kennis te geneem het van—

*(a)* enige bepalings van ’n maatskappy se Akte van Oprigting beoog in artikel 15(2)*(b)* indien die maatskappy se Kennisgewing van Inkorporasie of ’n Kennisgewing van Wysiging die aandag gevestig het op die bepaling soos beoog in artikel 13(3); of

*(b)* die effek van subartikel (3) op ’n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid.

(6) Indien ’n maatskappy sy Akte van Oprigting gewysig het, is die Akte van Oprigting soos voorheen deur die maatskappy aangeneem van nul en gener waarde met betrekking tot enige reg, handeling of saak wat voorkom of ontstaan na die datum waarop die wysiging in werking getree het nie.

(7) Nadat ’n maatskappy sy naam verander het, kan enige regsgedinge wat deur of teen die maatskappy onder sy vorige naam begin of voortgesit is, deur of teen die maatskappy onder sy nuwe naam begin of voortgesit word.

**Geldigheid van maatskappyhandelinge**

**20.** (1) Indien ’n maatskappy se Akte van Oprigting die doeleindes, magte of aktiwiteite van daardie maatskappy begrens, beperk of kwalifiseer, soos beoog in artikel 19(1)*(b)*(ii)—

*(a)* is geen handeling van die maatskappy nietig nie alleenlik omdat—

(i) die handeling deur daardie begrensing, beperking of kwalifikasie verbied is; of

(ii) die direkteure as gevolg van daardie begrensing, beperking of kwalifikasie nie die gesag het om die handeling deur die maatskappy te magtig nie; en

*(b)* in enige regsproses, buiten prosesse tussen—

(i) die maatskappy en sy aandeelhouers, direkteure of voorgeskrewe beamptes; of

(ii) die aandeelhouers en direkteure of voorgeskrewe beamptes van die maatskappy,

kan geen persoon staatmaak op sodanige begrensing, beperking of kwalifikasie om te beweer dat ’n handeling in paragraaf *(a)* beoog, nietig is nie.

(2) Indien ’n maatskappy se Akte van Oprigting die doeleindes, magte of aktiwiteite van daardie maatskappy begrens, beperk of kwalifiseer, of die gesag van die direkteure begrens om ’n handeling namens die maatskappy uit te voer, kan die aandeelhouers deur ’n spesiale besluit enige handeling deur die maatskappy of die direkteure bekragtig wat strydig is met enige sodanige begrensing, beperking of kwalifikasie, behoudens subartikel (3).

(3) ’n Handeling beoog in subartikel (2) mag nie bekragtig word as dit strydig met hierdie Wet is nie.

(4) Een of meer aandeelhouers, direkteure of voorgeskrewe beamptes van ’n maatskappy, of ’n vakbond wat werknemers van die maatskappy verteenwoordig, kan geregtelike stappe doen om die maatskappy daarvan te weerhou om enigiets wat strydig met hierdie Wet is, te doen.

(5) Een of meer aandeelhouers, direkteure of voorgeskrewe beamptes van ’n maatskappy kan geregtelike stappe doen om die maatskappy of die direkteure daarvan te weerhou om enigiets strydig met enige begrensing, beperking of kwalifikasie beoog in subartikel (2) te doen, maar enige sodanige geregtelike stappe is sonder benadeling van enige reg op skadevergoeding van ’n derde party wat—

*(a)* daardie regte in goeie trou verkry het; en

*(b)* nie werklike kennis van die begrensing, beperking of kwalifikasie gedra het nie.

(6) Elke aandeelhouer van 'n maatskappy het 'n eis om skadevergoeding teen enige persoon wat bedrieglik of weens growwe nalatigheid veroorsaak dat die maatskappy enigiets teenstrydig doen met—

*(a)* hierdie Wet; of

*(b)* 'n begrensing, beperking of kwalifikasie beoog in hierdie artikel, tensy daardie handeling ingevolge subartikel (2) deur die aandeelhouers bekragtig is.

(7) 'n Persoon wat in goeie trou sake doen met 'n maatskappy, buiten 'n direkteur, voorgeskrewe beampte of aandeelhouer van die maatskappy, is daarop geregtig om te veronderstel dat die maatskappy met die neem van enige besluit in die uitoefening van sy bevoegdhede, voldoen het aan al die formele en prosedurele vereistes ingevolge hierdie Wet, sy Akte van Oprigting en enige reëls van die maatskappy, tensy die persoon onder daardie omstandighede geweet het of redelikerwyse moes weet van enige versuim deur die maatskappy om aan enige sodanige vereiste te voldoen.

(8) Subartikel (7) moet vertolk word saam met, en nie in plaas van, enige toepaslike gemeneregbeginsel wat op die veronderstelde geldigheid van die handelings van 'n maatskappy in die uitoefening van sy bevoegdhede betrekking het nie.

**Voorinkorporasiekontrakte**

**21.** (1) 'n Persoon kan 'n skriftelike ooreenkoms aangaan in die naam van, of beweer dat hy of sy optree in die naam van, of namens, 'n entiteit wat beoog om ingevolge hierdie Wet geïnkorporeer te word, maar nog nie op daardie tydstip bestaan nie.

(2) 'n Persoon wat enigiets doen wat in subartikel (1) beoog word, is saam met enige ander persoon gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir aanspreeklikhede wat geskep word soos in die voorinkorporasiekontrak bepaal terwyl daar so opgetree word, indien—

*(a)* die beoogde entiteit nie daarna geïnkorporeer word nie; of

*(b)* die maatskappy na inkorporasie enige deel van sodanige ooreenkoms of handeling verwerp.

(3) Indien 'n maatskappy na inkorporasie 'n ooreenkoms aangaan op dieselfde voorwaardes as, of ter vervanging van, 'n ooreenkoms wat in subartikel (1) beoog word, word 'n persoon kragtens subartikel (2) onthef van aanspreeklikheid met betrekking tot die vervangde kontrak.

(4) Binne drie maande na die datum waarop 'n maatskappy geïnkorporeer is, kan die direksie van daardie maatskappy enige voorinkorporasiekontrak of ander handeling wat na bewering in sy naam of namens hom gemaak of gedoen is, soos in subartikel (1) beoog word, volledig, gedeeltelik of voorwaardelik bekragtig of verwerp.

(5) Indien die direksie binne drie maande na die datum waarop die maatskappy geïnkorporeer is 'n spesifieke voorinkorporasiekontrak of ander handeling wat na bewering in die naam van die maatskappy of namens hom gemaak of gedoen is, soos in subartikel (1) beoog word, nóg bekragtig nóg afgekeur het, sal die maatskappy geag word daardie ooreenkoms of handeling te bekragtig het.

(6) In die mate wat 'n voorinkorporasiekontrak of handeling bekragtig is of geag word ingevolge subartikel (5) bekragtig te wees—

*(a)* is die ooreenkoms so afdwingbaar teen die maatskappy asof die maatskappy 'n party tot die ooreenkoms was toe dit gesluit is; en

*(b)* is 'n persoon se aanspreeklikheid kragtens subartikel (2) met betrekking tot die bekragtigde ooreenkoms of handeling onthef.

(7) Indien 'n maatskappy 'n ooreenkoms of handeling soos in subartikel (1) beoog, afkeur, kan 'n persoon wat enige aanspreeklikheid ingevolge subartikel (2) vir daardie afgekeurde ooreenkoms of handeling dra, 'n eis teen die maatskappy instel vir enige voordeel wat dit ingevolge die ooreenkoms of handeling ontvang het, of geregtig is om te ontvang.

**Roekelose handel verbode**

**22.** (1) ’n Maatskappy moet nie—
- *(a)* sy sake roekeloos, met growwe nalatigheid, met die bedoeling om enige persoon te bedrieg of vir enige bedrieglike doel bedryf nie; of
- *(b)* onder insolvente omstandighede handel dryf nie.

(2) Indien die Kommissie redelike gronde het om te glo dat ’n maatskappy betrokke is by optrede wat deur subartikel (1) verbied word, kan die Kommissie ’n kennisgewing aan die maatskappy uitreik om rede te gee waarom die maatskappy toegelaat moet word om voort te gaan om sy sake te doen of handel te dryf, na gelang van die geval.

(3) Indien ’n maatskappy aan wie ’n kennisgewing ingevolge subartikel (2) uitgereik is, versuim om binne 20 sakedae die Kommissie tevrede te stel dat hy nie betrokke is by optrede wat deur subartikel (1) verbied word nie, kan die Kommissie ’n nakomingskennisgewing aan die maatskappy uitreik om te vereis dat die maatskappy sy sake of handel staak, na gelang van die geval.

***Deel C***

***Deursigtigheid, aanspreeklikheid en integriteit van maatskappye***

**Registrasie van eksterne maatskappye en geregistreerde kantoor**

**23.** (1) ’n Buitelandse maatskappy moet binne 20 sakedae nadat dit die eerste keer binne die Republiek begin sake doen, of met aktiwiteite sonder winsoogmerk begin, na gelang van die geval, registreer—
- *(a)* as ’n buitelandse maatskappy sonder winsoogmerk indien dit, binne die jurisdiksie waarbinne dit geïnkorporeer is, voldoen aan wetlike of afgebakende vereistes wat vergelyk kan word met die wetlike of afgebakende vereistes van ’n maatskappy sonder winsoogmerk wat kragtens hierdie Wet geïnkorporeer is; of
- *(b)* as ’n buitelandse maatskappy met winsoogmerk indien dit, binne die jurisdiksie waarbinne dit geïnkorporeer is, voldoen aan wetlike of gedefinieerde vereistes wat vergelyk kan word met die wetlike of gedefinieerde vereistes van ’n maatskappy met winsoogmerk wat kragtens hierdie Wet geïnkorporeer is.

(2) Vir die doeleindes van subartikel (1) en die omskrywing van ’n ‘‘buitelandse maatskappy’’ soos in artikel (1) uiteengesit word, moet ’n vreemde maatskappy nie geag word een te wees wat sake of aktiwiteite sonder winsoogmerk, na gelang van die geval, in die Republiek doen nie, tensy daardie vreemde maatskappy betrokke is by of betrokke was by een of meer as die volgende aktiwiteite in die Republiek:
- *(a)* Die hou van ’n vergadering of vergaderings van die aandeelhouers of direksie van die vreemde maatskappy, of die bestuur van die interne sake van die maatskappy andersins;
- *(b)* die oopmaak of instandhouding van enige bank- of ander finansiële rekeninge;
- *(c)* die vestiging of instandhouding van kantore of agentskappe vir die oordrag, uitruil of registrasie van die vreemde maatskappy se eie sekuriteite;
- *(d)* die skep of verkryging van enige skuld, verbandlenings of sekuriteitbelange ten opsigte van enige eiendom;
- *(e)* die sekurering of invordering van enige skuld, of afdwinging van enige verbandlening of sekuriteitsbelang;
- *(f)* die verkryging van enige belang by enige eiendom; en
- *(g)* die aangaan van indiensnemingskontrakte.

(3) Elke maatskappy of buitelandse maatskappy moet—
- *(a)* deurlopend ten minste een kantoor in die Republiek in stand hou; en
- *(b)* die adres van sy kantoor registreer, of sy hoofkantoor indien dit meer as een kantoor het—
  - (i) aanvanklik in die geval van—
    - *(aa)* ’n maatskappy, deur die verlangde inligting in sy Kennisgewing van Inkorporasie te verskaf; of
    - *(bb)* ’n buitelandse maatskappy, deur die verlangde inligting te verskaf wanneer sy registrasie ingevolge subartikel (1) ingedien word; en
  - (ii) daarna, deur ’n kennisgewing van verandering van geregistreerde kantoor in te dien, saam met die voorgeskrewe geld.

(4) 'n Verandering wat in subartikel (2)*(b)*(ii) beoog word, tree in werking vanaf die laatste van—

*(a)* die datum, indien enige, wat in die kennisgewing aangedui word; of
*(b)* vyf sakedae na die datum waarop die kennisgewing ingedien is.

(5) Die Kommissie moet—

*(a)* 'n unieke registrasienommer toewys aan elke buitelandse maatskappy wat in ooreenstemming met subartikel (1) geregistreer het;
*(b)* 'n register van buitelandse maatskappye in stand hou;
*(c)* die voorgeskrewe inligting met betrekking tot elke buitelandse maatskappy in die register aanteken; en
*(d)* in die geval van 'n buitelandse maatskappy wie se naam 'n vreemde registrasienommer is maar nie die naam van die vreemde jurisdiksie aandui waar dit geïnkorporeer is nie, by sy naam in die register die naam van daardie jurisdiksie aanheg op 'n manier wat vergelykbaar is met dié wat kragtens artikel 11(3)*(a)* vir 'n maatskappy vereis word.

(6) Indien 'n buitelandse maatskappy versuim het om ingevolge subartikel (1) te registreer binne 12 maande nadat hy sy aktiwiteite binne die Republiek begin het, kan die Kommissie 'n voldoeningskennisgewing aan daardie buitelandse maatskappy uitreik waarin die maatskappy vereis word om—

*(a)* binne 20 sakedae nadat die kennisgewing ontvang is, te registreer soos deur subartikel (1) vereis word; of
*(b)* indien die maatskappy versuim om te registreer binne die tydperk wat in paragraaf *(a)* toegelaat word, die bedryf van sy besigheid of aktiwiteite binne die Republiek te staak;

**Formaat en standaarde vir maatskappyrekords**

**24.** (1) Enige dokumente, rekeninge, boeke, geskrifte, rekords of ander inligting wat van 'n maatskappy vereis word om ingevolge hierdie Wet of enige openbare regulasie te hou, moet gehou word—

*(a)* in skriftelike of ander formaat of wyse wat toelaat dat inligting binne 'n redelike tydperk in skriftelike formaat omgesit word; en
*(b)* vir 'n tydperk van sewe jaar, of enige langer tydperk wat in enige ander toepaslike openbare regulasie gespesifiseer word, behoudens subartikel (2).

(2) Indien 'n maatskappy vir 'n korter tydperk bestaan het as wat in subartikel (1)*(b)* beoog word, word daar van die maatskappy vereis om rekords vir daardie korter tydperk te behou.

(3) Elke maatskappy moet—

*(a)* 'n kopie van sy Akte van Oprigting in stand hou, en enige wysigings of veranderings daaraan, en enige reëls van die maatskappy wat ingevolge artikel 15(3) tot (5) gemaak is;
*(b)* 'n rekord van sy direkteure in stand hou, insluitende—
  (i) besonderhede van enige persoon wat as 'n direkteur van die maatskappy gedien het, vir 'n tydperk van sewe jaar nadat die persoon nie meer as 'n direkteur dien nie; en
  (ii) die inligting wat deur of ingevolge subartikel (5) vereis word;
*(c)* kopieë in stand hou van alle—
  (i) verslae wat by 'n algemene jaarvergadering van die maatskappy voorgelê is, vir 'n tydperk van sewe jaar na die datum van enige sodanige vergadering;
  (ii) finansiële jaarstate wat deur hierdie Wet vereis word, vir sewe jaar na die datum waarop elke sodanige spesifieke state uitgereik is; en
  (iii) rekeningkundige rekords wat deur hierdie Wet vereis word, vir die huidige finansiële jaar en vir die vorige sewe finansiële jare van die maatskappy;
*(d)* kennisgewing en notule in stand hou van alle aandeelhouervergaderings, insluitende—
  (i) alle besluite wat deur hulle aangeneem is, vir sewe jaar na die datum waarop elke sodanige besluit aangeneem is; en
  (ii) enige dokument wat die maatskappy met betrekking tot elke sodanige besluit aan die houers van sekuriteite beskikbaar gestel het;
*(e)* kopieë in stand hou van enige skriftelike kommunikasie wat oor die algemeen deur die maatskappy aan alle houers van enige klas van die maatskappy se

sekuriteite gestuur word, vir 'n tydperk van sewe jaar na die datum waarop elke sodanige kommunikasie uitgereik is; en

*(f)* notules in stand hou van alle vergaderings en besluite van direkteure, of direkteurskomitees, of die ouditkomitee, indien enige, vir 'n tydperk van sewe jaar na die datum—
  (i) van elke sodanige vergadering; of
  (ii) waarop elke sodanige besluit aangeneem is.

(4) Benewens die vereistes van subartikel (3), moet elke maatskappy met winsoogmerk—

*(a)* 'n sekuriteiteregister of die ekwivalent daarvan in stand hou, soos deur artikel 50 vereis word; en
*(b)* die rekords in stand hou wat ingevolge artikel 85 vereis word, indien daardie artikel op die maatskappy van toepassing is.

(5) 'n Maatskappy se rekord van direkteure moet met betrekking tot elke direkteur insluit—

*(a)* die persoon se volle naam, en enige vorige name;
*(b)* die persoon se identiteitsnommer, of indien die persoon nie 'n identiteitsnommer het nie, die persoon se geboortedatum;
*(c)* die persoon se nasionaliteit en paspoortnommer, indien die persoon nie 'n Suid-Afrikaner is nie;
*(d)* die persoon se beroep;
*(e)* die datum van die persoon se mees onlangse verkiesing of aanstelling as direkteur van die maatskappy;
*(f)* die naam en registrasienommer van elke ander maatskappy of vreemde maatskappy waarvan die persoon 'n direkteur is, en in die geval van 'n vreemde maatskappy, die nasionaliteit van die maatskappy; en
*(g)* enige ander voorgeskrewe inligting.

(6) Ten einde persoonlike privaatheid te beskerm, kan die Minister by die toepassing van subartikel (5)*(a)* deur kennisgewing in die *Staatskoerant* kategorieë van name uitsluit wat voorheen gebruik is deur enige persoon—

*(a)* voor mondigwording, of deur persone wat aangeneem, getroud, geskei of 'n wewenaar of weduwee is; of
*(b)* onder ander omstandighede wat deur die Minister voorgeskryf word.

**Ligging van maatskappyrekords**

**25.** (1) Die rekords wat in artikel 24 genoem word, moet by of uit die maatskappy se geregistreerde kantoor of 'n ander ligging, of liggings binne die Republiek toeganklik wees.

(2) 'n Maatskappy moet 'n kennisgewing indien wat die ligging of liggings uiteensit waar enige spesifieke rekords gehou word wat in artikel 24 genoem word, of vanwaar dit toeganklik is indien daardie rekords—

*(a)* nie gehou word by of toeganklik gemaak word vanaf die maatskappy se geregistreerde kantoor nie, soos beoog in subartikel (1); of
*(b)* van een ligging na 'n ander verskuif word.

**Toegang tot maatskappyrekords**

**26.** (1) 'n Persoon wat 'n voordelige belang hou of het by enige sekuriteite wat deur 'n maatskappy uitgereik word—

*(a)* het 'n reg om die inligting na te gaan en te kopieer wat vervat word in die rekords van die maatskappy—
  (i) genoem in artikel 24(3)*(a)*, *(b)*, *(c)*(i) en (ii), *(d)* en *(e)*; of
  (ii) beoog in artikel 24(4)*(a)* of *(b)*;
*(b)* het 'n reg op enige ander inligting in die mate toegelaat deur die Akte van Oprigting, soos beoog in subartikel (2); en
*(c)* kan die regte uitoefen wat in paragraaf *(a)* of *(b)* uiteengesit word—
  (i) deur regstreekse versoek wat op die voorgeskrewe wyse aan die maatskappy gerig word, hetsy persoonlik of deur 'n prokureur of ander persoonlike verteenwoordiger wat skriftelik aangewys word; of
  (ii) in ooreenstemming met die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000).

(2) Benewens die regte op inligting wat in subartikel (1)*(a)* uiteengesit word, kan ’n maatskappy se Akte van Oprigting enige bykomende regte op inligting van enige persoon vasstel met betrekking tot enige inligting wat op die maatskappy betrekking het, maar geen sodanige reg mag enige verpligte beskerming van enige rekord soos uiteengesit in Deel 3 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000), negeer of verminder nie.

(3) Die register van die lede en die register van die direkteure van ’n maatskappy moet gedurende kantoor-ure vir redelike tydperke gratis ter insae beskikbaar wees vir enige lid en vir enige ander persoon, by die betaling van ’n bedrag van hoogstens R100,00 vir elke insae.

(4) Die regte op toegang tot inligting wat in hierdie artikel uiteengesit word, is benewens, en nie ter vervanging nie van, enige regte wat ’n persoon mag hê om toegang te kry tot inligting ingevolge—

*(a)* artikel 32 van die Grondwet;
*(b)* die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000); of
*(c)* enige ander openbare regulasie.

(5) Die Minister kan regulasies uitvaardig wat die uitoefening respekteer van die regte wat in hierdie artikel uiteengesit word.

(6) Dit is ’n misdryf vir ’n maatskappy om—

*(a)* te versuim om enige redelike versoek om toegang te akkommodeer, of om onredelik toegang te weier tot enige rekord wat ’n persoon die reg het om ingevolge hierdie artikel te inspekteer of kopieer; of
*(b)* om die redelike uitoefening deur enige persoon van die regte wat in hierdie artikel uiteengesit word, te verhinder, daarmee in te meng of te probeer om dit te verydel.

**Finansiële jaar van maatskappy**

**27.** (1) ’n Maatskappy moet ’n finansiële jaar hê wat eindig op die datum wat in die maatskappy se Kennisgewing van Inkorporasie uiteengesit word, behoudens enige verandering wat ingevolge subartikel (4) gemaak word.

(2) ’n Maatskappy se eerste finansiële jaar—

*(a)* begin op die datum waarop die inkorporasie van die maatskappy geregistreer word, soos in die registrasiesertifikaat gemeld word; en
*(b)* eindig op die datum wat in die Kennisgewing van Inkorporasie uiteengesit word, wat hoogstens 15 maande na die datum beoog in paragraaf *(a)* mag wees.

(3) Die tweede en elke daaropvolgende finansiële jaar van ’n maatskappy—

*(a)* begin wanneer die voorafgaande finansiële jaar eindig; en
*(b)* eindig op die eerste verjaardag van die datum beoog in paragraaf *(a)*, tensy die einde van die finansiële jaar verander is, soos in subartikel (4) beoog word.

(4) Die direksie van ’n maatskappy kan sy finansiële jaar op enige tydstip verander deur ’n kennisgewing van daardie verandering in te dien, maar—

*(a)* hy kan dit nie meer as een keer gedurende enige finansiële jaar doen nie.
*(b)* die pas vasgestelde finansiële jaareinde moet later wees as die datum waarop die kennisgewing ingedien word; en
*(c)* die datum soos verander mag nie lei tot ’n finansiële jaar wat meer as 15 maande na die einde van die voorafgaande finansiële jaar eindig nie.

(5) Ondanks subartikel (2)*(b)* of (3) eindig die finansiële jaar van ’n maatskappy wat die datum beoog in subartikel (1) verander het op die datum soos verander.

(6) Indien die finansiële jaar van ’n maatskappy in ’n spesifieke jaar op ’n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag eindig, word daardie finansiële jaar geag op die volgende sakedag te geëindig het.

(7) Die finansiële jaar van die maatskappy is sy jaarlikse rekeningkundige tydperk.

**Rekeningkundige rekords**

**28.** (1) ’n Maatskappy moet akkurate en volledige rekeningkundige rekords in een van die amptelike tale van die Republiek hou en voltooi—

*(a)* soos nodig om die maatskappy in staat te stel om sy verpligtinge ingevolge hierdie Wet of enige ander wet met betrekking tot die voorbereiding van finansiële state na te kom; en

*(b)* insluitende enige voorgeskrewe rekeningkundige rekords, wat op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe formaat gehou moet word.

(2) 'n Maatskappy se rekeningkundige rekords moet gehou word by, of toeganklik wees vanaf, die maatskappy se geregistreerde kantoor.

(3) Dit is 'n misdryf vir—

*(a)* 'n maatskappy om—

(i) met die bedoeling om enige persoon te bedrieg of mislei—

*(aa)* te versuim om akkurate of volledige rekeningkundige rekords te hou;

*(bb)* rekords op 'n ander manier as die voorgeskrewe en in die voorgeskrewe formaat, indien enige, te hou; of

(ii) enige van sy rekeningkundige rekords te vervals of enige persoon toe te laat om dit te doen; of

*(b)* enige persoon om 'n maatskappy se rekeningkundige rekords te vervals.

(4) Vir groter sekerheid kan die Kommissie 'n nakomingskennisgewing, soos beoog in artikel 171, aan 'n maatskappy uitreik met betrekking tot enige versuim deur die maatskappy om aan die vereistes van hierdie artikel te voldoen, ongeag of daardie versuim ingevolge subartikel (3) 'n misdaad is.

**Finansiële state**

**29.** (1) Indien 'n maatskappy om enige rede aan enige persoon enige finansiële state verskaf, insluitende enige finansiële jaarstate, moet daardie state—

*(a)* ten opsigte van formaat en inhoud aan die finansiële verslagdoeningstandaarde voldoen indien enige sodanige standaarde voorgeskryf is;

*(b)* die stand van sake van die maatskappy billik aanbied en die transaksies en finansiële posisie van die sake van die maatskappy verduidelik;

*(c)* die maatskappy se bates, laste en ekwiteit, sowel as die inkomste en uitgawes, en enige ander voorgeskrewe inligting toon;

*(d)* die datum aandui waarop die state geproduseer is, en die rekeningkundetydperk waarop die state van toepassing is; en

*(e)* op die eerste bladsy van die state 'n prominente kennisgewing bevat wat aandui—

(i) of die state—

*(aa)* geouditeer is ter voldoening aan enige toepaslike vereistes van hierdie Wet;

*(bb)* indien dit nie geouditeer is nie, onafhanklik hersien is ter voldoening aan enige toepaslike vereistes van hierdie Wet; of

*(cc)* nie geouditeer of onafhanklik nagegaan is nie; en

(ii) die naam en professionele benaming, indien enige, van die persoon wat daardie state opgestel of oor die opstel daarvan toesig gehou het.

(2) Enige finansiële state wat deur 'n maatskappy voorberei word, insluitende enige finansiële jaarstate van 'n maatskappy soos beoog in artikel 30, moet nie—

*(a)* in enige wesenlike opsig vals of misleidend wees nie; of

*(b)* in enige wesenlike opsig onvolledig wees nie, slegs behoudens subartikel (3).

(3) 'n Maatskappy kan aan enige persoon 'n opsomming van enige spesifieke finansiële state verskaf, maar—

*(a)* enige sodanige opsomming moet aan enige voorgeskrewe vereistes voldoen; en

*(b)* die eerste bladsy van die opsomming moet 'n prominente kennisgewing bevat wat—

(i) aandui dat dit 'n opsomming van spesifieke finansiële state is wat deur die maatskappy voorberei is, en die datum van daardie state aandui;

(ii) aandui of die finansiële state wat dit opsom, geouditeer of onafhanklik hersien is, en of dit ongeouditeer is, soos beoog in subartikel (1)*(e)*;

(iii) die naam en professionele benaming, indien enige, aandui van die persoon wat die finansiële state wat dit opsom, opgestel of toesig gehou het oor die opstel daarvan; en

(iv) die stappe uiteensit wat vereis word om 'n kopie te verkry van die finansiële state wat dit opsom.

(4) Behoudens subartikel (5) kan die Minister, nadat die Raad geraadpleeg is, regulasies maak wat—

*(a)* finansiële verslagdoeningstandaarde voorskryf wat in hierdie Deel beoog word; of

*(b)* formaat- en inhoudvereistes voorskryf vir opsommings beoog in subartikel (3).

(5) Enige regulasies beoog in subartikel (4)—

*(a)* moet gesonde en konsekwente rekeningkundige praktyke bevorder;

*(b)* moet, in die geval van finansiële verslagdoeningstandaarde, strook met die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde van die International Accounting Standards Board of sy opvolgerliggaam; en

*(c)* kan verskillende standaarde vasstel wat van toepassing is op—

(i) maatskappye met of sonder winsoogmerk; en

(ii) verskillende kategorieë van maatskappye met winsoogmerk.

(6) Behoudens artikel 214(2) is 'n persoon skuldig aan 'n misdryf indien die persoon 'n party is tot die opstel, goedkeuring, verspreiding of publikasie van—

*(a)* enige finansiële state, insluitende enige finansiële jaarstate beoog in artikel 30, wetende dat daardie state—

(i) nie aan die vereistes van subartikel (1) voldoen nie; of

(ii) wesenlik vals of misleidend is, soos beoog in subartikel (2); of

*(b)* 'n opsomming is van enige finansiële state, wetende dat—

(i) die state wat dit opsom nie aan die vereistes van subartikel (1) voldoen nie, of wesenlik vals of misleidend is, soos beoog in subartikel (2); of

(ii) die opsomming nie aan die vereistes van subartikel (3) voldoen nie, of wesenlik vals of misleidend is.

**Finansiële jaarstate**

**30.** (1) 'n Maatskappy moet elke jaar finansiële jaarstate opstel binne ses maande na die einde van sy finansiële jaar, of sodanige korter tydperk as wat toepaslik is om ingevolge artikel 61(7) die vereiste kennisgewing van 'n algemene jaarvergadering te verskaf.

(2) Die finansiële jaarstate moet—

*(a)* geouditeer word in die geval van 'n openbare maatskappy; of

*(b)* in die geval van enige ander maatskappy—

(i) geouditeer word indien aldus vereis deur die regulasies wat ingevolge hierdie subartikel gemaak is, met inagneming of dit in die openbare belang is gesien teen die ekonomiese of maatskaplike betekenis van die maatskappy, soos aangedui deur—

*(aa)* sy jaarlikse omset;

*(bb)* die grootte van sy werksmag; of

*(cc)* die aard en omvang van sy aktiwiteite;

(ii) of—

*(aa)* vrywillig na gelang van die maatskappy se keuse geouditeer word; of

*(bb)* onafhanklik nagegaan word op 'n wyse wat voldoen aan die regulasies wat gemaak is ingevolge subartikel (7) tensy vrygestel indien dit 'n privaatmaatskappy is, en—

(AA) een persoon al die sekuriteite hou wat die maatskappy uitgereik het, of al die voordelige belang daarin het; of

(BB) elke persoon wat 'n houer is van, of 'n voordelige belang het by, enige sekuriteite wat die maatskappy uitgereik het, ook 'n direkteur van die maatskappy is, tensy die maatskappy slegs een direkteur het, en daardie direkteur 'n persoon is wat in artikel 69(12) beoog word.

(3) Die finansiële jaarstate van 'n maatskappy moet—

*(a)* 'n ouditeursverslag insluit, indien die state geouditeer word;

*(b)* 'n verslag deur die direkteure insluit ten opsigte van die stand van sake, die besigheid en wins of verlies van die maatskappy, of van die maatskappyegroep, indien die maatskappy deel van 'n groep is, insluitende—

(i) enige aangeleentheid wat wesenlik is vir die aandeelhouers om die maatskappy se stand van sake te besef; en

(ii) enige voorgeskrewe inligting;

*(c)* deur die direksie goedgekeur word en deur 'n gemagtigde direkteur onderteken word; en

*(d)* voorgelê word by die eerste vergadering van aandeelhouers nadat die direksie die state goedgekeur het.

(4) Die finansiële jaarstate van elke maatskappy wat ingevolge hierdie Wet sy finansiële jaarstate moet laat ouditeer, moet besonderhede insluit wat aandui—

*(a)* die vergoeding soos omskryf in subartikel (6), en die voordele wat ontvang word deur elke direkteur of individu wat enige voorgeskrewe amp in die maatskappy beklee;

*(b)* die bedrag van—

(i) enige pensioene wat deur die maatskappy betaal word aan of ontvangbaar is deur huidige of vorige direkteure of individue wat enige voorgeskrewe amp in die maatskappy beklee of beklee het;

(ii) enige bedrag deur die maatskappy betaal of betaalbaar ten opsigte van huidige of voormalige direkteure of individue wat enige voorgeskrewe amp in die maatskappy beklee of beklee het;

*(c)* die bedrag van enige kompensasie wat betaal is ten opsigte van verlies van amp aan huidige of voormalige direkteure of individue wat enige voorgeskrewe amp in die maatskappy beklee of beklee het;

*(d)* die getal en klas van enige sekuriteite wat uitgereik is aan 'n direkteur of persoon wat enige voorgeskrewe amp in die maatskappy beklee, of aan enige persoon wat aan enigeen van hulle verwant is, en die teenprestasie wat die maatskappy vir daardie sekuriteite behaal het; en

*(e)* besonderhede van dienskontrakte van huidige direkteure en individue wat enige voorgeskrewe amp in die maatskappy beklee.

(5) Die inligting wat kragtens subartikel (4) openbaar gemaak moet word, moet voldoen aan die voorgeskrewe standaarde en moet die bedrag aandui van enige vergoeding of voordele wat betaal is aan of ontvangbaar is deur persone ten opsigte van—

*(a)* dienste gelewer as direkteure of voorgeskrewe beamptes van die maatskappy; of

*(b)* dienste gelewer terwyl direkteure of voorgeskrewe beamptes van die maatskappy—

(i) as direkteure of voorgeskrewe beamptes van enige ander maatskappy binne dieselfde maatskappyegroep; of

(ii) andersins in verband met die uitvoer van die sake van die maatskappy of enige ander maatskappy binne dieselfde maatskappyegroep.

(6) Vir die doel van subartikels (4) en (5), sluit 'vergoeding' in—

*(a)* gelde aan direkteure betaal vir dienste wat hulle gelewer het aan of namens die maatskappy, insluitende enige bedrag wat aan 'n persoon betaal is ten opsigte van die persoon se aanvaarding van die amp van direkteur;

*(b)* salaris, bonusse en prestasieverwante betalings;

*(c)* uitgawetoelaes, in die mate wat die direkteur nie rekenskap van die toelae hoef te gee nie;

*(d)* bydraes betaal ingevolge enige pensioenskema wat nie andersins ingevolge subartikel (4)*(b)* openbaar hoef gemaak te word nie;

*(e)* die waarde van enige opsie of reg wat regstreeks of onregstreeks aan 'n direkteur, voormalige direkteur of toekomstige direkteur, of persoon wat aan enige van hulle verwant is, soos in artikel 42 beoog, gegee word;

*(f)* finansiële bystand aan 'n direkteur, voormalige direkteur of toekomstige direkteur, of persoon wat aan enigeen van hulle verwant is, vir intekening op aandele, soos in artikel 44 beoog; en

*(g)* ten opsigte van enige lening of enige ander finansiële bystand aan die maatskappy of 'n direkteur, voormalige direkteur of toekomstige direkteur, of 'n persoon wat aan enigeen van hulle verwant is, of enige lening deur enige derde party aan enige sodanige persoon gemaak soos in artikel 45 beoog, indien die maatskappy 'n waarborggewer van daardie lening is, die waarde van—

(i) enige belang uitgestel of kwytgeskeld; of

(ii) die waardeverskil tussen—

*(aa)* die rente wat redelikerwys in vergelykbare omstandighede teen billike markkoerse in armlengtetransaksies gehef sou word; en

*(bb)* die rente wat werklik aan die lener gehef word, indien minder.

(7) Die Minister mag regulasies opstel, insluitende verskillende vereistes vir verskillende maatskappykategorieë, wat voorskryf—

*(a)* die kategorieë van enige privaatmaatskappye wat hul onderskeie finansiële jaarstate moet ouditeer, soos beoog in subartikel *(2)(b)*(i); en

*(b)* die wyse, formaat en prosedures vir die uitvoering van 'n onafhanklike oorsig anders as 'n oudit, soos beoog in subartikel (2)*(b)*(ii)*(bb)*, asook die professionele kwalifikasies, indien enige, van persone wat sodanige oorsigte mag uitvoer.

**Toegang tot finansiële state of verwante inligting**

**31.** (1) Benewens die regte wat in artikel 26 uiteengesit word, is 'n persoon wat voordelige belang hou in enige sekuriteite wat deur 'n maatskappy uitgereik word, daarop geregtig om—

*(a)* sonder aanvraag 'n kennisgewing te kry van die publikasie van enige finansiële jaarstate van die maatskappy wat deur hierdie Wet vereis word, met 'n uiteensetting van die stappe wat vereis word om 'n kopie van daardie state te verkry; en

*(b)* op aanvraag gratis een kopie te ontvang van enige finansiële jaarstate van die maatskappy wat deur hierdie Wet vereis word.

(2) Indien 'n vonnisskuldeiser van 'n maatskappy deur 'n persoon wie se plig dit is om die vonnis uit te voer, ingelig word dat daar klaarblyklik onvoldoende vervreembare eiendom is om daardie vonnis uit te voer, is die vonnisskuldeiser daarop geregtig om binne vyf sakedae nadat 'n eis ingestel is, gratis een kopie te ontvang van die jongste finansiële jaarstate van die maatskappy.

(3) Die Kommissie moet aan vakbonde, onder omstandighede soos deur die Kommissie bepaal, toegang verleen tot maatskappy finansiële state met die doel om 'n ondernemingreddingsproses te inisieer.

**Gebruik van maatskappynaam en registrasienommer**

**32.** (1) 'n Maatskappy of buitelandse maatskappy moet—

*(a)* sy volle geregistreerde naam of registrasienommer op aanvraag aan enige persoon verskaf; en

*(b)* nie sy naam of registrasienommer verkeerdelik verstrek op 'n manier wat waarskynlik enige persoon sal mislei of bedrieg nie.

(2) Indien die Kommissie 'n registrasiesertifikaat met 'n tussentydse naam, soos beoog in artikel 14(2)*(b)*, aan 'n maatskappy uitgereik het, moet die maatskappy die tussentydse naam gebruik totdat die naam gewysig is.

(3) 'n Persoon moet nie—

*(a)* die naam of registrasienommer van 'n maatskappy gebruik op 'n manier wat waarskynlik 'n indruk sal skep dat die persoon namens daardie maatskappy optree of kommunikeer nie, tensy die maatskappy daardie persoon gemagtig het om dit te doen; of

*(b)* 'n formaat van 'n naam vir enige doel gebruik indien die gebruik van daardie formaat van die naam onder die omstandighede waarskynlik 'n bedrieglike indruk sal skep dat die naam die naam van 'n maatskappy is.

(4) Elke maatskappy moet sy naam en registrasienommer in leesbare karakters noem in alle kennisgewings en ander amptelike publikasies van die maatskappy, insluitende sodanige kennisgewings en publikasies in elektroniese formaat soos beoog deur die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, en in alle wissels, promesses, tjeks en wissels vir geld en goedere en in alle briewe, afleweringsnotas, fakture, kwitansies en kredietbriewe van die maatskappy.

(5) Oortreding van subartikel (1), (2), (3) of (4) is 'n misdaad.

(6) 'n Maatskappy, inkorporeerder, aandeelhouer of direkteur van 'n maatskappy, of 'n persoon wat met die gesag van of namens die maatskappy optree, moet nie deur enige daad of versuim op enige wyse of in enige mate aan enige persoon die ware regstatus van die maatskappy wanvoorstel nie.

(7) Ondanks artikel (19)(2), indien 'n persoon subartikel (5) oortree, kan 'n hof, op aansoek deur enige persoon wat deur daardie versuim geraak word, persoonlike aanspreeklikheid aan enige aandeelhouer, direkteur of inkorporeerder van die maatskappy oplê vir enige aanspreeklikheid of verpligting van die maatskappy, in die mate wat die hof onder die omstandighede billik en regverdig ag.

**Jaarlikse opgawe**

**33.** (1) Elke maatskappy moet 'n jaarlikse opgawe in die voorgeskrewe formaat en met die voorgeskrewe geld en binne die voorgeskrewe tydperk na die einde van sy finansiële jaar indien, en by daardie opgawe insluit—

*(a)* 'n kopie van sy finansiële jaarstate, indien daar ingevolge artikel 30(2)*(a)* vereis word dat die maatskappy sodanige state moet opstel; en

*(b)* enige ander voorgeskrewe inligting.

(2) Elke buitelandse maatskappy moet binne die voorgeskrewe tydperk na die herdenking van die datum waarop dit ingevolge artikel 23(1) geregistreer is 'n jaarlikse opgawe indien.

(3) Elke maatskappy moet elke jaar in sy jaarlikse opgawe ingevolge subartikel (1) 'n direkteur, werknemer of ander persoon aanwys wat verantwoordelik is vir die maatskappy se nakoming aan die vereistes van hierdie Deel, en Hoofstuk 3, indien dit op die maatskappy van toepassing is.

**Bykomende rekenpligtigheidsvereistes vir sekere maatskappye**

**34.** (1) Benewens voldoening aan die vereistes van hierdie Deel, moet 'n openbare maatskappy of maatskappy in staatsbesit ook voldoen aan die uitgebreide rekenpligtigheidsvereistes wat in Hoofstuk 3 uiteengesit word.

(2) Daar word nie van 'n privaatmaatskappy, maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid of maatskappy sonder winsoogmerk vereis om te voldoen aan die uitgebreide rekenpligtigheidsvereistes wat in Hoofstuk 3 uiteengesit word nie, buiten in die mate wat die maatskappy se Akte van Oprigting anders bepaal.

***Deel D***

***Kapitalisasie van maatskappy met winsoogmerk***

**Regsaard van maatskappy-aandele en vereiste om aandeelhouers te hê**

**35.** (1) 'n Aandeel wat deur 'n maatskappy uitgereik word, is roerende eiendom, wat oorgedra kan word op enige manier soos deur hierdie Wet of ander wetgewing bepaal of erken word.

(2) 'n Aandeel het nie 'n nominale of pariwaarde nie, behoudens item 6 van Bylae 5.

(3) 'n Maatskappy kan nie aan homself aandele uitreik nie; en

(4) Geen regte word met 'n gemagtigde aandeel van 'n maatskappy verbind totdat dit uitgereik is nie.

(5) Aandele van 'n maatskappy wat uitgereik is en daarna—

*(a)* deur daardie maatskappy verkry word, soos beoog in artikel 48; of

*(b)* teruggee word by daardie maatskappy wanneer die waardasieregte ingevolge artikel 164 uitgeoefen word,

het dieselfde status as aandele wat gemagtig is maar nie uitgereik is nie.

(6) Ondanks die afskaffing van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), het 'n aandeel wat deur 'n voorafbestaande maatskappy uitgereik word, en onmiddellik voor die effektiewe datum deur 'n aandeelhouer gehou word, steeds al die regte wat onmiddellik voor die effektiewe datum daarmee verband gehou het, ongeag of daardie regte ingevolge die maatskappy se Akte van Oprigting of ingevolge daardie Wet bestaan het, slegs behoudens—

*(a)* wysigings van daardie maatskappy se Akte van Oprigting na die effektiewe datum;

*(b)* die werking van subartikel (5); en

*(c)* die regulasies beoog in item 6(3) van Bylae 5.

**Magtiging vir aandele**

**36.** (1) 'n Maatskappy se Akte van Oprigting—

*(a)* moet die klasse aandele uiteensit, en die getal aandele in elke klas, wat die maatskappy gemagtig is om uit te reik;

*(b)* moet uiteensit, met betrekking tot elke klas aandele—

(i) 'n onderskeidende benaming vir daardie klas; en

(ii) die voorkeure, regte, beperkings en ander bepalings wat behoudens paragraaf *(d)* met daardie klas verband hou;

*(c)* kan 'n genoemde getal ongeklassifiseerde aandele magtig, wat onderhewig is aan klassifikasie deur die direksie van die maatskappy in ooreenstemming met subartikel (3)*(c)*; en

*(d)* kan 'n klas aandele uiteensit—

(i) sonder om die verwante voorkeure, regte, beperkings of ander bepalings van daardie klas te spesifiseer;

(ii) waarvoor die direksie van die maatskappy die verwante voorkeure, regte en beperkinge of ander bepalings moet bepaal; en

(iii) wat nie uitgereik moet word totdat die direksie van die maatskappy die verwante voorkeure, regte en beperkinge of ander bepalings, soos beoog in subparagraaf (ii), bepaal het nie.

(2) Die magtiging en klassifikasie van aandele, die getal gemagtigde aandele in elke klas, en die voorkeure, regte, beperkinge en ander bepalings wat met elke klas aandele verband hou, soos in die maatskappy se Akte van Oprigting uiteengesit word, kan verander word slegs deur—

*(a)* 'n wysiging van die Akte van Oprigting deur 'n spesiale besluit van die aandeelhouers; of

*(b)* die direksie van die maatskappy, op die wyse beoog in subartikel (3), buiten in die mate wat die Akte van Oprigting anders bepaal.

(3) Buiten in die mate wat 'n maatskappy se Akte van Oprigting anders bepaal, kan die maatskappy se direksie—

*(a)* die getal gemagtigde aandele in enige klas aandele vermeerder of verminder;

*(b)* enige geklassifiseerde aandele herklassifiseer wat gemagtig maar nog nie uitgereik is nie;

*(c)* enige ongeklassifiseerde aandele klassifiseer wat gemagtig is soos in subartikel (1)*(c)* beoog word, maar nie uitgereik is nie; of

*(d)* die voorkeure, regte, beperkings of ander bepalings van aandele in 'n klas beoog in subartikel (1)*(d)* bepaal.

(4) As die direksie van 'n maatskappy optree ooreenkomstig sy gesag beoog in subartikel (3), moet die maatskappy 'n Kennisgewing van Wysiging van sy Akte van Oprigting indien, wat die veranderinge uiteensit wat deur die direksie aangebring is.

**Voorkeure, regte, beperkings en ander bepalings ten opsigte van aandele**

**37.** (1) Al die aandele van enige spesifieke klas wat deur 'n maatskappy gemagtig word, het voorkeure, regte, beperkings en ander bepalings wat identies is aan dié van ander aandele van dieselfde klas, buiten in die mate wat die maatskappy se Akte van Oprigting anders bepaal.

(2) Elke uitgereikte aandeel van 'n maatskappy, ongeag die klas, het een algemene stem, buiten in die mate wat andersins bepaal word deur—

*(a)* hierdie Wet; of

*(b)* die voorkeure, regte, beperkings en ander bepalings bepaal deur of ingevolge die maatskappy se Akte van Oprigting in ooreenstemming met artikel 36.

(3) Ondanks andersluidende bepalings in 'n maatskappy se Akte van Oprigting—

*(a)* gaan elke aandeel wat deur daardie maatskappy uitgereik word, gepaard met 'n onherroeplike reg van die aandeelhouer om te stem oor enige voorstel om die voorkeure, regte, beperkings en ander bepalings te wysig wat met daardie aandeel verband hou; en

*(b)* indien daardie maatskappy slegs een klas aandele ingestel het—

(i) is 'n reg om te stem oor elke saak wat deur die aandeelhouers van die maatskappy beslis kan word, aan daardie aandele verbonde; en

(ii) is die houers van daardie klas aandele daarop geregtig om by sy likwidasie die netto bates van die maatskappy te ontvang.

(4) Indien 'n maatskappy se Akte van Oprigting meer as een klas aandele ingestel het, moet die Akte van Oprigting, wanneer die voorkeure, regte, beperkings en ander bepalings van daardie klasse aandele uiteengesit word, bepaal dat—

*(a)* daar vir elke spesifieke saak wat vir 'n beslissing aan die aandeelhouers van die maatskappy voorgelê word, ten minste een klas van die maatskappy se aandele is wat stemregte het wat met betrekking tot daardie saak uitgeoefen kan word; en

*(b)* die houers van ten minste een klas van die maatskappy se aandele is daarop geregtig om by likwidasie die netto bates van die maatskappy te ontvang, ongeag of dit dieselfde is as enige klas wat in paragraaf *(a)* beoog word.

(5) Behoudens enige ander wet, kan 'n maatskappy se Akte van Oprigting vir enige klas aandele, voorkeure, regte, beperkings of ander bepalings instel wat—

*(a)* spesiale, voorwaardelike of beperkte stemregte verleen;

*(b)* voorsiening maak dat aandele van daardie klas, behoudens die vereistes van artikels 46 en 48, aflosbaar of omskepbaar is, soos gespesifiseer word in die Akte van Oprigting—

(i) volgens die keuse van die maatskappy, die aandeelhouer, of 'n ander persoon op enige tydstip, of by die voorkoms van enige gespesifiseerde gebeurlikheid;

(ii) vir kontant, skulde, sekuriteite of ander eiendom;

(iii) teen pryse en in bedrae gespesifiseer, of bepaal in ooreenstemming met 'n formule; of

(iv) behoudens enige ander bepalings wat in die maatskappy se Akte van Oprigting uiteengesit word;

*(c)* die aandeelhouers, behoudens die vereistes van artikels 46 en 47, geregtig maak op uitkerings bereken op enige manier, insluitende dividende wat kumulatief, nie-kumulatief of gedeeltelike kumulatief kan wees; of

*(d)* voorsiening maak dat aandele van daardie klas voorkeur geniet bo enige ander klas aandele met betrekking tot uitkerings, of regte by die finale likwidasie van die maatskappy.

(6) Die Akte van Oprigting van 'n maatskappy kan voorsiening maak dat voorkeure, regte, beperkings of ander bepalings van enige klas aandele van daardie maatskappy in reaksie op enige objektief bepaalbare eksterne feit of feite wissel.

(7) Vir die doeleinde van subartikel (6)—

*(a)* sluit ''eksterne feit of feite'' die voorkoms in van enige gebeurtenis, 'n variasie in enige feit, normaanwyser of ander verwysingspunt, 'n bepaling of daad deur die maatskappy, sy direksie, of enige ander persoon, 'n ooreenkoms waartoe die maatskappy 'n party is, of enige ander dokument; en

*(b)* moet die wyse waarop 'n feit die voorkeure, regte, beperkings en ander bepalings raak, uitdruklik bepaal word deur of ingevolge die maatskappy se Akte van Oprigting, in ooreenstemming met artikel 36.

(8) Indien 'n maatskappy se Akte van Oprigting gewysig is om die voorkeure, regte, beperkings of ander bepalings van 'n klas aandele wesenlik en nadelig te verander, is enige houer van daardie aandele daarop geregtig om regshulp te verkry ingevolge artikel 164 indien daardie aandeelhouer—

*(a)* die maatskappy vooraf in kennis gestel het van die voorneme om die besluit om die Akte van Oprigting te wysig, teen te staan; en

*(b)* teenwoordig was by die vergadering en teen daardie besluit gestem het.

**Uitreiking van aandele**

**38.** (1) Die direksie van 'n maatskappy kan besluit om op enige tydstip aandele van die maatskappy uit te reik, maar slegs binne die klasse, en in die mate, wat die aandele gemagtig is deur of ingevolge die maatskappy se Akte van Oprigting, in ooreenstemming met artikel 36.

(2) Indien 'n maatskappy aandele uitreik—

*(a)* wat nie in ooreenstemming met artikel 36 gemagtig is nie; of

*(b)* meer is as die getal gemagtigde aandele van enige spesifieke klas, kan die uitreiking van daardie aandele in ooreenstemming met artikel 36 terugwerkend gemagtig word.

(3) Indien 'n besluit om 'n uitgifte van aandele terugwerkend te magtig, soos in subartikel beoog word, nie aangeneem word wanneer daar tot stemming oorgegaan word nie—

*(a)* is die aandele-uitgifte nietig in die mate wat dit enige magtiging oorskry;

*(b)* moet die maatskappy die billike waarde van die teenprestasie wat die maatskappy ontvang het met betrekking tot daardie aandele-uitgifte in die mate wat dit nietig is, saam met rente in ooreenstemming met die Wet op die Voorgeskrewe Rentekoers, 1975 (Wet No. 55 van 1975), vanaf die datum waarop die teenprestasie vir die aandele deur die maatskappy ontvang is, tot

die datum waarop die maatskappy aan hierdie paragraaf voldoen, aan die persoon terugbetaal;

*(c)* is enige sertifikaat as bewys van 'n aandeel wat so uitgereik is en nietig gemaak is, en enige inskrywing in 'n sekuriteiteregister met betrekking tot sodanige uitgifte, nietig; en

*(d)* is 'n direkteur van die maatskappy aanspreeklik in die mate soos uiteengesit in artikel 77(3)*(e)*(i) indien die direkteur—

(i) teenwoordig was op 'n vergadering toe die direksie die uitreiking van enige ongemagtigde aandele goedgekeur het, of deelgeneem het aan die neem van so 'n besluit ingevolge artikel 74; en

(ii) versuim het om teen die uitreiking van daardie aandele te stem, ondanks die wete dat die aandele nie in ooreenstemming met artikel 36 gemagtig was nie.

**Inskrywing op aandele**

**39.** (1) Hierdie artikel—

*(a)* is nie van toepassing op 'n openbare maatskappy of maatskappy in staatsbesit nie, buiten in die mate wat 'n maatskappy se Akte van Oprigting anders bepaal; en

*(b)* is van toepassing op 'n privaatmaatskappy of maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid met betrekking tot enige uitgifte van sy aandele, buiten—

(i) aandele uitgereik—

*(aa)* ingevolge opsies of omskeppingsregte; of

*(bb)* soos beoog in artikel 40(5) tot (7); of

(ii) kapitalisasie-aandele uitgereik soos beoog in artikel 47.

(2) Indien 'n privaatmaatskappy van plan is om enige aandele uit te reik, buiten soos beoog in subartikel (1)*(b)*, het elke aandeelhouer van daardie privaatmaatskappy 'n reg, voor enige ander persoon wat nie 'n aandeelhouer van daardie maatskappy is nie, om 'n aanbod te ontvang van, en binne 'n redelike tydperk in te skryf vir, 'n persentasie van die aandele wat uitgereik gaan word gelyk aan die stembevoegdheid van daardie aandeelhouer se algemene stemregte onmiddellik voordat die aanbod gemaak is.

(3) 'n Private maatskappy of maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid se Akte van Oprigting kan met betrekking tot enige van of al die klasse aandele in daardie maatskappy die reg wat in subartikel (2) uiteengesit word, beperk, negeer of voorwaardes daaraan heg.

(4) Buiten in die mate wat 'n privaatmaatskappy of maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid se Akte van Oprigting anders bepaal—

*(a)* kan 'n aandeelhouer wat 'n reg ingevolge subartikel (2) uitoefen vir minder aandele inskryf as waarop die aandeelhouer geregtig is om ingevolge daardie subartikel in te skryf; en

*(b)* kan aandele waarvoor 'n aandeelhouer nie binne die redelike tyd beoog in subartikel (2) ingeskryf het nie, aan ander persone aangebied word in die mate wat deur die Akte van Oprigting toegelaat word.

**Teenprestasie vir aandele**

**40.** (1) Die direksie van 'n maatskappy kan gemagtigde aandele uitreik slegs—

*(a)* vir voldoende teenprestasie aan die maatskappy, soos bepaal deur die direksie;

*(b)* ingevolge omskeppingsregte wat met voorheen uitgereikte sekuriteite van die maatskappy verband hou; of

*(c)* as 'n kapitalisasie-aandeel soos beoog in artikel 47.

(2) Voordat 'n maatskappy enige spesifieke aandele uitreik, moet die direksie die teenprestasie bepaal waarvoor, en die voorwaardes waaronder, daardie aandele uitgereik sal word.

(3) 'n Bepaling deur die direksie van 'n maatskappy ingevolge subartikel (2) ten opsigte van die toereikendheid van teenprestasie vir enige aandele kan nie betwis word op enige grondslag buiten ingevolge artikel 76, saamgelees met artikel 77(2), nie.

(4) Behoudens subartikels (5) tot (7), wanneer 'n maatskappy die teenprestasie ontvang het wat deur die direksie goedgekeur is vir die uitreiking van enige aandele—

*(a)* is daardie aandele ten volle betaal; en

*(b)* moet die maatskappy daardie aandele uitreik en die naam van die houer in ooreenstemming met Deel E van hierdie Hoofstuk in die maatskappy se sekuriteiteregister laat inskryf.

(5) Indien die teenprestasie vir enige aandele wat uitgereik word of uitgereik gaan word in die formaat is van 'n instrument wat nie deur die maatskappy verhandel kan word op die tydstip wanneer die aandele uitgereik word nie, of in die formaat is van 'n ooreenkoms vir toekomstige dienste, toekomstige voordele of toekomstige betaling deur die inskrywende party—

*(a)* word die teenprestasie vir daardie aandele geag op enige tydstip deur die maatskappy ontvang te wees slegs in die mate—

(i) wat die instrument deur die maatskappy verhandelbaar is; of

(ii) wat die inskrywende party tot die ooreenkoms sy verpligtinge ingevolge die ooreenkoms nagekom het; en

*(b)* moet die maatskappy by ontvangs van die instrument of aangaan van die ooreenkoms—

(i) die aandele onmiddellik uitreik; en

(ii) die uitgereikte aandele aan 'n derde party laat uitreik, om in trust gehou te word en later in ooreenstemming met die voorwaardes van 'n trustooreenkoms na die inskrywende party oorgedra te word.

(6) Buiten in die mate wat 'n trustooreenkoms beoog in subartikel (5)*(b)* anders bepaal—

*(a)* kan stemregte en waardasieregte wat in artikel 164 uiteengesit word en wat verband hou met aandele wat uitgereik is maar in trust gehou word, nie uitgeoefen word nie;

*(b)* kan enige voorkoopsregte wat verband hou met aandele wat uitgereik is maar in trust gehou word, uitgeoefen word slegs in die mate wat die instrument verhandelbaar geword het deur die maatskappy, of die inskrywende party sy verpligtinge onder die ooreenkoms nagekom het.

*(c)* moet enige uitkering met betrekking tot aandele wat uitgereik is, maar in trust gehou word—

(i) deur die maatskappy aan die inskrywende party betaal of gekrediteer word in die mate wat die instrument verhandelbaar geword het deur die maatskappy of die inskrywende party sy verpligtinge onder die ooreenkoms nagekom het; en

(ii) gekrediteer kan word teen die oorblywende waarde op daardie tydstip van enige dienste wat nog deur die inskrywende party uitgevoer moet word, enige toekomstige betaling wat betaalbaar bly, of die voordele wat nog deur die maatskappy ontvang moet word; en

*(d)* mag aandele wat uitgereik is maar nog in trust gehou word—

(i) nie deur of in opdrag van die inskrywende party oorgedra word nie, tensy die maatskappy uitdruklik vooraf tot die oordrag ingestem het;

(ii) op 'n kwartaallikse grondslag aan die inskrywende party oorgedra word, in die mate wat die instrument deur die maatskappy verhandelbaar geword het of die inskrywende party sy verpligtinge ingevolge die ooreenkoms nagekom het; en

(iii) moet na die inskrywende party oorgedra word wanneer die instrument deur die maatskappy verhandelbaar geword het, of die inskrywende party al sy verpligtinge ingevolge die ooreenkoms nagekom het; en

(iv) moet, in die mate wat die instrument gedishonoreer word nadat dit verhandelbaar geword het, of wat die inskrywende party versuim het om sy verpligtinge kragtens die ooreenkoms na te kom, op aanvraag van die maatskappy aan die maatskappy terugbesorg en gekanselleer word.

(7) 'n Maatskappy mag nie eis soos in subartikel (6)*(d)*(iv) beoog word nie, tensy—

*(a)* 'n verhandelbare instrument gedishonoreer word nadat dit deur die maatskappy verhandelbaar geword het; of

*(b)* die inskrywende party in die geval van 'n ooreenkoms versuim het om enige verpligting ingevolge die ooreenkoms na te kom vir 'n tydperk van ten minste 40 sakedae na die datum waarop die verpligting nagekom moes gewees het.

**Aandeelhoudersgoedkeuring vir uitreiking van aandele in sekere gevalle**

**41.** (1) Behoudens subartikel (2), moet 'n uitgifte van aandele of sekuriteite wat in aandele omskep kan word, of 'n toekenning van opsies beoog in artikel 42, of 'n

toekenning van enige ander regte wat vir sekuriteite uitgeoefen kan word, deur ’n spesiale besluit van die aandeelhouers van ’n maatskappy goedgekeur word, indien die aandele, sekuriteite, opsies of regte uitgereik word aan ’n—

*(a)* direkteur, toekomstige direkteur, voorgeskrewe beampte of toekomstige voorgeskrewe beampte van die maatskappy;

*(b)* persoon wat verwant of onderling verwant is aan die maatskappy, of aan ’n direkteur, of voorgeskrewe beampte van die maatskappy; of

*(c)* genomineerde van ’n persoon beoog in paragraaf *(a)* of *(b)*.

(2) Subartikel (1) is nie van toepassing indien die uitreiking van aandele, sekuriteite of regte—

*(a)* kragtens ’n ooreenkoms is wat die aandele, sekuriteite of regte onderskryf nie;

*(b)* in die uitoefening van ’n voorkoopreg is wat aangebied gaan word, en is om vir aandele in te skryf, soos beoog in artikel 39 nie;

*(c)* in verhouding tot bestaande houdings, en op dieselfde bepalings en voorwaardes is as wat vir al die aandeelhouers van die maatskappy of vir al die aandeelhouers van die klas of klasse aandele is wat uitgereik word nie;

*(d)* ingevolge ’n aandeleskema vir werknemers is wat aan die vereistes van artikel 97 voldoen nie; of

*(e)* ingevolge ’n aanbod aan die publiek, soos omskryf in artikel 95(1)*(h)*, saamgelees met artikel 96 is nie.

(3) ’n Uitgifte van aandele, sekuriteite omskepbaar in aandele, of regte wat vir aandele in ’n transaksie, of ’n reeks geïntegreerde transaksies uitgeoefen kan word, vereis die goedkeuring van die aandeelhouers deur spesiale besluit as die stembevoegdheid van die klas aandele wat uitgereik word of kan word as gevolg van die transaksie of reeks geïntegreerde transaksies gelyk sal wees aan of meer sal wees as 30% van die stembevoegdheid van al die aandele van daardie klas wat onmiddellik voor die transaksie of reeks transaksies deur aandeelhouers gehou word.

(4) In subartikel (3)—

*(a)* vir die doeleindes om die stembevoegdheid te bepaal van aandele wat uitgereik is en kan word as gevolg van ’n transaksie of reeks geïntegreerde transaksies, is die stembevoegdheid van aandele die grootste van—

(i) die stembevoegdheid van die aandele wat uitgereik moet word; of

(ii) die stembevoegdheid van die aandele wat uitgereik sal word nadat uitvoering gegee is aan die omskepping van omskepbare aandele en ander sekuriteite en die uitoefening van regte wat uitgereik gaan word;

*(b)* is ’n reeks transaksies geïntegreerd indien—

(i) die volvoering van een of meer transaksies as voorwaarde vir die volvoering van een transaksie gestel word; of

(ii) die transaksies binne ’n tydperk van 12 maande aangegaan word en dieselfde partye, of verwante persone betrek; en

*(aa)* hulle die verkryging of verkoop van ’n belang in een spesifieke maatskappy of aandeel behels; of

*(bb)* hulle gesamentlik lei tot wesenlike betrokkenheid by ’n sakebedrywigheid wat nie voorheen deel van die maatskappy se hoofaktiwiteit uitgemaak het nie.

(5) ’n Direkteur van die maatskappy is aanspreeklik in die mate soos uiteengesit in artikel 77(3)*(e)*(ii) indien die direkteur—

*(a)* teenwoordig was op ’n vergadering toe die direksie die uitreiking van enige sekuriteite soos beoog in hierdie artikel goedgekeur het, of deelgeneem het aan die neem van so ’n besluit ingevolge artikel 74; en

*(b)* versuim het om teen die uitreiking van daardie sekuriteite te stem, ondanks die wete dat die uitreiking van daardie sekuriteite strydig was met hierdie artikel.

(6) In hierdie artikel sluit ‘toekomstige direkteur’ en ‘toekomstige voorgeskrewe beampte’ nie ’n persoon in wat ’n direkteur of voorgeskrewe beampte van die maatskappy word meer as ses maande nadat ’n spesifieke opsie of reg verkry is nie.

**Opsies vir inskrywing vir sekuriteite**

**42.** (1) ’n Maatskappy kan opsies vir die toewysing of subskripsie van gemagtigde aandele of ander sekuriteite van die maatskappy uitreik.

(2) Die direksie van ’n maatskappy moet die teenprestasie of ander voordeel bepaal waarvoor, en die bepalings ingevolge waarvan—

*(a)* enige opsies uitgereik word; en

*(b)* die verwante aandele of ander sekuriteite uitgereik moet word.

(3) ’n Besluit deur die direksie dat die maatskappy—

*(a)* enige opsies kan uitreik, maak ook die besluit van die direksie uit om enige gemagtigde aandele of ander sekuriteite uit te reik waarvoor die opsies uitgeoefen kan word; of

*(b)* enige sekuriteite kan uitreik wat in aandele van enige klas omskep kan word, maak ook die besluit van die direksie uit om die gemagtigde aandele uit te reik waarin die opsies omskep kan word.

(4) ’n Direkteur van ’n maatskappy is aanspreeklik in die mate soos uiteengesit in artikel 77(3)*(e)*(iii) indien die direkteur—

*(a)* teenwoordig was op ’n vergadering toe die direksie die toestaan van ’n opsie of ’n reg soos beoog in hierdie artikel goedgekeur het, of deelgeneem het aan die neem van sodanige besluit ingevolge artikel 74; en

*(b)* versuim het om teen die toestaan van die opsie of reg te stem, ondanks die wete dat enige aandele—

(i) waarvoor die opsies uitgeoefen kan word; of

(ii) waarin enige sekuriteite omskep kan word, nie ingevolge artikel 36 gemagtig is nie.

**Ander sekuriteite as aandele**

**43.** (1) In hierdie artikel—

*(a)* sluit ‘‘skuldinstrument’’—

(i) enige ander sekuriteite as die aandele van ’n maatskappy in, ongeag of dit ingevolge ’n sekuriteitsdokument soos ’n trustakte uitgereik is of nie; maar

(ii) nie promesses en lenings in nie, hetsy dit ’n beswaring van die bates van die maatskappy is of nie; en

*(b)* sluit ‘‘sekuriteitsdokument’’ enige dokument in deur middel waarvan ’n skuldinstrument aangebied word of van voorneme is om aangebied te word, en wat die bepalings en voorwaardes van die skuldinstrument omvat, insluitende, maar nie beperk nie tot, ’n trustakte of sertifikaat.

(2) Die direksie van ’n maatskappy—

*(a)* kan die maatskappy magtig om op enige tydstip ’n gesekureerde of ongesekureerde skuldinstrument uit te reik, buiten in die mate wat deur die maatskappy se Akte van Oprigting bepaal word; en

*(b)* moet bepaal of elke sodanige skuldinstrument gesekureer of ongesekureer is.

(3) Buiten in die mate wat ’n maatskappy se Akte van Oprigting anders bepaal, kan ’n skuldinstrument wat deur die maatskappy uitgereik word, spesiale voorregte toeken met betrekking tot—

*(a)* die bywoning van en stemming by algemene vergaderings en die aanstelling van direkteure; of

*(b)* toewysing van sekuriteite, aflossing deur die maatskappy, of vervanging van aandele van die maatskappy deur die skuldinstrument, mits die sekuriteite wat ingevolge enige sodanige voorreg toegewys of vervang word, in ooreenstemming met artikel 36 deur of ingevolge die maatskappy se Akte van Oprigting gemagtig word.

(4) Elke sekuriteitsdokument moet duidelik op die eerste bladsy aandui of die betrokke skuldinstrument gesekureer of ongesekureer is.

(5) ’n Maatskappy kan enige persoon, insluitende ’n regspersoon, as trustee vir die houers van die maatskappy se skuldinstrumente aanstel indien—

*(a)* die persoon—

(i) nie ’n direkteur of voorgeskrewe beampte van die maatskappy, of ’n persoon verwant of onderling verwant aan die maatskappy, ’n direkteur of ’n voorgeskrewe beampte is nie; en

(ii) nie enige belang by, of verwantskap met, die maatskappy het wat met die pligte van ’n trustee kan bots nie; en

*(b)* die direksie tevrede is dat die persoon die vereiste kennis en ervaring het om die pligte van ’n trustee uit te voer.

(6) Enige nuwe trustee wat vir doeleindes van hierdie artikel aangestel word, moet—

*(a)* aan die vereistes van subartikel (5)*(a)* voldoen; en

*(b)* goedgekeur word deur die houers van ten minste 75% deur waarde van skuldinstrumente wat teenwoordig is op 'n vergadering wat vir daardie doel belê is.

(7) Enige bepaling vervat in 'n trustakte om enige skuldinstrumente te sekureer, of in enige ooreenkoms met die houers van enige skuldinstrumente wat deur 'n trustakte gesekureer word, is nietig in die mate wat dit 'n trustee sou vrywaar van, of 'n trustee skadeloos sou stel teen, aanspreeklikheid vir vertrouensbreuk, of versuim om die mate van sorg en ywer aan die dag te lê wat van 'n omsigtige en versigtige persoon vereis word, met inagneming van die bepalings van die trustakte wat die mate, gesag of diskresie van die trust respekteer.

(8) Subartikel (7) maak nie ongeldig nie—

*(a)* 'n kwytskelding wat geldig verleen is ten opsigte van iets gedoen of nagelaat deur 'n trustee voor die kwytskelding verleen is; of

*(b)* enige voorsiening van 'n skuldinstrument—

(i) wat dit moontlik maak om 'n kwytskelding te verleen met die toestemming van 'n meerderheid van minstens driekwart in waarde van die houers van skuldinstrumente wat teenwoordig is en stem op 'n vergadering wat vir dié doel byeengeroep is; en

(ii) met betrekking tot besondere handelinge of versuime of wanneer die trustee te sterwe kom of ophou om op te tree.

**Finansiële bystand vir inskrywing vir sekuriteite**

**44.** (1) In hierdie artikel sluit ''finansiële bystand'' nie die uitleen van geld in die gewone loop van sake in deur 'n maatskappy wie se primêre bedrywighede die uitleen van geld is nie.

(2) In die mate wat die Akte van Oprigting van 'n maatskappy anders bepaal, kan die direksie die maatskappy magtig om finansiële bystand te verleen deur 'n lening, waarborg, die verskaffing van sekuriteit of andersins aan enige persoon vir die doeleindes van, of in verband met, die inskrywing vir enige opsie, of enige sekuriteite, wat deur die maatskappy of 'n onderling verwante maatskappy uitgereik is of gaan word, of vir die aankoop van enige sekuriteite van die maatskappy of 'n verwante of onderling verwante maatskappy, behoudens subartikels (3) en (4).

(3) Ondanks enige andersluidende bepaling van 'n maatskappy se Akte van Inkorporasie kan die direksie nie enige finansiële bystand beoog in subartikel (2) magtig nie, tensy—

*(a)* die spesifieke verskaffing van finansiële bystand—

(i) ingevolge 'n aandeleskema vir werknemers is wat aan die vereistes van artikel 97 voldoen; of

(ii) dit ingevolge 'n spesiale besluit van die aandeelhouers is wat binne die vorige twee jaar aangeneem is, wat sodanige bystand hetsy vir die spesifieke ontvanger, of oor die algemeen vir 'n kategorie van potensiële ontvangers goedgekeur het, en die spesifieke ontvanger binne daardie kategorie val; en

*(b)* die direksie oortuig is dat—

(i) die maatskappy onmiddellik nadat die finansiële bystand verleen is, aan die solvensie-en-likiditeitstoets sal voldoen; en

(ii) die bepalings waarkragtens finansiële bystand volgens voorneme verleen gaan word, vir die maatskappy billik en redelik is.

(4) Benewens voldoening aan die vereistes van subartikel (3), moet die direksie verseker dat daar voldoen word aan enige voorwaardes of beperkings met betrekking tot die verlening van finansiële bystand wat in die maatskappy se Akte van Oprigting uiteengesit word.

(5) 'n Besluit deur die direksie van 'n maatskappy om finansiële bystand beoog in subartikel (2) te verskaf, of 'n ooreenkoms met betrekking tot die verskaffing van enige sodanige bystand, is nietig in die mate wat die verskaffing van daardie bystand strydig sal wees met—

*(a)* hierdie artikel; of—

*(b)* 'n verbod, voorwaarde of vereiste beoog in subartikel (4).

(6) Indien 'n besluit of 'n ooreenkoms nietig verklaar is ingevolge subartikel (5) saamgelees met artikel 218(1), is 'n direkteur van 'n maatskappy aanspreeklik in die mate wat in artikel 77(3)*(e)*(iv) uiteengesit word indien die direkteur—

*(a)* teenwoordig was op ’n vergadering toe die direksie die besluit of ooreenkoms goedgekeur het, of deelgeneem het aan die neem van sodanige besluit ingevolge artikel 74; en

*(b)* versuim het om teen die besluit of ooreenkoms te stem, ondanks die wete dat die verskaffing van finansiële bystand strydig was met hierdie artikel of ’n verbod, voorwaarde of vereiste beoog in subartikel (4).

**Lenings of ander finansiële bystand aan direkteure**

**45.** (1) In hierdie artikel sluit ‘‘finansiële bystand’’—

*(a)* die uitleen van geld, waarborg van ’n lening of ander verpligting, en sekurering van enige skuld of verpligting in; maar

*(b)* sluit nie in nie—

(i) die uitleen van geld in die gewone loop van sake deur ’n maatskappy wie se primêre bedrywighede die uitleen van geld is;

(ii) ’n rekenpligtige voorskot om—

*(aa)* regsuitgawes te betaal met betrekking tot ’n saak rakende die maatskappy; of

*(bb)* verwagte uitgawes te betaal wat die persoon namens die maatskappy sal aangaan; of

(iii) ’n bedrag om die persoon se uitgawes vir verhuising op die maatskappy se versoek te dek.

(2) Buiten in die mate wat ’n maatskappy se Akte van Oprigting anders bepaal, kan die direksie die maatskappy magtig om direkte of indirekte finansiële bystand te verleen aan ’n direkteur of voorgeskrewe beampte van die maatskappy of van ’n verwante of onderling verwante maatskappy, of aan ’n verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie, of aan ’n lid van ’n verwante of onderling verwante korporasie, of aan ’n persoon verwant aan enige sodanige maatskappy, korporasie, direkteur, voorgeskrewe beampte of lid, behoudens subartikels (3) en (4).

(3) Ondanks enige andersluidende bepaling van ’n maatskappy se Akte van Oprigting kan die direksie nie enige finansiële bystand beoog in subartikel (2) magtig nie, tensy—

*(a)* die spesifieke verskaffing van finansiële bystand—

(i) ingevolge ’n aandeleskema vir werknemers is wat aan die vereistes van artikel 97 voldoen; of

(ii) dit ingevolge ’n spesiale besluit van die aandeelhouers is wat binne die vorige twee jaar aangeneem is; en

*(b)* die direksie oortuig is dat die maatskappy onmiddellik nadat die finansiële bystand verleen is, aan die solvensie-en-likiditeitstoets sal voldoen.

(4) Benewens voldoening aan die vereistes van subartikel (3), moet die direksie verseker dat daar voldoen is aan enige voorwaardes of beperkings met betrekking tot die verlening van finansiële bystand wat in die maatskappy se Akte van Oprigting uiteengesit word.

(5) Indien die direksie van ’n maatskappy ’n besluit aanneem om enigiets beoog in subartikel (2) te doen, moet die maatskappy skriftelike kennisgewing van daardie besluit aan alle aandeelhouers verskaf, tensy elke aandeelhouer ook ’n direkteur van die maatskappy is, en aan enige vakbond wat sy werknemers verteenwoordig—

*(a)* binne 10 sakedae nadat die direksie die besluit aanvaar, indien die totale waarde van alle lenings, skuld, verpligtinge of bystand beoog in daardie besluit, saam met enige vorige sodanige besluit tydens die finansiële jaar, een tiende van 1% van maatskappy se netto waarde ten tyde van die besluit oorskry; of

*(b)* binne 30 sakedae na die einde van die finansiële jaar, in enige ander geval.

(6) ’n Besluit deur die direksie van ’n maatskappy om finansiële bystand beoog in subartikel (2) te verskaf, of ’n ooreenkoms met betrekking tot die verskaffing van enige sodanige bystand, is nietig in die mate wat die verskaffing van daardie bystand strydig sal wees met—

*(a)* hierdie artikel; of—

*(b)* ’n verbod, voorwaarde of vereiste beoog in subartikel (4).

(7) Indien ’n besluit of ’n ooreenkoms nietig verklaar is ingevolge subartikel (6) saamgelees met artikel 218(1), is ’n direkteur van ’n maatskappy aanspreeklik in die mate wat in artikel 77(3)*(e)*(v) uiteengesit word indien die direkteur—

*(a)* teenwoordig was op 'n vergadering toe die direksie die besluit of ooreenkoms goedgekeur het, of deelgeneem het aan die neem van sodanige besluit ingevolge artikel 74; en

*(b)* versuim het om teen die besluit of ooreenkoms te stem, ondanks die wete dat die verskaffing van finansiële bystand strydig was met hierdie artikel of 'n verbod, voorwaarde of vereiste beoog in subartikel (4).

**Uitkerings moet deur direksie gemagtig word**

**46.** (10 'n Maatskappy moet nie enige voorgestelde uitkering maak nie tensy—

*(a)* die uitkering—

(i) ingevolge 'n bestaande regsverpligting van die maatskappy of 'n hofbevel is; of

(ii) die direksie van die maatskappy die uitkering per besluit gemagtig het;

*(b)* dit redelikerwys blyk dat die maatskappy aan die solvensie-en-likiditeitstoets sal voldoen onmiddellik nadat die voorgestelde uitkering afgehandel is; en

*(c)* die direksie van die maatskappy, per besluit, erken het dat hy die solvensie-en-likiditeitstoets toegepas het, soos in artikel 4 uiteengesit word, en redelikerwys die gevolgtrekking maak dat die maatskappy aan die solvensie-en-likiditeitstoets sal voldoen onmiddellik nadat die voorgestelde uitkering afgehandel is.

(2) Wanneer die direksie van 'n maatskappy 'n besluit beoog in subartikel (1)*(c)* aangeneem het, moet die relevante uitkering, slegs behoudens subartikel (3), volledig uitgevoer word.

(3) Indien die uitkering beoog in 'n spesifieke direksiebesluit, hofbevel of bestaande regsverpligting nie voltooi is binne 120 sakedae nadat die direksie die erkenning vereis deur subartikel (1)*(c)* gemaak het, of nadat opnuut erkenning gemaak is ingevolge hierdie subartikel nie, na gelang van die geval—

*(a)* moet die direksie die solvensie-en-likiditeitstoets met betrekking tot die oorblywende uitkering wat gemaak moet word ingevolge die oorspronklike besluit, bevel of verpligting, heroorweeg; en

*(b)* moet die direksie ondanks enige andersluidende wet, bevel of ooreenkoms, nie voortgaan met enige sodanige uitkering nie, tensy die direksie 'n verdere besluit aanvaar soos beoog in subartikel (1)*(c)*.

(4) Indien 'n uitkering die formaat van die aangaan van 'n skuld of ander verpligting deur die maatskappy aanneem, soos beoog in paragraaf *(b)* van die woordomskrywing van 'uitkering' wat in artikel 1 uiteengesit word, geld die vereistes van hierdie artikel—

*(a)* op die tydstip waarop die direksie besluit dat die maatskappy daardie skuld of verpligting kan aangaan; en

*(b)* nie vir enige daaropvolgende handeling deur die maatskappy ter bevrediging van daardie skuld of verpligting nie, buiten in die mate wat die besluit, of die bepalings en voorwaardes van die skuld of verpligting, anders bepaal.

(5) Indien dit, nadat die solvensie-en-likiditeitstoets oorweeg is soos deur hierdie artikel verlang, vir die maatskappy blyk dat die artikel sy onmiddellike voldoening aan 'n hofbevel beoog in subartikel (1)*(a)*(i) verbied—

*(a)* kan die maatskappy by die hof aansoek doen om 'n bevel wat die oorspronklike bevel verander; en

*(b)* kan die hof 'n bevel uitreik wat—

(i) met inagneming van die finansiële omstandighede van die maatskappy, billik en regverdig is; en

(ii) verseker dat die persoon aan wie die maatskappy ingevolge die oorspronklike bevel 'n betaling moet maak, betaal word op die vroegste moontlike datum versoenbaar met die maatskappy se voldoening aan sy ander finansiële verpligtinge soos dit verskuldig en betaalbaar word.

(6) 'n Direkteur van die maatskappy is aanspreeklik in die mate soos uiteengesit in artikel 77(3)*(e)*(vi) indien die direkteur—

*(a)* teenwoordig was op 'n vergadering toe die direksie 'n uitkering soos beoog in hierdie artikel goedgekeur het, of deelgeneem het aan die neem van so 'n besluit ingevolge artikel 74; en

*(b)* versuim het om teen die uitkering te stem, ondanks die wete dat die uitkering nie met hierdie artikel bestaanbaar is nie.

**Kapitalisasie-aandele**

**47.** (1) Buiten in die mate wat 'n maatskappy se Akte van Oprigting anders bepaal—

*(a)* kan die maatskappy se direksie by besluit die uitreiking van enige gemagtigde aandele van die maatskappy, as kapitalisasie-aandele, op 'n pro rata-grondslag aan die aandeelhouers van een of meer klasse aandele goedkeur;

*(b)* kan aandele van een klas as 'n kapitalisasie-aandeel ten opsigte van aandele van 'n ander klas uitgereik word; en

*(c)* behoudens subartikel (2), wanneer die direksie besluit om 'n kapitalisasie-aandeel toe te ken, kan die direksie terselfdertyd besluit om enige aandeelhouer wat daarop geregtig is om sodanige toekenning te ontvang, toe te laat om te kies om eerder 'n kontantbetaling te ontvang, teen 'n waarde wat deur die direksie bepaal word.

(2) Die direksie van 'n maatskappy kan nie besluit om 'n kontantbetaling aan te bied in plaas van om 'n kapitalisasie-aandeel soos beoog in subartikel (1)*(c)* toe te ken nie, tensy die direksie—

*(a)* die solvensie-en-likiditeitstoets oorweeg het, soos deur artikel 46 vereis word, in die veronderstelling dat elke sodanige aandeelhouer sal kies om kontant te ontvang; en

*(b)* oortuig is dat die maatskappy onmiddellik na die afhandeling van die uitkering aan die solvensie-en-likiditeitstoets sal voldoen.

**Maatskappy of filiaal wat maatskappy se aandele verkry**

**48.** (1) Die stel van 'n eis, aanbied van aandele en betaling deur 'n maatskappy aan 'n aandeelhouer ingevolge 'n aandeelhouer se waardasieregte wat in artikel 164 uiteengesit word, maak nie 'n verkryging van sy aandele deur die maatskappy binne die betekenis van hierdie artikel uit nie.

(2) Behoudens subartikel (3)—

*(a)* kan 'n maatskappy sy eie aandele verkry, indien die besluit om dit te doen aan die vereistes van artikel 46 voldoen; en

*(b)* kan enige filiaal van 'n maatskappy aandele van daardie maatskappy verkry, maar—

 (i) hoogstens 10%, in totaal, van die getal uitgereikte aandele van enige klas aandele van 'n maatskappy kan deur of tot die voordeel van al die filiale van daardie maatskappy, saam gesien, gehou word; en

 (ii) geen stemregte verbonde aan daardie aandele kan uitgeoefen word terwyl die aandele deur die filiaal gehou word nie, en dit 'n filiaal bly van die maatskappy wie se aandele dit hou.

(3) Ondanks enige bepaling van enige wet, ooreenkoms, bevel of die Akte van Oprigting van 'n maatskappy, kan die maatskappy nie sy eie aandele verkry nie, en 'n filiaal van 'n maatskappy kan nie aandele van daardie maatskappy verkry nie indien daar as gevolg van daardie verkryging nie meer enige aandele van die maatskappy in uitgifte is nie buiten—

*(a)* aandele wat deur een of meer filiale van die maatskappy gehou word; of

*(b)* omskepbare of aflosbare aandele.

(4) 'n Ooreenkoms met 'n maatskappy wat voorsiening maak vir die verkryging deur die maatskappy van aandele wat deur hom uitgereik is, is afdwingbaar teen die maatskappy behoudens subartikels (2) en (3).

(5) Indien 'n maatskappy beweer dat hy as gevolg van die werking van subartikel (2) of (3) nie in staat is om sy verpligtinge ingevolge 'n ooreenkoms beoog in subartikel (4) na te kom nie—

*(a)* moet die maatskappy by 'n hof aansoek doen om 'n bevel ingevolge paragraaf *(c)*;

*(b)* het die maatskappy die las om te bewys dat voldoening aan sy verpligtinge hom in stryd met subartikels (2) of (3) plaas; en

*(c)* indien die hof tevrede is dat die maatskappy verhoed word om sy verpligtinge ingevolge die ooreenkoms na te kom, kan die hof 'n bevel maak dat—

 (i) dit met inagneming van die finansiële omstandighede van die maatskappy billik en regverdig is; en

 (ii) verseker dat die persoon aan wie die maatskappy ingevolge die ooreenkoms 'n betaling moet maak, betaal word op die vroegste

moontlike datum versoenbaar met die maatskappy se voldoening aan sy ander finansiële verpligtinge soos dit verskuldig en betaalbaar word.

(6) Indien ’n maatskappy strydig met artikel 46, of hierdie artikel, enige aandele verkry, kan die maatskappy hoogstens twee jaar na die verkryging by ’n hof aansoek doen om ’n bevel wat die verkryging omkeer, en die hof kan beveel—

*(a)* dat die persoon van wie die aandele verkry is, die bedrag betaal deur die maatskappy moet terugbetaal; en

*(b)* dat die maatskappy aan daardie persoon ’n ekwivalente getal aandele van dieselfde klas as dié wat verkry is, moet uitreik.

(7) ’n Direkteur van die maatskappy is aanspreeklik in die mate soos uiteengesit in artikel 77(3)*(e)*(vii) indien die direkteur—

*(a)* teenwoordig was op die vergadering toe die direksie ’n verkryging van aandele soos beoog in hierdie artikel goedgekeur het, of deelgeneem het aan die neem van so ’n besluit ingevolge artikel 74; en

*(b)* versuim het om teen die verkryging van aandele te stem, ondanks die wete dat die verkryging strydig was met hierdie artikel of artikel 46.

## *Deel E*

## *Registrasie en oordrag van sekuriteite*

### Sekuriteite wat deur sertifikate bewys moet word of sekuriteite sonder sertifikaat

**49.** (1) In hierdie Deel beteken ‘‘**met sertifikaat**’’ bewys deur ’n sertifikaat, soos beoog in subartikel (2)*(a)*.

(2) Enige sekuriteite wat deur ’n maatskappy uitgereik word, moet óf—

*(a)* bewys word deur sertifikate; óf

*(b)* sonder sertifikaat wees, in welke geval die maatskappy nie sertifikate moet uitreik wat aanspraak op daardie sekuriteite bewys of na bewering bewys nie, behoudens subartikel (6).

(3) Buiten in die mate wat hierdie Wet uitdruklik anders bepaal—

*(a)* verskil die regte en verpligtinge van die houers van sekuriteite nie uitsluitlik op grond daarvan dat hulle onderskeie sekuriteite met sertifikaat of sonder sertifikaat is nie; en

*(b)* geld enige bepaling van hierdie Wet met betrekking tot enige sekuriteite sonder sertifikaat op dieselfde manier as wat dit op sekuriteite met sertifikaat van toepassing is.

(4) Artikels 52 tot 55—

*(a)* geld slegs vir sekuriteite sonder sertifikaat; en

*(b)* geld in die geval van ’n botsing tussen enige bepaling van hierdie artikels en enige ander bepaling van hierdie Wet, enige ander wet, die gemenereg, die maatskappy se Akte van Oprigting, of enige ooreenkoms.

(5) Enige sekuriteite met sertifikaat kan ophou om deur sertifikate bewys te word, en daarna sonder sertifikaat wees, in welke geval enige bepaling van hierdie Wet beoog in subartikel (4) vir daardie sekuriteite geld vanaf die datum waarop hulle ophou om deur sekuriteite bewys te word.

(6) Op die wyse wat in artikel 54 uiteengesit word, kan enige sekuriteite sonder sertifikaat onttrek word uit die register van sekuriteite sonder sertifikaat, en sertifikate kan as bewys van daardie sekuriteite uitgereik word, in welke geval, vanaf die datum waarop hulle sertifikate uitgereik word—

*(a)* artikels 52 tot 55 ophou om vir daardie sekuriteite te geld; en

*(b)* vir groter sekerheid, oordrag van eienaarskap van daardie sekuriteite nie gedoen kan word deur ’n deelnemer of sentrale sekuriteitebewaarplek terwyl hulle in sertifikaatformaat bly nie.

(7) Die Minister kan regulasies maak met betrekking tot sake wat aanvullend en bykomstig is tot die bepalings van hierdie Deel.

### Sekuriteiteregister en -nommering

**50.** (1) Elke maatskappy moet—

*(a)* ’n register van sy uitgereikte sekuriteite in die voorgeskrewe formaat daarstel of laat daarstel; en

*(b)* sy sekuriteiteregister in ooreenstemming met voorgeskrewe standaarde in stand hou.

(2) So gou doenlik nadat enige sekuriteite uitgereik is, moet 'n maatskappy met betrekking tot elke klas sekuriteite wat uitgereik is in sy sekuriteiteregister inskryf of laat inskryf—

*(a)* die totale getal van daardie sekuriteite wat in die formaat sonder sertifikaat gehou word; en

*(b)* met betrekking tot sekuriteite met sertifikaat—

(i) die name en adresse van die persone aan wie die sekuriteite uitgereik is;

(ii) die getal sekuriteite wat aan elkeen van hulle uitgereik is;

(iii) die getal van, en voorgeskrewe omstandighede met betrekking tot, enige sekuriteite—

*(aa)* wat in trust gehou word soos beoog in artikel 40(6)*(d)*; of

*(bb)* waarvan die oordrag beperk word;

(iv) in die geval van sekuriteite beoog in artikel 43—

*(aa)* die getal van daardie sekuriteite wat uitgereik en uitstaande is; of

*(bb)* die name en adresse van die geregistreerde eienaar van die sekuriteit en enige houers van 'n voordelige belang in die sekuriteit; en

(v) enige ander voorgeskrewe inligting.

(3) Indien 'n maatskappy sekuriteite sonder sertifikaat uitgereik het, of sekuriteite uitgereik het wat nie meer 'n sertifikaat het nie, soos beoog in artikel 49(5), moet 'n rekord in die voorgeskrewe formaat geadministreer en in stand gehou word deur 'n deelnemer of sentrale sekuriteitebewaarplek as die maatskappy se register van sekuriteite sonder sertifikaat, wat—

*(a)* deel vorm van daardie maatskappy se sekuriteiteregister; en

*(b)* met betrekking tot alle sekuriteite beoog in hierdie subartikel, enige besonderhede moet bevat—

(i) waarna verwys word in subartikel (2)*(b)*, saamgelees met die veranderinge wat deur die konteks vereis word; of

(ii) bepaal deur die reëls van die sentrale sekuriteitebewaarplek.

(4) 'n Sekuriteiteregister, of 'n register van sekuriteite sonder sertifikaat, wat in ooreenstemming met hierdie Wet in stand gehou word, is voldoende bewys van die feite wat daarin opgeteken is, by gebrek aan andersluidende bewys.

(5) Tensy al die aandele van 'n maatskappy vir alle doeleindes gelukstande is, moet die maatskappy se aandele, of elke klas aandele, en enige ander sekuriteite, deur 'n toepaslike nommeringstelsel onderskei word.

**Registrasie en oordrag van sekuriteite met sertifikaat**

**51.** (1) 'n Sertifikaat as bewys van enige sekuriteite met sertifikaat van 'n maatskappy—

*(a)* moet op die voorkant aandui—

(i) die naam van die maatskappy wat dit uitreik;

(ii) die naam van die persoon aan wie die sekuriteite uitgereik is;

(iii) die getal en klas aandele en die benaming van die reeks, indien enige, waarvoor daardie sertifikaat as bewys dien; en

(iv) enige beperking op die oordrag van die sekuriteite waarvan daardie sertifikaat as bewys dien, behoudens item 6(4) van Bylae 7;

*(b)* moet onderteken word deur twee persone wat deur die maatskappy se direksie gemagtig is; en

*(c)* is bewys dat die genoemde sekuriteitehouer die sekuriteite besit, by gebrek aan andersluidende bewys.

(2) 'n Handtekening beoog in subartikel (1)*(b)* kan per outografiese, meganiese of elektroniese metode by die sertifikaat aangeheg of daarop aangebring word.

(3) 'n Sertifikaat bly geldig ondanks die daaropvolgende verlating van amp deur enige persoon wat dit onderteken het.

(4) Indien al die maatskappy se aandele, soos beoog in artikel 50(5), vir alle doeleindes gelyk staan en dus nie deur 'n nommerstelsel onderskei word nie—

*(a)* moet elke sertifikaat met betrekking tot daardie aandele deur 'n nommerstelsel onderskei word; en

*(b)* indien die aandeel oorgedra is, moet die sertifikaat geëndosseer word met 'n verwysingsnommer of soortgelyke middel wat dit moontlik sal maak om elke voorafgaande houer van die aandeel opvolgend te identifiseer.

(5) Behoudens subartikel (6) moet ’n maatskappy elke oordrag van enige sekuriteite met sertifikaat in sy sekuriteiteregister inskryf, insluitende die inskrywing van—

*(a)* die naam en adres van die oordragontvanger;

*(b)* die beskrywing van die sekuriteite, of belang oorgedra;

*(c)* die datum van die oordrag; en

*(d)* die waarde van enige teenprestasie wat nog vir elke aandeel of belang deur die maatskappy ontvang moet word, in die geval van ’n oordrag van sekuriteite beoog in artikel 40(5) en (6).

(6) ’n Maatskappy kan ’n inskrywing beoog in subartikel (5) maak slegs indien die oordrag—

*(a)* bewys word deur ’n behoorlike instrument van oordrag wat aan die maatskappy gelewer is; of

*(b)* deur werking van die wet bewerkstellig is.

**Registrasie van sekuriteite sonder sertifikaat**

**52.** (1) Op versoek van ’n maatskappy, en by betaling van die voorgeskrewe geld, indien enige, moet ’n deelnemer of sentrale sekuriteitebewaarplek, soos bepaal in ooreenstemming met die reëls van die sentrale sekuriteitebewaarplek, aan daardie maatskappy al die besonderhede verskaf van daardie maatskappy se sekuriteite sonder sertifikaat wat in die register van sekuriteite sonder sertifikaat weerspieël word.

(2) ’n Persoon wat ’n register van sekuriteite sonder sertifikaat wil inspekteer, mag dit slegs doen—

*(a)* deur die betrokke maatskappy ingevolge artikel 26; en

*(b)* in ooreenstemming met die reëls van die sentrale sekuriteitebewaarplek.

(3) ’n Maatskappy moet binne vyf sakedae na die datum van ’n versoek om insae ’n rekord produseer van die register van sekuriteite sonder sertifikaat, welke rekord ten minste die besonderhede genoem in artikel 50(3)*(b)* moet weerspieël, by kantoorsluiting op die dag waarop die versoek om insae gemaak is.

(4) ’n Deelnemer of sentrale sekuriteitebewaarplek, wat in ooreenstemming met die reëls van die sentrale sekuriteitebewaarplek bepaal word—

*(a)* moet met voorgeskrewe tussenposes ’n gereelde staat verskaf aan elke persoon namens wie enige sekuriteite sonder sertifikaat in ’n register van sekuriteite sonder sertifikaat gehou word, en die getal en identiteit van die sekuriteite sonder sertifikaat uiteensit wat namens daardie persoon gehou word;

*(b)* moet nie ’n koste vir ’n staat hef vir die persoon wat op daardie staat geregtig is nie; en

*(c)* kan vir die betrokke maatskappy ’n koste of diensfooi hef vir sodanige staat, in ooreenstemming met die regulasies.

(5) Die regulasies beoog in subartikel 49(7) kan voorsiening maak vir ’n koste of diensfooi vir state beoog in subartikel (4)*(c)*.

**Oordrag van sekuriteite sonder sertifikaat**

**53.** (1) Die oordrag van sekuriteite sonder sertifikaat in ’n register van sekuriteite sonder sertifikaat kan gedoen word slegs—

*(a)* deur ’n deelnemer of sentrale sekuriteitebewaarplek;

*(b)* by ontvangs van—

(i) ’n opdrag om oordrag wat gestuur en behoorlik gewaarmerk is ingevolge die reëls van ’n sentrale sekuriteitebewaarplek; of

(ii) ’n bevel van ’n hof; en

*(b)* in ooreenstemming met hierdie artikel en die reëls van die sentrale sekuriteitebewaarplek.

(2) Oordrag van eienaarskap van enige sekuriteite sonder sertifikaat moet gedoen word deur—

*(a)* die rekening in die register van sekuriteite sonder sertifikaat waaruit die oordrag gedoen word, te debiteer; en

*(b)* die rekening in die register van sekuriteite sonder sertifikaat waarheen die oordrag gedoen word, in ooreenstemming met die reëls van ’n sentrale sekuriteitebewaarplek te krediteer.

(3) Die vereistes van artikel 51(5), saamgelees met die veranderinge deur die konteks vereis, geld met betrekking tot ’n oordrag van sekuriteite sonder sertifikaat.

(4) ’n Oordrag van eienaarskap in ooreenstemming met hierdie artikel vind plaas ondanks enige bedrog, onregmatigheid of insolvensie wat—

*(a)* die betrokke sekuriteite sonder sertifikaat kan raak; of
*(b)* daartoe kon gelei het dat die oordrag gedoen word, maar ’n oordragontvanger wat ’n party was tot of kennis van die bedrog of onwettigheid gehad het, of kennis van die insolvensie gehad het, na gelang van die geval, kan nie op hierdie subartikel staatmaak nie.

(5) ’n Hof kan nie beveel dat die naam van ’n oordragontvanger beoog in hierdie artikel uit ’n register van sekuriteite sonder sertifikaat verwyder word nie, tensy daardie persoon ’n party was tot of kennis gehad het van bedrog of onwettigheid soos beoog in subartikel (4).

(6) Niks in hierdie artikel benadeel enige mag van ’n deelnemer of sentrale sekuriteitebewaarplek, na gelang van die geval, om ’n oordrag te doen na ’n persoon aan wie die reg op enige sekuriteite sonder sertifikaat van ’n maatskappy deur werking van die wet oorgedra is nie.

**Vervanging van sekuriteite met sertifikaat of sekuriteite sonder sertifikaat**

**54.** (1) ’n Persoon wat alle of ’n deel van die sekuriteite sonder sertifikaat wil onttrek wat deur daardie persoon in ’n register van sekuriteite sonder sertifikaat gehou word, en ’n sertifikaat met betrekking tot daardie onttrekte sekuriteite wil verkry, kan die betrokke deelnemer of sentrale sekuriteitebewaarplek dienooreenkomstig inlig, soos bepaal in ooreenstemming met die reëls van die sentrale sekuriteitebewaarplek, wat binne vyf sakedae—

*(a)* die betrokke maatskappy kennis moet gee om die verlangde sertifikaat te verskaf; en
*(b)* die besonderhede van die sekuriteite sonder sertifikaat uit die register van sekuriteite sonder sertifikaat moet verwyder.

(2) Nadat ’n kennisgewing ingevolge subartikel (1)*(a)* van ’n deelnemer of sentrale sekuriteitebewaarplek, na gelang van die geval, ontvang is, moet ’n maatskappy—

*(a)* onmiddellik die betrokke persoon se naam en besonderhede van daardie persoon se sekuriteitehouding in die maatskappy se sekuriteiteregister inskryf en in die register aandui dat die sekuriteite wat so onttrek is, nie meer in formaat sonder sertifikaat gehou word nie; en
*(b)* binne 10 sakedae, of 20 sakedae in die geval van ’n houer van sekuriteite wat nie binne die Republiek woonagtig is nie—
  (i) ’n sertifikaat met betrekking tot die sekuriteite voorberei en aan die betrokke persoon lewer; en
  (ii) die sentrale sekuriteitebewaarplek in kennis stel dat die sekuriteite nie meer in formaat sonder sertifikaat gehou word nie.

(3) ’n Maatskappy kan ’n houer van sy sekuriteite ’n redelike fooi vra om die werklike koste te dek om ’n sertifikaat uit te reik, soos beoog in hierdie artikel.

**Aanspreeklikheid met betrekking tot sekuriteite sonder sertifikaat**

**55.** (1) ’n Persoon wat enige onwettige stappe doen as gevolg waarvan enige van die volgende gebeure in ’n sekuriteiteregister of register van sekuriteite sonder sertifikaat voorkom, naamlik—

*(a)* die naam van enige persoon bly in, of word ingeskryf in, of word afgehaal of weggelaat;
*(b)* die getal sekuriteite sonder sertifikaat word vermeerder, verminder, of bly onveranderd; of
*(c)* die beskrywing van enige sekuriteite sonder sertifikaat word verander,

is aanspreeklik teenoor enige persoon wat enige direkte verlies of skade gely het wat uit daardie daad voortspruit.

(2) ’n Persoon wat ’n opdrag gee om sekuriteite sonder sertifikaat oor te dra, moet—

*(a)* die wettigheid en korrektheid van daardie opdrag waarborg; en
*(b)* die maatskappy en die deelnemer of sentrale sekuriteitebewaarplek wat vereis word om die oordrag in ooreenstemming met die reëls van die sentrale sekuriteitebewaarplek te doen, vrywaar teen enige eis en teen enige direkte verlies of skade wat deur hulle gely word voortspruitend uit sodanige oordrag op grond van ’n opdrag wat in hierdie subartikel genoem word.

(3) ’n Deelnemer of sentrale sekuriteitebewaarplek, wat die oordrag van sekuriteite sonder sertifikaat in ooreenstemming met die reëls van die sentrale sekuriteitebewaarplek kan doen, moet—

*(a)* ’n maatskappy vrywaar teen enige eis wat daarteen gemaak word en teen enige direkte verlies of skade wat deur hom gely word voortspruitend uit ’n oordrag van enige sekuriteite sonder sertifikaat; en

*(b)* enige ander persoon vrywaar teen enige direkte verlies of skade voortspruitend uit ’n oordrag van enige sekuriteite sonder sertifikaat, indien daardie oordrag deur die deelnemer of sentrale sekuriteitebewaarplek gedoen is sonder opdrag, of in ooreenstemming met ’n opdrag wat nie ingevolge die reëls van ’n sentrale sekuriteitebewaarplek gestuur en behoorlik gewaarmerk is nie, of op ’n manier wat nie bestaanbaar is met ’n opdrag wat gestuur en behoorlik gewaarmerk is ingevolge die reëls van ’n sentrale sekuriteitebewaarplek nie.

**Voordelige belang in sekuriteite**

**56.** (1) Buiten in die mate wat ’n maatskappy se Akte van Oprigting anders bepaal, dat die maatskappy se uitgereikte sekuriteite gehou word deur, en geregistreer mag word in die naam van, een persoon vir die voordelige belang van ’n ander persoon.

(2) ’n Persoon word geag ’n voordelige belang by ’n sekuriteit van ’n openbare maatskappy te hê indien die sekuriteit *nomine offycii* gehou word deur ’n ander persoon namens die eerste persoon, of indien daardie eerste persoon—

*(a)* binne gemeenskap van goed getroud is met ’n persoon wat ’n voordelige belang by daardie sekuriteit het;

*(b)* die ouer van ’n minderjarige persoon is wat ’n voordelige belang by daardie sekuriteit het;

*(c)* optree ingevolge ’n ooreenkoms met ’n ander persoon wat ’n voordelige belang by daardie sekuriteit het, en die ooreenkoms is met betrekking tot die samewerking tussen hulle vir die verkryging, verkoop, of enige ander saak met betrekking tot ’n voordelige belang by daardie sekuriteit;

*(d)* die beheermaatskappy is van ’n maatskappy wat ’n voordelige belang by daardie sekuriteit het;

*(e)* daarop geregtig is om die meerderheid van die stemregte uit te oefen of die uitoefening te beheer by algemene vergaderings van ’n regspersoon wat ’n voordelige belang by daardie sekuriteit het; of

*(f)* aanwysings of opdragte gee aan ’n regspersoon wat ’n voordelige belang by daardie sekuriteit het, en sy direkteure of die trustees is gewoond om in ooreenstemming met daardie persoon se aanwysings of opdragte op te tree.

(3) Indien ’n sekuriteit van ’n openbare maatskappy geregistreer is in die naam van ’n persoon wat nie die houer is van die voordelige belang by al die sekuriteit in dieselfde maatskappy wat deur daardie persoon gehou word nie, moet daardie geregistreerde aandeelhouer—

*(a)* die identiteit bekend maak van die persoon namens wie daardie sekuriteit gehou word; en

*(b)* die getal en klas van sekuriteite bekend maak wat vir elke sodanige persoon met ’n voordelige belang gehou word.

(4) Die inligting wat ingevolge subartikel (3) vereis word, moet—

*(a)* binne vyf sakedae na die einde van elke maand skriftelik aan die maatskappy openbaar gemaak word; en

*(b)* andersins verskaf word by betaling van ’n voorgeskrewe geld wat deur die geregistreerde aandeelhouer gehef word.

(5) ’n Maatskappy wat weet of redelike oorsaak het om te glo dat enige van sy aandele deur een persoon vir die voordelige belang van ’n ander gehou word, kan deur middel van skriftelike kennisgewing van enigeen van daardie persone vereis om—

*(a)* daardie feit te bevestig of ontken; en

*(b)* besonderhede te verskaf van die mate van die voordelige belang wat gedurende die drie jaar voor die datum van die kennisgewing gehou is; en

*(c)* die identiteit openbaar te maak van elke persoon met ’n voordelige belang in die sekuriteite wat daardie persoon hou.

(6) Die inligting vereis ingevolge subartikel (5) moet verskaf word nie later nie as 10 sakedae na ontvangs van die kennisgewing.

(7) ’n Maatskappy wat binne die betekenis van ’n ‘‘**gereguleerde maatskappy**’’ val, soos in artikel 117(1)*(i)* uiteengesit word, moet—

*(a)* ’n register daarstel en in stand hou van die openbaarmakings wat ingevolge hierdie artikel gemaak word; en

*(b)* indien dit vereis word om sodanige state op te stel, in sy finansiële jaarstate ’n lys publiseer van die persone wat voordelige belange hou wat gelyk is aan of meer is as 5% van die totale getal sekuriteite van daardie klas wat deur die maatskappy uitgereik is, saam met die omvang van daardie voordelige belange.

## *Deel F*

## *Bestuur van maatskappye*

### Vertolking en beperkte toepassing van Deel

**57.** (1) In hierdie Deel beteken ‘‘**aandeelhouer**’’ ’n persoon wat daarop geregtig is om enige stemregte met betrekking tot ’n maatskappy uit te oefen, ongeag die formaat, regsaanspraak, titel of aard van die sekuriteite waartoe daardie stemregte behoort.

(2) Indien ’n maatskappy met winsoogmerk, buiten ’n maatskappy in staatsbesit, slegs een aandeelhouer het—

*(a)* kan daardie aandeelhouer al of enige van die stemregte uitoefen wat op daardie maatskappy betrekking het oor enige saak, op enige tydstip, sonder kennisgewing van of voldoening aan enige ander interne formaliteite, buiten in die mate wat die maatskappy se Akte van Oprigting anders bepaal; en

*(b)* is artikels 59 tot 65 nie op die bestuur van daardie maatskappy van toepassing nie.

(3) Indien ’n maatskappy met winsoogmerk, buiten ’n maatskappy in staatsbesit, slegs een direkteur het—

*(a)* kan daardie direkteur enige mag uitoefen of enige funksie van die direksie uitvoer op enige tydstip, sonder kennisgewing van of voldoening aan enige ander interne formaliteite, buiten in die mate wat die maatskappy se Akte van Oprigting anders bepaal; en

*(b)* is artikels 71(3) tot (7), 73 en 74 nie op die bestuur van daardie maatskappy van toepassing nie.

(4) Indien elke aandeelhouer van ’n spesifieke maatskappy, buiten ’n maatskappy in staatsbesit, ook ’n direkteur van daardie maatskappy is—

*(a)* kan enige saak wat die direksie na die aandeelhouers moet verwys vir besluit, deur die aandeelhouers besluit word op enige tydstip nadat dit deur die direksie verwys is, sonder kennisgewing van of voldoening aan enige ander interne formaliteite, buiten in die mate wat die maatskappy se Akte van Oprigting anders bepaal, met dien verstande dat—

(i) elke sodanige persoon teenwoordig was by die direksievergadering waarop die saak na hulle verwys is in hulle hoedanigheid as aandeelhouers;

(ii) voldoende persone teenwoordig is in hulle hoedanigheid as aandeelhouers om te voldoen aan die kworumvereistes wat in artikel 64 uiteengesit word; en

(iii) ’n besluit aanvaar deur daardie persone in hulle hoedanigheid as aandeelhouers ten minste die steun het wat vereis sou gewees het sodat dit as ’n gewone of spesiale besluit aangeneem kon word, na gelang van die geval, by ’n behoorlik gekonstitueerde aandeelhouervergadering; en

*(b)* daardie persone, wanneer hulle as aandeelhouers optree, nie aan die bepalings van artikel 73 tot 78 met betrekking tot die pligte, verpligtinge, aanspreeklikhede en skadeloosstelling van direkteure onderworpe is nie.

(5) Die direksie van ’n maatskappy wat enige sekuriteite van ’n tweede maatskappy hou, kan enige persoon magtig om by enige aandeelhouervergadering van daardie tweede maatskappy as sy verteenwoordiger op te tree.

(6) ’n Persoon wat gemagtig is om as ’n maatskappy se verteenwoordiger op te tree, soos beoog in subartikel (5), kan dieselfde bevoegdhede uitoefen as wat die magtigende maatskappy kon uitgeoefen het indien dit ’n individuele houer van sekuriteite was.

**Aandeelhouer se reg om ingevolge volmag verteenwoordig te word**

**58.** (1) ’n Aandeelhouer van ’n maatskappy kan op enige tydstip enige individu, insluitende ’n individu wat nie ’n aandeelhouer van daardie maatskappy is nie, as gevolmagtigde aanstel om—

*(a)* namens die aandeelhouer deel te neem aan, en te praat en te stem by, ’n aandeelhouervergadering; of

*(b)* namens die aandeelhouer skriftelike toestemming te gee of weerhou ten opsigte van ’n besluit wat in artikel 60 beoog word, met dien verstande dat die aandeelhouer meer as een gevolmagtigde mag aanstel om stemregte verbonde aan verskillende aandele wat die aandeelhouer hou, uit te oefen.

(2) ’n Benoeming van ’n gevolmagtigde—

*(a)* moet skriftelik wees en deur die aandeelhouer gedateer en onderteken word; en

*(b)* bly geldig vir—

(i) een jaar na die datum waarop dit onderteken is; of

(ii) enige langer of korter tydperk wat uitdruklik in die aanstelling uiteengesit word, tensy dit herroep word op ’n manier beoog in subartikel (4)*(c)*, of vroeër verval, soos beoog in subartikel (8)*(d)*.

(3) Buiten in die mate wat die Akte van Oprigting van ’n maatskappy anders bepaal—

*(a)* kan ’n aandeelhouer van daardie maatskappy twee of meer persone gelyktydig as gevolmagtigdes aanstel.

*(b)* kan ’n gevolmagtigde die gevolmagtigde se gesag om namens die aandeelhouer op te tree aan ’n ander persoon delegeer, behoudens enige beperking wat uiteengesit word in die instrument wat die gevolmagtigde aanstel; en

*(c)* moet ’n kopie van die instrument waarin ’n gevolmagtigde aangestel word aan die maatskappy, of aan enige ander persoon namens die maatskappy, gelewer word voordat die gevolmagtigde enige regte van die aandeelhouer by ’n aandeelhouervergadering uitoefen.

(4) Ongeag die formaat van die instrument wat gebruik word om ’n gevolmagtigde aan te stel—

*(a)* word die aanstelling opgeskort op enige tydstip en in die mate wat die aandeelhouer kies om direk en persoonlik in die uitoefening van enige regte as aandeelhouer op te tree;

*(b)* is die aanstelling herroepbaar tensy die benoeming van ’n gevolmagtigde uitdruklik anders aandui; en

*(c)* indien die aanstelling herroepbaar is, kan ’n aandeelhouer die benoeming van ’n gevolmagtigde herroep deur—

(i) dit skriftelik te kanselleer, of ’n later strydige benoeming van ’n gevolmagtigde te maak; en

(ii) ’n kopie van die herroepingsdokument aan die gevolmagtigde en aan die maatskappy te lewer.

(5) Die herroeping van ’n benoeming van ’n gevolmagtigde is ’n volledige en finale kansellasie van die gevolmagtigde se gesag om namens die aandeelhouer op te tree vanaf die laatste van—

*(a)* die datum wat in die herroepingsinstrument verskaf word, indien enige; of

*(b)* die datum waarop die herroepingsinstrument gelewer is soos vereis in subartikel (4)*(c)*(ii).

(6) Indien die instrument waarin ’n gevolmagtigde of gevolmagtigdes aangestel word, aan ’n maatskappy gelewer is, en so lank as wat daardie aanstelling in werking bly, moet enige kennisgewing wat ingevolge hierdie Wet of die maatskappy se Akte van Oprigting deur die maatskappy aan die aandeelhouer gelewer moet word, deur die maatskappy gelewer word aan—

*(a)* die aandeelhouer; of

*(b)* die gevolmagtigde of gevolmagtigdes, indien die aandeelhouer—

(i) die maatskappy skriftelik opdrag gegee het om dit te doen; en

(ii) enige redelike geld betaal het wat deur die maatskappy gehef word om dit te doen.

(7) ’n Gevolmagtigde is daarop geregtig om enige stemreg van die aandeelhouer uit te oefen, of buite stemming te bly, sonder opdrag, buiten in die mate wat die Akte van Oprigting, of die instrument wat die gevolmagtigde benoem, anders bepaal.

(8) Indien 'n maatskappy 'n uitnodiging aan aandeelhouers rig om een of meer persone aan te stel wat deur die maatskappy as 'n gevolmagtigde benoem word, of 'n vorm van instrument verskaf om 'n gevolmagtigde te benoem—

*(a)* moet die uitnodiging gestuur word aan elke aandeelhouer wat geregtig is op kennisgewing van die vergadering waarop die volmag van voorneme is om uitgeoefen te word;

*(b)* moet die uitnodiging, of vorm van instrument wat deur die maatskappy verskaf word vir die doel om 'n gevolmagtigde te benoem—

(i) 'n redelike prominente opsomming bevat van die regte wat deur hierdie artikel bepaal word;

(ii) voldoende oop ruimte bevat onmiddellik voor die naam of name van enige persoon of persone wat daarin genoem word sodat 'n aandeelhouer die naam, en indien verlang, 'n alternatiewe naam van 'n gevolmagtigde kan neerskryf wat deur die aandeelhouer gekies word; en

(iii) voldoende ruimte vir die aandeelhouer laat om aan te dui of die benoemde gevolmagtigde ten gunste van of teen enige besluit of besluite moet stem wat aan die vergadering gestel gaan word, of buite stemming moet bly;

*(c)* moet die maatskappy nie vereis dat die benoeming van 'n gevolmagtigde onherroeplik moet wees nie; en

*(d)* die benoeming van 'n gevolmagtigde bly geldig slegs tot aan die einde van die vergadering waarop dit veronderstel was om gebruik te word, behoudens subartikel (5).

(9) Subartikel (8)*(b)* en *(d)* is nie van toepassing indien die maatskappy bloot op versoek van 'n aandeelhouer 'n algemeen beskikbare standaardvorm vir die benoeming van 'n gevolmagtigde verskaf nie.

**Rekorddatum vir bepaling van aandeelhoudersregte**

**59.** (1) Die direksie van 'n maatskappy kan 'n rekorddatum vasstel ten einde te bepaal watter aandeelhouers geregtig is daarop—

*(a)* om kennis van 'n aandeelhouervergadering te ontvang;

*(b)* om deel te neem aan en te stem by 'n aandeelhouervergadering;

*(c)* om deur middel van skriftelike toestemming of elektroniese kommunikasie oor enige saak te besluit, soos beoog in artikel 60;

*(d)* om voorkoopsregte uit te oefen, soos in artikel 39 beoog word;

*(e)* om 'n uitkering te ontvang; of

*(f)* om ander regte te ontvang of uit te oefen.

(2) 'n Rekorddatum wat ingevolge subartikel (1) deur die direksie bepaal word—

*(a)* mag nie—

(i) vroeër wees as die datum waarop die rekorddatum bepaal word nie; of

(ii) meer as 10 sakedae wees voor die datum waarop die gebeurtenis of handeling waarvoor die rekorddatum bepaal word, geskeduleer is om plaas te vind nie; en

*(b)* moet aan die aandeelhouers besorg word op 'n manier wat aan enige voorgeskrewe vereistes voldoen.

(3) Indien die direksie vir enige handeling of gebeurtenis nie 'n rekorddatum bepaal nie, is die rekorddatum—

*(a)* in die geval van 'n vergadering, die laatste datum waarteen die maatskappy aan aandeelhouers kennis van daardie vergadering moet gee; of

*(b)* in enige ander geval die datum van die handeling of gebeurtenis, tensy die maatskappy se Akte van Oprigting of reëls anders bepaal.

**Ander aandeelhoueroptrede as op vergadering**

**60.** (1) 'n Besluit waaroor daar by 'n aandeelhouervergadering gestem kan word, kan in plaas daarvan—

*(a)* vir oorweging voorgelê word aan die aandeelhouers wat daarop geregtig is om stemregte met betrekking tot die besluit uit te oefen; en

*(b)* binne 20 sakedae nadat die besluit aan hulle voorgelê is, skriftelik oor gestem word deur aandeelhouers wat daarop geregtig is om stemregte met betrekking tot die besluit uit te oefen.

(2) ’n Besluit beoog in subartikel (1)—

*(a)* sal aangeneem wees indien dit gesteun word deur persone wat daarop geregtig is om voldoende stemregte uit te oefen dat dit as ’n gewone of spesiale besluit, na gelang van die geval, by ’n behoorlik saamgestelde aandeelhouervergadering aangeneem sou gewees het; en

*(b)* indien dit aangeneem is, het dieselfde uitwerking asof dit deur stemming by ’n vergadering goedgekeur is.

(3) ’n Verkiesing van ’n direkteur wat by ’n aandeelhouervergadering gedoen kan word, kan in plaas daarvan gedoen word deur skriftelike stemme te verkry van al die aandeelhouers wat daarop geregtig is om stemregte uit te oefen met betrekking tot die verkiesing van daardie direkteur.

(4) Binne 10 sakedae nadat ’n besluit aangeneem is, of ’n verkiesing van direkteure gehou is, ingevolge hierdie artikel, moet die maatskappy ’n verklaring waarin die uitslae van die stemming, toestemmingsproses of verkiesing beskryf word, lewer aan elke aandeelhouer wat daarop geregtig was om te stem oor of tot die besluit toe te stem, of in die verkiesing van die direkteur te stem, na gelang van die geval.

(5) Vir groter sekerheid mag enige sake wat ingevolge hierdie Wet of die maatskappy se Akte van Oprigting by ’n algemene jaarvergadering van die maatskappy afgehandel moet word, nie afgehandel word op die manier wat in hierdie artikel beoog word nie.

**Aandeelhouervergadering**

**61.** (1) Die direksie van ’n maatskappy, of enige ander persoon wat in die maatskappy se Akte van Oprigting of reëls gespesifiseer word, kan op enige tydstip ’n aandeelhouervergadering belê.

(2) Behoudens artikel 60 moet die maatskappy ’n aandeelhouervergadering hou—

*(a)* op enige tydstip waarop die direksie deur hierdie Wet of die Akte van Oprigting verplig word om ’n saak na aandeelhouers te verwys vir ’n besluit;

*(b)* wanneer dit ingevolge artikel 70(3) vereis word om ’n vakature op die direksie te vul; en

*(c)* wanneer dit andersins vereis word—

(i) ingevolge subartikel (3) of (7); of

(ii) deur die maatskappy se Akte van Oprigting.

(3) Behoudens subartikels (5) en (6) moet die direksie van ’n maatskappy, of enige ander persoon wat in die maatskappy se Akte van Oprigting of reëls gespesifiseer word, ’n aandeelhouervergadering belê indien een of meer skriftelike en ondertekende eise om sodanige vergadering aan die maatskappy gelewer word, en—

*(a)* elke sodanige eis die spesifieke doel beskryf waarvoor die vergadering voorgestel word; en

*(b)* in totaal, eise vir wesenlik dieselfde doel gemaak en onderteken word deur die houers van ten minste 10% van die stemregte wat daarop geregtig is om uitgeoefen te word met betrekking tot die saak wat na voorneme by die vergadering oorweeg gaan word, op die vroegste tyd wat in enige van daardie eise gespesifiseer word.

(4) ’n Maatskappy se Akte van Oprigting kan ’n laer persentasie spesifiseer ter vervanging van dié wat in subartikel (3)*(b)* bepaal word.

(5) ’n Maatskappy, of enige aandeelhouer van die maatskappy, kan by ’n hof aansoek doen om ’n bevel om ’n eis wat ingevolge subartikel (3) gemaak is, ter syde te stel op grond daarvan dat die eis onbenullig is, ’n vergadering aanvra om geen ander rede as om ’n saak te heroorweeg wat reeds deur die aandeelhouers beslis is nie, of andersins kwelsugtig is.

(6) Op enige tydstip voor die begin van ’n aandeelhouervergadering beoog in subartikel (3)—

*(a)* kan ’n aandeelhouer wat ’n eis om daardie vergadering ingedien het, daardie eis terugtrek; en

*(b)* moet die maatskappy die vergadering kanselleer indien die stemregte van enige oorblywende aandeelhouers wat steeds die vergadering eis, as gevolg van een of meer eise wat onttrek is in totaal minder is as die minimum persentasie van stemregte wat vereis word om ’n vergadering te belê.

(7) ’n Openbare maatskappy moet ’n algemene jaarvergadering van sy aandeelhouers belê—

*(a)* aanvanklik hoogstens 18 maande na die maatskappy se datum van inkorporasie; en

*(b)* daarna een keer in elke kalenderjaar, maar hoogstens 15 maande na die datum van die vorige algemene jaarvergadering, of binne 'n verlengde tyd wat deur die Maatskappytribunaal toegestaan word, op goeie gronde verskaf.

(8) 'n Vergadering wat ingevolge subartikel (7) belê word, moet voorsiening maak dat ten minste die volgende sake afgehandel word:

*(a)* Voorlegging van—
  (i) die direkteursverslag;
  (ii) geouditeerde finansiële state vir die onmiddellik voorafgaande finansiële jaar; en
  (iii) 'n verslag van die ouditkomitee;

*(b)* verkiesing van direkteure, in die mate vereis deur hierdie Wet of die maatskappy se Akte van Oprigting;

*(c)* aanstelling van—
  (i) 'n ouditeur vir die volgende finansiële jaar; en
  (ii) 'n ouditkomitee; en

*(d)* enige sake wat deur aandeelhouers geopper word, met of sonder vooraf kennisgewing aan die maatskappy.

(9) Buiten in die mate wat die Akte van Oprigting van 'n maatskappy anders bepaal—

*(a)* kan die direksie van die maatskappy die ligging van enige aandeelhouervergadering van die maatskappy bepaal; en

*(b)* kan 'n aandeelhouervergadering van die maatskappy in die Republiek of in enige vreemde land gehou word.

(10) Elke aandeelhouervergadering van 'n openbare maatskappy moet redelik toeganklik wees vir elektroniese deelname deur aandeelhouers binne die Republiek, op die manier beoog in artikel 63(2), ongeag of die vergadering in die Republiek of elders gehou word.

(11) Indien 'n maatskappy nie in staat is om 'n vergadering te belê soos ingevolge hierdie artikel vereis word nie omdat dit geen direkteure het nie, of omdat al die direkteure onbekwaam is—

*(a)* kan enige ander persoon wat deur die maatskappy se Akte van Oprigting gemagtig is, die vergadering belê; of

*(b)* indien geen persoon gemagtig is soos in paragraaf *(a)* beoog nie, kan die Maatskappytribunaal, op versoek van enige aandeelhouer, 'n administratiewe bevel uitreik vir 'n aandeelhouervergadering om belê te word op 'n datum en onderhewig aan enige bepalings wat die Tribunaal onder die omstandighede toepaslik ag.

(12) Indien 'n maatskappy om enige ander rede as dié beoog in subartikel (11) versuim om 'n vergadering te belê—

*(a)* op 'n tydstip wat in ooreenstemming met sy Akte van Oprigting vereis word;

*(b)* wanneer dit ingevolge subartikel (3) deur aandeelhouers vereis word; of

*(c)* binne die tydperk wat deur subartikel (7) vereis word,

kan 'n aandeelhouer by die hof aansoek doen om 'n bevel wat die maatskappy verplig om 'n vergadering te belê op 'n datum, en onderworpe aan enige bepalings, wat die hof onder die omstandighede as toepaslik beskou.

(13) Die maatskappy moet 'n aandeelhouer wat ingevolge subartikel (11) by die Maatskappytribunaal aansoek doen, of by 'n hof ingevolge subartikel (12), onderskeidelik, vir die koste van hierdie verrigtinge vergoed.

(14) Enige versuim om 'n vergadering te hou soos vereis word deur hierdie artikel raak nie die bestaan van 'n maatskappy of die geldigheid van enige handeling deur die maatskappy nie.

**Kennisgewing van vergaderings**

**62.** (1) Die maatskappy moet 'n kennisgewing van elke aandeelhouervergadering op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe formaat aan al die aandeelhouers van die maatskappy lewer, vanaf die rekorddatum vir die vergadering, ten minste—

*(a)* 15 sakedae voordat die vergadering moet begin, in die geval van 'n openbare maatskappy of 'n maatskappy sonder winsoogmerk wat stemgeregtigde lede het; of

*(b)* 10 sakedae voor die vergadering moet begin, in enige ander geval.

(2) 'n Maatskappy se Akte van Oprigting kan langer minimum kennisgewingtydperke vereis as dié in subartikel (1).

(3) 'n Kennisgewing van 'n aandeelhouervergadering moet skriftelik wees, en moet insluit—

*(a)* die datum, tyd en plek van die vergadering, en die rekorddatum vir die vergadering;
*(b)* die algemene doel van die vergadering, en enige spesifieke doel beoog in artikel 61(3)*(a)*, indien van toepassing;
*(c)* 'n kopie van enige voorgestelde besluit waarvan die maatskappy kennis ontvang het, en wat op die vergadering oorweeg moet word, en 'n kennisgewing van die persentasie stemregte wat vereis word vir daardie besluit om aangeneem te word;
*(d)* in die geval van 'n algemene jaarvergadering van 'n maatskappy—
  (i) 'n opgesomde vorm van die finansiële state wat aangebied word; en
  (ii) instruksies om 'n kopie van die volledige finansiële jaarstate vir die voorafgaande finansiële jaar te kry; en
*(e)* 'n redelike prominente verklaring dat—
  (i) 'n aandeelhouer wat daarop geregtig is om die vergadering by te woon en daar te stem, daarop geregtig is om 'n gevolmagtigde aan te stel om die vergadering by te woon, daaraan deel te neem en te stem in die plek van die aandeelhouer, of twee of meer gevolmagtigdes indien die maatskappy se Akte van Oprigting dit toelaat;
  (ii) 'n gevolmagtigde nie ook 'n aandeelhouer van die maatskappy hoef te wees nie;
  (iii) artikel 63(1) vereis dat deelnemers aan die vergadering bevredigende identifikasie moet verskaf.

(4) Indien 'n maatskappy versuim om die vereiste kennisgewing van 'n aandeelhouervergadering te gee, of indien daar 'n wesenlike defek in die gee van die kennisgewing was, kan die vergadering voortgaan, behoudens subartikel (5), indien al die persone wat daarop geregtig is om stemregte met betrekking tot elke item op die agenda van die vergadering uit te oefen—

*(a)* werklike ontvangs van die kennisgewing erken;
*(b)* op die vergadering teenwoordig is;
*(c)* kennisgewing van die vergadering laat vaar; en
*(d)* in die geval van 'n wesenlike defek in die wyse en formaat van die gee van kennis, die defektiewe kennisgewing bekragtig.

(5) Indien 'n wesenlike defek in die formaat of wyse van die gee van kennis van 'n vergadering op slegs een of twee meer spesifieke sake op die agenda vir die vergadering betrekking het—

*(a)* kan enige sodanige saak van die agenda geskei word, en die kennisgewing bly geldig met betrekking tot enige oorblywende sake op die agenda; en
*(b)* kan die vergadering voortgaan om 'n streng saak te oorweeg indien die defektiewe kennisgewing met betrekking tot daardie saak ingevolge subartikel (4)*(d)* bekragtig is.

(6) 'n Nie-wenslike defek in die formaat of wyse waarop kennis van 'n aandeelhouervergadering gegee is, of 'n toevallige of onopsetlike versuim in die lewering van die kennisgewing aan enige spesifieke aandeelhouer aan wie dit geadresseer was, maak nie enige handeling wat op die vergadering geneem is, nietig nie.

(7) 'n Aandeelhouer wat teenwoordig is op 'n vergadering—

*(a)* word geag die kennisgewing van die vergadering te ontvang of laat vaar het.
*(b)* het 'n reg om—
  (i) 'n wesenlike defek in die formaat van kennisgewing vir 'n spesifieke item op die agenda vir die vergadering te beweer; en
  (ii) deel te neem aan die bepaling of die vereistes vir kennisgewing laat vaar moet word, en of 'n defektiewe kennisgewing bekragtig moet word; en
*(c)* buiten in die mate uiteengesit in paragraaf *(b)*,

word geag enige reg op grond van 'n werklike of beweerde wesenlike defek in die kennisgewing van die vergadering te laat vaar het.

**Hou van vergaderings**

**63.** (1) Voordat enige persoon 'n aandeelhouervergadering kan bywoon of daaraan deelneem—

*(a)* moet daardie persoon redelike bevredigende identifikasie kan verskaf; en

*(b)* moet die persoon wat op die vergadering voorsit, redelik tevrede wees dat die reg van daardie persoon om deel te neem en te stem, hetsy as ’n aandeelhouer, of as ’n gevolmagtigde vir ’n aandeelhouer, redelikerwys bevestig is.

(2) Tensy dit deur die Akte van Oprigting verbied word, kan ’n maatskappy voorsiening maak dat—

*(a)* ’n aandeelhouervergadering geheel en al deur middel van elektroniese kommunikasie gehou kan word; of

*(b)* een of meer aandeelhouers, of gevolmagtigdes vir aandeelhouers, deur middel van elektroniese kommunikasie kan deelneem aan die volle of ’n deel van ’n aandeelhouervergadering wat persoonlik gehou word, solank die elektroniese kommunikasie wat aangewend word, gewoonlik alle persone wat aan daardie vergadering deelneem, in staat stel om terselfdertyd sonder ’n tussenganger met mekaar te kommunikeer, en om redelik effektief aan die vergadering deel te neem.

(3) Indien ’n maatskappy voorsiening maak vir deelname aan ’n vergadering deur middel van elektroniese toerusting, soos beoog in subartikel (2)—

*(a)* moet die kennisgewing vir daardie vergadering aandeelhouers inlig oor die beskikbaarheid van daardie vorm van deelname, en enige inligting verskaf wat nodig is om aandeelhouers of hulle gevolmagtigdes in staat te stel om tot die beskikbare elektroniese kommunikasiemedium of -middel toegang te kry; en

*(b)* is toegang tot die elektroniese kommunikasiemedium of -middel op die koste van die aandeelhouer of gevolmagtigde, buiten in die mate wat die maatskappy anders bepaal.

(4) Enige persoon wat teenwoordig is en geregtig is om stemregte uit te oefen, moet met die opsteek van hande slegs een stem hê, ongeag die getal aandele wat hy of sy hou of verteenwoordig.

(5) By ’n stemming met stembriefies by enige vergadering van ’n maatskappy, moet enige lid, insluitende sy of haar gevolmagtigde, geregtig wees om al die stemregte uit te oefen wat gepaardgaan met die aandele wat daardie persoon hou of verteenwoordig.

**Vergaderingkworum en verdaging**

**64.** (1) Behoudens subartikels (2) tot (8)—

*(a)* kan ’n aandeelhouervergadering nie begin nie voordat voldoende persone op die vergadering teenwoordig is om ’n totaal van ten minste 25% van al die stemregte uit te oefen wat geregtig is om uitgeoefen te word met betrekking tot ten minste een saak wat op die vergadering beslis moet word; en

*(b)* kan ’n saak wat op die vergadering beslis moet word, nie begin om oorweeg te word nie tensy voldoende persone op die vergadering teenwoordig is om ’n totaal van ten minste 25% van al die stemregte uit te oefen wat geregtig is om uitgeoefen te word ten opsigte van die saak op die tydstip waarop die saak op die agenda aan die orde gestel word.

(2) ’n Maatskappy se Akte van Oprigting kan ’n laer of hoër persentasie spesifiseer in die plek van die 25% wat vereis word in óf subartikel (1)*(a)* óf *(b)*.

(3) Ondanks die persentasiesyfers wat in subartikel (1) of in enige toepaslike bepalings van ’n maatskappy se Akte van Oprigting uiteengesit word, as ’n maatskappy meer as twee aandeelhouers het, kan ’n vergadering nie begin of ’n saak nie gedebatteer word nie, tensy—

*(a)* ten minste drie aandeelhouers op die vergadering teenwoordig is; en

*(b)* daar aan die vereistes van subartikel (2) of die Akte van Oprigting, indien dit verskil, voldoen word.

(4) Indien daar nie binne een uur na die aangewese tyd waarop ’n vergadering moet begin aan die vereistes van subartikel (1), of (3) indien van toepassing,

*(a)* vir daardie vergadering om te begin, voldoen is nie, word die vergadering sonder mosie, stem of verdere kennisgewing vir een week uitgestel;

*(b)* vir oorweging van ’n spesifieke saak om te begin, voldoen is nie—

(i) kan oorweging van daardie saak sonder mosie of stemming tot ’n later tydstip in die vergadering uitgestel word indien daar ander sake op die agenda van die vergadering is; of

(ii) indien daar geen ander sake op die agenda van die vergadering is nie, word die vergadering sonder mosie of stemming vir een week verdaag.

(5) Die persoon wat veronderstel is om voor te sit op 'n vergadering wat as gevolg van die werking van subartikel (1)*(a)*, of (3) indien van toepassing, nie kan begin nie, kan die eenuurlimiet wat in subartikel (4) toegelaat word, vir 'n redelike tyd uitstel op grond daarvan dat—

*(a)* buitengewone omstandighede wat die weer, vervoer of elektroniese kommunikasie raak, oor die algemeen die vermoë belemmer het of belemmer van aandeelhouers om op die vergadering teenwoordig te wees; of

*(b)* een of meer spesifieke aandeelhouers, wat vertraag is, 'n voorneme gekommunikeer het om die vergadering by te woon, en daardie aandeelhouers, saam met ander wat teenwoordig is, die vereistes van subartikel (1), of (3) indien van toepassing, sal bevredig.

(6) 'n Maatskappy se Akte van Oprigting of reëls kan 'n ander tyd spesifiseer ter vervanging van—

*(a)* die tydperk van een uur beoog in subartikels (4) en (5) onderskeidelik; of

*(b)* die tydperk van een week beoog in subartikel (4).

(7) 'n Maatskappy is nie verplig om verdere kennisgewing te gee van 'n vergadering wat ingevolge subartikel (4) uitgestel of verdaag is nie, tensy die ligging van die vergadering verskil van—

*(a)* die ligging van die uitgestelde of verdaagde vergadering; of

*(b)* 'n ligging wat ten tyde van die verdaging aangekondig is, in die geval van 'n verdaagde vergadering.

(8) Indien daar, op die tyd wat ingevolge hierdie artikel aangedui is vir 'n uitgestelde vergadering om te begin, of vir 'n verdaagde vergadering om te hervat, nog nie aan die vereistes van subartikel (1), of (3) indien van toepassing, voldoen is nie, sal die lede van die maatskappy wat persoonlik of per volmag teenwoordig is, geag word 'n kworum uit te maak.

(9) Tensy die maatskappy se Akte van Oprigting of reëls anders bepaal, kan die vergadering voortgaan nadat 'n kworum vir 'n vergadering verkry is, of die saak kan oorweeg word, solank ten minste een aandeelhouer met stemregte wat daarop geregtig is om dit by die vergadering, of op daardie saak, uit te oefen, op die vergadering teenwoordig is.

(10) 'n Aandeelhouervergadering, of die oorweging van enige saak wat op die vergadering gedebatteer word, kan van tyd tot tyd verdaag word, behoudens subartikel (11), op 'n mosie wat gesteun word deur persone wat daarop geregtig is om, in totaal, 'n meerderheid uit te oefen van die stemregte—

*(a)* wat gehou word deur al die persone wat op daardie tydstip op die vergadering teenwoordig is; en

*(b)* wat geregtig is om uitgeoefen te word op ten minste een saak wat op die agenda van die vergadering oorbly, of op die saak onder debat, na gelang van die geval.

(11) 'n Verdaging van 'n vergadering, of van oorweging van 'n saak wat op die vergadering gedebatteer word, ingevolge subartikel (1)—

*(a)* kan—

(i) óf tot 'n vaste tyd en plek wees; óf

(ii) tot verdere kennisgewing, soos op die vergadering ooreengekom word; en

*(b)* vereis dat 'n verdere kennisgewing aan aandeelhouers gegee word slegs indien die vergadering bepaal dat die verdaging ''tot verdere kennisgewing'' was, soos beoog in paragraaf *(a)*(ii).

(12) Behoudens subartikel (13) kan 'n vergadering nie verdaag word nie vir later as die vroegste van—

*(a)* die datum wat 120 sakedae na die rekorddatum is wat in ooreenstemming met artikel 59 bepaal is; of

*(b)* die datum wat 60 sakedae na die datum is waarop die verdaging plaasgevind het.

(13) 'n Maatskappy se Akte van Oprigting kan vir ander maksimum verdagingstydperke vir vergaderings as dié wat in subartikel (12) uiteengesit word, of vir onbeperkte verdaging van vergaderings voorsiening maak.

**Aandeelhouerbesluite**

**65.** (1) Elke besluit van aandeelhouers is óf 'n gewone besluit óf 'n spesiale besluit.

(2) Die direksie kan enige besluit voorstel wat deur aandeelhouers oorweeg moet word, en kan bepaal of daardie besluit op 'n vergadering, of per stemming of skriftelike toestemming ingevolge artikel 60, oorweeg moet word.

(3) Enige twee aandeelhouers van 'n maatskappy—

*(a)* kan 'n besluit voorstel met betrekking tot enige saak ten opsigte waarvan hulle elkeen geregtig is om stemregte uit te oefen; en

*(b)* kan, wanneer 'n besluit voorgestel word, vereis dat die besluit vir oorweging aan aandeelhouers voorgelê word—

(i) op 'n vergadering wat ingevolge artikel 61(3) geëis word;

(ii) op die volgende aandeelhouervergadering; of

(iii) deur skriftelike stemming ingevolge artikel 60.

(4) 'n Voorgestelde besluit is nie onderworpe aan die vereistes van artikel 6(4) nie, maar moet—

*(a)* met voldoende duidelikheid en spesifiekheid uitgedruk word; en

*(b)* vergesel word van voldoende inligting of verduidelikende materiaal om 'n aandeelhouer wat daarop geregtig is om oor die besluit te stem, in staat te stel om te besluit of daar aan die vergadering deelgeneem moet word, en die uitkoms van die stemming oor die besluit te probeer beïnvloed.

(5) Op enige tydstip voor die begin van die vergadering waar 'n besluit oorweeg word, kan 'n aandeelhouer of direkteur wat glo dat die formaat van die besluit nie aan die vereistes van subartikel (4) voldoen nie, verlof vra om by 'n hof aansoek te doen om 'n bevel—

*(a)* wat die maatskappy daarvan weerhou om oor die voorgestelde besluit te stem totdat daar aan die vereistes van subartikel (4) voldoen word; en

*(b)* wat van die maatskappy of die aandeelhouers wat die besluit voorgestel het, na gelang van die geval, vereis om—

(i) toepaslike stappe te doen om die besluit te verander sodat dit aan die vereistes van subartikel (4) voldoen; en

(ii) die aansoeker vir die koste van die hofverrigtinge te vergoed, indien dit slaag.

(6) Wanneer 'n besluit goedgekeur is, kan dit nie deur enige persoon in enige forum betwis of bestry word op grond daarvan dat dit nie aan subartikel (4) voldoen nie.

(7) Vir 'n gewone besluit om deur aandeelhouers goedgekeur te word, moet dit ondersteun word deur meer as 50% van die stemregte wat oor die besluit uitgeoefen word.

(8) Behalwe vir 'n gewone besluit vir die ontslag van 'n direkteur ingevolge artikel 71, kan 'n maatskappy se Akte van Oprigting—

*(a)* 'n hoër persentasie stemregte vereis om 'n gewone besluit goed te keur; of

*(b)* een of meer hoër persentasies van stemregte vereis om gewone besluite met betrekking tot een of meer spesifieke sake, onderskeidelik, goed te keur, met dien verstande dat daar te alle tye oor enige saak 'n marge van ten minste 10 persentasiepunte tussen die vereistes vir die goedkeuring van 'n gewone besluit en 'n spesiale besluit moet wees.

(9) Vir 'n gewone besluit om deur aandeelhouers goedgekeur te word, moet dit ondersteun word deur ten minste 75% van die stemregte wat oor die besluit uitgeoefen word.

(10) 'n Maatskappy se Akte van Oprigting kan—

*(a)* 'n laer persentasie stemregte vereis om 'n gewone besluit goed te keur; of

*(b)* een of meer laer persentasies van stemregte vereis om gewone besluite met betrekking tot een of meer spesifieke sake, onderskeidelik, goed te keur, met dien verstande dat daar te alle tye oor enige saak 'n marge van ten minste 10 persentasiepunte tussen die vereistes vir die goedkeuring van 'n gewone besluit en 'n spesiale besluit moet wees.

(11) 'n Spesiale besluit word vereis om—

*(a)* 'n maatskappy se Akte van Oprigting te wysig in die mate wat deur artikel 16(1)*(c)* vereis word;

*(b)* die vrywillige likwidasie van die maatskappy goed te keur, soos in artikel 80(1) beoog word; of

*(c)* enige voorgestelde fundamentele transaksie goed te keur, in die mate wat deur Deel A van Hoofstuk 5 vereis word.

(12) 'n Maatskappy se Akte van Oprigting kan 'n spesiale besluit vereis om enige ander saak goed te keur wat nie in subartikel (11) beoog word nie.

**Direksie, direkteure en voorgeskrewe beamptes**

**66.** (1) Die bedrywighede en sake van 'n maatskappy moet bestuur word deur of onder die leiding van sy direksie, wat die gesag het om al die bevoegdhede uit te oefen en enige van die funksies van die maatskappy te vervul, buiten in die mate wat hierdie Wet of die maatskappy se Akte van Oprigting anders bepaal.

(2) Die direksie van 'n maatskappy moet bestaan uit—

*(a)* in die geval van 'n privaatmaatskappy, of 'n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid, ten minste een direkteur; of

*(b)* in die geval van 'n openbare maatskappy, of 'n maatskappy sonder winsoogmerk, ten minste drie direkteure.

(3) 'n Maatskappy se Akte van Oprigting kan 'n hoër getal spesifiseer ter vervanging van die minimum getal direkteure wat deur subartikel (2) vereis word.

(4) 'n Maatskappy se Akte van Oprigting—

*(a)* kan voorsiening maak—

(i) vir die direkte aanstelling en verwydering van een of meer direkteure deur enige persoon wat in die Akte van Oprigting genoem of ingevolge daarvan bepaal word;

(ii) dat 'n persoon 'n *ex officio*-direkteur van die maatskappy is uit hoofde daarvan dat die persoon 'n ander amp, titel, benaming of soortgelyke status beklee, behoudens subartikel (5)*(a)*; of

(iii) vir die aanstelling of verkiesing van een of meer persone as alternatiewe direkteure van die maatskappy; en

*(b)* moet, in die geval van 'n maatskappy met winsoogmerk, buiten 'n maatskappy in staatsbesit, voorsiening maak vir die verkiesing deur aandeelhouers van ten minste 50% van die direkteure, en 50% van enige alternatiewe direkteure.

(5) 'n Persoon beoog in subartikel (4)*(a)*(ii)—

*(a)* kan nie as 'n *ex officio*-direkteur van 'n maatskappy dien of voortgaan om as sodanig te dien nie, ondanks die hou van die betrokke amp, titel, benaming of soortgelyke status, indien daardie persoon nie meer beskikbaar is nie of gediskwalifiseer word ingevolge artikel 69; en

*(b)* wat 'n amp beklee of waarneem in die hoedanigheid van 'n *ex officio*-direkteur van 'n maatskappy, het al die—

(i) bevoegdhede en funksies van enige ander direkteur van die maatskappy, buiten in die mate wat die maatskappy se Akte van Oprigting die bevoegdhede, funksies of pligte van 'n *ex officio*-direkteur beperk; en

(ii) pligte, en is onderworpe aan al die aanspreeklikhede, van enige ander direkteur van die maatskappy.

(6) Die verkiesing of aanstelling van 'n persoon as 'n direkteur is nietig indien daardie persoon, ten tyde van die verkiesing of aanstelling, nie beskikbaar is nie of gediskwalifiseer word ingevolge artikel 69.

(7) 'n Persoon word 'n direkteur van 'n maatskappy wanneer daardie persoon—

*(a)* in ooreenstemming met hierdie Deel aangestel of verkies word, of 'n amp, titel, benaming of soortgelyke status beklee wat daardie persoon daarop geregtig maak om 'n *ex officio*-direkteur van die maatskappy te wees, behoudens subartikel (5)*(a)*; en

*(b)* aan die maatskappy skriftelike instemming gelewer het om as sy direkteur te dien.

(8) Buiten in die mate wat die Akte van Oprigting van 'n maatskappy anders bepaal, kan die maatskappy aan sy direkteure vergoeding betaal vir hulle diens as direkteure, behoudens subartikel (10).

(9) Vergoeding beoog in subartikel (9) kan slegs betaal word in ooreenstemming met 'n spesiale besluit wat binne die vorige twee jaar deur die aandeelhouers goedgekeur is.

(10) Die Minister kan regulasies maak wat enige spesifieke funksie of funksies in 'n maatskappy aanwys om 'n voorgeskrewe amp vir die doeleindes van hierdie Wet te wees.

(11) Enige versuim deur 'n maatskappy op enige tydstip om die minimum getal direkteure te hê wat deur hierdie Wet of die maatskappy se Akte van Oprigting vereis

word, beperk of negeer nie die gesag van die direksie nie, of maak nie enigiets wat deur die direksie of die maatskappy gedoen word, ongeldig nie.

**Eerste direkteur of direkteure**

**67.** (1) Elke inkorporeerder van 'n maatskappy is 'n eerste direkteur van die maatskappy, en dien totdat voldoende ander direkteure om aan die minimum vereistes van hierdie Wet, of die maatskappy se Akte van Oprigting, te voldoen—

*(a)* eerste aangestel is, soos beoog in artikel 66(4)*(a)*(i); of

*(b)* eerste verkies is in ooreenstemming met artikel 68 van die maatskappy se Akte van Oprigting.

(2) Indien die getal inkorporeerders van 'n maatskappy, saam met enige *ex officio*-direkteure, of direkteure wat aangestel moet word soos beoog in artikel 66(4)*(a)*(i), minder is as die minimum getal direkteure wat ingevolge hierdie Wet of die maatskappy se Akte van Oprigting vir daardie maatskappy vereis word, moet die direksie binne 40 sakedae na die inkorporasie van die maatskappy 'n aandeelhouervergadering belê met die doel om voldoende direkteure te verkies om alle vakatures op die direksie ten tyde van die verkiesing te vul.

**Verkiesing van direkteure**

**68.** (1) Behoudens subartikel (3), moet elke direkteur van 'n maatskappy, buiten die eerste direkteure of 'n direkteur beoog in artikel 66(4)*(a)*(i) of (ii), verkies word deur die persone wat daarop geregtig is om stemregte in sodanige verkiesing uit te oefen, om vir 'n onbepaalde termyn, of vir 'n termyn soos in die Akte van Oprigting uiteengesit word, te dien.

(2) Tensy die maatskappy se Akte van Oprigting anders bepaal, in enige verkiesing van direkteure—

*(a)* moet die verkiesing gehou word as 'n reeks stemmings, wat elkeen is ten opsigte van die kandidatuur van 'n enkele individu om 'n enkele vakature te vul, met die reeks stemmings wat voortgaan totdat al die vakatures in die direksie op daardie tydstip gevul is; en

*(b)* in elke stemming om 'n vakature te vul—

(i) is elke stemreg daarop geregtig om een keer uitgeoefen te word; en

(ii) is die vakature gevul slegs indien 'n meerderheid van die stemregte wat uitgeoefen word, die kandidaat steun.

(3) Tensy die Akte van Oprigting van 'n maatskappy anders bepaal, kan die direksie 'n persoon aanstel wat aan die vereistes vir verkiesing as direkteur voldoen om enige vakature op 'n tydelike grondslag te vul en as direkteur te dien totdat die vakature deur 'n verkiesing ingevolge subartikel (2) gevul is, en in daardie tydperk het enige persoon wat aldus aangestel word, al die bevoegdhede, funksies en pligte, en is onderworpe aan al die aanspreeklikhede, van enige ander direkteur van die maatskappy.

**Nie-beskikbaarheid en diskwalifisering van persone om direkteur of voorgeskrewe beampte te wees**

**69.** (1) In hierdie artikel sluit "direkteur" 'n alternatiewe direkteur in, en—

*(a)* 'n voorgeskrewe beampte; of

*(b)* 'n persoon wat 'n lid is van 'n komitee van 'n direksie van 'n maatskappy, of van die ouditkomitee van 'n maatskappy, ongeag of die persoon ook 'n lid van die maatskappy se direksie is of nie.

(2) 'n Persoon wat nie beskikbaar is nie of gediskwalifiseer is, soos in hierdie artikel uiteengesit word, moet nie—

*(a)* aangestel of verkies word as 'n direkteur van 'n maatskappy, of instem om aangestel of verkies te word as 'n direkteur nie; of

*(b)* as 'n direkteur van 'n maatskappy waarneem nie.

(3) 'n Maatskappy moet nie wetende 'n nie-beskikbare of gediskwalifiseerde persoon toelaat om as 'n direkteur te dien of waar te neem nie.

(4) 'n Persoon wat nie-beskikbaar of gediskwalifiseer word terwyl hy as 'n direkteur van 'n maatskappy dien, hou dadelik op om 'n direkteur te wees, behoudens artikel 70(2).

(5) 'n Persoon wat ingevolge artikel 62, of ingevolge artikel 47 van die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984), deur 'n hof op die proef gestel word,

moet nie as ’n direkteur dien nie, buiten in die mate wat deur die proefbevel toegelaat word.

(6) Benewens die bepalings van hierdie artikel, kan die Akte van Oprigting van ’n maatskappy—

*(a)* bykomende gronde van nie-beskikbaarheid of diskwalifikasie van direkteure oplê; of

*(b)* minimum kwalifikasies stel waaraan direkteure van daardie maatskappy moet voldoen.

(7) ’n Persoon is nie-beskikbaar om ’n direkteur van ’n maatskappy te wees indien die persoon—

*(a)* ’n regspersoon is;

*(b)* ’n ongeëmansipeerde minderjarige of andersins handelingsonbevoeg is; of

*(c)* nie voldoen aan enige kwalifikasie wat in die maatskappy se Akte van Oprigting uiteengesit word nie.

(8) ’n Persoon word gediskwalifiseer om ’n direkteur van ’n maatskappy te wees indien—

*(a)* ’n hof daardie persoon verbied het om ’n direkteur te wees, of daardie persoon ingevolge artikel 62, of ingevolge artikel 47 van die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984), tot misdadiger verklaar het; of

*(b)* behoudens subartikels (9) tot (12), die persoon—

(i) ’n ongerehabiliteerde insolvent is;

(ii) ingevolge enige openbare regulasie verbied word om ’n direkteur van ’n maatskappy te wees;

(iii) op grond van wangedrag wat oneerlikheid behels uit ’n vertrouensamp verwyder is; of

(iv) in die Republiek of elders skuldig bevind is aan en gevangenisstraf uitgedien het sonder die opsie van ’n boete, of met meer as die voorgeskrewe bedrag beboet is, vir diefstal, bedrog, meineed of ’n misdaad—

*(aa)* wat bedrog, wanvoorstelling of oneerlikheid behels;

*(bb)* wat verband hou met die promosie, vorming of bestuur van ’n maatskappy, of in verband met enige daad beoog in subartikel (2) of (5); of

*(cc)* kragtens hierdie Wet, die Insolvensiewet, 1936 (Wet No. 24 van 1936), die Wet op Beslote Korporasies, 1984, die Wet op Mededinging, die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 2001 (Wet No. 38 van 2001), die Wet op Sekuriteitsdienste, 2004 (Wet No. 36 of 2004), of Hoofstuk 2 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004).

(9) ’n Diskwalifisering ingevolge subartikel (8)*(b)*(iii) of (iv) eindig op die laatste van—

*(a)* vyf jaar na die datum van verwydering uit die amp, of die verstryking van die vonnis wat vir die betrokke misdaad opgelê is, na gelang van die geval; of

*(b)* aan die einde van een of meer verlengings, soos van tyd tot tyd deur die hof bepaal word, by aansoek deur die Kommissie ingevolge subartikel (1).

(10) Op enige tydstip voor die verstryking van ’n persoon se diskwalifisering ingevolge subartikel (8)*(b)*(iii) of (iv)—

*(a)* kan die Kommissie by ’n hof aansoek doen om ’n verlenging beoog in subartikel (9)*(b)*; en

*(b)* kan die hof die diskwalifikasie verleng vir hoogstens vyf jaar op ’n keer, indien die hof tevrede is dat ’n verlenging nodig is om die publiek te beskerm, met inagneming van die optrede van die gediskwalifiseerde persoon tot met die tydstip van die aansoek.

(11) ’n Hof kan ’n persoon van die aansoek van enige bepaling van subartikel (8)*(b)* kwytskeld.

(12) Ondanks diskwalifikasie ingevolge subartikel (8)*(b)*(iii) of (iv), kan ’n persoon as ’n direkteur van ’n privaatmaatskappy dien indien al die aandele van daardie maatskappy slegs deur die gediskwalifiseerde persoon gehou word, of deur—

*(a)* daardie gediskwalifiseerde persoon; en

*(b)* persone verwant aan daardie gediskwalifiseerde persoon, en elke sodanige persoon skriftelik daartoe ingestem het dat daardie persoon ’n direkteur van die maatskappy kan wees.

(13) Die Kommissie moet op die voorgeskrewe wyse ’n openbare register daarstel en in stand hou van persone wat ingevolge ’n hofbevel ingevolge hierdie wet of enige ander wet daarvan gediskwalifiseer word om as ’n direkteur te dien, of wat onderworpe is aan ’n proefbevel as ’n direkteur.

**Vakatures op direksie**

**70.** (1) Behoudens subartikel (2), hou ’n persoon op om ’n direkteur te wees, en ontstaan ’n vakature op die direksie van ’n maatskappy—

*(a)* wanneer die persoon se ampstermyn as direkteur verstryk, in die geval van ’n maatskappy wie se Akte van Oprigting vir vaste termyne voorsiening maak, soos beoog in artikel 68(1); of

*(b)* in enige geval, indien die persoon—

(i) bedank of sterf;

(ii) in die geval van ’n *ex officio*-direkteur, ophou om die amp, titel, benaming of soortgelyke status te hou wat die persoon geregtig gemaak het om ’n *ex officio*-direkteur te wees;

(iii) in so ’n mate onbevoeg raak dat die persoon nie in staat is om die funksies van ’n direkteur te verrig nie, en in alle waarskynlikheid nie daardie bevoegdheid binne ’n redelike tyd sal herwin nie, behoudens artikel 71(3);

(iv) deur ’n hof as misdadig verklaar word, of op proef geplaas word onder voorwaardes wat strydig is met voortsetting as ’n direkteur van die maatskappy ingevolge artikel 162;

(v) nie verkiesbaar is nie of gediskwalifiseer raak ingevolge artikel 69, behoudens artikel 71(3); of

(vi) onthef word—

*(aa)* deur ’n besluit van die aandeelhouers ingevolge artikel 71(1);

*(bb)* deur ’n besluit van die direksie ingevolge artikel 71(3); of

*(cc)* per hofbevel ingevolge artikel 71(5) of (6).

(2) Indien die direksie van ’n maatskappy ’n direkteur ingevolge artikel 71(3) verwyder het, ontstaan ’n vakature op die direksie nie tot met die laatste van—

*(a)* die verstryking van die tydperk vir die indiening van ’n aansoek om hersiening ingevolge artikel 71(5) nie; of

*(b)* die toestaan van ’n bevel deur die hof oor sodanige aansoek nie, maar die direkteur is gedurende daardie tydperk uit die kantoor geskors.

(3) Indien ’n vakature op die direksie ontstaan, buiten as gevolg van ’n *ex officio*-direkteur wat nie meer daardie amp beklee nie, moet dit gevul word deur—

*(a)* ’n nuwe aanstelling, indien die direkteur aangestel is soos beoog in artikel 66(4)*(a)*(i); of

*(b)* behoudens subartikel (4), ’n nuwe verkiesing, gehou—

(i) by die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy, indien die maatskappy verplig is om sodanige vergadering te hou; of

(ii) in enige ander geval, binne ses maande nadat die vakature ontstaan het—

*(aa)* op ’n aandeelhouervergadering belê vir die doeleindes van die verkiesing van die direkteur; of

*(bb)* deur ’n stemming deur die persone wat daarop geregtig is om stemregte uit te oefen in ’n verkiesing van die direkteur, soos beoog in artikel 60(3).

(4) Indien daar as gevolg van ’n vakature wat op die direksie van ’n maatskappy ontstaan, geen oorblywende direkteure van ’n maatskappy is nie, kan enige houer van stemregte wat daarop geregtig is om in die verkiesing van ’n direkteur uitgeoefen te word, ’n vergadering vir die doeleindes van so ’n verkiesing belê.

(5) ’n Persoon beoog in subartikel (4) kan by ’n hof om vrystelling aansoek doen, en die hof kan ’n toesighoudingsbevel toestaan met betrekking tot ’n vergadering wat ingevolge daardie paragraaf belê word indien die hof tevrede is dat sodanige bevel nodig is om die onderdrukking van enige aandeelhouer te voorkom, of enige aandeelhouer se regte te beskerm.

(6) Elke maatskappy moet binne 10 sakedae nadat ’n persoon ’n direkteur van die maatskappy word of ophou om een te wees, ’n kennisgewing indien.

**Ontheffing van direkteure**

**71.** (1) Ondanks andersluidende bepalings in ’n maatskappy se Akte van Oprigting of reëls, of enige ooreenkoms tussen ’n maatskappy en ’n direkteur, of tussen enige aandeelhouers en ’n direkteur, kan ’n direkteur verwyder word deur ’n gewone besluit aangeneem op ’n aandeelhoudervergadering deur die persone wat daarop geregtig is om stemregte uit te oefen in ’n verkiesing van daardie direkteur, behoudens subartikel (2).

(2) Voordat die aandeelhouers van ’n maatskappy ’n besluit beoog in subartikel (1) kan oorweeg—

*(a)* moet die betrokke direkteur kennis gegee word van die vergadering en die besluit, ten minste ekwivalent aan dit wat ’n aandeelhouer geregtig is om te ontvang, ongeag of die direkteur ’n aandeelhouer van die maatskappy is of nie; en

*(b)* die direkteur moet ’n redelike geleentheid gebied word om, persoonlik of deur ’n verteenwoordiger, ’n aanbieding aan die vergadering te maak voordat daar oor die besluit gestem word.

(3) Indien ’n maatskappy meer as twee direkteure het, en ’n aandeelhouer of direkteur beweer ’n direkteur van die maatskappy—

*(a)* het—

(i) nie-verkiesbaar geword of is gediskwalifiseer ingevolge artikel 69, buiten op die gronde beoog in artikel 69(8)*(a)*; of

(ii) in so ’n mate onbevoeg geraak dat die direkteur nie in staat is om die funksies van ’n direkteur uit te voer nie, en dit onwaarskynlik is dat hy daardie bekwaamheid binne ’n redelike tyd sal herwin;

*(b)* die funksie van direkteur versuim het, of die uitvoering van die funksies van direkteur versaak het, moet die direksie, buiten die betrokke direkteur, die saak by besluit bepaal, en kan ’n direkteur uit sy amp onthef wat hy bepaal as nie-verkiesbaar of gediskwalifiseer, onbekwaam, nie-woonagtig, of nalatig of pligsversakend is, na gelang van die geval.

(4) Voordat die direksie van ’n maatskappy ’n besluit beoog in subartikel (3) kan oorweeg, moet die betrokke direkteur—

*(a)* kennisgewing van die vergadering ontvang, insluitende ’n kopie van die voorgestelde besluit en ’n verklaring wat redes vir die besluit uiteensit, met voldoende spesifiekheid om die direkteur redelikerwys in staat te stel om ’n reaksie voor te berei en aan te bied; en

*(b)* ’n redelike geleentheid gebied word om ’n aanbieding te maak, persoonlik of deur ’n verteenwoordiger, aan die vergadering, voordat daar oor die besluit gestem word.

(5) Indien die direksie van ’n maatskappy ingevolge subartikel (3) bepaal het dat ’n direkteur nie-verkiesbaar, gediskwalifiseer of onbevoeg is of nalatig of sy plig versuim het, na gelang van die geval, kan die betrokke direkteur, of die persoon wat daardie direkteur aangestel het soos beoog in artikel 66(4)*(a)*(i), indien van toepassing, binne 20 sakedae by ’n hof aansoek doen om hersiening van die bepaling van die direksie.

(6) Indien die direksie van ’n maatskappy ingevolge subartikel (3) bepaal het dat ’n direkteur nie-beskikbaar of gediskwalifiseerd, onbekwaam of nie-woonagtig is, of nalatig of pligsversakend was, na gelang van die geval—

*(a)* kan enige direkteur wat anders oor die besluit gestem het, of enige houer van stemregte wat daarop geregtig is om dit in die verkiesing van daardie direkteur uit te oefen, by ’n hof aansoek doen om hersiening van die bepaling van die direksie.

*(b)* kan die hof, by aansoek ingevolge paragraaf *(a)*—

(i) die bepaling van die direksie bevestig; of

(ii) die direkteur uit sy amp verwyder, indien die hof tevrede is dat die direkteur nie-beskikbaar of gediskwalifiseerd, onbekwaam of nie-woonagtig is, of nalatig of pligsversakend was.

(7) ’n Aansoeker ingevolge subartikel (6) moet die maatskappy, en enige ander party, vergoed vir koste aangegaan met betrekking tot die aansoek, tensy die hof die besluit van die direksie omkeer.

(8) Indien ’n maatskappy minder as drie direkteure het—

*(a)* is subartikel (3) nie op die maatskappy van toepassing nie;

*(b)* onder enige omstandighede beoog in subartikel (3), kan enige direkteur of aandeelhouer van die maatskappy by die Maatskappytribunaal aansoek doen om ’n bepaling beoog in daardie subartikel; en

*(c)* geld subartikels (4), (5) en (6), elkeen gelees saam met die veranderinge wat deur die konteks vereis word, vir die bepaling van die saak deur die Maatskappytribunaal.

(9) Niks in hierdie artikel ontneem 'n persoon wat ingevolge hierdie artikel uit 'n amp as direkteur onthef word, van enige reg wat daardie persoon ingevolge die gemenereg of andersins het om by 'n hof aansoek te doen om skadevergoeding of ander vergoeding vir—

*(a)* verlies van amp as 'n direkteur; of

*(b)* verlies van enige ander amp as gevolg van die ontheffing as 'n direkteur.

(10) Hierdie artikel is benewens die reg van 'n persoon ingevolge artikel 162 om by 'n hof aansoek te doen vir 'n bevel wat 'n direkteur tot misdadiger verklaar, of 'n direkteur op proef plaas.

**Direksiekomitees**

**72.** (1) Buiten in die mate wat die Akte van Oprigting van 'n maatskappy anders bepaal, kan die direksie van 'n maatskappy—

*(a)* enige getal direkteurskomitees aanstel; en

*(b)* aan enige komitee enige van die gesag van die direksie delegeer.

(2) Buiten in die mate wat die Akte van Oprigting van 'n maatskappy, of die direksie van 'n maatskappy, of 'n besluit wat 'n komitee stig, anders bepaal—

*(a)* kan die komitee persone insluit wat nie direkteure van die maatskappy is nie; maar—

(i) enige sodanige persoon moet nie ingevolge artikel 69 nie-beskikbaar of gediskwalifiseer wees om 'n direkteur te wees nie; en

(ii) geen sodanige persoon het 'n stem oor die saak wat deur die komitee beslis moet word nie.

*(b)* kan die komitee enige persoon raadpleeg of advies van enige persoon ontvang; en

*(c)* het die komitee die volle gesag van die direksie met betrekking tot 'n saak wat daarheen verwys word.

(3) Die skep van 'n komitee, delegering van enige gesag na 'n komitee, of handeling deur 'n komitee geneem, voldoen nie alleen of maak nie alleen voldoening uit deur 'n direkteur aan die vereiste plig van 'n direkteur aan die maatskappy soos uiteengesit in artikel 76 nie.

(4) Die Minister kan by regulasie voorskryf dat 'n maatskappy of 'n maatskappyekategorie 'n maatskaplike en etiese komitee het indien dit in die openbare belang is, met inagneming van:

*(a)* sy jaarlikse omset;

*(b)* die grootte van sy werksmag; of

*(c)* die aard en omvang van sy aktiwiteite.

**Direksievergaderings**

**73.** (1) 'n Direkteur wat deur die direksie van 'n maatskappy gemagtig is—

*(a)* kan op enige tydstip 'n vergadering van die direksie belê; en

*(b)* moet sodanige vergadering belê indien dit vereis word deur ten minste—

(i) 25% van die direkteure, in die geval van 'n direksie wat ten minste 12 lede het; of

(ii) twee direkteure, in enige ander geval.

(2) 'n Maatskappy se Akte van Oprigting kan 'n hoër of laer persentasie of getal spesifiseer ter vervanging van dié wat in subartikel (1)*(b)* uiteengesit word.

(3) Buiten in die mate wat hierdie Wet of 'n maatskappy se Akte van Oprigting anders bepaal—

*(a)* kan 'n vergadering van die direksie deur middel van elektroniese kommunikasie gehou word; of

*(b)* kan een of meer direkteure deur middel van elektroniese kommunikasie aan 'n vergadering deelneem, solank die elektroniese kommunikasiegerief wat aangewend word, alle persone wat aan daardie vergadering deelneem, in staat stel om terselfdertyd sonder 'n tussenganger met mekaar te kommunikeer, en effektief aan die vergadering deel te neem.

(4) Die direksie van 'n maatskappy kan die formaat van en tyd bepaal om kennis van sy vergaderings te gee, maar—

*(a)* sodanige bepaling moet voldoen aan enige vereistes wat in die Akte van Oprigting of reëls van die maatskappy uiteengesit word; en

*(b)* geen vergadering van 'n direksie kan belê word sonder kennisgewing aan al die direkteure nie, behoudens subartikel (5).

(5) Buiten in die mate wat die maatskappy se Akte van Oprigting anders bepaal—

*(a)* as al die direkteure van die maatskappy—

(i) werklike ontvangs van die kennisgewing erken;

(ii) teenwoordig is op 'n vergadering; of

(iii) afsien van kennisgewing van die vergadering, kan die vergadering voortgaan, al het die maatskappy versuim om die verlangde kennisgewing van daardie vergadering te gee, of al was daar 'n defek in die gee van die kennisgewing;

*(b)* moet 'n meerderheid van die direkteure teenwoordig wees op 'n vergadering voordat daar op 'n vergadering van die direkteure tot stemming oorgegaan kan word;

*(c)* het elke direkteur een stem oor 'n saak voor die direksie;

*(d)* is 'n meerderheid van die stemme uitgebring oor 'n besluit voldoende om daardie besluit goed te keur; en

*(e)* in die geval van 'n staking van stemme—

(i) kan die voorsitter 'n beslissende stem uitbring, indien die voorsitter nie aanvanklik 'n stem gehad het of 'n stem uitgebring het nie; of

(ii) misluk die saak waaroor gestem is in enige ander geval.

(6) 'n Maatskappy moet 'n notule hou van die vergaderings van die direksie, en enige van sy komitees, en by die notule insluit—

*(a)* enige verklaring deur kennisgewing gegee of gemaak deur 'n direkteur soos vereis deur artikel 75; en

*(b)* elke besluit wat deur die direksie aangeneem word.

(7) Besluite wat deur die direksie aangeneem word—

*(a)* moet gedateer en opeenvolgend genommer word; en

*(b)* tree in werking op die datum van die besluit, tensy die besluit ander bepaal.

(8) Enige notule van 'n vergadering, of 'n besluit, wat deur die voorsitter van die vergadering of deur die voorsitter van die volgende vergadering onderteken is, is bewys van die verrigtinge van daardie vergadering, na gelang van die geval.

**Direkteure se optrede buiten by vergadering**

**74.** (1) Buiten in die mate wat die Akte van Oprigting van 'n maatskappy anders bepaal, kan 'n besluit waaroor daar op 'n vergadering van die direksie van daardie maatskappy gestem kan word, in plaas daarvan aangeneem word deur skriftelike instemming van 'n meerderheid van die direkteure, persoonlik of deur elektroniese kommunikasie gegee, met dien verstande dat elke direkteur kennis gekry het van die saak waaroor daar besluit moet word.

(2) 'n Besluit wat geneem word op die manier beoog in hierdie artikel, het dieselfde uitwerking asof dit deur stemming op 'n vergadering goedgekeur is.

**Direkteure se persoonlike finansiële belange**

**75.** (1) In hierdie artikel sluit **"direkteur"** 'n alternatiewe direkteur in, en—

*(a)* 'n voorgeskrewe beampte; of

*(b)* 'n persoon wat 'n lid is van 'n komitee van 'n direksie van 'n maatskappy, of van die ouditkomitee van 'n maatskappy, ongeag of die persoon ook 'n lid van die maatskappy se direksie is of nie.

(2) Hierdie artikel is nie van toepassing —

*(a)* op 'n direkteur van 'n maatskappy—

(i) met betrekking tot 'n besluit wat oor die algemeen—

*(aa)* al die direkteure van die maatskappy in hulle hoedanigheid as direkteure raak nie; of

*(bb)* 'n klas persone raak nie, ondanks die feit dat die direkteur een lid van daardie klas persone is, tensy die enigste lede van die klas die direkteur of persone verwant of onderling verwant aan die direkteur is; of

(ii) met betrekking tot 'n voorstel om daardie direkteur uit die amp te verwyder soos beoog in artikel 71 nie; of

*(b)* op 'n maatskappy of sy direkteur nie, indien een persoon—
(i) al die voordelige belange van al die uitgereikte sekuriteite van die maatskappy hou; en
(ii) die enigste direkteur van daardie maatskappy is.

(3) Indien 'n persoon die enigste direkteur van 'n maatskappy is, maar nie al die voordelige belange van al die uitgereikte sekuriteite van die maatskappy hou nie, kan die persoon nie—
*(a)* enige ooreenkoms goedkeur of aangaan waarby die persoon of 'n verwante persoon 'n persoonlike finansiële belang het nie; of
*(b)* as 'n direkteur, enige ander saak bepaal waarby die persoon of 'n verwante persoon 'n persoonlike finansiële belang het nie, tensy die ooreenkoms of bepaling deur 'n gewone besluit van die aandeelhouers goedgekeur word nadat die direkteur die aard en omvang van daardie belang aan die aandeelhouers bekend gemaak het.

(4) 'n Direkteur kan op enige tydstip enige persoonlike finansiële belang vooruit bekend maak deur aan die direksie, of aandeelhouers in die geval van 'n maatskappy beoog in subartikel (3), 'n skriftelike kennisgewing te verskaf waarin die aard en omvang van daardie belang uiteengesit word, om oor die algemeen vir die doeleindes van hierdie artikel gebruik te word totdat dit deur verdere skriftelike kennisgewing van daardie direkteur verander of onttrek word.

(5) Indien 'n direkteur van 'n maatskappy, buiten 'n maatskappy beoog in subartikel (2)*(b)* of (3), 'n persoonlike finansiële belang het met betrekking tot 'n saak wat by 'n vergadering van die direksie oorweeg gaan word, of weet dat 'n verwante persoon 'n persoonlike finansiële belang by die saak het—
*(a)* moet die direkteur die belang en die algemene aard daarvan openbaar maak voordat die saak op die vergadering oorweeg word;
*(b)* moet die direkteur aan die vergadering enige wesenlike inligting met betrekking tot die saak en bekend aan die direkteur, openbaar maak; en
*(c)* kan die direkteur enige waarnemings of tersaaklike insigte met betrekking tot die saak openbaar maak indien hy deur die ander direkteure versoek word om dit te doen;
*(d)* moet die direkteur, indien teenwoordig op die vergadering, die vergadering onmiddellik verlaat nadat enige openbaarmaking beoog in paragraaf *(b)* of *(c)* gemaak is;
*(e)* moet die direkteur nie aan die oorweging van die saak deelneem nie, buiten in die mate wat in paragrawe *(b)* en *(c)* beoog word;
*(f)* moet die direkteur, terwyl hy afwesig is ingevolge hierdie subartikel—
(i) geag word teenwoordig te wees op die vergadering vir die doeleindes om te bepaal of voldoende direkteure teenwoordig is om die vergadering te konstitueer; en
(ii) nie geag word teenwoordig te wees op die vergadering vir die doeleindes om te bepaal of 'n besluit voldoende steun het om aanvaar te word nie; en
*(g)* moet die direkteur nie enige dokument met betrekking tot die saak namens die maatskappy verly nie tensy hy spesifiek deur die direksie gevra of opdrag gegee word om dit te doen.

(6) Indien 'n direkteur van 'n maatskappy 'n persoonlike finansiële belang verkry by 'n ooreenkoms of ander saak waarby die maatskappy 'n wesenlike belang het, of weet dat 'n verwante persoon 'n persoonlike finansiële belang by die saak verkry het, moet die direkteur, nadat die ooreenkoms of ander saak deur die maatskappy goedgekeur is, onmiddellik aan die direksie, of aan die aandeelhouers in die geval van 'n maatskappy beoog in subartikel (3), die aard en omvang van daardie belang, en die wesenlike omstandighede met betrekking tot die direkteur of verwante persoon se verkryging van daardie belang, openbaar maak.

(7) 'n Besluit deur die direksie, of 'n transaksie of ooreenkoms wat deur die direksie goedgekeur is, of deur 'n maatskappy soos beoog in subartikel (3), is geldig ondanks enige persoonlike finansiële belang van 'n direkteur of persoon verwant aan die direkteur indien dit—
*(a)* goedgekeur is op 'n manier beoog in hierdie artikel; of
*(b)* deur 'n gewone besluit van die aandeelhouers bekragtig is.

(8) Op aansoek deur enige belanghebbende persoon kan 'n hof 'n transaksie of ooreenkoms geldig verklaar wat deur die direksie, of aandeelhouers na gelang van die geval, goedgekeur is, ondanks die versuim van die direkteur om aan die vereistes van hierdie artikel te voldoen.

**Standaarde van direkteure se gedrag**

**76.** (1) In hierdie artikel sluit "**direkteur**" 'n alternatiewe direkteur in, en—

*(a)* 'n voorgeskrewe beampte; of

*(b)* 'n persoon wat 'n lid is van 'n komitee van 'n direksie van 'n maatskappy, of van die ouditkomitee van 'n maatskappy, ongeag of die persoon ook 'n lid van die maatskappy se direksie is of nie.

(2) 'n Direkteur van 'n maatskappy moet—

*(a)* nie die posisie van direkteur, of enige inligting verkry terwyl hy in die hoedanigheid as direkteur optree, gebruik—

(i) om 'n voordeel vir die direkteur, of vir 'n ander persoon as die maatskappy of 'n volfiliaal van die maatskappy, te verkry nie; of

(ii) wetend skade aan die maatskappy of 'n filiaal van die maatskappy te berokken nie; en

*(b)* op die vroegste doenlike geleentheid enige inligting wat onder die direkteur se aandag kom, aan die direksie kommunikeer, tensy die direkteur—

(i) redelikerwys glo dat die inligting—

*(aa)* nie vir die maatskappy ter sake is nie; of

*(bb)* in die algemeen tot die publiek se beskikking is, of aan die ander direkteure bekend is; of

(ii) deur 'n regs- of etiese verpligting van vertroulikheid verbind is om nie daardie inligting te openbaar nie.

(3) Behoudens subartikels (4) en (5) moet 'n direkteur van 'n maatskappy wanneer hy in daardie hoedanigheid optree, die bevoegdhede uitoefen en die funksies uitvoer van 'n direkteur—

*(a)* in goeder trou en vir 'n behoorlike doel;

*(b)* in die beste belange van die maatskappy; en

*(c)* met die mate van sorg, vaardigheid en noulettendheid wat redelikerwys verwag kan word van 'n persoon—

(i) wat dieselfde funksies met betrekking tot die maatskappy uitvoer as dié wat deur daardie direkteur uitgevoer word; en

(ii) met die algemene kennis, vaardigheid en ervaring van daardie direkteur.

(4) Met betrekking tot enige spesifieke saak wat ontstaan in die uitoefening van die bevoegdhede of die uitvoering van die funksies van 'n direkteur—

*(a)* het 'n spesifieke direkteur van 'n maatskappy die verpligtinge van subartikel (3)*(b)* en *(c)* nagekom indien—

(i) die direkteur redelike noulettende stappe gedoen het om oor die saak ingelig te word;

(ii) óf—

*(aa)* die direkteur geen wesenlike persoonlike finansiële belang by die onderwerp van die besluit gehad het nie, en geen redelike gronde gehad het om te weet dat enige verwante persoon 'n persoonlike finansiële belang by die saak gehad het nie; óf

*(bb)* die direkteur voldoen het aan die vereistes van artikel 75 met betrekking tot enige belang beoog in subparagraaf *(aa)*; en

(iii) die direkteur 'n besluit geneem het, of die besluit van 'n komitee van die direksie gesteun, met betrekking tot daardie saak, en die direkteur rasionele gronde gehad het om te glo, en geglo het, dat die besluit in die beste belange van die maatskappy was; en

*(b)* daarop geregtig om staat te maak op—

(i) die prestasie van enige van die persone—

*(aa)* na wie daar in subartikel (5) verwys word; of

*(bb)* aan wie die direksie redelikerwys, formeel of informeel deur volgehoue gedragslyn, die gesag of plig gedelegeer het om een of meer van die direksie se funksies uit te voer wat ingevolge toepaslike wetgewing gedelegeer kan word; en

(ii) enige inligting, menings, aanbevelings, verslae of verklarings, insluitende finansiële state en ander finansiële data, voorberei of aangebied deur enige van die persone wat in subartikel (5) gespesifiseer word.

(5) In die mate wat in subartikel (4)*(b)* beoog word, is ’n direkteur daarop geregtig om staat te maak op—

*(a)* een of meer werknemers van die maatskappy wat die direkteur redelikerwys glo betroubaar en bevoeg is in die funksies wat uitgevoer word of die inligting, menings, verslae of verklarings wat verskaf word;

*(b)* regsadviseurs, rekenmeesters, of ander professionele persone wat deur die maatskappy, die direksie of ’n komitee aangestel is met betrekking tot sake wat vaardigheid of kundigheid behels wat die direkteur redelikerwys glo sake is—

(i) binne die spesifieke persoon se professionele of kundige bevoegdheid; of

(ii) waarvoor die spesifieke persoon vertroue verdien; of

*(c)* ’n komitee van die direksie waarvan die direkteur nie ’n lid is nie, tensy die direkteur rede het om te glo dat die optrede van die komitee nie vertroue verdien nie.

**Aanspreeklikheid van direkteure en voorgeskrewe beamptes**

**77.** (1) In hierdie artikel sluit ‘‘direkteur’’ ’n alternatiewe direkteur in, en—

*(a)* ’n voorgeskrewe beampte; of

*(b)* ’n persoon wat ’n lid is van ’n komitee van ’n direksie van ’n maatskappy, of van die ouditkomitee van ’n maatskappy, ongeag of die persoon ook ’n lid van die maatskappy se direksie is of nie.

(2) ’n Direkteur van ’n maatskappy kan aanspreeklik gehou word—

*(a)* in ooreenstemming met die beginsels van die gemenereg met betrekking tot ’n versuim van vertrouensplig, vir enige verlies of skade gely of koste aangegaan deur die maatskappy as gevolg van enige versuim deur die direkteur van ’n plig beoog in artikel 75, 76(2) of 76(3)*(a)* of *(b)*; of

*(b)* in ooreenstemming met die beginsels van die gemenereg met betrekking tot delik vir enige verlies of skade gely of koste aangegaan deur die maatskappy as gevolg van enige versuim deur die direkteur van—

(i) ’n plig beoog in artikel 76(3)*(c)*;

(ii) enige bepaling van hierdie Wet wat nie andersins in hierdie artikel gemeld word nie; of

(iii) enige bepaling van die maatskappy se Akte van Oprigting.

(3) ’n Direkteur van ’n maatskappy is aanspreeklik vir enige verlies of skade gely of koste aangegaan deur die maatskappy as ’n direkte of indirekte gevolg daarvan dat die direkteur—

*(a)* in die naam van die maatskappy opgetree het, enigiets namens die maatskappy onderteken het, of na bewering die maatskappy verbind het, of die neem van enige handeling deur of namens die maatskappy gemagtig het, ondanks die wete dat die direkteur nie die gesag gehad het om dit te doen nie;

*(b)* stilswyend ingestem het tot die bedryf van die maatskappy se sake, ondanks die wete dat dit gedoen is op ’n manier wat deur artikel 22(1) verbied word;

*(c)* ’n party was tot ’n daad of versuim deur die maatskappy, ondanks die wete dat die daad of versuim bereken was om ’n krediteur, werknemer of aandeelhouer van die maatskappy te bedrieg, of ’n ander bedrieglike doel gehad het;

*(d)* die publikasie onderteken het, daartoe ingestem het of dit gemagtig het, van—

(i) enige finansiële state wat in ’n wesenlike opsig vals of misleidend was; of

(ii) ’n prospektus, of ’n skriftelike verklaring beoog in artikel 101, wat—

*(aa)* ’n ‘vals verklaring’ soos omskryf in artikel 95 bevat; of

*(bb)* ’n verklaring bevat te dien effekte dat ’n persoon ingestem het om ’n direkteur van die maatskappy te wees, wanneer geen sodanige instemming gegee is nie, ondanks die wete dat die verklaring vals, misleidend of onwaar was, na gelang van die geval, maar die bepalings van artikel 104(3), gelees saam die veranderinge wat deur die konteks vereis word, is van toepassing om die aanspreeklikheid van die direkteur ingevolge hierdie paragraaf te beperk; of

*(e)* teenwoordig was op ’n vergadering, of deelgeneem het aan die neem van ’n besluit ingevolge artikel 74, en versuim het om te stem teen—

(i) die uitreiking van enige ongemagtigde aandele, ondanks die wete dat daardie aandele nie in ooreenstemming met artikel 36 gemagtig is nie;

(ii) die uitreiking van enige gemagtigde sekuriteite, ondanks die wete dat die uitreiking van daardie sekuriteite onbestaanbaar was met artikel 41;

(iii) die toestaan van opsies aan enige persoon beoog in artikel 42(4), ondanks die wete dat enige aandele—

*(aa)* waarvoor die opsies uitgeoefen kan word; of

*(bb)* waarin enige sekuriteite omskep kan word, nie ingevolge artikel 36 gemagtig is nie;

(iv) die verskaffing van finansiële bystand aan enige persoon beoog in artikel 44 vir die verkryging van sekuriteite van die maatskappy, ondanks die wete dat die verskaffing van finansiële bystand onbestaanbaar was met artikel 44 of die maatskappy se Akte van Oprigting, in die mate wat die besluit of ooreenkoms nietig verklaar is ingevolge artikel 44(5), gelees saam met artikel 218(1);

(v) die verskaffing van finansiële bystand aan ’n direkteur vir ’n doel beoog in artikel 45, ondanks die wete dat die verskaffing van finansiële bystand onbestaanbaar was met daardie artikel of die maatskappy se Akte van Oprigting, in die mate wat die besluit of ooreenkoms nietig verklaar is ingevolge artikel 45(6), gelees saam met artikel 218(1);

(vi) ’n besluit wat ’n uitkering goedkeur, ondanks die wete dat die uitkering onbestaanbaar was met artikel 46, behoudens subartikel (4);

(vii) die verkryging deur die maatskappy van enige van sy aandele, of die aandele van sy beheermaatskappy, ondanks die wete dat die verkryging nie bestaanbaar was met artikel 46 of 48 nie; of

(viii) ’n toewysing deur die maatskappy, ondanks die wete dat die toewysing nie bestaanbaar was met enige bepaling van Hoofstuk 4 nie, in die mate wat die toewysing of ’n aanvaarding nietig verklaar word kragtens artikel 109(1), gelees saam met artikel 218(1).

(4) Die aanspreeklikheid van ’n direkteur ingevolge subartikel (3)*(e)*(vi) as gevolg daarvan dat die direkteur versuim het om te stem teen ’n uitkering onbestaanbaar met artikel 46—

*(a)* ontstaan slegs indien—

(i) die maatskappy nie onmiddellik nadat die volle uitkering beoog in ’n besluit ingevolge artikel 46 gemaak is, die solvensie-en-likiditeitstoets bevredig nie;

(ii) dit op die tydstip van die besluit onredelik was om die gevolgtrekking te maak dat die maatskappy die solvensie-en-likiditeitstoets sal bevredig nadat die betrokke uitkering gemaak is; en

*(b)* nie totaal en al die verskil oorskry nie tussen—

(i) die bedrag waarmee die waarde van die uitkering die bedrag oorskry het wat uitgekeer kon gewees het sonder om te veroorsaak dat die maatskappy versuim om die solvensie-en-likiditeitstoets te bevredig; en

(ii) die bedrag, indien enige, deur die maatskappy verhaal van persone aan wie die uitkering gemaak is.

(5) Indien die direksie van ’n maatskappy ’n besluit geneem het op ’n wyse wat hierdie Wet oortree, soos beoog in subartikel (3)*(e)*—

*(a)* kan die maatskappy, of enige direkteur wat aanspreeklik gehou is of kan word ingevolge subartikel (3)*(e)*, by ’n hof aansoek doen om ’n bevel om die besluit van die direksie ter syde te stel; en

*(b)* kan die hof—

(i) ’n bevel maak wat die besluit in die geheel of gedeeltelik, heeltemal of voorwaardelik ter syde stel; of

(ii) enige verdere bevel maak wat onder die omstandighede billik en regverdig is, insluitende ’n bevel—

*(aa)* om die besluit reg te stel, transaksie om te keer, of enige teenprestasie te herstel wat betaal is of voordeel wat deur enige persoon ontvang is ingevolge die besluit van die direksie; en

*(bb)* wat van die maatskappy vereis om enige direkteur skadeloos te stel wat aanspreeklik gehou is of kan word ingevolge hierdie artikel, insluitende skadeloosstelling vir die koste van die verrigtinge ingevolge hierdie subartikel.

(6) Die aanspreeklikheid van ’n persoon ingevolge hierdie artikel is gesamentlik en afsonderlik met enige ander persoon wat aanspreeklik gehou word of kan word vir dieselfde daad.

(7) Verrigtinge om enige verlies, skadevergoeding of koste te verhaal waarvoor ’n persoon ingevolge hierdie artikel aanspreeklik gehou word of kan word, kan nie begin meer as drie jaar na die daad of versuim wat tot daardie aanspreeklikheid aanleiding gegee het nie.

(8) Benewens die aanspreeklikheid wat elders in hierdie artikel uiteengesit word, is enige persoon wat sodanig aanspreeklik is, gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik met alle ander sodanige persone—

*(a)* om die koste te betaal van alle partye in die hof in verrigtinge beoog in hierdie artikel, tensy die verrigtinge laat vaar word of daardie direkteur van blaam onthef word; en

*(b)* om aan die maatskappy terug te besorg enige bedrag wat onbehoorlik deur die maatskappy betaal is as ’n gevolg van die beweerde daad, en nie ingevolge die bepalings van hierdie Wet verhaal kan word nie;

(9) In enige verrigtinge teen ’n direkteur, buiten vir opsetlike wangedrag of opsetlike vertrouensbreuk, kan die hof die direkteur hetsy ten volle of gedeeltelik vrystel van enige aanspreeklikheid wat in hierdie artikel uiteengesit word, op enige voorwaardes wat die hof as regverdig beskou indien dit vir die hof lyk asof—

*(a)* die direkteur aanspreeklik is of kan wees, maar eerlik en redelik opgetree het; of

*(b)* met inagneming van al die omstandighede van die saak, insluitende dié wat met die aanstelling van die direkteur verband hou, dit billik sou wees om die direkteur te verskoon.

(10) ’n Direkteur wat rede het om te vermoed dat ’n eis ingestel kan word wat beweer dat die direkteur aanspreeklik is, kan, buiten vir opsetlike wangedrag of opsetlike vertrouensbreuk, by ’n hof om vrystelling aansoek doen, en die hof kan vrystelling aan die direkteur verleen op dieselfde gronde asof die saak ingevolge subartikel (9) voor die hof gekom het.

**Skadeloosstelling en direkteursversekering**

**78.** (1) In hierdie artikel sluit ‘‘direkteur’’ ’n voormalige direkteur en alternatiewe direkteur in, en—

*(a)* ’n voorgeskrewe beampte; of

*(b)* ’n persoon wat ’n lid is van ’n komitee van ’n direksie van ’n maatskappy, of van die ouditkomitee van ’n maatskappy, ongeag of die persoon ook ’n lid van die maatskappy se direksie is of nie.

(2) Behoudens subartikels (4) tot (6), is enige bepaling van ’n ooreenkoms, die Akte van Oprigting of reëls van ’n maatskappy, of ’n besluit aanvaar deur ’n maatskappy, hetsy uitdruklik of geïmpliseer, nietig in die mate wat dit direk of indirek beweer om—

*(a)* ’n direkteur vry te stel van—

(i) ’n plig beoog in artikel 75 of 76; of

(ii) aanspreeklikheid beoog in artikel 77; of

*(b)* enige regsgevolge negeer, begrens of beperk wat voortspruit uit ’n daad of versuim wat opsetlike wangedrag of opsetlike vertrouensbreuk aan die kant van die direkteur uitmaak.

(3) ’n Maatskappy mag nie regstreeks of onregstreeks enige boete betaal wat opgelê mag word aan die direkteur van die maatskappy, of ’n verwante maatskappy, wat skuldig bevind word aan ’n oortreding ingevolge enige nasionale wetgewing nie.

(4) Buiten in die mate wat ’n maatskappy se Akte van Oprigting anders bepaal, kan die maatskappy—

*(a)* uitgawes aan ’n direkteur voorskiet om litigasie te verdedig in enige verrigtinge wat voortspruit uit die direkteur se diens aan die maatskappy; en

*(b)* direk of indirek ’n direkteur skadeloos stel vir uitgawes beoog in paragraaf *(a)*, ongeag of daardie uitgawes voorgeskiet is, indien die verrigtinge—

(i) laat vaar word of die direkteur van blaam onthef word; of

(ii) ontstaan met betrekking tot enige aanspreeklikheid waarvoor die maatskappy die direkteur ingevolge subartikels (5) en (6) kan skadeloos stel.

(5) Behalwe in die mate wat die Akte van Oprigting van ’n maatskappy andersins bepaal, mag ’n maatskappy ’n direkteur skadeloos stel teen enige aanspreeklikheid wat ontstaan behalwe soos in subartikel (6) beoog.

(6) ’n Maatskappy mag nie ’n direkteur skadeloos stel nie ten opsigte van—

*(a)* enige aanspreeklikheid wat voortspruit—

(i) ingevolge artikel 77(3)*(a)*, *(b)* of *(c)*; of
(ii) uit opsetlike wangedrag of opsetlike vertrouensbreuk aan die kant van die direkteur; of

*(b)* enige boete soos in subartikel (3) beoog.

(7) Behalwe in die mate wat die Akte van Oprigting van 'n maatskappy andersins bepaal, mag 'n maatskappy versekering koop ter beskerming van—

*(a)* 'n direkteur teen enige aanspreeklikheid of uitgawes waarvoor die maatskappy toegelaat word om 'n direkteur skadeloos te stel ooreenkomstig subartikel (5); of

*(b)* die maatskappy teen—
(i) enige uitgawes—
*(aa)* wat die maatskappy toegelaat word om voor te skiet ooreenkomstig subartikel (4)*(a)*; of
*(bb)* enige aanspreeklikheid waarvoor die maatskappy toegelaat word om 'n direkteur ooreenkomstig subartikel (5) skadeloos te stel; of
(ii) enige aanspreeklikheid waarvoor die maatskappy toegelaat word om 'n direkteur ingevolge subartikel (5) skadeloos te stel.

(8) 'n Maatskappy is geregtig om by 'n direkteur van die maatskappy of van 'n verwante maatskappy terugbetaling te eis van enige geld wat die maatskappy op enige wyse wat strydig is met hierdie artikel, regstreeks of onregstreeks aan of namens daardie direkteur betaal het.

## *Deel G*

### *Likwidasie van solvente maatskappye en deregistrasie van maatskappye*

#### Likwidasie van solvente maatskappye

**79.** (1) 'n Solvente maatskappy kan ontbind word deur—

*(a)* Vrywillige likwidasie wat deur die maatskappy aan die gang gesit word soos beoog in artikel 80, en uitgevoer word—
(i) óf deur die maatskappy; óf
(ii) deur die maatskappy se krediteure, soos deur die maatskappybesluit bepaal; óf

*(b)* likwidasie per hofbevel, soos in artikel 81 beoog.

(2) Die prosedures vir die likwidasie van 'n solvente maatskappy, hetsy vrywillig of per hofbevel, word deur hierdie Deel gereguleer en, in die mate wat van toepassing is, deur die wette waarna verwys of beoog word in Item 9 van Bylae 7.

(3) Indien, enige tyd nadat 'n maatskappy 'n besluit aangeneem het soos in artikel 80 beoog, of nadat 'n aansoek by 'n hof ingedien is soos in artikel 81 beoog, daar bepaal word dat die maatskappy wat gelikwideer moet word insolvent is of kan wees, kan 'n hof op die aansoek van 'n belanghebbende persoon beveel dat die maatskappy gelikwideer word as 'n insolvente maatskappy ingevolge die wette waarna verwys of beoog word in Item 9 van Bylae 7.

#### Vrywillige likwidasie van solvente maatskappy

**80.** (1) 'n Solvente maatskappy kan vrywillig gelikwideer word indien die maatskappy 'n spesiale besluit aangeneem het om dit te doen, wat mag bepaal dat die likwidasie deur die maatskappy of deur sy krediteure behartig word.

(2) 'n Besluit wat die vrywillige likwidasie van 'n maatskappy bepaal, moet saam met die voorgeskrewe kennisgewing en indieningsfooi ingedien word.

(3) Indien 'n besluit wat in hierdie artikel beoog word, likwidasie deur die maatskappy bepaal, moet die maatskappy voordat die besluit en kennisgewing ingedien word—

*(a)* reël vir sekuriteit, tot die Meester se bevrediging, vir die betaling van die maatskappy se skulde binne nie meer as 12 maande na die aanvang van die likwidasie van die maatskappy nie; of

*(b)* die Meester se toestemming verkry om af te sien van sekuriteit, wat die Meester slegs kan doen indien die maatskappy by die Meester ingedien het—
(i) 'n beëdigde verklaring deur 'n direkteur wat deur die direksie van die maatskappy gemagtig is en verklaar dat die maatskappy geen skulde het nie; en

(ii) ’n sertifikaat deur die maatskappy se ouditeur, of indien die maatskappy nie ’n ouditeur het nie, ’n persoon wat voldoen aan die vereistes vir aanstelling as ’n ouditeur, en aangestel is vir die doel, wat verklaar dat na die beste van die ouditeur se kennis en wete en volgens die maatskappy se finansiële rekords, die maatskappy skynbaar geen skulde het nie.

(4) Enige koste wat aangegaan word vir die verskaffing van die sekuriteit waarna in subartikel (3) verwys word, mag deur die maatskappy betaal word.

(5) ’n Likwidateur wat in ’n vrywillige likwidasie aangestel word, mag alle magte uitoefen wat hierdie Wet of ’n wet soos beoog in Item 9 van Bylae 7 in ’n likwidasie deur die hof aan ’n likwidateur verleen—

*(a)* sonder om ’n spesifieke bevel of bekragtiging van die hof te vereis; en
*(b)* onderhewig aan enige aanwysings gegee deur—
(i) die aandeelhouers van die maatskappy in ’n algemene vergadering, in geval van ’n likwidasie deur die maatskappy; of
(ii) die krediteure, in geval van ’n likwidasie deur krediteure.

(6) ’n Vrywillige likwidasie van ’n maatskappy begin wanneer die besluit van die maatskappy ingevolge subartikel (2) ingedien is.

(7) Wanneer ’n besluit ingevolge subartikel 2 ingedien is, moet die Kommissie stiptelik ’n kopie daarvan aan die Meester lewer.

(8) Nieteenstaande enige strydige bepaling in ’n maatskappy se Akte van Inkorporasie—

*(a)* bly die maatskappy ’n regspersoon en behou al sy bevoegdhede as sodanig terwyl dit vrywillig gelikwideer word; maar
*(b)* vanaf die aanvang van die maatskappy se likwidasie —
(i) moet die maatskappy ophou om sy besigheid te bedryf behalwe in die mate wat vir die voordelige likwidasie van die maatskappy nodig is; en
(ii) al die bevoegdhede van die maatskappy se direkteure staak, behalwe in die mate wat spesifiek gemagtig is —
*(aa)* in die geval van ’n likwidasie deur die maatskappy, deur die likwidateur of die aandeelhouers in ’n algemene vergadering; of
*(bb)* in die geval van ’n likwidasie deur krediteure, deur die likwidateur of die krediteure.

**Likwidasie van solvente maatskappye per hofbevel**

**81.** (1) ’n Hof mag ’n solvente maatskappy beveel om gelikwideer te word indien—

*(a)* die maatskappy—
(i) per spesiale besluit die besluit geneem het dat dit deur die hof gelikwideer word; of
(ii) by die hof aansoek gedoen het om sy vrywillige likwidasie deur die hof te laat voortsit; of
*(b)* die praktisyn van ’n maatskappy wat gedurende die ondernemingreddingsverrigtinge aangestel is, ingevolge artikel 141(2)*(a)* aansoek gedoen het vir likwidasie op grond daarvan dat daar geen redelike vooruitsig is dat die maatskappy gered sal word nie; of
*(c)* een of meer van die maatskappy se krediteure by die hof aansoek gedoen het vir ’n bevel om die maatskappy te likwideer op grond daarvan dat—
(i) die maatskappy se ondernemingreddingsverrigtinge geëindig het op die wyse wat in artikel 132(2)*(b)* of *(c)*(i) beoog word en dit vir die hof lyk asof dit in die omstandighede vir die maatskappy billik en regverdig is om gelikwideer te word; of
(ii) dit andersins vir die maatskappy billik en regverdig is om gelikwideer te word;
*(d)* die maatskappy, een of meer direkteure of een of meer aandeelhouers by die hof aansoek gedoen het vir ’n bevel om die maatskappy te likwideer op grond daarvan dat—
(i) die direkteure ’n dooie punt in die bestuur van die maatskappy bereik het en die aandeelhouers nie in staat is om die dooie punt te verbreek nie, en—
*(aa)* die dooie punt onherstelbare skade aan die maatskappy tot gevolg het of tot gevolg kan hê; of
*(bb)* die maatskappy se besigheid as gevolg van die dooie punt nie tot voordeel van aandeelhouers in die algemeen bedryf kan word nie;

(ii) die aandeelhouers 'n dooie punt in stemreg bereik het en vir 'n tydperk wat minstens twee agtereenvolgende algemene jaarvergaderingdatums insluit, versuim het om opvolgers te verkies vir direkteure wie se termyne verstryk het; of

(iii) dit andersins billik en regverdig is vir die maatskappy om gelikwideer te word;

*(e)* 'n aandeelhouer met die hof se verlof aansoek gedoen het om die maatskappy te likwideer op grond daarvan dat—

(i) die direkteure, voorgeskrewe beamptes of ander persone in beheer van die maatskappy op 'n wyse optree wat bedrieglik of andersins onwettig is; of

(ii) die maatskappy se bates misbruik of verkwis word; of

*(f)* die Kommissie of Paneel by die hof aansoek gedoen het vir 'n bevel om die maatskappy te likwideer op grond daarvan dat—

(i) die maatskappy, sy direkteure of bepaalde beamptes of ander persone in beheer van die maatskappy op 'n wyse optree of opgetree het wat bedrieglik of andersins onwettig was, die Kommissie of Paneel, na gelang van die geval, 'n voldoeningskennisgewing ten opsigte van daardie gedrag uitgereik het, en die maatskappy versuim het om gehoor te gee aan daardie voldoeningskennisgewing; en

(ii) afdwingingsprosedures binne die voorafgaande vyf jaar ingevolge hierdie Wet of die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984), teen die maatskappy, sy direkteure of voorgeskrewe beamptes, of ander persone in beheer van die maatskappy, toegepas is vir wesenlik dieselfde gedrag, wat 'n administratiewe boete tot gevolg gehad het, of skuldigbevinding vir 'n oortreding.

(2) 'n Aandeelhouer mag nie by 'n hof aansoek doen soos beoog in subartikel (1)*(d)* of *(e)* nie tensy die aandeelhouer—

*(a)* onmiddellik voor die aansoekdatum vir minstens ses maande aaneenlopend 'n aandeelhouer was; of

*(b)* 'n aandeelhouer geword het as gevolg van—

(i) verkryging van 'n ander aandeelhouer; of

(ii) die verdeling van die boedel van 'n voormalige aandeelhouer, en die huidige aandeelhouer, en ander of voormalige aandeelhouer, in die geheel aan die vereistes van paragraaf *(a)* voldoen het.

(3) 'n Hof mag nie 'n bevel uitreik waarvoor aansoek gedoen word ingevolge subartikels (1)*(e)* of *(f)* nie indien, voor die voltrekking van die hofverrigtinge—

*(a)* enige van die direkteure bedank het of ontslaan is ingevolge artikel 71, en die hof bevind dat die oorblywende direkteure nie wesenlik geïmpliseer is in die gedrag waarop die aansoek gebaseer was nie; of

*(b)* een of meer van die aandeelhouers by die hof aansoek gedoen het vir 'n verklaring ingevolge artikel 162 om die direkteure, indien enige, wat vir die beweerde wangedrag verantwoordelik was, skuldig te verklaar en die hof oortuig is dat die ontslag van daardie direkteure 'n einde aan die wangedrag sal maak.

(4) 'n Likwidasie van 'n maatskappy deur 'n hof begin wanneer—

*(a)* 'n aansoek aan die hof gerig is ingevolge subartikel (1)*(a)* of *(b)*; of

*(b)* die hof 'n bevel uitgereik het waarvoor ingevolge subartikel (1)*(c)*, *(d)*, *(e)* of *(f)* aansoek gedoen is.

**Ontbinding van maatskappye en afhaal van register**

**82.** (1) Wanneer 'n maatskappy se sake geheel en al gelikwideer is en 'n hofbevel van finale likwidasie uitgereik is, moet die Meester onmiddellik 'n sertifikaat te dien effekte saam met 'n kopie van die hofbevel indien.

(2) Wanneer 'n sertifikaat ingevolge subartikel (1) ontvang word, moet die Kommissie—

*(a)* die ontbinding van die maatskappy op die voorgeskrewe wyse aanteken; en

*(b)* die maatskappy se naam van die maatskappyregister afhaal.

(3) Buiten die plig om 'n maatskappy te deregistreer soos beoog in subartikel (2)*(b)*, mag die Kommissie andersins 'n maatskappy van die maatskappyregister afhaal slegs indien—

*(a)* die maatskappy—
 (i) vir twee of meer agtereenvolgende jare versuim het om ’n jaarlikse opgawe ingevolge artikel 33 in te dien; en
 (ii) op aanvraag van die Kommissie versuim het om—
  *(aa)* bevredigende redes te verstrek vir die versuim om die vereiste jaarlikse opgawes in te dien; of
  *(bb)* bevredigende redes aan te voer vir die maatskappy om geregistreer te bly; of

*(b)* die Kommissie—
 (i) op die voorgeskrewe wyse bepaal het dat die maatskappy oënskynlik vir minstens sewe jaar onaktief was en geen persoon ’n redelike belangstelling in, of rede vir, sy voortbestaan getoon het nie; of
 (ii) op die voorgeskrewe wyse en vorm ’n versoek ontvang het en bepaal het dat die maatskappy—
  *(aa)* opgehou het om sake te doen; en
  *(bb)* geen bates het nie of omrede die ontoereikendheid van sy bates daar geen redelike waarskynlikheid bestaan dat die maatskappy gelikwideer word nie.

(4) Indien die Kommissie ’n maatskappy deregistreer soos in subartikel (3) beoog, mag enige belanghebbende persoon op die voorgeskrewe wyse en vorm by die Kommissie aansoek doen om die registrasie van die maatskappy te herstel.

**Uitwerking van afhaal van maatskappy van register**

**83.** (1) ’n Maatskappy word ontbind vanaf die datum waarop sy naam van die maatskappyregister afgehaal word.

(2) Die afhaal van ’n maatskappy se naam vanaf die maatskappyregister affekteer nie die aanspreeklikheid van enige voormalige direkteur of aandeelhouer van die maatskappy of enige ander persoon ten opsigte van enige handeling of versuim wat plaasgevind het voordat die maatskappy van die Register afgehaal is nie.

(3) Enige aanspreeklikheid soos in subartikel (2) beoog, gaan voort en kan afgedwing word asof die maatskappy nie van die register afgehaal is nie.

(4) Op enige tydstip nadat ’n maatskappy ontbind is—

*(a)* mag die likwidateur van die maatskappy, of ander persoon met ’n belang in die maatskappy, by ’n hof aansoek doen vir ’n bevel wat verklaar dat die ontbinding nietig was, of enige ander bevel wat in die omstandighede billik en regverdig is; en

*(b)* indien die hof verklaar dat die ontbinding nietig was, mag enige geregtelike stappe teen die maatskappy gedoen word wat gedoen sou kon word indien die maatskappy nie ontbind is nie.

## HOOFSTUK 3

## GROTER AANSPREEKLIKHEID EN DEURSIGTIGHEID

### *Deel A*

### *Toepassing en algemene vereistes van hierdie Hoofstuk*

**Toepassing van Hoofstuk**

**84.** (1) Hierdie Hoofstuk is van toepassing op—

*(a)* elke openbare maatskappy, behoudens subartikel (2) en artikel 94(1);

*(b)* elke maatskappy wat ’n maatskappy in staatsbesit is—
 (i) behalwe in die mate wat die maatskappy ingevolge artikel 9 vrygestel is van die toepassing van hierdie Hoofstuk; en
 (ii) behoudens subartikel (3); en

*(c)* ’n privaatmaatskappy, ’n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid of ’n maatskappy sonder winsoogmerk, slegs in die mate wat in artikel 34(2) beoog word of soos andersins deur hierdie Wet vereis om sy finansiële state te laat ouditeer.

(2) In die geval van 'n openbare maatskappy waarvan die sekuriteite op 'n beurs genoteer is, indien daar 'n teenstrydigheid bestaan tussen enige bepaling van Deel B, C of D van hierdie Hoofstuk en enige bepaling van die noteringsvereistes van 'n beurs—

*(a)* geld die bepalings van hierdie Hoofstuk en van die noteringsvereistes gesamentlik in die mate wat dit moontlik is om toe te pas en aan een van die strydige bepalings voldoen sonder om teen die tweede in te druis; en

*(b)* in die mate waarin dit onmoontlik is om een van die strydige bepalings toe te pas of daaraan te voldoen sonder om teen die tweede in te druis, is die bepalings van hierdie Wet van toepassing.

(3) In die geval van 'n maatskappy in staatsbesit—

*(a)* indien daar 'n teenstrydigheid bestaan tussen 'n bepaling van hierdie Hoofstuk en 'n bepaling van die Openbare Ouditwet, 2004 (Wet No. 25 van 2004), geld die bepalings van daardie Wet;

*(b)* hoef die maatskappy in staatsbesit ongeag enige strydige bepalings in hierdie Hoofstuk nie 'n ouditeur aan te stel vir enige finansiële jaar ten opsigte waarvan die Ouditeur-generaal ingevolge die Openbare Ouditwet, 2004 (Wet No. 25 van 2004) verkies het om 'n oudit van daardie onderneming uit te voer nie; en

*(c)* in enige jaar waarin hierdie Hoofstuk van die onderneming in staatsbesit vereis om 'n ouditeur aan te stel, is enige vereistes ingevolge die Openbare Ouditwet, 2004 (Wet No. 25 van 2004), om die aanstelling van die maatskappy se ouditeur deur die Ouditeur-generaal te laat goedkeur, op daardie maatskappy van toepassing bo en behalwe die toepaslike bepalings van hierdie Hoofstuk.

(4) Elke maatskappy wat in subartikel (1)*(a)* of *(b)* beoog word, moet—

*(a)* 'n persoon aanstel om as maatskappysekretaris te dien, op die wyse en vir die doeleindes soos in Deel B uiteengesit;

*(b)* 'n persoon aanstel om as ouditeur te dien, op die wyse en vir die doeleindes soos in Deel C uiteengesit; en

*(c)* 'n ouditkomitee aanstel op die wyse en vir die doeleindes soos in Deel D uiteengesit.

(5) 'n Persoon wat ingevolge artikel 69(8) onbevoeg verklaar word om as 'n direkteur van enige bepaalde maatskappy te dien, mag nie aangestel word of voortgaan om daardie maatskappy te dien in enige hoedanigheid wat in subartikel (4) genoem word nie, ongeag of daardie aanstelling gedoen word—

*(a)* soos deur hierdie Hoofstuk vereis; of

*(b)* vrywillig, soos in artikel 34(2) beoog.

(6) Indien die direksie van 'n openbare maatskappy of maatskappy in staatsbesit versuim om ooreenkomstig hierdie Deel 'n aanstelling te maak soos in subartikel (4) beoog—

*(a)* mag die Kommissie 'n kennisgewing aan daardie maatskappy uitreik om redes aan te voer waarom die Kommissie nie moet voortgaan om 'n vergadering vir aandeelhouers te belê met die doel om daardie aanstelling te maak nie; en

*(b)* indien die maatskappy versuim om binne 'n aanvaarbare tydperk te reageer op 'n kennisgewing soos in paragraaf *(a)* beoog of, in reaksie, versuim om die Kommissie te oortuig dat die direksie die aanstelling sal maak, of 'n vergadering van aandeelhouers belê om die aanstelling te maak, mag die Kommissie—

(i) aan die houers van die maatskappy se sekuriteite kennis gee van 'n algemene vergadering en so 'n vergadering belê om daardie aanstelling te maak; en

(ii) elke direkteur van die maatskappy wat met opset die maatskappy toegelaat het om te versuim om die aanstelling ooreenkomstig hierdie Deel te maak, aanslaan vir 'n pro rata-gedeelte van die koste vir die belê van die algemene vergadering.

(7) 'n Maatskappy aan wie kennis gegee is soos beoog in subartikel (6)*(a)*, of 'n direkteur wat aangeslaan is vir enige gedeelte van die koste van 'n vergadering soos in subartikel (6)*(b)* beoog, mag by die Maatskappytribunaal aansoek doen om die kennisgewing, of die aanslag, ten volle of gedeeltelik ter syde te stel.

**Registrasie van maatskappysekretaris en ouditeure**

**85.** (1) Elke maatskappy wat ’n aanstelling maak soos beoog in artikel 84(4), ongeag of die maatskappy dit doen soos deur daardie artikel vereis of vrywillig soos in artikel 34(2) vereis, moet—

*(a)* ’n rekord van sy maatskappysekretarisse en ouditeure in stand hou, insluitende, ten opsigte van elke persoon wat as maatskappysekretaris of ouditeur van die maatskappy aangestel is—
(i) die naam, insluitende enige vorige naam, van elke sodanige persoon; en
(ii) die datum van elke sodanige aanstelling; en

*(b)* indien ’n firma of regspersoon aangestel word—
(i) die naam, registrasienommer en geregistreerde kantooradres van daardie firma of regspersoon; en
(ii) die naam van enige individu soos in artikel 90(3) beoog, indien daardie artikel van toepassing is; en

*(c)* enige veranderinge in die besonderhede waarna in paragrawe *(a)* en *(b)* verwys word, soos hulle voorkom, met die datum en aard van elke sodanige verandering.

(2) Om persoonlike privaatheid te beskerm, mag die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* vrystelling verleen van die toepassing van subartikel (1)*(a)* van naamkategorieë soos voorheen gebruik deur enige persoon—

*(a)* voor mondigwording bereik is, of deur persone wat aangeneem, getroud, geskei of ’n weduwee of wewenaar is; of

*(b)* in ander omstandighede wat deur die Minister voorgeskryf word.

(3) ’n Maatskappy moet behoudens subartikel (4) binne 10 sakedae nadat ’n aanstelling gemaak is soos in subartikel (1) beoog, of na die diensbeëindiging van sodanige aanstelling, ’n kennisgewing van die aanstelling of beëindiging indien, na gelang van die geval.

(4) Die inkorporeerders van ’n maatskappy mag ’n kennisgewing van die aanstelling van die maatskappy se eerste maatskappysekretaris, ouditeur of ouditkomitee indien as deel van die maatskappy se Kennisgewing van Inkorporasie.

***Deel B***

***Maatskappysekretaris***

**Verpligte aanstelling van maatskappysekretaris**

**86.** (1) ’n Openbare maatskappy of maatskappy in staatsbesit moet ’n persoon wat kundig of ervare in tersaaklike wette is as maatskappysekretaris aanstel.

(2) Elke maatskappysekretaris moet ’n permanente inwoner van die Republiek wees en bly terwyl hy in daardie hoedanigheid dien, ongeag of die aanstelling gedoen word soos vereis deur subartikel (1), of vrywillig soos beoog in artikel 34(2).

(3) Die eerste maatskappysekretaris van ’n openbare maatskappy of maatskappy in staatsbesit mag aangestel word deur—

*(a)* die inkorporeerders van die maatskappy; of

*(b)* binne 40 sakedae na die inkorporasie van die maatskappy deur —
(i) óf die direkteure van die maatskappy;
(ii) óf ’n gewone besluit van die houers van die maatskappy se sekuriteite.

(4) Die direksie moet binne 60 sakedae nadat ’n vakature in die amp van maatskappysekretaris ontstaan het, die vakature vul deur ’n persoon aan te stel wat volgens die direkteure se mening oor die vereiste kennis en ondervinding beskik.

**Regspersoon of vennootskap mag as maatskappysekretaris aangestel word**

**87.** (1) ’n Regspersoon of vennootskap mag aangestel word om die amp van maatskappysekretaris te beklee, met dien verstande dat—

*(a)* elke werknemer van daardie regspersoon wat maatskappysekretarisdienste verrig, of vennoot en werknemer van daardie vennootskap, na gelang van die geval, voldoen aan die vereistes waarna in artikel 84(5) verwys word; en

*(b)* minstens een werknemer van daardie regspersoon, of een vennoot of werknemer van daardie vennootskap, na gelang van die geval, voldoen aan die vereistes waarna in artikel 86 verwys word.

(2) ’n Verandering in die lidmaatskap van ’n regspersoon of vennootskap wat die amp van maatskappysekretaris beklee, behels nie ’n tydelike vakature in die amp van die maatskappysekretaris indien die regspersoon of vennootskap voortgaan om aan die vereistes van subartikel (1) te voldoen nie.

(3) Indien ’n regspersoon of vennootskap op enige tydstip die amp van maatskappysekretaris van ’n bepaalde maatskappy beklee—

*(a)* moet die regspersoon of vennootskap die direkteure van die maatskappy onverwyld in kennis stel indien die regspersoon of vennootskap nie langer aan die vereistes van subartikel (1) voldoen nie, en word geag as maatskappysekretaris te bedank het sodra daardie kennis aan die maatskappy gegee is;

*(b)* is die maatskappy geregtig om te veronderstel dat die regspersoon of vennootskap aan die vereistes van subartikel (1) voldoen tot tyd en wyl die maatskappy ’n kennisgewing ontvang het soos in paragraaf *(a)* beoog; en

*(c)* word enige optrede van die regspersoon of vennootskap in die uitvoering van sy funksies as maatskappysekretaris nie ongeldig verklaar bloot omdat die regspersoon of vennootskap ten tye van daardie optrede opgehou het om aan die vereistes van subartikel (1) te voldoen nie.

**Pligte van maatskappysekretaris**

**88.** (1) ’n Maatskappy se sekretaris is teenoor die maatskappy se direksie aanspreeklik.

(2) ’n Maatskappysekretaris se pligte sluit in, maar is nie beperk nie tot—

*(a)* om gesamentlik en afsonderlik aan die direkteure van die maatskappy leiding te gee ten opsigte van hulle pligte, verantwoordelikhede en bevoegdhede;

*(b)* om die direkteure bewus te maak van enige wet wat ter sake is vir of die maatskappy raak;

*(c)* om by die maatskappy se direksie enige versuim aan die kant van die maatskappy of ’n direkteur om aan die Akte van Oprigting of reëls van die Maatskappy of hierdie Wet te voldoen, aan te meld;

*(d)* om toe te sien dat notules van alle aandeelhouervergaderings, direksievergaderings en die vergaderings van enige komitees van die direkteure, of van die maatskappy se ouditkomitee, behoorlik ooreenkomstig hierdie Wet op rekord gestel is;

*(e)* om in die maatskappy se finansiële jaarstate te sertifiseer of die maatskappy die vereiste opgawes en kennisgewings ingevolge hierdie Wet ingedien het, en of al sodanige opgawes en kennisgewings waar, korrek en op datum blyk te wees;

*(f)* om toe te sien dat ’n kopie van die maatskappy se finansiële jaarstate, ooreenkomstig hierdie Wet, aan elke persoon wat daarop geregtig is, gestuur word; en

*(g)* om die funksies uit te voer van ’n persoon wat ingevolge artikel 33(3) aangewys is.

**Bedanking of ontslag van maatskappysekretaris**

**89.** (1) ’n Maatskappysekretaris mag uit sy amp bedank deur aan die maatskappy—

*(a)* een maand skriftelike kennisgewing te gee; of

*(b)* minder as een maand se skriftelike kennisgewing te gee, met die goedkeuring van die direksie.

(2) Indien die maatskappysekretaris deur die direksie uit sy amp onthef word, mag die maatskappysekretaris van die maatskappy vereis om in sy finansiële jaarstate van daardie finansiële jaar ’n verklaring wat nie ’n redelike lengte oorskry nie, in te sluit wat die maatskappysekretaris se betoog ten opsigte van die omstandighede wat tot die ontslag aanleiding gegee het, uiteensit.

(3) Indien die maatskappysekretaris graag die mag wil uitoefen waarna in subartikel (2) verwys word, moet die maatskappysekretaris skriftelike kennis te dien effekte aan die maatskappy gee teen nie later as die einde van die finansiële jaar waarin die ontslag plaasgevind het nie, en daardie kennisgewing moet die verklaring insluit waarna in subartikel (2) verwys word.

(4) Die verklaring van die maatskappysekretaris waarna in subartikel (2) verwys word, moet in die finansiële jaarstate by die direkteure se verslag ingesluit word.

***Deel C***

***Ouditeure***

**Aanstelling van ouditeur**

**90.** (1) ’n Openbare maatskappy of maatskappy in staatsbesit moet ten tye van sy inkorporasie, en elke jaar by sy algemene jaarvergadering, ’n ouditeur aanstel.

(2) Om as ’n ouditeur van ’n maatskappy aangestel te word, hetsy soos vereis deur subartikel (1) of soos beoog in artikel 34(2), moet ’n persoon of firma—

*(a)* ’n geregistreerde ouditeur wees;

*(b)* bo en behalwe die verbod soos in artikel 84(5) beoog, nie—

(i) ’n direkteur of voorgeskrewe beampte van die maatskappy wees nie; of

(ii) ’n werknemer of konsultant van die maatskappy wees wat vir langer as een jaar betrokke was by die instandhouding van enige van die maatskappy se finansiële rekords of die opstel van enige van sy finansiële state nie;

(iii) ’n direkteur, beampte of werknemer wees van ’n persoon wat ingevolge Deel B in hierdie Hoofstuk as maatskappysekretaris aangestel is nie;

(iv) ’n persoon wees wat, alleen of saam met ’n vennoot of werknemers, gewoonlik of gereeld vir die maatskappy die pligte van rekenmeester of boekhouer uitvoer of verwante sekretariële werk verrig nie;

(v) ’n persoon wees wat op enige tydstip gedurende die vyf finansiële jaar onmiddellik voor die aanstellingsdatum ’n persoon was soos beoog in enige van subparagrawe (i) tot (iv) hierbo nie; of

(vi) ’n persoon wees wat verwant is aan ’n persoon wat in subparagrawe (i) tot (v) beoog word nie; en

*(c)* in die geval van ’n maatskappy wat ’n ouditkomitee aangestel het, hetsy soos vereis deur artikel 94 of vrywillig soos beoog in artikel 34(2), vir die maatskappy se ouditkomitee aanvaarbaar wees as synde onafhanklik van die maatskappy met inagneming van die sake wat in artikel 94(8) opgenoem word.

(3) Indien ’n maatskappy ’n firma as ouditeur aanstel, moet die individu wat die firma ingevolge artikel 44(1) van die ‘Auditing Profession Act’, bepaal verantwoordelik sal wees vir die uitvoering van die funksies van ouditeur aan die vereistes van subartikel (2) voldoen.

(4) Indien ’n maatskappy wat ’n ouditeur moet aanstel dit nie doen wanneer die inkorporasie van die maatskappy geregistreer word nie, moet die direkteure van die maatskappy die eerste ouditeur van die maatskappy binne 40 sakedae na die inkorporasiedatum van die maatskappy aanstel.

(5) Die eerste ouditeur van ’n maatskappy beklee die amp tot na afloop van die eerste algemene jaarvergadering van die maatskappy.

(6) ’n Uittredende ouditeur mag outomaties by ’n algemene jaarvergadering heraangestel word sonder dat enige besluit aangeneem word, tensy—

*(a)* die uittredende ouditeur—

(i) nie langer vir aanstelling kwalifiseer nie; of

(ii) nie langer bereid is om die aanstelling te aanvaar nie en die maatskappy aldus in kennis gestel het; of

(iii) ingevolge artikel 92 moet ophou dien as ouditeur;

*(b)* ’n ouditkomitee wat ingevolge hierdie Wet deur die maatskappy aangestel is kapsie maak teen die heraanstelling; of

*(c)* die maatskappy kennis dra van ’n voorgestelde besluit om die een of ander persoon of persone in die plek van die uittredende ouditeur aan te stel.

(7) Indien ’n algemene jaarvergadering van ’n maatskappy nie ’n ouditeur aanstel of heraanstel nie moet die direkteure die vakature in die amp binne 40 sakedae na die datum van die vergadering vul kragtens die prosedure wat in artikel 91 beoog word.

**Bedanking van ouditeure en vakatures**

**91.** (1) Die bedanking van ’n ouditeur tree in werking wanneer die kennis ingedien word.

(2) Behoudens subartikel (3), indien ’n vakature in die amp van ouditeur van ’n maatskappy ontstaan, moet die direksie van daardie maatskappy—

*(a)* binne 40 sakedae 'n nuwe ouditeur aanstel indien slegs een ouditeur in die maatskappy die pos beklee het; en

*(b)* enige tyd 'n nuwe ouditeur aanstel indien daar meer as een posbekleër was, maar terwyl enige sodanige vakature voortduur, mag die oorlewende of voortgaande ouditeur as ouditeur van die maatskappy dien.

(3) Voordat 'n aanstelling ingevolge subartikel (2) gedoen word—

*(a)* moet die direksie binne 15 sakedae nadat die vakature ontstaan het aan die maatskappy se ouditkomitee die naam voorstel van minstens een geregistreerde ouditeur wat vir aanstelling as die nuwe ouditeur oorweeg moet word; en

*(b)* mag die direksie voortgaan om 'n persoon aan te stel wat ingevolge paragraaf *(a)* voorgestel word indien die ouditkomitee binne vyf sakedae nadat die voorstel gedoen is nie aan die direksie skriftelike kennisgewing gee wat die voorgestelde ouditeur verwerp nie.

(4) Indien 'n maatskappy 'n firma as sy ouditeur aanstel, skep enige verandering in die samestelling van die lede van daardie firma behoudens subartikel (5) nie op sigself 'n vakature in die amp van ouditeur vir daardie jaar nie.

(5) Indien, in vergelyking met die lidmaatskap van 'n firma ten tye van sy jongste aanstelling, minder as die helfte van die lede oorbly na 'n verandering soos in subartikel (4) beoog, behels daardie verandering die bedanking van die firma as ouditeur van die maatskappy, wat 'n vakature laat ontstaan.

**Rotasie van ouditeure**

**92.** (1) Dieselfde individu mag nie vir langer as vyf agtereenvolgende finansiële jaar as die ouditeur of aangewese ouditeur van 'n maatskappy dien nie.

(2) Indien 'n individu vir twee of meer agtereenvolgende finansiële jare as die ouditeur of aangewese ouditeur van 'n maatskappy gedien het en dan ophou om die ouditeur of aangewese ouditeur te wees, mag die individu nie weer as die ouditeur of aangewese ouditeur van daardie maatskappy aangestel word alvorens minstens twee verdere finansiële jare verstryk het nie.

(3) Indien 'n maatskappy twee of meer persone as gesamentlike ouditeure aangestel het, moet die maatskappy die rotasie wat deur hierdie artikel vereis word op so 'n wyse hanteer dat nie al die gesamentlike ouditeure in dieselfde jaar die amp laat vaar nie.

**Regte en beperkte funksies van ouditeure**

**93.** (1) Die ouditeur van 'n maatskappy—

*(a)* het te alle tye toegangsreg tot die rekeningkundige rekords en alle boeke en dokumente van die maatskappy en is geregtig om by die direkteure of voorgeskrewe beamptes van die maatskappy enige inligting en verduidelikings aan te vra wat nodig is vir die uitvoering van die ouditeur se pligte;

*(b)* in die geval van die ouditeur van 'n beheermaatskappy bestaan toegangsreg tot alle huidige en vorige finansiële state van enige filiaal van daardie beheermaatskappy en die reg om by die direkteure of beamptes van die beheermaatskappy of filiaal enige inligting en verduidelikings aan te vra in verband met enige sodanige state en in verband met die rekeningkundige rekords, boeke en dokumente van die filiaal, soos nodig vir die uitvoering van die ouditeur se pligte; en

*(c)* is geregtig om—

(i) enige algemene vergadering van aandeelhouers by te woon;

(ii) alle kennisgewings van en ander kommunikasie met betrekking tot enige algemene vergadering van aandeelhouers te ontvang; en

(iii) by enige algemene vergadering van aandeelhouers wat in hierdie paragraaf beoog word, aangehoor te word oor enige deel van die sake van die vergadering wat die ouditeur se pligte of funksies raak.

(2) 'n Ouditeur mag by 'n hof aansoek doen vir 'n gepaste bevel om die regte af te dwing wat uiteengesit word in subartikel (1)*(a)* of *(b)*, en 'n hof mag—

*(a)* 'n bevel uitreik wat billik en regverdig is om te voorkom dat die ouditeur se pligte deur die maatskappy of enige van sy direkteure, voorgeskrewe beamptes of werknemers gekortwiek word; en

*(b)* 'n kostebevel persoonlik teen enige direkteur of voorgeskrewe beampte uitreik wat die hof bevind willens en wetens die uitvoering van die ouditeur se funksies gekortwiek of probeer kortwiek het.

(3) 'n Ouditeur wat deur 'n maatskappy aangestel word, mag nie enige dienste vir daardie maatskappy verrig—

*(a)* wat die ouditeur in 'n belangebotsing sou plaas soos voorgeskryf of bepaal deur die Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure ingevolge artikel 44(6) van die Wet op die Ouditprofessie nie; of

*(b)* wat die maatskappy se ouditkomitee ingevolge artikel 94(7)*(d)* mag bepaal nie.

## *Deel D*

## *Ouditkomitees*

**Ouditkomitees**

**94.** (1) Hierdie artikel—

*(a)* geld gelyktydig saam met artikel 64 van die Bankwet vir enige maatskappy wat aan daardie artikel van die Wet onderworpe is, maar subartikels (2), (3) en (4) van hierdie artikel geld nie vir die aanstelling van 'n ouditkomitee deur enige sodanige maatskappy nie; en

*(b)* geld nie vir 'n maatskappy aan wie vrystelling verleen is ingevolge artikel 64(4) van die Bankwet nie.

(2) By elke algemene jaarvergadering moet 'n openbare maatskappy of maatskappy in staatsbesit, of ander maatskappy wat vrywillig besluit het om 'n ouditkomitee te hê soos beoog in artikel 34(2), 'n ouditkomitee verkies wat uit minstens drie lede bestaan, tensy—

*(a)* die maatskappy 'n filiaal is van 'n ander maatskappy wat 'n ouditkomitee het; en

*(b)* die ouditkomitee van daardie ander maatskappy namens daardie filiaalmaatskappy die funksies sal verrig wat kragtens hierdie artikel vereis word.

(3) Die eerste lede van die ouditkomitee kan aangestel word deur—

*(a)* die inkorporeerders van 'n maatskappy; of

*(b)* die direksie, binne 40 sakedae na die inkorporasie van die maatskappy.

(4) Elke lid van 'n ouditkomitee van 'n maatskappy moet—

*(a)* 'n direkteur van die maatskappy wees wat voldoen aan enige toepaslike vereistes wat kragtens subartikel (5) voorgeskryf word; en

*(b)* nie—

(i) betrokke wees by die daaglikse bestuur van die maatskappy se besigheid of so betrokke gewees het op enige tydstip gedurende die vorige finansiële jaar nie;

(ii) 'n voorgeskrewe beampte of voltydse werknemer van die maatskappy of 'n ander verwante of onderling verwante maatskappy wees nie, of op enige tydstip gedurende die vorige drie finansiële jaar so 'n beampte of werknemer gewees het nie; of

(iii) sodanig 'n wesenlike verskaffer of kliënt van die maatskappy wees dat 'n redelike en ingeligte derde party in die omstandighede tot die slotsom sou kom dat die integriteit, onpartydigheid of objektiwiteit van daardie direkteur deur daardie verhouding onder verdenking geplaas word nie;

*(c)* nie verwant wees aan enige persoon wat binne enige van die maatstawwe val wat in paragraaf *(b)* uiteengesit word nie.

(5) Die Minister mag minimum kwalifikasievereistes soos nodig vir lede van 'n ouditkomitee voorskryf om toe te sien dat enige sodanige komitee, in die geheel gesien, bestaan uit persone met toereikende toepaslike kennis en ondervinding om die komitee toe te rus om sy funksies te verrig.

(6) Die direksie van 'n maatskappy soos in artikel 84(1) beoog, moet binne 40 sakedae nadat die vakature ontstaan het, 'n persoon aanstel om enige vakature op die ouditkomitee te vul.

(7) 'n Ouditkomitee van 'n maatskappy het die volgende pligte:

*(a)* Om vir aanstelling as ouditeur van die maatskappy kragtens artikel 90 'n geregistreerde ouditeur te nomineer wat volgens die ouditkomitee se mening onafhanklik van die maatskappy staan;

(b) om die gelde wat aan die ouditeur betaal moet word en die ouditeur se aanstellingsvoorwaardes te bepaal;

(c) om toe te sien dat die aanstelling van die ouditeur aan die bepalings van hierdie Wet en enige ander wetgewing met betrekking tot die aanstelling van ouditeure voldoen;

(d) om, behoudens die bepalings van hierdie Hoofstuk, die aard en omvang te bepaal van enige nie-ouditdienste wat die ouditeur aan die maatskappy mag lewer, of wat die ouditeur nie aan die maatskappy of 'n verwante maatskappy moet lewer nie;

(e) om enige voorgestelde ooreenkoms met die ouditeur vir die verskaffing van nie-ouditdienste aan die maatskappy vooraf goed te keur;

(f) om 'n verslag op te stel, wat by die finansiële jaarstate vir daardie finansiële jaar ingesluit moet word—

(i) wat beskryf hoe die ouditkomitee sy funksies uitgevoer het;

(ii) wat verklaar of die ouditkomitee homself vergewis het dat die ouditeur onafhanklik van die maatskappy was; en

(iii) wat op enige wyse wat die komitee as geskik ag, kommentaar lewer oor die finansiële state, die rekeningkundige praktyke en interne finansiële beheer van die maatskappy;

(g) om enige knelpunte of klagtes, hetsy van binne of buite die maatskappy, of uit eie beweging, te ontvang en paslik te hanteer rakende—

(i) die rekeningkundige praktyke en interne oudit van die maatskappy;

(ii) die inhoud of oudit van die maatskappy se finansiële state;

(iii) die interne finansiële kontroles van die maatskappy; of

(iv) enige verwante aangeleentheid;

(h) om aan die direksie vertoë te rig oor enige aangeleentheid rakende die maatskappy se rekeningkundige beleid, finansiële beheer, rekords en verslagdoening; en

(i) om ander funksies te verrig wat die direksie bepaal, insluitende die ontwikkeling en implementering van 'n beleid en plan vir 'n stelselmatige, gedissiplineerde benadering om die doeltreffendheid van risikobestuur, beheer en bestuursprosesse binne die maatskappy te evalueer en te verbeter.

(8) Wanneer, vir die doeleindes van hierdie Deel, oorweeg word of 'n geregistreerde ouditeur onafhanklik van 'n maatskappy is, moet die ouditkomitee van daardie maatskappy—

(a) vasstel dat die ouditeur nie enige regstreekse of onregstreekse vergoeding of ander voordeel van die maatskappy ontvang nie, behalwe—

(i) as ouditeur; of

(ii) vir die lewering van ander dienste aan die maatskappy, in die mate wat toegelaat word kragtens subartikel (6)*(d)*;

(b) oorweeg of die ouditeur se onafhanklikheid moontlik benadeel kon raak—

(i) as gevolg van enige vorige aanstelling as ouditeur; of

(ii) met inagneming van die omvang van enige konsultasie-, advies- of ander werk wat die ouditeur vir die maatskappy onderneem het; en

(c) voldoening oorweeg aan ander maatstawwe ten opsigte van onafhanklikheid of belangebotsing soos voorgeskryf deur die Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure wat tot stand gebring is deur die 'Auditing Profession Act',

met betrekking tot die maatskappy, en indien die maatskappy 'n lid is van 'n maatskappyegroep, enige ander maatskappy binne daardie groep.

(9) Niks in hierdie artikel verhinder 'n openbare maatskappy om by sy algemene jaarvergadering 'n ouditeur aan te stel buiten een wat deur die ouditkomitee genomineer is nie, maar indien sodanige ouditeur aangestel word, is die aanstelling slegs geldig indien die ouditkomitee oortuig is dat die voorgestelde ouditeur onafhanklik van die maatskappy is.

(10) Nóg die aanstelling nóg die pligte van 'n ouditkomitee verminder die funksies en pligte van die direkteure van die maatskappy, behalwe ten opsigte van die aanstelling, gelde en aanstellingsvoorwaardes van die ouditeur.

(11) 'n Maatskappy moet alle uitgawes betaal wat redelikerwys deur sy ouditkomitee aangegaan word, insluitende, indien die ouditkomitee dit gepas ag, die gelde van enige konsultant of spesialis wat deur die ouditkomitee aangestel word om te help met die uitvoering van sy funksies.

## HOOFSTUK 4

## OPENBARE AANBIEDINGE VAN MAATSKAPPYSEKURITEITE

### Toepassing en vertolking van Hoofstuk

**95.** (1) In hierdie Hoofstuk, tensy die verband anders aandui, beteken—

*(a)* **"aanbod"** met betrekking tot sekuriteite 'n aanbod wat op enige wyse deur enige persoon gemaak word ten opsigte van die verkryging, vir 'n teenprestasie, van enige sekuriteite in 'n maatskappy;

*(b)* **"aanbod aan die publiek"**—

(i) ook 'n aanbod van sekuriteite wat deur 'n maatskappy aan enige gedeelte van die publiek gemaak gaan word, hetsy gekies—

*(aa)* as houers van daardie maatskappy se sekuriteite;

*(bb)* as kliënte van die persoon wat die prospektus uitreik;

*(cc)* as die houers van enige bepaalde klas eiendom; of

*(dd)* op enige ander manier; maar

(ii) nie ook—

*(aa)* 'n aanbod wat gemaak word in enige van die omstandighede wat in artikel 96 beoog word nie; of

*(bb)* 'n sekondêre aanbod wat deur 'n beurs uitgevoer word nie;

*(c)* **"aandeleskema vir werknemers"** 'n skema wat deur 'n maatskappy tot stand gebring is, hetsy by wyse van 'n trust of andersins, met die doel om deelname daaraan uitsluitlik aan werknemers en beamptes van die maatskappy of 'n filiaal van die maatskappy te bied, hetsy—

(i) deur middel van 'n uitgifte van aandele in die maatskappy; of

(ii) deur die toestaan van opsies vir aandele in die maatskappy;

*(d)* **"aanvanklike openbare aanbieding"** 'n aanbod van enige van 'n maatskappy se sekuriteite aan die publiek, indien —

(i) geen sekuriteite van daardie maatskappy voorheen onderhewig was aan 'n aanbod aan die publiek nie; of

(ii) al die sekuriteite van daardie maatskappy wat voorheen aan 'n aanbod aan die publiek onderhewig was, daarna deur die maatskappy herverkry is;

*(e)* **"deskundige"**—

(i) 'n geoloog, ingenieur, argitek, bourekenaar, waardeerder, rekenmeester of ouditeur; of

(ii) enige persoon wat voorgee—

*(aa)* om 'n persoon te wees waarna in subparagraaf (i) verwys word; of

*(bb)* om oor omvattende kennis of ondervinding te beskik, of om spesiale vaardighede te beoefen wat gesag verleen of impliseer aan 'n stelling wat daardie persoon maak;

*(f)* **"eenheid"** of **"onderaandeel"** enige reg of belang in enige sekuriteite; en

*(g)* **"geregistreerde prospektus"** 'n prospektus wat aan hierdie Wet voldoen en—

(i) in die geval van genoteerde sekuriteite, deur die toepaslike beurs goedgekeur is; of

(ii) andersins ingedien is;

*(h)* **"gespesifiseerde aandele"** aandele, insluitende opsies op aandele, wat aan werknemers van 'n maatskappy aangebied word ingevolge 'n aandeleskema vir werknemers;

*(i)* **"maatskappy"** ook, benewens die betekenis wat in artikel 1 uiteengesit word, 'n buitelandse maatskappy;

*(j)* **"nakomingsbeampte"** 'n nakomingsbeampte wat deur 'n maatskappy aangestel word ten opsigte van sy aandeleskema vir werknemers;

*(k)* **"primêre aanbieding"** beteken 'n aanbod aan die publiek, deur of namens 'n maatskappy gemaak, van sekuriteite wat deur daardie maatskappy of 'n ander maatskappy uitgereik gaan word—

*(aa)* binne 'n maatskappyegroep waarvan die eerste maatskappy 'n lid is; of

*(bb)* met wie die eerste maatskappy van voorneme is om saam te smelt; of

*(cc)* waarmee die eerste maatskappy van voorneme is om te amalgameer;

*(l)* **"promotor"** met betrekking tot siviele en kriminele aanspreeklikheid ten opsigte van 'n vals verklaring in 'n prospektus—

(i) 'n persoon wat 'n party tot die opstel van die prospektus was, of van die gedeelte daarvan wat die vals verklaring bevat; maar

(ii) nie enige persoon wat in 'n professionele hoedanigheid optree vir persone wat betrokke is by die verkryging van die oprigting van die maatskappy of die opstel van die prospektus nie;

*(m)* **"regte-aanbod"** 'n aanbod, met of sonder 'n reg om ten gunste van ander persone afstand te doen, wat aan enige houers van 'n maatskappy se sekuriteite gemaak word vir inskrywing op enige sekuriteite van daardie maatskappy, of enige ander maatskappy binne dieselfde maatskappyegroep;

*(n)* **"sekondêre aanbieding"** 'n aanbod vir die verkoop van enige sekuriteite van 'n maatskappy of sy filiaal aan die publiek, gemaak deur of namens 'n persoon behalwe daardie maatskappy of sy filiaal;

*(o)* **"toewysingsbrief"** enige dokument wat 'n reg verleen om ingevolge 'n regte-aanbod vir aandele in te skryf;

*(p)* **"vals verklaring"** behoudens subartikels (3) en (4) ook 'n verklaring wat misleidend is in die vorm en samehang waarin dit gemaak word.

(2) Vir die doel van hierdie Hoofstuk en Bylae 3, moet 'n persoon deur of ten opsigte van 'n maatskappy as 'n lid van die publiek beskou word, ten spyte daarvan dat daardie persoon 'n aandeelhouer van die maatskappy of 'n koper van goedere by die maatskappy is.

(3) 'n Vals verklaring word geag ingesluit te wees in 'n prospektus, skriftelike verklaring of opsomming wat 'n persoon verwys na óf 'n prospektus óf skriftelike verklaring, indien dit in enige verslag of memorandum vervat word—

*(a)* wat op die voorkant van die prospektus, skriftelike verklaring of opsomming verskyn; of

*(b)* wat ingesluit is deur verwysing binne, of aan die prospektus, skriftelike verklaring of opsomming vasgeheg is of dit vergesel.

(4) 'n Weglating uit 'n prospektus of skriftelike verklaring van enige aangeleentheid wat in die konteks daarop bereken is om deur weglating te mislei, behels die maak van 'n vals verklaring in daardie prospektus of skriftelike verklaring, ongeag of hierdie Wet vereis dat daardie aangeleentheid by die prospektus of skriftelike verklaring ingesluit word.

(5) 'n Bepaling van 'n ooreenkoms is nietig in die mate wat dit—

*(a)* van 'n aansoeker vir sekuriteite vereis om voldoening aan 'n vereiste van hierdie Hoofstuk of Bylae 3 kwyt te skeld; of

*(b)* voorgee om 'n aansoeker vir sekuriteite te affekteer met enige kennisgewing van enige ooreenkoms, dokument of aangeleentheid waarna nie spesifiek in 'n prospektus of skriftelike verklaring verwys word nie.

(6) Niks in hierdie Hoofstuk beperk enige aanspreeklikheid wat 'n persoon ingevolge hierdie Wet mag aangaan afgesien van hierdie Hoofstuk, of ingevolge enige ander openbare regulasie, of ingevolge die gemenereg nie.

**Aanbiedinge wat nie aanbiedinge aan publiek is nie**

**96.** (1) 'n Aanbod is nie 'n aanbod aan die publiek nie —

*(a)* indien die aanbod slegs gemaak word aan—

(i) persone wie se gewone besigheid, of deel van hulle gewone besigheid, is om in sekuriteite handel te dryf, hetsy as prinsipale of as agente;

(ii) die Openbare Beleggingskorporasie soos omskryf in die Wet op Openbare Beleggingskorporasies, 2004 (Wet No. 23 van 2004);

(iii) 'n persoon of entiteit wat deur die Reserwebank van Suid-Afrika gereguleer word;

(iv) 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste soos omskryf in die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste, 2002 (Wet No. 37 van 2002);

(v) 'n finansiële instelling, soos omskryf in die Wet op die Raad vir Finansiële Dienste, 1990 (Wet No. 97 van 1990);

(vi) 'n volfiliaal van 'n persoon soos beoog in subparagraaf (iii), (iv) of (v), wat optree as agent in die hoedanigheid van 'n gemagtigde portefeuljebestuurder vir 'n pensioenfonds wat geregistreer is ingevolge die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956), of as bestuurder vir 'n kollektiewe beleggingskema wat ingevolge die Wet op

die Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, 2002 (Wet No. 45 van 2002), geregistreer is; of

(vii) enige kombinasie van persone soos beoog in paragrawe (i) tot (vi);

*(b)* indien die totale voorgenome verkrygingskoste van die sekuriteite, vir enige enkele geadresseerde wat as prinsipaal dien, gelyk is aan of groter is as die bedrag wat ingevolge subartikel (2)*(a)* voorgeskryf word; of

*(c)* indien dit 'n nie-afwysbare aanbod is wat slegs gemaak word aan—

(i) bestaande houers van die maatskappy se sekuriteite; of

(ii) persone verwant aan bestaande houers van die maatskappy se sekuriteite; of

*(d)* indien dit 'n regte-aanbod is wat voldoen aan die voorgeskrewe vereistes, en—

(i) 'n beurs 'n notering toegestaan of ingestem het om toe te staan vir die sekuriteite wat aan die aanbod onderworpe is; en

(ii) die regte-aanbod voldoen aan enige toepaslike vereistes van daardie beurs op die tydstip wanneer die aanbod gemaak word;

*(e)* indien die aanbod slegs aan 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die maatskappy gemaak word, of aan 'n persoon verwant aan 'n direkteur of voorgeskrewe beampte, tensy die aanbod afwysbaar is ten gunste van 'n persoon wat nie 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die maatskappy is of 'n persoon wat verwant is aan 'n direkteur of voorgeskrewe beampte;

*(f)* indien dit betrekking het op 'n aandeleskema vir werknemers wat aan die vereistes van artikel 97 voldoen; of

*(g)* indien dit 'n aanbod, of een van 'n reeks aanbiedinge, vir inskrywing is wat skriftelik geskied, en—

(i) geen aanbod in die reeks gepaardgaan met of gemaak word deur middel van 'n advertensie nie en geen verkoopsuitgawes in verband met enige aanbod in die reeks aangegaan word nie;

(ii) die uitgifte van sekuriteite ingevolge enige enkele aanbod in die reeks binne ses maande na die datum waarop die aanbod die eerste keer gemaak is, afgehandel word;

(iii) die aanbod, of reeks aanbiedinge in die geheel, aanvaar word deur 'n maksimum van vyftig persone wat as prinsipale dien;

(iv) die inskrywingsprys, insluitende enige premie, van die sekuriteite wat ten opsigte van die reeks aanbiedinge uitgereik word, altesaam nie meer is as die bedrag wat kragtens subartikel (2)*(a)* voorgeskryf word nie; en

(v) geen soortgelyke aanbod, of aanbod in 'n reeks aanbiedinge, onmiddellik voor die aanbod, of eerste van 'n reeks aanbiedinge, na gelang van die geval, deur die maatskappy gemaak is binne die tydperk wat voorgeskryf word ingevolge subartikel (2)*(b)* nie.

(2) Die Minister mag per kennisgewing in die *Staatskoerant*—

*(a)* 'n waarde van minstens R100 000 voorskryf as die minimum vir die doel van subartikel (1)*(g)*(iv); en

*(b)* 'n minimum tydperk wat minstens ses maande moet wees, vir die doel van subartikel (1)*(g)*(v) voorskryf.

**Standaarde vir kwalifiserende aandeleskemas vir werknemers**

**97.** (1) 'n Aandeleskema vir werknemers kwalifiseer vir vrystellings soos beoog in artikels 41(2)*(d)*, 44(2)*(c)*(i) of 45(2)*(c)*(i) en hierdie Hoofstuk indien—

*(a)* die maatskappy—

(i) 'n nakomingsbeampte vir die skema aangestel het om aan die direkteure van die maatskappy aanspreeklik te wees;

(ii) in sy finansiële jaarstate die vasgestelde aantal aandele aangee wat gedurende daardie finansiële jaar toegeken is ingevolge sy aandeleskema vir werknemers; en

*(b)* die nakomingsbeampte voldoen het aan die vereistes van subartikel (2).

(2) 'n Nakomingsbeampte wat ten opsigte van enige aandeleskema vir werknemers aangestel word—

*(a)* is verantwoordelik vir die administrasie van daardie skema;

*(b)* moet 'n skriftelike staat verskaf aan enige werknemer wat 'n aanbod van gespesifiseerde aandele ingevolge daardie werknemerskema ontvang, met 'n uiteensetting van—

(i) volledige besonderhede oor die aard van die transaksie, insluitende die risiko's daaraan verbonde;
(ii) inligting met betrekking tot die maatskappy, insluitende sy jongste finansiële state, die algemene aard van sy besigheid en sy winsgeskiedenis oor die laaste drie jaar; en
(iii) volledige besonderhede oor enige wesenlike veranderinge wat voorkom ten opsigte van enige inligting wat ingevolge subparagraaf (i) of (ii) verstrek word;

*(c)* moet toesien dat kopieë van die dokumente wat die inligting bevat waarna in paragraaf *(b)* verwys word, binne 20 sakedae na die totstandkoming van die aandeleskema vir werknemers ingedien word; en

*(d)* moet binne 60 sakedae na die einde van elke finansiële jaar 'n sertifikaat indien wat sertifiseer dat die nakomingsbeampte gedurende die afgelope finansiële jaar die verpligtinge ingevolge hierdie artikel nagekom het.

**Advertensies met betrekking tot aanbiedinge**

**98.** (1) As alternatief op enige ander manier om 'n aanbod aan die publiek te maak of voor te lê, mag sodanige aanbod gemaak of voorgelê word by wyse van 'n advertensie wat—

*(a)* al die vereistes van hierdie Wet ten opsigte van 'n geregistreerde prospektus nakom; en

*(b)* onderhewig is aan elke bepaling van hierdie Wet met betrekking tot die opstel van 'n prospektus.

(2) Bo en behalwe 'n aanbod aan die publiek te maak of voor te lê deur 'n prospektus uit te gee, kan die publiek se aandag op so 'n aanbod gevestig word deur 'n advertensie, maar enige sodanige advertensie—

*(a)* moet 'n verklaring insluit—
(i) wat duidelik stel dat dit nie 'n prospektus is nie; en
(ii) aandui waar en hoe 'n persoon 'n kopie van die volledige geregistreerde prospektus met betrekking tot daardie aanbod kan bekom;

*(b)* moet nie enige vals verklaring bevat nie of, deur 'n uitdruklike verklaring, weglating of redelike implikasie sodanig wees dat dit 'n persoon wat die advertensie lees, redelikerwys sal mislei—
(i) om te glo dat die advertensie 'n prospektus is nie; of
(ii) aangaande enige materiaal wat spesifiek in die prospektus met betrekking tot daardie aanbod aangebied word nie; en

*(c)* is onderworpe aan artikels 102 tot 111, saamgelees met die veranderinge wat deur die konteks vereis word.

(3) 'n Advertensie wat die aandag vestig op 'n aanbod aan die publiek, soos beoog in subartikel (2)—

*(a)* hoef nie by 'n beurs ingedien of geregistreer te word nie; en

*(b)* sal geag word as bedoel om 'n prospektus te wees, uitgereik deur die persoon wat verantwoordelik is vir die uitgee of verspreiding van die advertensie, indien dit nie die verklarings bevat wat vereis word deur subartikel (2)*(a)* nie, in weerwil van enige strydige verklaring wat in die advertensie vervat word.

**Algemene beperkings op aanbiedinge aan publiek**

**99.** (1) 'n Persoon moet nie aan die publiek enige sekuriteite van enige persoon aanbied nie tensy daardie tweede persoon—

*(a)* 'n maatskappy is; en

*(b)* in die geval van 'n buitelandse maatskappy, 'n kopie van sy Akte van Oprigting en 'n lys van die name en adresse van sy direkteure ingedien is binne 90 sakedae voordat die aanbod aan die publiek gemaak word.

(2) 'n Persoon moenie 'n aanvanklike openbare aanbieding maak tensy daardie aanbod van 'n geregistreerde prospektus vergesel word nie.

(3) Behalwe ten opsigte van sekuriteite wat onderhewig is aan 'n maatskappy se aanvanklike openbare aanbieding, moet 'n persoon nie—

*(a)* 'n primêre aanbod aan die publiek maak van enige—
(i) genoteerde sekuriteite van 'n maatskappy anders as ooreenkomstig die vereistes van die betrokke beurs nie; of

(ii) ongenoteerde sekuriteite van ’n maatskappy tensy die aanbod vergesel word van ’n geregistreerde prospektus wat aan die vereistes van artikel 101 voldoen nie; of

*(b)* ’n sekondêre aanbod aan die publiek maak van enige sekuriteite van ’n maatskappy nie, tensy die aanbod aan die vereistes van artikel 101 voldoen.

(4) ’n Persoon moet nie ’n toewysingsbrief uitreik, versprei, lewer of laat uitreik, versprei of lewer tensy dit vergesel word van alle vereiste dokumente nie en—

*(a)* ingedien is, in die geval van ongenoteerde sekuriteite;

*(b)* goedgekeur is deur die betrokke beurs, in die geval van genoteerde sekuriteite.

(5) Behoudens subartikel (6), moet ’n persoon nie enige vorm van aansoek ten opsigte van sekuriteite van ’n maatskappy uitreik, versprei of lewer of laat uitreik, versprei of lewer nie tensy die vorm—

*(a)* vergesel word van—

(i) ’n geregistreerde prospektus in die geval van ’n primêre aanbieding; of

(ii) ’n skriftelike verklaring wat voldoen aan die vereistes van artikel 101, in die geval van ’n sekondêre aanbieding; en

*(b)* op die voorkant daarvan die datum bevat waarop die prospektus ten opsigte van daardie sekuriteite ingedien is.

(6) Subartikel (5) is nie van toepassing nie indien die aansoekvorm uitgereik is—

*(a)* óf in verband met ’n egte uitnodiging om ’n onderskrywingsooreenkoms ten opsigte van die sekuriteite aan te gaan;

*(b)* óf in verband met sekuriteite wat nie aan die publiek aangebied is.

(7) In weerwil van enigiets wat in ’n maatskappy se Akte van Oprigting vervat word, mag die maatskappy enige kategorie houers van die maatskappy se sekuriteite wat nie in die Republiek woonagtig is nie van enige regte-aanbod uitsluit—

*(a)* indien die Kommissie daardie uitsluiting vooruit goedgekeur het op aansoek van die maatskappy op die voorgeskrewe manier en vorm op grond daarvan dat die aantal persone onbeduidend is met betrekking tot—

(i) die aantal bestaande houers van die maatskappy se sekuriteite wat binne die Republiek woonagtig is; en

(ii) die administratiewe koste en ongerief verbonde aan die rig van die regte-aanbod aan hulle; en

*(b)* onderworpe aan enige voorwaardes verbonde aan die goedkeuring wat in paragraaf *(a)* beoog word.

(8) ’n Persoon moenie ’n prospektus of ’n dokument wat voorgee om ’n prospektus te wees, of ’n dokument wat redelikerwys misverstaan kan word as bedoel om ’n prospektus te wees, uitreik nie tensy dit ’n geregistreerde prospektus is.

(9) ’n Prospektus mag nie geregistreer word tensy die vereistes van hierdie Wet nagekom is en dit binne 10 sakedae na die datum van daardie prospektus saam met enige voorgeskrewe dokumente vir registrasie ingedien is nie.

(10) Sodra die Kommissie ’n prospektus geregistreer het, moet kennis van die registrasie gestuur word aan die persoon wat die prospektus vir registrasie ingedien het.

(11) ’n Prospektus mag nie meer as drie maande na die datum van sy registrasie uitgereik word nie, en indien ’n prospektus aldus uitgereik word, word dit as ongeregistreer geag.

**Vereistes rakende prospektus**

**100.** (1) Hierdie artikel is nie van toepassing ten opsigte van genoteerde sekuriteite nie, behalwe genoteerde sekuriteite wat onderhewig is aan ’n aanvanklike openbare aanbieding.

(2) Behoudens die bepalings van artikels 102 tot 111, moet ’n prospektus—

*(a)* alle inligting bevat wat ’n belegger redelikerwys mag nodig hê om te bepaal—

(i) die bates en laste, finansiële posisie, winste en verliese, kontantvloei en vooruitsigte van die maatskappy waarin ’n reg of belang verkry gaan word; en

(ii) die sekuriteite wat aangebied word en die regte daaraan verbonde; en

*(b)* hou by die spesifikasies van Bylae 3.

(3) Die registrasiedatum van ’n prospektus is die datum waarop die prospektus uitgereik word tensy die teendeel bewys word.

(4) ’n Prospektus moet nie geregistreer word nie tensy daarby aangeheg is—

*(a)* ’n kopie van enige wesenlike ooreenkoms wat Bylae 3 vereis in ’n prospektus aangegee moet word; of

(b) in die geval van 'n ongeskrewe ooreenkoms, 'n memorandum wat volledige besonderhede oor die ooreenkoms verstrek.

(5) Indien enige deel van 'n ooreenkoms soos in subartikel (4) beoog in 'n taal is wat nie 'n amptelike taal is nie, moet 'n gewaarmerkte vertaling, in 'n amptelike taal, van daardie gedeelte by die ooreenkoms aangeheg word.

(6) 'n Prospektus wat 'n verklaring bevat te dien effekte dat die volle of enige gedeelte van die uitgifte van die sekuriteite wat aan die publiek aangebied word, onderskryf is of word, mag nie geregistreer word nie alvorens 'n kopie van die onderskrywingsooreenkoms ingedien is saam met 'n beëdigde verklaring wat verklaar dat die onderskrywer na die beste van die deponent se wete en oortuiging in 'n posisie is en sal wees om die verpligtinge na te kom wat in die ooreenkoms beoog word, selfs al word vir geen aandele aansoek gedoen nie.

(7) 'n Verklaring wat in subartikel (6) beoog word, moet beëdig word deur die persoon wat as onderskrywer benoem word of, indien die onderskrywer 'n maatskappy is, deur elk van twee direkteure van daardie maatskappy, of indien dit net een direkteur het, deur daardie direkteur.

(8) Indien 'n aanbod gemaak word ten opsigte waarvan geen prospektus deur hierdie Wet vereis word nie, moet die kopie van die ooreenkoms en beëdigde verklaring waarna in subartikel (6) verwys word, nie later as die datum van die voorgestelde aanbod van aandele ingedien word nie.

(9) Die Kommissie, of 'n beurs in die geval van genoteerde sekuriteite, mag op aansoek toelaat dat verlangde inligting uit 'n prospektus weggelaat word, indien die Kommissie of beurs oortuig is—

(a) dat die publikasie van die inligting onnodig lastig sal wees vir die aansoeker, erg nadelig vir die maatskappy wie se sekuriteite aan die prospektus onderhewig is, of teen die openbare belang is; en

(b) dat gebruikers nie uitermate deur die weglating benadeel sal word nie.

(10) 'n Aansoek kragtens subartikel (9) moet in skrif geskied en deur die voorgeskrewe geld vergesel word.

(11) So lank as wat 'n aanvanklike openbare aanbieding of ander primêre aanbieding van ongenoteerde sekuriteite aan die publiek oop bly, moet enige persoon wat vir inligting in die prospektus verantwoordelik is, wanneer daardie persoon bewus daarvan raak—

(a) enige fout regstel;

(b) verslag doen van enige nuwe aangeleentheid; en

(c) verslag doen van enige verandering van 'n aangeleentheid wat by die prospektus ingesluit is,

mits dit ter sake of wesenlik ingevolge hierdie Hoofstuk is.

(12) 'n Regstelling of verslag kragtens subartikel (11) moet as 'n aanhangsel by die prospektus geregistreer word, gelyktydig aan bekende ontvangers van die prospektus uitgegee word en by toekomstige verspreidings van die prospektus ingesluit word.

(13) Indien 'n regstelling of verslag uitgegee is soos beoog in subartikels (11) en (12)—

(a) mag enige persoon wat voor die datum van daardie publikasie vir die uitgifte van aandele ingeskryf het as gevolg van die aanbod, binne 20 sakedae na die datum van daardie publikasie die inskrywing terugtrek deur skriftelike kennisgewing;

(b) mag die aanbieder, by ontvangs van 'n kennisgewing ingevolge paragraaf *(a)*—

 (i) óf die terugtrekking aanvaar en aan die persoon enige teenprestasie wat reeds ten opsigte van die inskrywing betaal is, terugbesorg; óf

 (ii) by die hof aansoek doen vir 'n bevel ingevolge paragraaf *(c)*; en

(c) mag die hof op 'n aansoek ingevolge paragraaf *(b)*(ii), enige bevel uitreik wat billik en regverdig in die omstandighede is, insluitende maar nie beperk nie tot, 'n bevel—

 (i) wat die reg van die inskrywer om die aanbod terug te trek, tot niet maak; of

 (ii) om enige transaksie om te swaai, of enige teenprestasie wat betaal is of voordeel wat ingevolge die aanbod en inskrywing deur enige persoon ontvang is, terug te besorg.

**Sekondêre aanbiedinge aan publiek**

**101.** (1) Hierdie artikel is nie van toepassing nie ten opsigte van sekuriteite—

*(a)* wat op ’n beurs genoteer is; of

*(b)* ten opsigte waarvan ’n beurs toestemming verleen het om te verhandel.

(2) Behoudens subartikel (3) alleenlik, moet ’n persoon wat ’n sekondêre aanbieding van ’n maatskappy se sekuriteite maak, toesien dat die aanbod gepaardgaan met—

*(a)* óf die geregistreerde prospektus wat met die primêre aanbieding van daardie sekuriteite gepaardgegaan het, saam met enige hersienings wat nodig was om veranderinge in enige wesenlike aangeleentheid sedert die registrasiedatum van die prospektus aan te bring; óf

*(b)* ’n skriftelike verklaring wat voldoen aan die vereistes van subartikels (4) tot (6).

(3) Subartikel (2) is nie van toepassing nie—

*(a)* indien die aanbod gemaak word of die materiaal uitgegee word—

(i) deur ’n persoon wat optree in die hoedanigheid van ’n eksekuteur of administrateur van ’n bestorwe boedel of ’n trustee van ’n insolvente boedel of ’n likwidateur of trustee waarna verwys word in die Wet op die Administrasie van Boedels, 1965 (Wet No. 66 van 1965); of

(ii) vir die doel van ’n verkoop in eksekusie of per openbare veiling of per openbare tender.

(4) Indien ’n aanbod wat in hierdie artikel beoog word ten opsigte van sekuriteite van ’n openbare maatskappy is, moet ’n persoon wat die aanbod publiseer of maak—

*(a)* ’n kopie van die skriftelike verklaring vir registrasie indien voordat dit uitgereik, versprei of gepubliseer word; en

*(b)* nie die verklaring meer as drie maande na die datum waarop dit geregistreer word, uitreik, versprei of publiseer nie.

(5) Die skriftelike verklaring waarna in subartikel (3) verwys word, moet gedateer en onderteken word deur—

*(a)* die persoon wat die aanbod maak of die materiaal uitreik, versprei of publiseer; en

*(b)* indien daardie persoon ’n maatskappy is, deur elke direkteur van die maatskappy.

(6) Die skriftelike verklaring waarna in subartikel (3) verwys word, moet—

*(a)* nie enige ander kwessie aanroer behalwe die besonderhede wat deur hierdie artikel vereis word nie;

*(b)* nie in karakters kleiner of minder leesbaar wees nie as enige karakters wat gebruik word in—

(i) die skriftelike aanbod, indien enige; of

(ii) enige dokument wat met die verklaring gepaardgaan;

*(c)* vergesel word van ’n kopie van die laaste finansiële jaarstate van die maatskappy saam met enige daaropvolgende tussentydse verslag of voorlopige finansiële jaarstate van daardie maatskappy; en

*(d)* besonderhede ten opsigte van die volgende aangeleenthede bevat:

(i) Of die persoon wat die aanbod maak as prinsipaal of as agent optree en, indien as agent—

*(aa)* die naam van die prinsipaal;

*(bb)* ’n adres in die Republiek waar prosesstukke op die prinsipaal beteken kan word; en

*(cc)* die aard en omvang van die vergoeding wat die agent ontvang het of ontvangbaar is vir die dienste wat gelewer is;

(ii) die datum waarop en die land waarin die maatskappy geïnkorporeer is en die adres van sy geregistreerde kantoor in die Republiek of, indien daar geen sodanige adres bestaan nie, die adres van sy hoofkantoor buite die Republiek;

(iii) die klasse en aantal sekuriteite in elke klas wat gemagtig is, en ten opsigte van elke klas sekuriteite—

*(aa)* die voorkeure, regte, beperkings en ander voorwaardes verbonde aan die klas ten opsigte van kapitaal, dividende en stemmery;

*(bb)* die aantal sekuriteite wat vir kontant uitgereik is, en die totale kontantteenprestasie wat die maatskappy ontvang het vir daardie uitgereikte sekuriteite in daardie klas; en

*(cc)* die aantal sekuriteite wat vir 'n teenprestasie anders as kontant uitgereik is, en die waarde van die teenprestasie wat die maatskappy ontvang het vir daardie uitgereikte sekuriteite in daardie klas;

(iv) die dividende, indien enige, deur die maatskappy betaal op elke klas sekuriteite tydens elk van die vyf finansiële jare wat die aanbod onmiddellik voorafgegaan het, en indien geen dividend ten opsigte van sekuriteite in enige bepaalde klas gedurende enige van daardie jare betaal is nie, 'n verklaring te dien effekte;

(v) die totale bedrag van enige sekuriteite behalwe aandele wat deur die maatskappy uitgereik is en op die staatdatum uitstaande is, tesame met die rentekoers daarop betaalbaar;

(vi) die name en adresse van die direkteure van die maatskappy;

(vii) of die sekuriteite genoteer is al dan nie, of toestemming om daardie sekuriteite te verhandel deur 'n beurs toegestaan is, behalwe soos waarna in subartikel (1) verwys word, en indien wel, watter, en indien nie, 'n verklaring dat hulle nie aldus genoteer is nie of dat geen sodanige toestemming verleen is nie;

(viii) indien die aanbod op eenhede betrekking het, besonderhede oor die name en adresse van die persone aan wie die sekuriteite wat deur die eenhede verteenwoordig word, oorgegaan het, die datum en die partye tot enige dokument wat omskryf op watter voorwaardes die sekuriteite gehou word, en 'n adres in die Republiek waar daardie dokument of 'n kopie daarvan ter insae beskikbaar is;

(ix) die datums waarop en die pryse waarteen die sekuriteite wat aangebied word oorspronklik deur die maatskappy uitgereik is, en verkry is deur die persoon wat die aanbod gemaak het of deur daardie persoon se prinsipaal, met verstrekking van die redes vir enige verskil tussen daardie pryse en die pryse waarteen die sekuriteite aangebied word;

(x) indien enige sekuriteite deur die maatskappy as gedeeltelik opbetaalde aandele kragtens die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), uitgereik is, in watter mate hulle opbetaal is; en

(xi) die registrasiedatum van die skriftelike verklaring deur die Kommissie.

(7) In subartikel (6) verwys die uitdrukking 'maatskappy' na die maatskappy wat die betrokke sekuriteite uitgereik het.

**Toestemming tot gebruik van naam in prospektus**

**102.** (1) In enige prospektus met betrekking tot die sekuriteite van 'n maatskappy moet 'n persoon nie—

*(a)* 'n tweede persoon as 'n direkteur of voorgestelde direkteur van daardie maatskappy by name noem nie tensy, voor die registrasie van daardie prospektus—

(i) in die geval van 'n maatskappy wat in die Republiek geïnkorporeer is, die tweede persoon skriftelik toegestem het om as 'n direkteur te dien voordat die prospektus ingedien is, en nie die toestemming teruggetrek het nie; en

(ii) die voorgeskrewe opgawe wat die toepaslike besonderhede in verband met daardie tweede persoon aangee, ingedien is; of

*(b)* enige verklaring insluit wat deur 'n deskundige gemaak is, of verwysing na enige verklaring wat voorgee om deur 'n deskundige gemaak te wees, nie, tensy—

(i) die deskundige skriftelik toegestem het tot die gebruik van daardie verklaring voordat die prospektus ingedien is, en nie die toestemming teruggetrek het nie;

(ii) die skriftelike toestemming geëndosseer of vasgeheg is aan die kopie van die ingediende prospektus; en

(iii) die prospektus 'n verklaring insluit dat die deskundige toegestem het tot die gebruik van die verklaring, en nie daardie toestemming teruggetrek het nie.

(2) 'n Prospektus moet nie enige persoon by name noem as die ouditeur, prokureur, bankier of makelaar van 'n maatskappy nie tensy dit vergesel word van die skriftelike toestemming van die persoon wat by name genoem word, wat toestem om—

(*a*) benoem te word om in die verklaarde hoedanigheid op te tree; en
(*b*) tot die gebruik van daardie persoon se naam in die prospektus.

**Verandering van ooreenkoms in prospektus genoem**

**103**. (1) Onderworpe aan subartikel (2), moet ’n maatskappy nie binne een jaar na die indieningsdatum van ’n prospektus enige wesenlike bepalings van ’n ooreenkoms waarna in die prospektus verwys word, verander of instem om te verander nie behalwe in die gewone loop van sake.

(2) ’n Verandering in die bepalings van ’n ooreenkoms, soos beoog in subartikel (1), mag slegs deur ’n maatskappy aangebring of daartoe ooreengekom word indien—
(*a*) die verandering in die prospektus oorweeg en uiteengesit is; of
(*b*) die spesifieke bepalings van die verandering gemagtig of bekragtig word per gewone besluit wat by ’n algemene vergadering van aandeelhouers aangeneem word.

**Aanspreeklikheid vir vals verklarings in prospektus**

**104.** (1) Indien sekuriteite ooreenkomstig ’n prospektus aan die publiek gebied word vir inskrywing of verkoop, is elke—
(*a*) persoon wat ’n direkteur word tussen die uitreikingsdatum van die prospektus en die hou van die eerste algemene vergadering van aandeelhouers waarby direkteure verkies of aangestel word;
(*b*) persoon wat toegestem het om in die prospektus by name genoem te word as ’n direkteur, of ooreengekom het om óf onmiddellik óf na ’n tussenpose ’n direkteur te word;
(*c*) promotor van die maatskappy; of
(*d*) persoon wat—
  (i) die uitreiking van die prospektus gemagtig het, of kragtens hierdie Wet, geag word as die uitreiking van daardie prospektus te gemagtig het; of
  (ii) daardie aanbod aan die publiek te gemaak het,

aanspreeklik om enige persoon wat sekuriteite op gesag van die prospektus verkry het, te vergoed vir enige verlies of skade wat die persoon moontlik gely het as gevolg van enige vals verklaring in die prospektus, of in enige verslag of memorandum wat op die voorkant daarvan verskyn het, saam met die prospektus uitgereik is of ingesluit is deur verwysing in die prospektus.

(2) Die aanspreeklikheid beoog in subartikel (1) is bo en behalwe die aanspreeklikheid van ’n direkteur van die maatskappy, soos uiteengesit in artikel 77(3)*(d)*(ii).

(3) Aanspreeklikheid soos in hierdie artikel beoog, rus nie op ’n persoon nie indien—
(*a*) ten opsigte van elke vals verklaring wat nie voorgee om gemaak te wees op die gesag van ’n deskundige of van ’n openbare amptelike dokument of verklaring nie, daardie persoon redelike gronde gehad het om te glo, en tot ten tye van die toewysing van die sekuriteite of die aanvaarding van die aanbod, na gelang van die geval, te glo dat die verklaring waar was:
(*b*) ten opsigte van elke vals verklaring wat voorgee om ’n verklaring te wees deur ’n deskundige of vervat word in wat voorgee om ’n kopie of ’n uittreksel uit die verslag of waardasie van ’n deskundige te wees —
  (i) die vals verklaring die verklaring regverdig verteenwoordig het of ’n korrekte en billike kopie of uittreksel was van die verslag of waardasie; en
  (ii) die persoon redelike gronde gehad het om te glo en tot tydens die uitreiking van die prospektus glo dat die deskundige wat die verklaring gemaak het, bevoeg was om dit te doen en, soos deur hierdie Wet vereis, tot die uitreiking van die prospektus of die maak van die aanbod toegestem het en nie daardie toestemming teruggetrek het nie—
    (*aa*) voordat die prospektus ingedien is; of
    (*bb*) na daardie persoon se wete, voor enige toewysing wat ingevolge die prospektus gemaak is, of voor die aanvaarding van die aanbod;
(*c*) enige vals verklaring wat voorgee om ’n verklaring te wees wat gemaak is deur ’n amptelike persoon of vervat word in wat voorgee om ’n kopie of uittreksel uit ’n openbare amptelike dokument te wees, ’n korrekte en billike voorstelling was van die verklaring of kopie of uittreksel uit die dokument;

*(d)* daardie persoon toegestem het om ’n direkteur van die maatskappy te word, maar daarna voor die uitreiking van die prospektus daardie toestemming teruggetrek het, en dat dit sonder daardie persoon se toestemming uitgereik is; of

*(e)* die prospektus uitgereik is sonder die wete of toestemming van daardie persoon en dat, toe hy bewus geraak het van die kwessie, daardie persoon onverwyld redelike openbare kennis gegee het dat dit sonder die wete of toestemming van daardie persoon uitgereik is; of

*(f)* na die uitreiking van die prospektus en voor toekenning of aanvaarding ingevolge daarvan, daardie persoon, toe hy bewus geraak het van enige vals verklaring daarin, enige toestemming tot die prospektus teruggetrek het en redelike openbare kennisgewing gegee het van die terugtrekking en die rede daarvoor.

(4) Indien ’n prospektus die naam van ’n persoon as ’n direkteur van die maatskappy bevat, of as sou daardie persoon ingestem het om ’n direkteur van daardie maatskappy te word, en daardie persoon nie toegestem het om ’n direkteur te word nie, of voor die uitreiking van die prospektus toestemming teruggetrek het, en nie die uitreiking van die prospektus gemagtig of daartoe ingestem het nie, is die direkteure van die maatskappy, behalwe enigiemand sonder wie se wete of toestemming die prospektus uitgereik was—

*(a)* aanspreeklik in die mate wat in artikel 77(3)*(d)*(ii) uiteengesit word; en

*(b)* enige ander persoon wat die prospektus uitgereik of die uitreiking daarvan gemagtig het, is saam met die direkteure aanspreeklik om enige persoon wat verkeerdelik as ’n direkteur by name genoem is, skadeloos te stel teen enige skade, koste of uitgawe wat gely is as gevolg daarvan dat die persoon aldus in die prospektus by name genoem is, of aangegaan is ter verdediging van enige handeling of regstappe wat ingestel is omdat hy aldus by name in die prospektus genoem is.

(5) Subartikel (4), gelees in samehang met die veranderinge wat deur die konteks vereis word, is eweneens van toepassing ten opsigte van enige ander persoon wie se toestemming ingevolge hierdie Wet nodig is in verband met enigiets wat in ’n prospektus vervat word, en wat—

*(a)* óf nie daardie toestemming verleen het nie; óf

*(b)* dit teruggetrek het voor die uitreiking van die prospektus.

(6) ’n Persoon wat uit hoofde daarvan dat hy—

*(a)* ’n direkteur is, of by name as ’n direkteur genoem is;

*(b)* ooreengekom het om ’n direkteur te word;

*(c)* die uitreiking van die prospektus gemagtig het; of

*(d)* ’n direkteur geword het tussen die uitreiking van die prospektus en die hou van die eerste algemene vergadering van aandeelhouers waarby direkteure verkies of benoem word,

enige aanspreeklikheid kragtens hierdie artikel nagekom het deur ’n betaling aan ’n ander persoon te maak, mag ’n bydrae, soos in die geval van kontrakte, verhaal by enige ander persoon wat, indien afsonderlik gedagvaar, aanspreeklik sou wees om die genoemde betaling te maak, tensy die persoon wat sodanige aanspreeklikheid nagekom het, skuldig was aan bedrieglike wanvoorstelling en daardie ander persoon nie.

**Aanspreeklikheid van deskundiges en ander**

**105.** (1) Indien ’n persoon toegestem het tot die gebruik van sy naam, of die insluiting van enige materiaal in ’n prospektus, soos in hierdie Hoofstuk beoog—

*(a)* maak daardie toestemming nie die persoon aanspreeklik as een wat die uitreiking van die prospektus ingevolge artikel 104(1)*(d)* gemagtig het nie—

(i) óf om persone te vergoed wat op gesag van die prospektus gekoop het, behalwe ten opsigte van enige vals verklaring wat voorgee om deur daardie persoon as ’n deskundige gemaak te wees nie;

(ii) óf om enige persoon skadeloos te stel teen aanspreeklikheid kragtens artikel 104(6).

(2) Nieteenstaande subartikel (1) is ’n persoon soos in daardie subartikel beoog, kragtens artikel 104 aanspreeklik vir enige vals verklaring wat voorgee om deur daardie persoon as ’n deskundige gemaak te wees, tensy—

*(a)* die deskundige persoon daardie toestemming skriftelik teruggetrek het voordat die prospektus vir registrasie ingedien is; of

*(b)* tussen die indiening van die prospektus vir registrasie en enige toekenning ingevolge daarvan aan 'n klaer, daardie deskundige persoon bewus geraak het van die vals verklaring, die toestemming skriftelik teruggetrek het en redelike openbare kennis gegee het van die terugtrekking en die rede daarvoor; of

*(c)* die deskundige persoon—

(i) bevoeg was om die verklaring te maak; en

(ii) redelike gronde gehad het om tot en met die toekenning van die sekuriteite of die aanvaarding van die aanbod, na gelang van die geval, te glo dat die verklaring waar was.

(3) Die verweer wat vir 'n persoon in hierdie subartikel beskikbaar is, is in plaas van enige toepaslike verweer wat ingevolge artikel 104(3) beskikbaar is.

**Verantwoordelikheid vir vals verklarings in prospektus**

**106.** (1) Indien 'n prospektus 'n vals verklaring bevat, is elke persoon waarna in artikels 104(1) of (2) verwys word, behoudens die bepalings van subartikels (2) en (3) ingevolge die afdwingingsbepalings van hierdie Wet ewe verantwoordelik vir daardie vals verklaring.

(2) Indien—

*(a)* 'n gepubliseerde prospektus 'n verslag van 'n deskundige, of 'n uittreksel uit sodanige verslag, bevat of daarvan vergesel word;

*(b)* die verslag of uittreksel 'n vals verklaring bevat; en

*(c)* die deskundige toegestem het tot die insluiting van die verklaring in die prospektus in die vorm en verband waarin dit voorkom,

is die deskundige persoon behoudens die bepalings van subartikel (3) enkel en alleen verantwoordelik vir daardie verklaring.

(3) 'n Persoon is nie verantwoordelik vir 'n vals verklaring soos in hierdie artikel beoog nie indien—

*(a)* die vals verklaring nie van belang was nie; of

*(b)* aanspreeklikheid vir die vals verklaring om enige rede wat in artikel 104(3) uiteengesit word nie by daardie persoon berus nie.

**Tydgrens ten opsigte van toekenning of aanvaarding**

**107.** 'n Maatskappy wat 'n aanbod vir sekuriteite aan die publiek gemaak het, moet nie enige van daardie sekuriteite toeken of enige inskrywing vir daardie sekuriteite aanvaar meer as vier maande nadat die prospektus vir daardie aanbod ingedien is nie.

**Beperkings op toekenning**

**108.** (1) 'n Maatskappy wat 'n aanbod vir sekuriteite aan die publiek gemaak het, moet nie enige van daardie sekuriteite toeken of enige inskrywing vir enige van daardie sekuriteite aanvaar nie tensy—

*(a)* die inskrywing gedoen is op 'n aansoekvorm wat aan 'n prospektus vasgeheg was of daarvan vergesel is; of

*(b)* daar bewys word dat die aansoeker, ten tye van die aansoek, inderdaad in besit was van 'n kopie van die prospektus of bewus was van die inhoud daarvan.

(2) 'n Maatskappy wat 'n aanbod vir sekuriteite aan die publiek gemaak het, moet nie enige van daardie sekuriteite toeken tensy die bedrag wat in daardie prospektus aangegee word as die minimum bedrag wat volgens die direkteure van die betrokke maatskappy deur die uitgifte van sekuriteite verkry moet word om voorsiening te maak vir die sake wat in Item 22 van Bylae 3 gespesifiseer word, ingeskryf is en die bedrag wat aldus aangegee word aan die maatskappy betaal en deur die maatskappy ontvang is nie.

(3) Vir die doeleindes van subartikel (2)—

*(a)* moet enige bedrag wat aangegee word in enige tjek wat die maatskappy ontvang nie geag word daaraan betaal te wees alvorens die bedrag van die tjek nie onvoorwaardelik aan sy rekening by sy bankiers gekrediteer is nie; en

*(b)* moet enige bedrag betaal aan en ontvang deur die maatskappy verminder word met die bedrag van enige geld, wissel, promesse of tjek wat dit op enige tydstip aan die betaler gelewer het behalwe vir die vereffening van 'n *bona fide*-skuld deur die maatskappy.

(4) Die minimum bedrag soos in subartikel (2) beoog, moet uitsluitlik bereken word vir enige bedrag wat andersins as in kontant betaalbaar is.

(5) Totdat die minimum bedrag soos in subartikel (2) beoog, opgemaak is, moet enige bedrag wat betaal word op 'n aansoek soos in hierdie artikel beoog—

*(a)* in 'n afsonderlike rekening inbetaal word by 'n bankinstelling wat kragtens die Bankwet geregistreer is; en

*(b)* nie gebruik word of beskikbaar gestel word vir die doel van die maatskappy of die vereffening van sy skulde nie.

(6) Indien die omstandighede soos in subartikel (2) beoog nie binne 40 sakedae na die uitreiking van die prospektus verwesenlik word nie, moet alle bedrae wat vanaf aansoekers ontvang word stiptelik sonder rente aan hulle terugbetaal word.

(7) Indien enige geld wat behoudens subartikel (6) aan 'n aansoeker terugbetaal moet word nie binne 55 sakedae na die uitreiking van die prospektus terugbetaal is nie, is elke direkteur of voorgeskrewe beamptes van die maatskappy gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik om daardie geld vanaf die verstryking van die 55ste sakedag terug te betaal, tensy die wanbetaling nie te wyte was aan enige wangedrag of nalatigheid aan die kant van daardie direkteur of voorgeskrewe beampte nie.

**Toekenning wat nietig verklaar kan word**

**109.** (1) Indien 'n toekenning wat 'n maatskappy aan 'n aansoeker maak, of die aanvaarding van 'n aanbod wat deur 'n aansoeker gemaak word, strydig is met artikel 108(2), en daarna nie vir die minimum bedrag soos in daardie artikel beoog vir die betrokke aanbod ingeskryf is nie—

*(a)* kan daardie toekenning op aandrang van die betrokke aansoeker nietig verklaar word, ongeag of die betrokke maatskappy besig is om gelikwideer te word; en

*(b)* is elke direkteur van die betrokke maatskappy, en indien die aanbieder 'n maatskappy is, elke direkteur van daardie maatskappy, in die mate wat in artikel 77(3)*(e)*(vii) uiteengesit word, aanspreeklik indien die toekenning of aanvaarding kragtens paragraaf *(a)* nietig verklaar word.

(2) Regstappe om enige verlies, skadevergoeding of koste soos in hierdie artikel beoog, te verhaal, mag nie begin word na die vroegste van—

*(a)* 20 sakedae nadat die aansoeker die teenstrydigheid agtergekom het nie; of

*(b)* drie jaar na die datum van die betrokke toekenning of aanvaarding nie.

**Minimum tydsverloop voor toekenning of aanvaarding**

**110.** (1) Geen toekenning van sekuriteite of aanvaarding van 'n aanbod ten opsigte van 'n maatskappy se sekuriteite mag ooreenkomstig 'n prospektus gemaak word nie, en geen regstappe mag teen aansoeke wat ooreenkomstig 'n prospektus gemaak is, gedoen word tot aan die begin van die derde dag na die dag waarop die prospektus aanvanklik uitgereik is of sodanige latere tydstip, indien enige, wat in die prospektus gespesifiseer word nie.

(2) Die verwysing in subartikel (1) na die dag waarop 'n prospektus aanvanklik uitgereik is—

*(a)* verwys na die dag waarop dit die eerste keer as 'n koerantadvertensie uitgereik is; of

*(b)* indien dit nie as 'n koerantadvertensie uitgereik word voor die derde dag na die dag waarop dit die eerste keer op enige ander wyse uitgereik word nie, verwys na die dag waarop dit aanvanklik op daardie ander wyse uitgereik is.

(3) 'n Skending van subartikel (1) raak nie die geldigheid van 'n toekenning of aanvaarding nie.

**Voorwaardelike toekenning indien prospektus sekuriteite aangee wat genoteer gaan word**

**111.** (1) 'n Prospektus wat 'n verklaring bevat te dien effekte dat aansoek gedoen is of gedoen sal word vir toestemming om die sekuriteite wat daardeur aangebied word op 'n beurs te noteer, moet nie uitgereik word nie tensy—

*(a)* 'n aansoek inderdaad op of voor die uitreikingsdatum van daardie prospektus ooreenkomstig die vereistes van die betrokke beurs gemaak is; en

*(b)* die prospektus die naam verstrek van die bepaalde beurs aan wie die aansoek gerig is.

(2) Enige toekenning van sekuriteite ooreenkomstig 'n prospektus waarna in subartikel (1) verwys word, is onderworpe aan die voorwaarde dat—

*(a)* die aansoek soos in subartikel (1)*(a)* beoog, toegestaan word; of

*(b)* 'n appèl teen 'n weiering van so 'n aansoek gehandhaaf word.

## HOOFSTUK 5

## FUNDAMENTELE TRANSAKSIES, OORNAMES EN AANBIEDINGE

### *Deel A*

### *Goedkeuring vir sekere fundamentele transaksies*

**Voorstelle om geheel of grootste deel van bates of onderneming te vervreem**

**112.** (1) Hierdie artikel en artikel 115 geld nie vir 'n voorstel om die geheel of grootste deel van die bates of onderneming van 'n maatskappy te vervreem nie, indien daardie vervreemding 'n transaksie sou uitmaak—

*(a)* wat in ooreenstemming is met of beoog word in 'n ondernemingreddingsplan wat ooreenkomstig Hoofstuk 6 aanvaar is;

*(b)* tussen 'n volfiliaal en sy beheermaatskappy; of

*(c)* tussen—

(i) twee of meer volfiliale van dieselfde beheermaatskappy; of

(ii) 'n volfiliaal van 'n beheermaatskappy aan die een kant, en sy beheermaatskappy en een of meer volfiliale van daardie beheermaatskappy aan die ander kant.

(2) 'n Maatskappy mag nie die geheel of grootste deel van sy bates of onderneming vervreem nie, tensy—

*(a)* die vervreemding deur 'n spesiale besluit van die aandeelhouers goedgekeur is, ooreenkomstig artikel 115; en

*(b)* die maatskappy aan alle ander vereistes voldoen het soos uiteengesit in artikel 115, in die mate dat daardie vereistes op sodanige vervreemding deur daardie maatskappy van toepassing is.

(3) 'n Kennisgewing van 'n aandeelhouervergadering om 'n besluit te oorweeg om 'n vervreemding beoog in subartikel (2)*(a)* goed te keur, moet—

*(a)* binne die voorgeskrewe tyd en op die voorgeskrewe wyse aan elke aandeelhouer van die maatskappy gegee word; en

*(b)* insluit of vergesel word van 'n skriftelike opsomming van—

(i) die presiese voorwaardes van die transaksie of reeks transaksies wat by die vergadering oorweeg moet word; en

(ii) die bepalings van artikel 115 en 164,

op 'n wyse wat aan die voorgeskrewe standaarde voldoen.

(4) Aan 'n gedeelte van die onderneming of bates van 'n maatskappy wat vervreem staan te word, soos beoog in hierdie artikel, moet die billike markwaarde daarvan soos op die datum van die voorstel in ooreenstemming met die finansiële verslagdoeningstandaarde toegeken word.

(5) 'n Besluit beoog in subartikel (2) geld slegs in die mate dat dit 'n spesifieke transaksie magtig of bekragtig.

**Voorstelle vir amalgamasie of samesmelting**

**113.** (1) Twee of meer maatskappye met winsoogmerk, insluitende beheer- en filiaalmaatskappye, mag amalgameer of saamsmelt indien elke geamalgameerde of saamgesmelte maatskappy by implementering van die amalgamasie of samesmelting die solvensie-en-likiditeitstoets sal slaag.

(2) Twee of meer maatskappye wat beoog om te amalgameer of saam te smelt, moet 'n skriftelike ooreenkoms aangaan waarin die voorwaardes en wyse waarop die amalgamasie of samesmelting aangegaan sal word uiteengesit word, en wat in die besonder uiteensit—

*(a)* die voorgestelde Akte van Oprigting van enige nuwe maatskappye wat deur die amalgamasie of samesmelting gevorm sal word;

(*b*) die naam en identiteitsnommer van elke voorgestelde direkteur van 'n voorgestelde geamalgameerde of saamgesmelte maatskappy;

(*c*) die wyse waarop die sekuriteite van elke geamalgameerde of saamgesmelte maatskappy in sekuriteite van 'n voorgestelde geamalgameerde of saamgesmelte maatskappy omskep moet word, of vir ander eiendom geruil moet word;

(*d*) indien sekuriteite van enige van die amalgamerende of saamsmeltende maatskappye nie in sekuriteite van 'n voorgestelde geamalgameerde of saamgesmelte maatskappy omskep moet word nie, die teenprestasie wat die houers van daardie sekuriteite moet ontvang benewens of in plaas van sekuriteite van 'n geamalgameerde of saamgesmelte maatskappy;

(*e*) die betaalwyse van 'n teenprestasie in plaas van die uitreiking van breukdele van sekuriteite van 'n geamalgameerde of saamgesmelte maatskappy of van enige ander regspersoon wie se sekuriteite in die amalgamasie of samesmelting ontvang sal word;

(*f*) besonderhede van die voorgestelde toewysing van die bates en aanspreeklikhede van die amalgamerende of saamsmeltende maatskappye tussen die maatskappye wat gevorm sal word of sal voortbestaan wanneer die amalgamasie- of samesmeltingsooreenkoms in werking gestel is;

(*g*) besonderhede van enige reëling of strategie wat nodig is om die amalgamasie of samesmelting te voltooi, en vir die daaropvolgende bestuur en bedryf van die voorgestelde geamalgameerde of saamgesmelte maatskappy of maatskappye voorsiening te maak; en

(*h*) die geraamde koste van die voorgestelde amalgamasie of samesmelting.

(3) Indien die sekuriteite van een van die amalgamerende of saamsmeltende maatskappye deur of namens een van die ander amalgamerende of saamsmeltende maatskappye gehou word, moet die ooreenkoms soos vereis deur subartikel (2) vir die kansellasie van daardie sekuriteite voorsiening maak wanneer die amalgamasie of samesmelting van krag word, sonder enige terugbetaling van kapitaal ten opsigte daarvan, en geen voorsiening mag in die ooreenkoms gemaak word vir die omskepping van daardie sekuriteite in sekuriteite van 'n geamalgameerde of saamgesmelte maatskappy nie.

(4) Behoudens subartikel (6) moet die direksie van elke amalgamerende of saamsmeltende maatskappy—

(*a*) oorweeg of elke voorgestelde geamalgameerde of saamgesmelte maatskappy by implementering van die ooreenkoms die solvensie-en-likiditeitstoets sal slaag; en

(*b*) indien die direksie redelikerwys oortuig is dat elke voorgestelde geamalgameerde of saamgesmelte maatskappy die solvensie-en-likiditeitstoets sal slaag, mag die direksie ooreenkomstig artikel 115 die ooreenkoms vir oorweging by 'n aandeelhouervergadering van daardie amalgamerende of saamsmeltende maatskappye voorlê.

(5) Behoudens subartikel (6), moet 'n kennisgewing van 'n aandeelhouervergadering beoog in subartikel (4)*(b)* aan elke aandeelhouer van elke onderskeie amalgamerende of saamsmeltende maatskappy gelewer word, en dit moet insluit of vergesel word van 'n kopie of opsomming van—

(*a*) die amalgamasie- of samesmeltingsooreenkoms; en

(*b*) die bepalings van artikels 115 en 164, op 'n wyse wat aan die voorgeskrewe standaarde voldoen.

(6) Die vereistes van subartikels (4) en (5) geld nie vir 'n maatskappy wat by ondernemingreddingsverrigtinge betrokke is ten opsigte van enige transaksie wat in ooreenstemming is met of beoog word in 'n ondernemingreddingsplan wat ooreenkomstig Hoofstuk 6 aanvaar is nie.

**Voorstelle vir reëlingskema**

**114.** (1) Tensy dit in likwidasie is, of in die loop van ondernemingreddingsverrigtinge ooreenkomstig Hoofstuk 6, mag die direksie van 'n maatskappy voorstel en, behoudens goedkeuring kragtens hierdie Deel, enige reëling tussen die maatskappy en houers van enige klas van sy sekuriteite implementeer, insluitende 'n reorganisasie van die aandelekapitaal van die maatskappy by wyse van, onder andere—

(*a*) 'n konsolidasie van sekuriteite van verskillende klasse;

(*b*) 'n verdeling van sekuriteite in verskillende klasse;

*(c)* ’n onteiening van sekuriteite van die houers;
*(d)* ruiling van enige van sy sekuriteite vir ander sekuriteite;
*(e)* ’n herverkryging van sy sekuriteite deur die maatskappy; of
*(f)* ’n kombinasie van die metodes beoog in hierdie subartikel.

(2) Die maatskappy, of die aanbieder beoog in subartikel (1), as daar is, moet ’n onafhanklike deskundige, wat aan die volgende vereistes voldoen, aanstel om ’n verslag saam te stel soos deur subartikel (3) vereis word:

*(a)* Die persoon wat aangestel gaan word, moet—
(i) gekwalifiseer wees en die nodige bekwaamheid en ervaring hê om—
*(aa)* die soort reëling wat voorgestel word te verstaan;
*(bb)* die gevolge van die reëling te evalueer; en
*(cc)* die uitwerking van die reëling op die waarde van sekuriteite en op die regte en belange van ’n houer van sekuriteite, of ’n krediteur van ’n maatskappy, te bepaal; en
(ii) onpartydig menings kan uitspreek, ’n oordeel kan vel en besluite kan neem.

*(b)* Die persoon wat aangestel gaan word, mag nie—
(i) ’n ander verwantskap met die maatskappy of met ’n voorsteller van die reëling hê wat ’n redelike en ingeligte derde party sou laat aflei dat die integriteit, onpartydigheid of objektiwiteit van daardie persoon deur daardie verwantskap in verdenking gebring word nie;
(ii) gedurende die onmiddellik voorafgaande twee jaar ’n verwantskap soos beoog in subparagraaf (i) gehad het nie; of
(iii) verwant wees aan ’n persoon wat ’n verwantskap soos beoog in subparagraaf (i) of (ii) het of gehad het nie.

(3) Die persoon wat opdrag gegee word ooreenkomstig subartikel (2), moet ’n verslag vir die direksie opstel, en dit aan alle houers van die maatskappy se sekuriteite laat versprei, aangaande die voorgestelde reëling, wat minstens—

*(a)* alle voorgeskrewe inligting moet meld met betrekking tot die waarde van die sekuriteite wat deur die voorgestelde reëling geraak word;
*(b)* elke tipe en klas houers van die maatskappy se sekuriteite wat deur die voorgestelde reëling geraak word, moet identifiseer;
*(c)* die wesenlike uitwerking moet beskryf wat die voorgestelde reëling op die regte en belange van die persone genoem in paragraaf *(b)* sal hê;
*(d)* enige wesenlike negatiewe uitwerking van die voorgestelde reëling moet evalueer teenoor—
(i) die vergoeding wat enige van daardie persone kragtens daardie reëling sal ontvang; en
(ii) enige redelikerwys waarskynlike voordelige en beduidende uitwerking van daardie reëling op die besigheid en vooruitsigte van die maatskappy;
*(e)* enige wesenlike belang van ’n direkteur van die maatskappy of trustee vir sekuriteitehouers moet meld, en die uitwerking van die reëling op daardie belange en persone meld;
*(f)* die uitwerking van die voorgestelde reëling op die belang en persoon beoog in paragraaf *(e)* moet meld; en
*(g)* ’n kopie van artikels 115 en 164 moet insluit.

**Vereiste goedkeuring vir transaksies beoog in Deel**

**115.** (1) Ondanks artikel 65, en enige andersluidende bepaling van ’n maatskappy se Akte van Oprigting, of enige besluit wat deur sy direksie of houers van sy sekuriteite aanvaar is, mag ’n maatskappy nie die geheel of grootste deel van sy bates of onderneming vervreem, of uitvoering gee aan ’n ooreenkoms of reeks ooreenkomste om dit te vervreem, ’n amalgamasie of samesmelting implementeer, of ’n skema of reëling implementeer nie, tensy—

*(a)* die vervreemding, amalgamasie of samesmelting, of reëlingskema—
(i) kragtens hierdie artikel goedgekeur is; of
(ii) in ooreenstemming is met of beoog word in ’n goedgekeurde ondernemingreddingsplan vir daardie maatskappy ooreenkomstig Hoofstuk 6; en

*(b)* in die mate dat Dele B en C van hierdie Hoofstuk en die Oornameregulasies van toepassing is op ’n maatskappy wat van voorneme is om—
(i) die volle of grootste deel van die bates of onderneming te vervreem;

(ii) met ’n ander maatskappy te amalgameer of saam te smelt; of

(iii) ’n reëlingskema te implementeer, die Paneel kragtens artikel 119(4)*(b)* ’n nakomingskennisgewing ten opsigte van die transaksie uitgereik het, of die transaksie kragtens artikel 119(6) vrygestel het.

(2) ’n Voorgestelde transaksie beoog in subartikel (1) moet goedgekeur word—

*(a)* deur ’n spesiale besluit wat aanvaar is deur persone wat geregtig is om stemreg oor sodanige aangeleentheid uit te oefen, by ’n vergadering wat vir daardie doel byeengeroep is en waarby genoeg persone teenwoordig is om altesaam minstens 25% uit te oefen van die stemreg wat oor sodanige aangeleentheid uitgeoefen kan word; en

*(b)* deur ’n spesiale besluit, ook aanvaar op die wyse wat deur paragraaf *(a)* vereis word, deur die aandeelhouers van die maatskappy se beheermaatskappy, as daar is, indien—

(i) die beheermaatskappy ’n maatskappy of ’n buitelandse maatskappy is;

(ii) die voorgestelde transaksie ’n vervreemding van die volle of grootste deel van die bates of onderneming van die filiaal behels; en

(iii) met inagneming van die gekonsolideerde finansiële state van die beheermaatskappy, die vervreemding deur die filiaal wesenlik ’n vervreemding van die geheel of grootste deel van die bates of onderneming van die beheermaatskappy uitmaak; en

*(c)* deur die hof, in die mate wat dit in die omstandighede en op die wyse beoog in subartikels (3) tot (6) vereis word.

(3) Ondanks die feit dat ’n besluit soos beoog in subartikels (2)*(a)* en *(b)* aanvaar is, mag ’n maatskappy nie voortgaan om daardie besluit sonder die goedkeuring van ’n hof te implementeer nie indien—

*(a)* die besluit teengestaan is deur minstens 15% van die stemreg wat oor daardie besluit uitgeoefen is, en enige persoon wat teen die besluit gestem het van die maatskappy vereis om goedkeuring by die hof te verkry; of

*(b)* die hof, by ’n aansoek deur enige persoon wat teen die besluit gestem het, kragtens subartikel (6) aan daardie persoon toestemming verleen om by ’n hof aansoek te doen om ’n hersiening van die transaksie ooreenkomstig subartikel (7).

(4) Vir die doeleindes van subartikels (2) en (3) mag stemreg beheer deur ’n verkrygende party, ’n persoon verwant aan ’n verkrygende party, of ’n persoon wat gesamentlik met enigeen van hulle optree, nie ingesluit word nie by die berekening van die persentasie van stemreg—

*(a)* teenwoordig ter voldoening aan die kworumvereiste; of

*(b)* wat ten gunste van ’n besluit gestem het.

(5) Indien ’n besluit goedkeuring deur ’n hof vereis soos beoog kragtens subartikel (3)*(a)*, moet die maatskappy óf—

*(a)* by die hof om goedkeuring aansoek doen, en die koste van daardie aansoek dra; óf

*(b)* die besluit as nietig beskou.

(6) By ’n aansoek beoog in subartikel (3)*(b)*, mag die hof slegs toestemming verleen indien die hof oortuig is dat die aansoeker—

*(a)* te goeder trou handel;

*(b)* gereed en in staat blyk te wees om die verrigtinge vol te hou; en

*(c)* beweerde feite het wat, indien dit bewys word, ’n bevel kragtens subartikel (7) sou ondersteun.

(7) By hersiening van ’n besluit wat die onderwerp van ’n aansoek kragtens subartikel (5)*(a)* is, of nadat toestemming kragtens subartikel (6) verleen is, mag die hof die besluit tersyde stel slegs as—

*(a)* die besluit klaarblyklik onbillik is vir enige klas houers van die maatskappy se sekuriteite; of

*(b)* die stem wesenlik bederf is deur ’n belangebotsing, onvoldoende openbaarmaking, versuim om aan die Wet, die Akte van Oprigting of enige toepaslike reëls van die maatskappy te voldoen, of ’n ander beduidende en wesenlike prosedurele onreëlmatigheid.

(8) Die houer van enige stemreg in ’n maatskappy is geregtig om kragtens artikel 164 regshulp te soek indien daardie persoon—

*(a)* die maatskappy vooraf in kennis gestel het van die voorneme om ’n spesiale besluit beoog in hierdie artikel teen te staan; en

*(b)* by die vergadering teenwoordig was en teen daardie spesiale besluit gestem het.

(9) Indien 'n transaksie soos beoog in hierdie Deel goedgekeur is, mag enige persoon aan wie bates of 'n onderneming oorgedra staan te word, by 'n hof om 'n bevel aansoek doen om te bewerkstellig—

*(a)* die oordrag van die geheel of 'n gedeelte van die onderneming, bates en aanspreeklikhede van 'n maatskappy soos beoog in daardie transaksie;

*(b)* die toedeling en aanwending van aandele of soortgelyke belange wat as gevolg van die transaksie toegedeel of aangewend sal word;

*(c)* die oordrag van aandele van een persoon aan 'n ander;

*(d)* die ontbinding van 'n maatskappy sonder likwidasie, soos beoog in die transaksie;

*(e)* bykomstige, gevolglike en aanvullende aangeleenthede wat nodig is om te verseker dat die transaksie ten volle en doeltreffend deurgevoer word; of

*(f)* enige ander regshulp wat nodig of toepaslik kan wees om uitvoering te gee aan die amalgamasie of samesmelting en dit behoorlik te implementeer.

**Implementering van amalgamasie of samesmelting**

**116.** (1) Behoudens subartikel (2), nadat 'n besluit wat 'n amalgamasie of samesmelting goedkeur, aanvaar is deur elke maatskappy wat 'n party tot die ooreenkoms is, en die transaksie aan al die toepaslike vereistes uiteengesit in artikel 115 voldoen het—

*(a)* moet elk van die amalgamerende of saamsmeltende maatskappye elke bekende krediteur van daardie maatskappy 'n kennisgewing van die amalgamasie of samesmelting op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm laat kry;

*(b)* mag 'n krediteur binne 15 sakedae na aflewering van 'n kennisgewing soos vereis deur paragraaf *(a)* slegs op grond daarvan dat die krediteur wesenlik deur die amalgamasie of samesmelting benadeel sal word, by 'n hof aansoek doen dat die amalgamasie of samesmelting hersien word; en

*(c)* mag 'n hof slegs toestemming verleen soos in paragraaf *(b)* beoog indien hy oortuig is dat—

(i) die aansoeker te goeder trou optree;

(ii) die amalgamasie of samesmelting, indien dit geïmplementeer word, die krediteur wesenlik sou benadeel; en

(iii) daar geen ander regsmiddele vir die krediteur beskikbaar is nie.

(2) Subartikel (1) geld nie vir 'n maatskappy wat by ondernemingreddingsverrigtinge betrokke is ten opsigte van enige transaksie wat in ooreenstemming is met of beoog word in 'n ondernemingreddingsplan wat ooreenkomstig Hoofstuk 6 aanvaar is nie.

(3) 'n Kennisgewing van amalgamasie of samesmelting moet ingedien word—

*(a)* na die tyd beoog in subartikel (1)*(b)*, indien geen aansoek kragtens daardie subartikel by die hof ingedien is nie; of

*(b)* in enige ander geval—

(i) nadat die hof voortspruitende verrigtinge kragtens subartikels (1)*(b)* en *(c)* afgehandel het; en

(ii) behoudens die bevel van die hof.

(4) 'n Kennisgewing van amalgamasie of samesmelting moet insluit—

*(a)* bevestiging dat die amalgamasie of samesmelting—

(i) aan die vereistes van artikels 113 en 115 voldoen;

(ii) kragtens die Wet op Mededinging goedgekeur is, indien daardie Wet dit vereis;

(iii) kragtens artikel 54 van die Bankwet die toestemming van die Minister van Finansies ontvang het; en

(iv) nie onderhewig is nie aan—

*(aa)* verdere goedkeuring deur enige regulerende gesag; of

*(bb)* enige nie-nagekome voorwaardes wat opgelê word deur of kragtens 'n wet wat deur 'n regulerende gesag beheer word; en

*(b)* die Akte van Oprigting van 'n nuut geïnkorporeerde maatskappy kragtens die ooreenkoms.

(5) Nadat 'n kennisgewing van amalgamasie of samesmelting ontvang is, moet die Kommissie—

*(a)* ’n registrasiesertifikaat uitreik vir elke maatskappy (as daar is) wat kragtens die amalgamasie- of samesmeltingsooreenkoms nuut geïnkorporeer is; en

*(b)* enige van die amalgamerende of saamsmeltende maatskappye wat nie die amalgamasie of samesmelting oorleef het nie, deregistreer.

(6) ’n Amalgamasie of samesmelting—

*(a)* word van krag ooreenkomstig en behoudens enige voorwaardes wat in die amalgamasie- of samesmeltingsooreenkoms uiteengesit word;

*(b)* raak nie enige—

(i) bestaande aanspreeklikheid van ’n party tot die ooreenkoms of van ’n direkteur van enige van die amalgamerende of saamsmeltende maatskappye wat kragtens ’n toepaslike wet vervolg staan te word nie;

(ii) siviele, kriminele of administratiewe handeling of geregtelike stappe wat deur of teen ’n amalgamerende of saamsmeltende maatskappy hangende is nie, en enige sodanige geregtelike stappe kan deur of teen enige van die geamalgameerde of saamgesmelte maatskappye voortgesit word;

(iii) vonnis teen, of beslissing, bevel of uitspraak ten gunste van of teen, ’n amalgamerende of saamsmeltende maatskappy nie, en so ’n beslissing, bevel of uitspraak kan deur of teen enige van die geamalgameerde of saamgesmelte maatskappye toegepas word.

(7) Wanneer ’n amalgamasie- of samesmeltingsooreenkoms geïmplementeer is—

*(a)* word die eiendom van elke amalgamerende of saamsmeltende maatskappy eiendom van die nuut geamalgameerde of oorlewende saamgesmelte maatskappy of maatskappye; en

*(b)* elke nuut geamalgameerde of oorlewende saamgesmelte maatskappy is aanspreeklik vir al die verpligtinge van elke amalgamerende of saamsmeltende maatskappy behoudens subartikel (8), die vereistes van artikel 113(1), en enige bepaling van die samesmeltingsooreenkoms, of enige ander ooreenkoms.

(8) Indien ’n eiendom wat kragtens ’n openbare regulasie geregistreer is, as gevolg van ’n amalgamasie of samesmelting oorgedra moet word van ’n amalgamerende of saamsmeltende maatskappy na ’n geamalgameerde of saamgesmelte maatskappy—

*(a)* is ’n kopie van die amalgamasie- of samesmeltingsooreenkoms, tesame met ’n kopie van die ingediende kennisgewing van amalgamasie of samesmelting, genoegsame bewys vir die houer van die betrokke eiendomsregister om ’n oordrag van die registrasie van daardie eiendom aan te gaan.

(9) Indien daar met betrekking tot ’n transaksie waarby ’n maatskappy betrokke is wat kragtens die Bankwet gereguleer word, ’n botsing tussen ’n bepaling van subartikel (7) en ’n bepaling van subartikel 54 van daardie Wet bestaan, geld die bepalings van daardie Wet.

## *Deel B*

## *Gesag van Paneel en Oornameregulasies*

**Omskrywings van toepassing op hierdie Deel, Deel C en Oornameregulasies**

**117.** (1) In hierdie Deel, Deel C en in die Oornameregulasies beteken—

*(a)* **“verkryging”** ook ’n verkryging deur ’n gereguleerde maatskappy van sy eie sekuriteite soos beoog in artikel 48, maar nie die teruggawe van sekuriteite van ’n gereguleerde maatskappy aan daardie maatskappy ooreenkomstig die uitoefening van waardasieregte kragtens artikel 164 nie;

*(b)* **“gesamentlik optree”** enige optrede ooreenkomstig ’n ooreenkoms tussen twee of meer persone, waarkragtens enige van hulle saamwerk met die doel om ’n geaffekteerde transaksie of aanbod aan te gaan of voor te stel;

*(c)* **“geaffekteerde transaksie”**—

(i) ’n transaksie of reeks transaksies wat neerkom op die vervreemding van die geheel of grootste deel van die bates of onderneming van ’n gereguleerde maatskappy, soos beoog in artikel 112, behoudens artikel 118(3);

(ii) ’n amalgamasie of samesmelting, soos beoog in artikel 113, indien minstens een gereguleerde maatskappy betrokke is, behoudens artikel 118(3);

(iii) 'n skema of reëling tussen 'n gereguleerde maatskappy en sy aandeelhouers, soos beoog in artikel 114, behoudens artikel 118(3);
(iv) die verkryging van, of aangekondigde voorneme om 'n voordelige belang in enige stemdraende sekuriteite van 'n gereguleerde maatskappy te verkry in die mate en in die omstandighede soos beoog in artikel 122(1);
(v) die aangekondigde voorneme om 'n voordelige belang te verkry in die oorblywende stemdraende sekuriteite van 'n gereguleerde maatskappy wat nie reeds deur 'n persoon of persone wat gesamentlik optree gehou word nie;
(vi) 'n verpligte aanbod beoog in artikel 123; of
(vii) verpligte verkryging beoog in artikel 124;

*(d)* **"Uitvoerende Direkteur"** die persoon aangestel kragtens artikel 200;
*(e)* **"houer"** ook 'n persoon wat 'n voordelige belang in sekuriteite van 'n gereguleerde maatskappy hou;
*(f)* **"aanbod"** 'n voorstel van enige aard, insluitende 'n gedeeltelike aanbod, wat, indien dit aanvaar word, sou lei tot 'n geaffekteerde transaksie behalwe sodanige transaksie wat kragtens 118(3) vrygestel word;
*(g)* **"aanbodtydperk"** die tydperk vanaf die tydstip waarop 'n aankondiging gedoen word of gedoen behoort te gewees het, van 'n voorgestelde of moontlike aanbod, tot die eerste datum van sluiting of, as hierdie datum later is, die datum wanneer die aanbod onvoorwaardelik word of verklaar word met betrekking tot aanvaarding, of dit verval;
*(h)* **"gedeeltelike aanbod"** 'n aanbod wat, indien dit ten volle aanvaar word, daartoe sou lei dat die aanbieder, alleen of saam met 'n verwante of onderling verwante persoon, of 'n persoon wat gesamentlik met enige van hulle optree, minder as 100% hou van die stemdraende sekuriteite van die maatskappy wie se sekuriteite die onderwerp van die aanbod is;
*(i)* **"gereguleerde maatskappy"** 'n maatskappy waarop hierdie Deel, Deel C en die Oornameregulasies van toepassing is, soos bepaal ooreenkomstig artikels 118(1) en (2); en
*(j)* het **"sekuriteite"** die betekenis waarna in artikel 1 verwys is, maar sluit dit nie 'n instrument in wat deur 'n gereguleerde maatskappy uitgereik is nie, tensy daardie instrument—
(i) die geassosieerde reg het om in die algemeen by 'n algemene aandeelhouervergadering te stem; of
(ii) omskepbaar is in 'n instrument wat aan die kriteria soos uiteengesit in subparagraaf (i) voldoen.

(2) Vir doeleindes van hierdie Deel, Deel C en die Oornameregulasies, word twee of meer verwante of onderling verwante persone geag gesamentlik op te getree het, tensy daar bevredigende bewys is dat hulle onafhanklik opgetree het in enige bepaalde aangeleentheid.

**Toepassing van hierdie Deel, Deel C en Oornameregulasies**

**118.** (1) Behoudens subartikels (2) tot (4), geld hierdie Deel, Deel C en die Oornameregulasies ten opsigte van 'n geaffekteerde transaksie of aanbod aangaande 'n maatskappy met winsoogmerk of sy sekuriteite indien die maatskappy—

*(a)* 'n openbare maatskappy is;
*(b)* 'n maatskappy in staatsbesit is, behalwe in die mate dat so 'n maatskappy kragtens artikel 9 vrygestel is; of
*(c)* 'n privaatmaatskappy is, maar slegs as—
(i) die persentasie van die uitgereikte sekuriteite van daardie maatskappy wat oorgedra is, behalwe deur oordrag tussen verwante of onderling verwante persone, binne die tydperk van 24 maande onmiddellik voor die datum van 'n bepaalde geaffekteerde transaksie of aanbod die persentasie voorgeskryf kragtens subartikel (2) oorskry; of
(ii) die Akte van Oprigting van daardie maatskappy uitdruklik bepaal dat die maatskappy en sy sekuriteite aan hierdie Deel, Deel C en die Oornameregulasies onderhewig is, ongeag of die maatskappy binne die kriteria uiteengesit in subparagraaf (i) val.

(2) Die Minister mag na oorlegpleging met die Paneel 'n minimum persentasie voorskryf, van minstens 10% van die uitgereikte sekuriteite van 'n privaatmaatskappy

wat, indien dit binne ’n tydperk van 24 maande soos beoog in subartikel (1)*(c)*(i) oorgedra word, daardie maatskappy en sy sekuriteite binne die toepassing van hierdie Deel, Deel C en die Oornameregulasies kragtens daardie subartikel sou bring.

(3) Ondanks die omskrywing van “geaffekteerde transaksie” soos uiteengesit in artikel 117(1)*(c)*, is hierdie Deel, Deel C en die Oornameregulasies nie van toepassing nie op—

*(a)* ’n voorstel om die geheel of grootste deel van die bates of onderneming van ’n gereguleerde maatskappy te vervreem, of die vervreemding daarvan;

*(b)* ’n voorgestelde amalgamasie of samesmelting waarby minstens een gereguleerde maatskappy betrokke is; of

*(c)* ’n skema of reëling voorgestel deur ’n gereguleerde maatskappy, in die mate dat so ’n geaffekteerde transaksie in ooreenstemming is met of beoog word in ’n goedgekeurde ondernemingreddingsplan kragtens Hoofstuk 6.

(4) Indien daar ’n botsing tussen ’n bepaling van hierdie Deel, Deel C en die Oornameregulasies en ’n bepaling van ’n ander openbare regulasie bestaan—

*(a)* is die botsende bepalings gesamentlik van toepassing in die mate dat dit moontlik is om een van die teenstrydige bepalings toe te pas en daaraan te voldoen sonder om strydig met die tweede een op te tree; en

*(b)* in die mate dat dit onmoontlik is om een van die teenstrydige bepalings toe te pas en daaraan te voldoen sonder om strydig met die tweede een op te tree, geld die bepalings van die ander openbare regulasie.

(5) ’n Persoon aan wie ’n opsie toegestaan is om aandele met stemreg in ’n gereguleerde maatskappy te verkry, word vermoed gesamentlik op te getree het met die verlener van die opsie, tensy die stemreg deur die verlener behou word.

(6) ’n Vermoede kragtens subartikel (5) mag weerlê word deur weerleggende getuienis.

**Regulering van geaffekteerde transaksies deur Paneel**

**119.** (1) Die Paneel moet enige geaffekteerde transaksie of aanbod ooreenkomstig hierdie Deel, Deel C en die Oornameregulasies, maar sonder inagneming van die kommersiële voordele of nadele van ’n transaksie of voorgestelde transaksie, reguleer ten einde—

*(a)* die integriteit van die mark en billikheid teenoor die houers van die sekuriteite van gereguleerde maatskappye te verseker;

*(b)* te verseker dat—

(i) noodsaaklike inligting aan houers van sekuriteite van gereguleerde maatskappye verskaf word, in die mate wat vereis word om die neem van billike en ingeligte besluite moontlik te maak; en

(ii) genoeg tyd aan gereguleerde maatskappye en houers van hul sekuriteite gegee word om advies met betrekking tot die aanbiedinge te verkry en te lewer; en

*(c)* optrede deur ’n gereguleerde maatskappy te voorkom wat daarop gemik is om ’n aanbod of die neem van billike en ingeligte besluite deur die houers van daardie maatskappy se sekuriteite te verhinder, belemmer of dwarsboom.

(2) Behoudens subartikel (6) moet die Paneel enige geaffekteerde transaksie of aanbod, en die gedrag van die partye ten opsigte van sodanige transaksie of aanbod, reguleer op ’n wyse wat die oogmerke soos uiteengesit in subartikel (1) bevorder en, sonder om die wye omvang van daardie subartikel te beperk, verseker—

*(a)* dat geen persoon ’n geaffekteerde transaksie mag aangaan tensy daardie persoon gereed, in staat en gewillig is om daardie transaksie te implementeer nie;

*(b)* dat alle houers van—

(i) ’n bepaalde klas stemdraende sekuriteite van ’n gereguleerde doelwitmaatskappy gelyke behandeling kry; en

(ii) stemdraende sekuriteite van ’n gereguleerde doelwitmaatskappy gelyke behandeling kry, met inagneming van die omstandighede;

*(c)* dat geen relevante inligting van die houers van relevante sekuriteite weerhou word nie; en

*(d)* dat alle houers van relevante sekuriteite—

(i) dieselfde inligting van ’n verlener, potensiële verlener of gereguleerde doelwitmaatskappy ontvang in die loop van ’n geaffekteerde transaksie, of wanneer ’n geaffekteerde transaksie beoog word; en

(ii) van genoeg inligting voorsien word, en genoeg tyd gegun word, om hulle in staat te stel om tot ’n behoorlik ingeligte besluit te kom.

(3) Subartikel (2)*(d)* moenie vertolk of toegepas word om—

*(a)* die verskaffing van inligting op ’n vertroulike grondslag deur ’n doelwitmaatskappy aan ’n *bona fide* potensiële aanbieder, of omgekeerd; of

*(b)* die uitreiking van omsendbriewe deur makelaars of adviseurs van enige party tot die transaksie aan hul eie beleggingskliënte,

te belet nie, mits dit vooraf deur die Paneel goedgekeur is.

(4) In die uitvoering van sy mandaat mag die Paneel—

*(a)* vereis dat enige dokument ten opsigte van ’n geaffekteerde transaksie of aanbod ingedien word vir goedkeuring of nie, indien die dokument kragtens hierdie Deel, Deel C en die Oornameregulasies opgestel moet word;

*(b)* klaringskennisgewings uitreik, indien die Paneel oortuig is dat die aanbod of transaksie aan die vereistes van hierdie Deel, Deel C en Oornameregulasies voldoen; en

*(c)* klagtes aanvoor of ontvang, ondersoeke doen, en voldoeningskennisgewings uitreik, ten opsigte van enige geaffekteerde transaksie of aanbod, ooreenkomstig Hoofstuk 7, en die Oornameregulasies.

(5) In soverre dit nodig is om voldoening aan hierdie Deel, Deel C en die Oornameregulasies te verseker, en die doelstellings beoog in subartikel (1) na te kom, kan ’n voldoeningsbevel beoog in subartikel (4)*(b)* onder andere—

*(a)* enige optrede deur ’n persoon verbied of vereis; of

*(b)* ’n persoon gelas om—

(i) afstand te doen van ’n bate wat verkry is; of

(ii) van wins rekenskap te gee.

(6) Die Paneel mag geheel of gedeeltelik, en met of sonder voorwaardes, ’n aanbieder van ’n geaffekteerde transaksie of ’n aanbod vrystel van die toepassing van enige bepaling van hierdie Deel, Deel C en die Oornameregulasies indien—

*(a)* daar geen redelike moontlikheid bestaan dat die geaffekteerde transaksie die belange van ’n bestaande houer van ’n gereguleerde maatskappy se sekuriteite sal benadeel nie;

*(b)* die koste van voldoening buite verhouding met betrekking tot die waarde van die geaffekteerde transaksie is; of

*(c)* sodanige optrede andersins in die omstandighede redelik en regverdigbaar is, met inagneming van die beginsels en doelstellings van hierdie Deel, Deel C en die Oornameregulasies.

**Oornameregulasies**

**120.** Die Minister moet, in oorleg met die Paneel, regulasies voorskryf wat as die Oornameregulasies bekend staan, om uitvoering te gee aan die doelstellings van hierdie Deel en Deel C, insluitende onder andere regulasies om voorsiening te maak vir—

*(a)* voldoening aan en toepassing van die bepalings van hierdie Deel en Deel C met betrekking tot geaffekteerde transaksies en aanbiedinge;

*(b)* die administrasie, werking en prosedures van die Paneel;

*(c)* voorgeskrewe gelde en heffings wat ingevolge ’n Parlementswet aan sekere maatskappye opgelê word; en

*(d)* enige ander aangeleenthede aangaande die bevoegdhede en funksies van die Paneel.

***Deel C***

***Regulering van geaffekteerde transaksies en aanbiedinge***

**Algemene vereiste aangaande transaksies en aanbiedinge**

**121.** Enige persoon wat ’n aanbod maak—

*(a)* moet aan alle verslagdoenings- of goedkeuringsvereistes voldoen, hetsy uiteengesit in hierdie Deel of in die Oornameregulasies, behalwe in die mate dat die Paneel ’n vrystelling van so ’n vereiste aan die persoon verleen het; en

*(b)* mag nie aan ’n geaffekteerde transaksie uitvoering gee nie tensy die Paneel—

(i) ’n klaringskennisgewing ten opsigte van die transaksie uitgereik het; of

(ii) ’n vrystelling vir daardie transaksie verleen het.

**Vereiste openbaarmaking aangaande sekere aandeletransaksies**

**122.** (1) 'n Persoon moet 'n gereguleerde maatskappy op die voorgeskrewe wyse in kennis stel binne drie sakedae nadat daardie persoon—

*(a)* 'n voordelige belang in genoeg sekuriteite van 'n klas uitgereik deur daardie maatskappy verkry sodat die persoon, as gevolg van die verkryging, 'n voordelige belang in sekuriteite hou wat 5%, 10%, 15%, of enige verdere heelgetalveelvoud van 5%, van die uitgereikte sekuriteite van daardie klas uitmaak; of

*(b)* 'n voordelige belang in genoeg sekuriteite van 'n klas uitgereik deur 'n maatskappy vervreem sodat die persoon, as gevolg van die vervreemding, nie meer 'n voordelige belang in sekuriteite hou wat 'n bepaalde veelvoud van 5% van die uitgereikte sekuriteite van daardie klas uitmaak nie.

(2) Die vereistes soos uiteengesit in subartikel (1) is van toepassing op 'n persoon ongeag of—

*(a)* die persoon enige sekuriteite—

(i) regstreeks of onregstreeks verkry of vervreem; of

(ii) afsonderlik, of gesamentlik met 'n ander persoon of persone, verkry of vervreem; of

*(b)* die gestipuleerde persentasie van uitgereikte sekuriteite deur daardie persoon alleen gehou word, of gesamentlik deur daardie persoon gehou word met enige—

(i) verwante of onderling verwante persoon; en

(ii) persoon wat gesamentlik met 'n ander persoon opgetree het.

(3) 'n Gereguleerde maatskappy wat 'n kennisgewing kragtens hierdie artikel ontvang het, moet—

*(a)* 'n kopie by die Paneel indien; en

*(b)* die inligting aan die houers van die relevante klas sekuriteite rapporteer, tensy die kennisgewing aangaande 'n vervreemding van minder as 1% van die klas sekuriteite was.

(4) Vir die doeleindes van hierdie artikel—

*(a)* wanneer die getal uitgereikte sekuriteite van 'n klas bepaal word, is 'n persoon geregtig om staat te maak op die jongste gepubliseerde verklaring deur die maatskappy, tensy daardie persoon weet of rede het om te glo dat die verklaring onjuis is; en

*(b)* wanneer die getal sekuriteite bepaal word wat gehou word deur—

(i) 'n persoon of persone beoog in subartikel (1)—

*(aa)* in die mate dat daardie persoon die hele, of 'n gedeeltelike of gedeelde, voordelige belang in sekuriteite het, moet daardie belange saamgevoeg word, ongeag die aard van die persoon se belang; en

*(bb)* moet enige sekuriteite wat deur die persoon verkry kan word indien hy enige opsies, omskeppingsvoorregte of soortgelyke regte uitoefen, ingesluit word; en

(ii) 'n ander persoon, moet enige sekuriteite wat deur daardie ander persoon verkry kan word indien hy enige opsies, omskeppingsvoorregte of soortgelyke regte uitoefen, uitgesluit word.

**Verpligte aanbiedinge**

**123.** (1) In hierdie artikel beteken **"voorgeskrewe persentasie"** die persentasie deur die Minister voorgeskryf kragtens subartikel (5).

(2) Hierdie artikel is van toepassing—

*(a)* indien—

(i) 'n gereguleerde maatskappy weer enige van sy stemdraende sekuriteite soos beoog in artikel 48 verkry; of

(ii) 'n persoon wat alleen optree, of twee of meer verwante of onderling verwante persone, of twee of meer persone wat gesamentlik optree, 'n voordelige belang verkry het in stemdraende sekuriteite wat deur 'n gereguleerde maatskappy uitgereik is;

*(b)* voor daardie verkryging, 'n persoon, of persone beoog in paragraaf *(a)*(ii) saam, in staat was om minder as die voorgeskrewe persentasie van alle stemreg verbonde aan sekuriteite van daardie maatskappy uit te oefen; en

*(c)* as gevolg van daardie verkryging, tesame met enige ander sekuriteite van die maatskappy wat reeds deur die persoon of persone beoog in paragraaf *(a)*(ii) gehou word, hulle minstens die voorgeskrewe persentasie van alle stemreg verbonde aan sekuriteite van daardie maatskappy kan uitoefen.

(3) Binne een dag na die datum van 'n voltooide verkryging beoog in subartikel (2), moet die persoon of persone by wie die voordeel van die voorgeskrewe persentasie, of meer, van die stemreg berus, op die voorgeskrewe wyse aan die houers van die oorblywende sekuriteite kennis gee, en by daardie kennisgewing insluit—

*(a)* 'n verklaring dat hulle in staat is om minstens die voorgeskrewe persentasie van alle stemreg verbonde aan sekuriteite van daardie gereguleerde maatskappy uit te oefen; en

*(b)* 'n aanbod om enige oorblywende sodanige sekuriteite te verkry op voorwaardes wat ooreenkomstig hierdie Wet en die Oornameregulasies bepaal is.

(4) Binne een maand nadat kennis gegee is kragtens subartikel (3), moet die persoon of persone beoog in subartikel (2) 'n skriftelike aanbod, ter voldoening aan die Oornameregulasies, aan die houers van die oorblywende sekuriteite van daardie maatskappy oorhandig, om daardie sekuriteite volgens die voorwaardes beoog in subartikel (3)*(b)* te verkry.

(5) Vir die doeleindes beoog in hierdie artikel, mag die Minister op advies van die Paneel 'n persentasie van hoogstens 35% van die stemdraende sekuriteite van 'n maatskappy voorskryf.

**Verpligte verkrygings en uitdrywings**

**124.** (1) Indien 'n aanbod vir die verkryging van enige klas sekuriteite van 'n gereguleerde maatskappy binne vier maande na die datum van daardie aanbod aanvaar is deur die houers van minstens 90% van daardie klas sekuriteite, behalwe enige sodanige sekuriteite wat voor die aanbod deur die aanbieder, 'n verwante of onderling verwante persoon, of persone wat gesamentlik optree, of 'n genomineerde of filiaal van enige sodanige persoon of persone gehou is—

*(a)* kan die aanbieder binne 'n verdere twee maande die houers van die oorblywende sekuriteite van die klas op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm in kennis stel—

(i) dat die aanbod in daardie mate aanvaar is; en

(ii) dat die aanbieder alle oorblywende sekuriteite van daardie klas wil verkry; en

*(b)* behoudens subartikel (2), nadat kennis gegee is kragtens paragraaf *(a)*, is die aanbieder geregtig en verplig om daardie sekuriteite te verkry volgens dieselfde voorwaardes wat gegeld het vir die sekuriteite van die houers wat die oorspronklike aanbod aanvaar het.

(2) Binne 30 sakedae nadat 'n kennisgewing kragtens subartikel (1)*(a)* ontvang is, mag 'n persoon by 'n hof aansoek doen om 'n bevel—

*(a)* dat die aanbieder nie geregtig is om die aansoeker se sekuriteite van daardie klas te verkry nie; of

*(b)* wat ander verkrygingsvoorwaardes as dié van die oorspronklike aanbod oplê.

(3) Indien 'n aanbod om die sekuriteite van 'n bepaalde klas te verkry nie aanvaar is in die mate wat in subartikel (1) beoog word nie—

*(a)* mag die aanbieder by 'n hof aansoek doen om 'n bevel wat die aanbieder magtig om 'n kennisgewing beoog in subartikel (1)*(a)* te gee; en

*(b)* kan die hof die bevel waarom aansoek gedoen word, gee indien—

(i) die aanbieder na redelike navraag nie daarin kon slaag om een of meer van die persone wat sekuriteite hou waarop die aanbod betrekking het, op te spoor nie;

(ii) uit hoofde van aanvaardings van die oorspronklike aanbod, die sekuriteite wat die onderwerp van die aansoek is, saam met die sekuriteite gehou deur die persoon of persone waarna in subparagraaf (i) verwys is, neerkom op minstens die minimum gespesifiseer in subartikel (1);

(iii) die teenprestasie wat aangebied word billik en redelik is; en

(iv) die hof oortuig is dat dit regverdig en billik is om die bevel te gee, met inagneming van in die besonder die getal houers van sekuriteite wat opgespoor is maar nie die aanbod aanvaar het nie.

(4) Indien 'n aanbod vir die verkryging van enige klas sekuriteite van 'n gereguleerde maatskappy gelei het tot die verkryging deur die aanbieder of 'n genomineerde of filiaal

van die aanbieder, of ’n verwante of onderling verwante persoon van enige van hulle, afsonderlik of gesamentlik, van genoeg sekuriteite van daardie klas sodat hulle, saam met enige ander sekuriteite van daardie klas wat reeds deur daardie persoon, of daardie persone saam, gehou word, dan minstens 90% van die sekuriteite van daardie klas hou—

*(a)* moet die aanbieder die houers van die oorblywende sekuriteite van die klas in kennis stel dat die aanbod in daardie mate aanvaar is;

*(b)* mag ’n persoon binne drie maande na ontvangs van ’n kennisgewing kragtens paragraaf *(a)* eis dat die aanbieder al die persoon se sekuriteite van die betrokke klas verkry; en

*(c)* is die aanbieder, nadat ’n eis kragtens paragraaf *(b)* ontvang is, geregtig en verplig om die betrokke sekuriteite te verkry volgens dieselfde voorwaardes wat gegeld het vir die sekuriteite van die houers wat die oorspronklike aanbod aanvaar het.

(5) Indien ’n aanbieder kragtens subartikel (1) kennis gegee het, en geen bevel kragtens subartikel (3) gegee is nie, of indien die aanbieder ’n eis kragtens subartikel (4)*(b)* ontvang het—

*(a)* moet die aanbieder ses weke na die datum waarop die kennis gegee is of, indien ’n aansoek by ’n hof dan aanhangig is, nadat die aansoek afgehandel is, of na die datum waarop die eis ontvang is, na gelang van die geval—

(i) aan die gereguleerde maatskappy wie se sekuriteite die onderwerp van die aanbod is ’n afskrif van die kennisgewing stuur, tesame met ’n oordragdokument verly namens die houer van daardie sekuriteite deur ’n persoon aangestel deur die aanbieder; en

(ii) aan daardie maatskappy die teenprestasie betaal of oordra wat die prys verteenwoordig wat deur die aanbieder vir die betrokke sekuriteite betaalbaar is,

*(b)* moet die maatskappy daarna, onderhewig aan betaling van voorgeskrewe fooie of seëlregte, die aanbieder as die houer van daardie sekuriteite registreer.

(6) ’n Oordragdokument beoog in subartikel (5) word nie vir sekuriteite waarvoor ’n sekuriteitebewys dan uitstaande is, vereis nie.

(7) ’n Gereguleerde maatskappy moet kragtens hierdie artikel enige teenprestasie wat ontvang word, in ’n aparte rentedraende rekening by ’n bankinstelling kragtens die Bankwet inbetaal, en behoudens subartikel (8) moet daardie inbetalings—

*(a)* deur die maatskappy in trust gehou word vir die persoon wat geregtig is op die sekuriteite ten opsigte waarvan die teenprestasie ontvang is; en

*(b)* op aanvraag aan die persoon beoog in paragraaf *(a)* betaal word, met rente tot op die betaaldatum.

(8) Indien ’n persoon beoog in subartikel (7)*(a)* meer as drie jaar versuim om betaling van ’n bedrag gehou kragtens daardie paragraaf te eis, moet die bedrag, tesame met opgelope rente, betaal word ten bate van die Voogdyfonds van die Meester van die Hoë Hof, om ooreenkomstig die reëls van daardie Fonds gehou en hanteer te word.

(9) In hierdie artikel sluit ’n verwysing na ’n ‘‘houer van sekuriteite wat nie die aanbod aanvaar het nie’’ ’n houer in wat versuim of geweier het om sy sekuriteite ooreenkomstig die aanbod aan die aanbieder oor te dra.

**Vergelykbare en gedeeltelike aanbiedinge**

**125.** (1) In hierdie artikel beteken—

*(a)* **‘‘onafhanklike houer van stemreg’’** ’n persoon wat—

(i) sekuriteite van ’n maatskappy hou wat daardie persoon die reg gee om algemene stemreg uit te oefen; en

(ii) onafhanklik is van ’n aanbieder of ’n verwante of onderling verwante persoon, of persoon wat gesamentlik met enige van hulle optree; en

*(b)* **‘‘voorgeskrewe persentasie’’** die persentasie voorgeskryf kragtens artikel 123(5).

(2) Indien ’n persoon ’n aanbod maak—

*(a)* vir enige sekuriteite van ’n maatskappy wat meer as een klas sekuriteite het; en

*(b)* wat daartoe kan lei dat die persoon, tesame met ’n verwante of onderling verwante persoon of persoon wat gesamentlik met enige van hulle optree, sekuriteite van die maatskappy hou wat die persoon of persone die reg gee om meer as die voorgeskrewe persentasie van die algemene stemreg van alle uitgereikte sekuriteite van die maatskappy uit te oefen, moet ’n vergelykbare

aanbod gemaak word vir elke klas uitgereikte sekuriteite van daardie maatskappy.

(3) 'n Persoon wat 'n gedeeltelike aanbod vir enige klas uitgereikte sekuriteite van 'n maatskappy maak, moet—

*(a)* die aanbod aan al die houers van daardie klas sekuriteite maak;

*(b)* indien die aanbod daartoe kan lei dat die persoon, tesame met 'n verwante of onderling verwante persoon of persoon wat gesamentlik met enige van hulle optree, sekuriteite van die maatskappy hou wat die persoon of persone die reg gee om meer as die voorgeskrewe persentasie van die algemene stemreg van alle uitgereikte sekuriteite van die maatskappy uit te oefen, die aanbod maak op voorwaarde dat—

(i) 'n gespesifiseerde getal aanvaardings ontvang word; en

(ii) die aanbod deur die onafhanklike houers van meer as 50% van die algemene stemreg van alle uitgereikte sekuriteite van die maatskappy goedgekeur word;

*(c)* in die aanbod die presiese getal aandele meld waarvoor die aanbod gemaak word, indien die aanbod daartoe kan lei dat die persoon, tesame met 'n verwante of onderling verwante persoon of persoon wat gesamentlik met enige van hulle optree, sekuriteite van die maatskappy hou wat die persoon of persone die reg gee om meer as die voorgeskrewe persentasie, maar minder as 50%, van die algemene stemreg van alle uitgereikte sekuriteite van die maatskappy uit te oefen; en

*(d)* indien die aanbod daartoe kan lei dat die persoon, tesame met 'n verwante of onderling verwante persoon of persoon wat gesamentlik met enige van hulle optree, sekuriteite van die maatskappy hou wat die persoon of persone die reg gee om meer as 50% van die algemene stemreg van alle uitgereikte sekuriteite van die maatskappy uit te oefen—

(i) 'n spesifieke en prominente kennisgewing insluit dat die aanbod kan lei tot omstandighede soos hierbo beoog; en

(ii) 'n spesifieke verklaring insluit wat uiteensit in watter mate dit bogenoemde persoon of persone vrystaan om nog sekuriteite in die maatskappy te verkry sonder om 'n algemene aanbod te maak, indien die aanbod in die mate soos hierbo beoog slaag.

(4) 'n Aanbod wat voorwaardelik is, soos beoog in subartikel (3)*(b)*, mag nie met betrekking tot aanvaardings onvoorwaardelik verklaar word nie, tensy dit aanvaar is in die mate soos gespesifiseer kragtens subartikel (3)*(b)*(i).

(5) Indien 'n gedeeltelike aanbod vir 'n klas sekuriteite gemaak is—

*(a)* is 'n houer van daardie sekuriteite geregtig om die aanbod ten volle te aanvaar vir die relevante persentasie van daardie persoon se besit; en

*(b)* moet sekuriteite aangebied bo die relevante persentasie deur die aanbieder van elke houer van sekuriteite aanvaar word in dieselfde verhouding tot die getal wat aangebied word as wat die aanbieder in staat sal stel om die totale getal aandele te verkry waarvoor hy 'n aanbod gemaak het.

**Beperkings op verydelende optrede**

**126.** (1) Indien die direksie van 'n gereguleerde maatskappy glo dat 'n *bona fide* aanbod op hande kan wees, of so 'n aanbod ontvang het, mag die direksie nie—

*(a)* met betrekking tot die sake van die maatskappy stappe doen wat effektief daartoe kan lei dat—

(i) 'n *bona fide* aanbod verydel word nie; of

(ii) die houers van relevante sekuriteite 'n geleentheid ontneem word om oor die meriete daarvan te besluit nie;

*(b)* enige gemagtigde maar onuitgereikte sekuriteite uitreik nie;

*(c)* opsies ten opsigte van enige onuitgereikte sekuriteite uitreik of toestaan nie;

*(d)* enige sekuriteite wat omskeppingsregte in ander sekuriteite of inskrywingsregte op ander sekuriteite het, magtig of uitreik of sodanige magtiging of uitreiking toelaat nie;

*(e)* bates vir 'n wesenlike bedrag verkoop, daaroor beskik of verkry of op sodanige verkoping, beskikking of verkryging ooreenkom nie, behalwe in die gewone gang van sake;

*(f)* anders as in die gewone gang van sake kontrakte aangaan nie; of

*(g)* ’n uitkering doen wat abnormaal is ten opsigte van tydstip of bedrag nie, sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die Paneel, en die goedkeuring van die houers van relevante sekuriteite, of kragtens ’n voorafbestaande verpligting of ooreenkoms aangegaan voor die tyd beoog in hierdie subartikel.

(2) Indien ’n gereguleerde maatskappy glo dat hy aan ’n voorafbestaande verpligting beoog in subartikel (1) onderhewig is, mag hy by die Paneel om toestemming aansoek doen om voort te gaan.

**Verbode transaksies voor en gedurende ’n aanbod**

**127.** (1) Gedurende ’n aanbod, of wanneer ’n aanbod redelikerwys beoog word, mag ’n aanbieder of ’n persoon wat gesamentlik met daardie aanbieder optree, nie—

*(a)* reëlings met houers van die relevante sekuriteite aangaan nie;

*(b)* handel in, of reëlings aangaan om te handel in, sekuriteite van die gereguleerde doelwitmaatskappy nie; of

*(c)* reëlings aangaan wat aanvaarding van ’n aanbod behels nie, indien gunstige voorwaardes daaraan verbonde is wat nie aan alle houers van die relevante sekuriteite beskikbaar gestel word nie.

(2) Gedurende ’n aanbodtydperk mag ’n aanbieder of ’n persoon wat gesamentlik met daardie aanbieder optree, nie—

*(a)* sekuriteite in die doelwitmaatskappy verkoop nie, tensy—

(i) die Paneel vooraf toestemming verleen het tot sodanige verkoop;

(ii) die persoon wat daardie sekuriteite verkoop die publiek minstens 24 uur kennis gegee het, op die wyse en in die vorm wat deur die Oornameregulasies vereis word, dat verkope van daardie aard moontlik gedoen sal word; en

(iii) die verkoop volgens dieselfde bepalings en voorwaardes as die aanbod is; of

*(b)* sekuriteite in die doelwitmaatskappy verkry nadat die kennis beoog in paragraaf *(a)*(ii) gegee is nie.

(3) Indien ’n aanbod aangekondig of gepos is, maar nie onvoorwaardelik geword het of verklaar is nie, en gevolglik teruggetrek is of verval het, mag die aanbieder, enige persoon wat gesamentlik met die aanbieder opgetree het in die loop van die oorspronklike aanbod, of enige persoon wat daarna gesamentlik met enige van hulle optree, vir ’n tydperk van 12 maande na die datum waarop die aanbod teruggetrek is of verval het, nie—

*(a)* ’n aanbod vir die relevante sekuriteite van die doelwitmaatskappy maak nie; of

*(b)* sekuriteite van die doelwitmaatskappy verkry nie, indien die aanbieder of daardie persoon as gevolg van daardie verkryging ’n verpligte aanbod kragtens artikel 123 sou moes maak.

(4) Subartikel (3) is eweneens op ’n gedeeltelike aanbod van toepassing, hetsy die aanbod onvoorwaardelik geword het of verklaar is of nie, maar die tydperk van 12 maande loop vanaf die datum waarop daardie aanbod onvoorwaardelik geword het of verklaar is, of teruggetrek word of verval, na gelang van die geval.

(5) Vir ’n tydperk van ses maande onmiddellik na die laaste van die sluitingsdatum van ’n aanbod of die datum waarop die aanbod onvoorwaardelik geword het, mag—

*(a)* die aanbieder;

*(b)* ’n persoon wat gesamentlik met die aanbieder opgetree het; of

*(c)* ’n persoon wat daarna gesamentlik met ’n persoon beoog in paragraaf *(a)* of *(b)* optree,

nie ’n tweede aanbod aan ’n houer van sekuriteite van die doelwitmaatskappy maak, of ’n belang in enige sodanige sekuriteite verkry, volgens gunstiger voorwaardes as dié kragtens die oorspronklike aanbod nie.

# HOOFSTUK 6

## ONDERNEMINSREDDING EN SKIKKING MET SKULDEISERS

### *Deel A*

### *Verrigtinge in ondernemingredding*

**Toepassing en woordomskrywings van toepassing op Hoofstuk**

**128.** (1) In hierdie Hoofstuk beteken—

*(a)* **"geaffekteerde persoon"**, met betrekking tot 'n maatskappy—
(i) 'n aandeelhouer of 'n skuldeiser van die maatskappy;
(ii) enige geregistreerde vakbond wat werknemers van die maatskappy verteenwoordig; en
(iii) indien enige van die werknemers van die maatskappy nie deur 'n geregistreerde vakbond verteenwoordig word nie, elk van daardie werknemers of hulle onderskeie verteenwoordigers;

*(b)* **"ondernemingredding"** verrigtinge om die rehabilitasie van 'n maatskappy wat in finansiële nood is te fasiliteer deur voorsiening te maak vir—
(i) die tydelike toesig oor die maatskappy, en vir die bestuur van sy sake, bedrywighede en eiendom;
(ii) 'n tydelike moratorium op die regte van eisers teen die maatskappy of ten opsigte van eiendom in sy besit; en
(iii) die ontwikkeling en implementering, indien goedgekeur, van 'n plan om die maatskappy te red deur sy sake, bedrywighede, eiendom, skuld en ander laste, en ekwiteit sodanig te herstruktureer dat die waarskynlikheid dat die maatskappy op 'n solvente grondslag sal voortbestaan gemaksimaliseer word of, indien dit vir die maatskappy onmoontlik is om voort te bestaan, sal lei tot 'n beter opbrengs vir die maatskappy se skuldeisers of aandeelhouers as wat uit die onmiddellike likwidasie van die maatskappy sou voortspruit;

*(c)* **"ondernemingreddingsplan"** 'n plan beoog in artikel 150;

*(d)* **"ondernemingreddingspraktisyn"** 'n persoon wat ingevolge hierdie Hoofstuk aangestel is, of twee of meer persone wat gesamentlik aangestel is, om toesig te hou oor 'n maatskappy gedurende ondernemingreddings-verrigtinge en 'praktisyn' het 'n ooreenstemmende betekenis.

*(e)* **"hof"**, afhangend van die konteks, óf—
(i) die Hoër Hof met jurisdiksie oor die aangeleentheid;
(ii) óf—
*(aa)* 'n aangewese regter van die Hoër Hof met jurisdiksie oor die aangeleentheid, indien die Regterpresident enige regters kragtens subartikel (3) aangewys het; of
*(bb)* 'n regter van die Hoër Hof met jurisdiksie oor die aangeleentheid, soos deur die Regterpresident aangewys om die spesifieke aangeleentheid aan te hoor, indien die Regterpresident nie enige regters kragtens subartikel (3) aangewys het nie;

*(f)* **"in finansiële nood"**, met verwysing na 'n bepaalde maatskappy op enige bepaalde tydstip, dat—
(i) dit redelik onwaarskynlik is dat die maatskappy in staat sal wees om binne die onmiddellik daaropvolgende ses maande al sy skulde sal kan betaal namate dit betaalbaar raak; of
(ii) dat dit redelik waarskynlik is dat die maatskappy binne die onmiddellik daaropvolgende ses maande insolvent sal raak;

*(g)* **"onafhanklike skuldeiser"** 'n persoon wat—
(i) 'n skuldeiser van die maatskappy is, insluitende 'n werknemer van die maatskappy wat kragtens artikel 144(2) 'n skuldeiser is; en
(ii) behoudens subartikel (2), nie aan die maatskappy, 'n direkteur, of die praktisyn verwant is nie;

*(h)* **"die maatskappy red"** die bereiking van die doelwitte soos uiteengesit in die woordomskrywing van **"ondernemingredding"** in paragraaf *(b)*;

*(i)* **"toesig"** die toesighouding wat tydens die ondernemingreddingsverrigtinge aan 'n maatskappy opgelê word; en

*(j)* **"stemdraende belang"** 'n belang soos kragtens artikel 145(4) tot (6) erken, geëvalueer en gewaardeer.

(2) Vir doeleindes van subartikel (1)*(f)* is 'n werknemer van 'n maatskappy nie aan daardie maatskappy verwant slegs as gevolg van lidmaatskap van 'n vakbond wat aandele van daardie maatskappy besit nie.

(3) Vir die doeleindes beoog in subartikel (1)*(d)* of in enige ander wetsbepaling, kan die Regterpresident van 'n Hoër Hof enige regter van daardie hof algemeen as 'n spesialis aanwys om kwessies rakende handelsaangeleenthede, handelsinsolvensies en ondernemingredding te bepaal.

**Maatskappybesluit om ondernemingreddingsverrigtinge te begin**

**129.** (1) Behoudens subartikel (2)*(a)*, kan die direksie van 'n maatskappy besluit dat die maatskappy vrywilliglik met ondernemingreddingsverrigtinge begin en die maatskappy onder toesig plaas, indien die direksie redelike gronde het om te glo dat—

*(a)* die maatskappy in finansiële nood is; en

*(b)* daar 'n redelike vooruitsig is dat die maatskappy gered kan word.

(2) 'n Resolusie beoog in subartikel (1)—

*(a)* kan nie aangeneem word indien likwidasieverrigtinge deur of teen die maatskappy geïnisieer is nie; en

*(b)* het geen regskrag nie totdat dit ingedien is.

(3) Binne vyf sakedae nadat 'n maatskappy 'n resolusie aangeneem en 'n besluit ingedien het, soos beoog in subartikel (1), of sodanige langer tydperk as wat die Kommissie, op aansoek van die maatskappy, mag toelaat, moet die maatskappy—

*(a)* 'n kennisgewing van die besluit, en die inwerkingtredingsdatum daarvan, op die voorgeskrewe wyse aan elke geaffekteerde persoon besorg, en 'n beëdigde verklaring rakende die feite wat verband hou met die gronde waarop die direksie se besluit berus by die kennisgewing insluit; en

*(b)* 'n ondernemingreddingspraktisyn aanstel wat aan die vereistes van artikel 138 voldoen, en wat skriftelik ingestem het om die aanstelling te aanvaar.

(4) Nadat 'n praktisyn aangestel is soos vereis deur subartikel (3)*(b)*, moet 'n maatskappy—

*(a)* binne twee sakedae nadat 'n praktisyn aangestel is 'n kennisgewing van die aanstelling indien; en

*(b)* binne vyf sakedae nadat die kennisgewing ingedien is, 'n kopie van die aanstellingskennisgewing aan elke geaffekteerde persoon besorg.

(5) Indien 'n maatskappy versuim om aan enige bepaling van subartikel (3) of (4) te voldoen—

*(a)* verval sy besluit om met ondernemingreddingsverrigtinge te begin en die maatskappy onder toesig te plaas en is dit nietig; en

*(b)* mag die maatskappy vir 'n tydperk van drie maande na die datum waarop die vervalde besluit aangeneem is nie 'n verdere besluit soos beoog in subartikel (1) indien nie, tensy 'n hof, op goeie gronde soos in 'n *ex parte*-aansoek verstrek, die maatskappy se indiening van 'n verdere besluit goedkeur.

(6) 'n Maatskappy wat 'n resolusie soos beoog in hierdie artikel aangeneem het, mag nie 'n resolusie om met likwidasieverrigtinge te begin aanneem nie, tensy die besluit kragtens subartikel (5) verval het, of totdat die ondernemingreddingsverrigtinge soos bepaal in ooreenstemming met artikel 132(2) geëindig het.

(7) Indien die direksie van 'n maatskappy redelike gronde het om te glo dat die maatskappy in finansiële nood is, maar die direksie het nie 'n resolusie soos beoog in hierdie artikel aangeneem nie, moet die direksie 'n skriftelike kennisgewing, met 'n uiteensetting van die maatstawwe wat op die maatskappy van toepassing is soos na verwys in artikel 128(1)*(f)*, aan elke geaffekteerde persoon lewer en die redes verstrek waarom hy nie 'n resolusie soos beoog in hierdie artikel aangeneem het nie.

**Besware teen maatskappybesluit**

**130.** (1) Behoudens subartikel (2), kan 'n geaffekteerde persoon te eniger tyd na die aanneming van 'n resolusie kragtens artikel 129, tot en met die aanvaarding van 'n ondernemingreddingsplan kragtens artikel 152, by 'n hof aansoek doen vir 'n bevel—

*(a)* wat die besluit ter syde stel, op grond daarvan dat—

(i) daar geen redelike grondslag is om te glo dat die maatskappy in finansiële nood is nie;

(ii) daar geen redelike vooruitsig is om die maatskappy te red nie; of
(iii) die maatskappy nagelaat het om te voldoen aan die prosedurele vereistes soos uiteengesit in artikel 129;
*(b)* wat die aanstelling van die praktisyn ter syde stel, op grond daarvan die praktisyn—
(i) nie aan die vereistes van artikel 138 voldoen nie;
(ii) nie onafhanklik van die maatskappy of sy bestuur is nie; of
(iii) met inagneming van die maatskappy se omstandighede, nie die nodige vaardighede het nie; of
*(c)* vereis dat die praktisyn sekerheid stel tot 'n bedrag en volgens bepalings en voorwaardes wat die hof nodig ag om die belange van die maatskappy en enige geaffekteerde persone te beveilig.

(2) 'n Geaffekteerde persoon wat, as 'n direkteur van 'n maatskappy, ten gunste van 'n resolusie beoog in artikel 129 gestem het, mag nie by 'n hof aansoek doen—
*(a)* om, kragtens subartikel (1)*(a)*, daardie besluit ter syde te stel nie; of
*(b)* om kragtens subartikel (1)*(b)* die aanstelling van die praktisyn wat deur die maatskappy aangestel is, ter syde te stel nie,

tensy daardie persoon die hof oortuig dat die persoon, in die ondersteuning van die resolusie, te goeder trou opgetree het op grond van inligting wat daarna as vals of misleidend bevind is.

(3) 'n Aansoeker kragtens subartikel (1) moet—
*(a)* 'n kopie van die aansoek aan die maatskappy en die Kommissie beteken; en
*(b)* elke geaffekteerde persoon op die voorgeskrewe wyse van die aansoek in kennis stel.

(4) Elke geaffekteerde persoon het 'n reg om aan die verhoor van 'n aansoek kragtens hierdie artikel deel te neem.

(5) In die oorweging van 'n aansoek kragtens subartikel (1)*(a)* om die maatskappy se besluit ter syde te stel, kan die hof—
*(a)* die besluit ter syde stel—
(i) op enige gronde wat in subartikel (1) uiteengesit word; of
(ii) indien, met inagneming van al die bewyse, die hof meen dat dit andersins regverdig en billik is om dit te doen;
*(b)* aan die praktisyn voldoende tyd gun om 'n mening te vorm oor—
(i) of die maatskappy in finansiële nood blyk te wees; en
(ii) of daar 'n redelike vooruitsig is om die maatskappy te red, al dan nie,
en nadat 'n verslag van die praktisyn ontvang is, die maatskappy se besluit ter syde stel indien die hof die gevolgtrekking maak dat die maatskappy nie in finansiële nood is nie, of indien daar geen redelike vooruitsig is om die maatskappy te red nie; en
*(c)* indien hy kragtens paragraaf *(a)* of *(b)* 'n bevel maak wat die maatskappy se besluit ter syde stel, 'n verdere nodige en toepaslike bevel maak, insluitende—
(i) 'n bevel wat die maatskappy in likwidasie plaas; of
(ii) indien die hof bevind het dat daar geen redelike gronde was om te glo dat die maatskappy waarskynlik nie al sy skuld sou kon betaal namate dit betaalbaar geword het nie, 'n kostebevel teen enige direkteur wat gestem het ten gunste van die resolusie om met ondernemingreddingsverrigtinge te begin, tensy die hof oortuig is dat die direkteur te goeder trou opgetree het en op grond van inligting waarop die direkteur geregtig was om kragtens artikel 76(4) en (5) te steun.

(6) Indien die hof, na oorweging van 'n aansoek kragtens subartikel (1)*(b)*, 'n bevel maak wat die aanstelling van 'n praktisyn ter syde stel—
*(a)* moet die hof 'n plaasvervangende praktisyn aanstel wat aan die vereistes van artikel 138 voldoen, en aanbeveel is deur, of aanvaarbaar is vir, die houers van 'n meerderheid van die onafhanklike skuldeisers se stemdraende belange wat in die verhoor voor die hof verteenwoordig was; en
*(b)* die bepalings van subartikel (5)*(b)*, indien relevant, toepas op die praktisyn wat kragtens paragraaf *(a)* aangestel is.

**Hofbevel om met ondernemingreddingsverrigtinge te begin**

**131.** (1) Tensy 'n maatskappy 'n resolusie beoog in artikel 129 aangeneem het, kan 'n geaffekteerde persoon te eniger tyd by 'n hof aansoek doen vir 'n bevel wat die maatskappy onder toesig plaas en met ondernemingreddingsverrigtinge begin.

(2) ’n Aansoeker kragtens subartikel (1) moet—

*(a)* ’n kopie van die aansoek aan die maatskappy en die Kommissie beteken; en

*(b)* elke geaffekteerde persoon op die voorgeskrewe wyse van die aansoek in kennis stel.

(3) Elke geaffekteerde persoon het ’n reg om aan die verhoor van ’n aansoek kragtens hierdie artikel deel te neem.

(4) Na oorweging van ’n aansoek kragtens subartikel (1), kan die hof—

*(a)* ’n bevel uitreik wat die maatskappy onder toesig plaas en met ondernemingreddingsverrigtinge begin, indien die hof oortuig is dat—

(i) die maatskappy in finansiële nood is;

(ii) die maatskappy ten opsigte van indiensnemingsverwante aangeleenthede versuim het om enige bedrag kragtens ’n verpligting ingevolge ’n openbare regulasie of kontrak te betaal; of

(iii) dit andersins billik en regverdig is om dit om finansiële redes te doen en daar ’n redelike vooruitsig is dat die maatskappy gered kan word; of

*(b)* die aansoek, tesame met enige verdere nodige en toepaslike bevel, insluitende ’n bevel wat die maatskappy in likwidasie plaas, van die hand wys.

(5) Indien die hof ’n bevel kragtens subartikel (4)*(a)* maak, kan die hof ’n verdere bevel maak wat as tussentydse praktisyn ’n persoon aanstel wat aan die vereistes van artikel 138 voldoen, en wat genomineer is deur die geaffekteerde persoon wat kragtens subartikel (1) aansoek gedoen het, onderhewig aan bekragtiging deur die houers van ’n meerderheid van die onafhanklike skuldeisers se stemdraende belange by die eerste vergadering van skuldeisers, soos beoog in artikel 147.

(6) Indien likwidasieverrigtinge deur of teen die maatskappy reeds begin het wanneer ’n aansoek kragtens subartikel (1) ingedien word, sal die aansoek daardie likwidasieverrigtinge opskort totdat—

*(a)* die hof die aansoek bereg het; of

*(b)* die ondernemingreddingsverrigtinge eindig indien die hof die bevel maak waarvoor aansoek gedoen is.

(7) Benewens die bevoegdhede van ’n hof oor ’n aansoek soos beoog in hierdie artikel, kan ’n hof ’n bevel maak soos beoog in subartikel (4), of (5) indien toepaslik, te eniger tyd tydens die verloop van enige likwidasieverrigtinge of verrigtinge om enige sekuriteit teen die maatskappy af te dwing.

(8) ’n Maatskappy wat kragtens hierdie artikel onder toesig geplaas is—

*(a)* mag nie ’n resolusie om homself in likwidasie te plaas aanneem nie totdat die ondernemingreddingsverrigtinge soos bepaal ooreenkomstig artikel 132(2) geëindig het; en

*(b)* moet elke geaffekteerde persoon binne vyf sakedae na die datum van die bevel in kennis stel.

**Duur van ondernemingreddingsverrigtinge**

**132.** (1) Ondernemingreddingsverrigtinge begin wanneer—

*(a)* die maatskappy—

(i) ’n besluit indien om homself kragtens artikel 129(3) onder toesig te plaas; of

(ii) by die hof aansoek doen vir toestemming om ’n besluit kragtens artikel 129(5)*(b)* in te dien;

*(b)* ’n persoon by die hof aansoek doen vir ’n bevel om die maatskappy kragtens artikel 131(1) onder toesig te plaas; of

*(c)* ’n hof, tydens die likwidasieverrigtinge, of verrigtinge om ’n sekuriteitsbelang af te dwing, ’n bevel maak wat die maatskappy onder toesig plaas.

(2) Ondernemingreddingsverrigtinge eindig wanneer—

*(a)* die hof—

(i) die besluit of bevel wat daardie verrigtinge begin het ter syde stel; of

(ii) die verrigtinge in likwidasieverrigtinge omskep het;

*(b)* die praktisyn ’n kennisgewing van die beëindiging van ondernemingreddingsverrigtinge by die Kommissie ingedien het; of

*(c)* ’n ondernemingreddingsplan—

(i) wat kragtens Deel D van hierdie Hoofstuk voorgestel en verwerp is en geen geaffekteerde persoon opgetree het om die verrigtinge op enige wyse beoog in artikel 153 te verleng nie; of

(ii) kragtens Deel D van hierdie Hoofstuk aangeneem is, en die praktisyn daarna 'n kennisgewing van wesenlike implementering van daardie plan ingedien het.

(3) Indien 'n maatskappy se ondernemingreddingsverrigtinge nie binne drie maande na die aanvang van daardie verrigtinge, of sodanige langer tydperk as wat die hof op aansoek van die praktisyn mag toelaat, geëindig het nie, moet die praktisyn—

*(a)* 'n verslag oor die vordering van die ondernemingreddingsverrigtinge opstel, en dit aan die einde van elke daaropvolgende maand opdateer totdat daardie verrigtinge eindig; en

*(b)* die verslag en elke opdatering op die voorgeskrewe wyse aan elke geaffekteerde persoon lewer, en aan die—

(i) hof, indien die verrigtinge die onderwerp van 'n hofbevel was; of

(ii) in enige ander geval, aan die Kommissie.

**Algemene moratorium op regsgedinge teen maatskappy**

**133.** (1) Geen geregtelike stappe, insluitende afdwingingsaksie, teen die maatskappy, of ten opsigte van enige eiendom wat aan die maatskappy behoort, of wettiglik in sy besit is, mag tydens ondernemingreddingsverrigtinge in enige forum begin of voortgaan nie, behalwe—

*(a)* met die skriftelike toestemming van die praktisyn;

*(b)* met magtiging van die hof en ooreenkomstig enige bepalings wat die hof geskik ag;

*(c)* as 'n skuldverrekening ten opsigte van enige eis wat in enige regsgedinge deur die maatskappy gedoen word, ongeag of daardie verrigtinge voor of na die ondernemingreddingsverrigtinge begin het;

*(d)* strafregtelike verrigtinge teen die maatskappy of enige van sy direkteure of beamptes; of

*(e)* verrigtinge rakende enige eiendom of reg waaroor die maatskappy die bevoegdhede van 'n trustee uitoefen.

(2) Tydens ondernemingreddingsverrigtinge kan 'n waarborg of borg deur 'n maatskappy ten gunste van enige ander persoon nie deur enige persoon teen die maatskappy afgedwing word nie, behalwe met die magtiging van die hof en ooreenkomstig bepalings wat die hof in die omstandighede billik en regverdig ag.

(3) Indien enige reg om met verrigtinge te begin of andersins op 'n eis teen 'n maatskappy aanspraak te maak aan 'n tydsbeperking onderhewig is, moet die meting van daardie tyd gedurende die maatskappy se ondernemingreddingsverrigtinge opgeskort word.

**Beskerming van eiendomsbelange**

**134.** Behoudens subartikels (2) en (3), tydens 'n maatskappy se ondernemingreddingsverrigtinge—

*(a)* kan die maatskappy eiendom vervreem, of tot vervreemding instem slegs—

(i) in die gewone gang van sy sake;

(ii) in 'n *bona fide*-armlengtetransaksie vir billike waarde wat vooraf skriftelik deur die praktisyn goedgekeur is; of

(iii) in 'n transaksie beoog in, en onderneem as deel van die implementering van, 'n ondernemingreddingsplan wat kragtens artikel 152 goedgekeur is;

*(b)* kan enige persoon wat, as gevolg van 'n ooreenkoms gesluit in die gewone gang van die maatskappy se sake voor die ondernemingreddingsverrigtinge begin het, wettiglik in besit is van enige eiendom in die besit van die maatskappy, voortgaan om enige reg ten opsigte van die eiendom soos beoog in daardie ooreenkoms uit te oefen, maar behoudens artikel 136; en

*(c)* ondanks enige bepaling van 'n ooreenkoms tot die teendeel, mag geen persoon enige reg ten opsigte van enige eiendom in die wettige besit van die maatskappy uitoefen nie, ongeag of die eiendom in besit is van die maatskappy, behalwe in die mate dat die praktisyn skriftelik daartoe instem.

(2) Die praktisyn mag nie toestemming kragtens subartikel (1)*(c)* onredelik weerhou nie, met inagneming van—

*(a)* die doeleindes van hierdie Hoofstuk;

*(b)* die omstandighede van die maatskappy; en

*(c)* die aard van die eiendom, en die regte ten opsigte daarvan geëis.

(3) Indien die maatskappy tydens sy ondernemingreddingsverrigtinge enige eiendom wil vervreem waaroor ’n ander persoon enige sekuriteit of titelbelang het, moet die maatskappy—

*(a)* vooraf die toestemming van daardie ander persoon verkry, tensy die opbrengs uit die vervreemding voldoende sal wees om die skuld wat deur daardie persoon se sekuriteit of titelbelang beskerm word ten volle te vereffen; en

*(b)* onmiddellik—

(i) aan daardie ander persoon die verkoopopbrengs uit daardie eiendom tot die bedrag van die maatskappy se skuld aan daardie ander persoon betaal; of

(ii) tot die redelike tevredenheid van daardie ander persoon sekerheid vir die bedrag van daardie opbrengs stel.

**Na-aanvangsfinansiering**

**135.** (1) Tot die mate dat enige vergoeding, terugbetaling vir uitgawes of ’n ander bedrag met betrekking tot indiensneming tydens die maatskappy se ondernemingreddingsverrigtinge deur ’n maatskappy aan ’n werknemer betaalbaar raak, maar nie aan die werknemer betaal word nie—

*(a)* word die geld geag na-aanvangsfinansiering te wees; en

*(b)* sal dit betaal word in die volgorde van voorkeur soos in subartikel (3)*(a)* uiteengesit.

(2) Die maatskappy kan tydens sy ondernemingreddingsverrigtinge finansiering verkry benewens soos beoog in subartikel (1), en enige sodanige finansiering—

*(a)* kan aan die lener gewaarborg word deur enige bate van die maatskappy te gebruik tot die mate dat dit nie andersins beswaar is nie; en

*(b)* sal betaal word in die volgorde van voorkeur soos in subartikel (3)*(b)* uiteengesit.

(3) Na betaling van die praktisyn se vergoeding en koste bedoel in artikel 143, en ander eise voortspruitend uit die koste van die ondernemingreddingsverrigtinge, sal alle eise beoog—

*(a)* in subartikel (1) dieselfde behandel word, maar voorkeur geniet bo—

(i) alle eise beoog in subartikel (2), ongeag of hulle gesekureer is al dan nie; en

(ii) alle ongesekureerde eise teen die maatskappy; of

*(b)* in subartikel (2) voorrang geniet in die volgorde waarin hulle ingestel is bo alle ongesekureerde eise teen die maatskappy.

(4) Indien ondernemingreddingsverrigtinge deur ’n likwidasiebevel vervang word, bly die voorkeur van krag wat kragtens hierdie artikel verleen is, behalwe wat betref eise wat uit die koste van likwidasie voortspruit.

**Uitwerking van ondernemingredding op werknemers en kontrakte**

**136.** (1) Ongeag enige bepaling van ’n ooreenkoms tot die teendeel—

*(a)* bly werknemers van die maatskappy onmiddellik voor die aanvang van daardie verrigtinge tydens ’n maatskappy se ondernemingreddingsverrigtinge op dieselfde bepalings en voorwaardes in diens, behalwe in die mate dat—

(i) veranderings in die gewone gang van natuurlike afname plaasvind; of

(ii) die werknemers en die maatskappy, ooreenkomstig toepaslike arbeidswetgewing, verskillende bepalings en voorwaardes ooreenkom; en

*(b)* is enige afdanking van enige sodanige werknemers beoog in die maatskappy se ondernemingreddingsplan onderhewig aan artikels 189 en 189A van die Wet op Arbeidsbetrekkinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995), en ander toepaslike indiensnemingsverwante wetgewing.

(2) Behoudens artikels 35A en 35B van die Insolvensiewet, 1936 (Wet No. 24 van 1936), en ongeag enige bepaling van ’n ooreenkoms tot die teendeel, kan die praktisyn tydens ondernemingreddingsverrigtinge enige bepaling van ’n ooreenkoms, buiten ’n indiensnemingsooreenkoms, waartoe die maatskappy by die inwerkingtreding van die ondernemingreddingstydperk ’n party is, geheel en al, gedeeltelik of voorwaardelik kanselleer of opskort.

(3) Enige party tot 'n ooreenkoms wat opgeskort of gekanselleer is, of enige bepaling wat opgeskort of gekanselleer is, kragtens subartikel (2), kan 'n eis slegs vir skadevergoeding teen die maatskappy instel.

(4) Indien likwidasieverrigtinge in ondernemingreddingsverrigtinge omskep is, is die likwidateur 'n skuldeiser van die maatskappy tot die bedrag van enige uitstaande eis deur die likwidateur vir enige vergoeding verskuldig vir werk gedoen, of kompensasie vir uitgawes aangegaan, voordat die ondernemingreddingsverrigtinge begin.

**Uitwerking op aandeelhouers en direkteure**

**137.** (1) Tydens ondernemingreddingsverrigtinge is 'n verandering in die klassifikasie of status van enige uitgereikte sekuriteite van 'n maatskappy, buiten by wyse van 'n oordrag van sekuriteite in die gewone gang van sake, ongeldig behalwe tot die mate—

*(a)* wat die hof anders gelas; of
*(b)* soos beoog in 'n goedgekeurde ondernemingreddingsplan.

(2) Tydens 'n maatskappy se ondernemingreddingsverrigtinge—

*(a)* moet elke direkteur van die maatskappy, behoudens die gesag van die praktisyn, voortgaan om die funksies van direkteur uit te oefen;
*(b)* het elke direkteur van die maatskappy 'n plig om enige bestuursfunksie in die maatskappy ooreenkomstig die uitdruklike opdragte of voorskrif van die praktisyn uit te oefen, tot die mate dat dit redelik is om dit te doen;
*(c)* bly elke direkteur gebonde aan die vereistes van artikel 75 rakende persoonlike finansiële belange van die direkteur of 'n verwante persoon; en
*(d)* word elke direkteur, tot die mate dat die direkteur ooreenkomstig paragrawe *(b)* en *(c)* optree, onthef van die pligte van 'n direkteur soos uiteengesit in artikel 76, en die verpligtinge soos uiteengesit in artikel 77, buiten artikel 77(3)*(a)*, *(b)* en *(c)*.

(3) Tydens 'n maatskappy se ondernemingreddingsverrigtinge, moet elke direkteur van die maatskappy te alle tye aan die versoeke van die praktisyn gehoor gee, en aan die praktisyn enige inligting oor die maatskappy se sake gee soos wat redelik vereis word.

(4) Indien die direksie, of een of meer direkteure van die maatskappy, tydens 'n maatskappy se ondernemingreddingsverrigtinge beweer dat 'n handeling wat die praktisyn se goedkeuring vereis namens die maatskappy uitgevoer word, is daardie handeling nietig tensy dit deur die praktisyn goedgekeur is.

(5) Die praktisyn kan te eniger tyd tydens die ondernemingreddingsverrigtinge by 'n hof aansoek doen vir 'n bevel om 'n direkteur van 'n amp te onthef op grond daarvan dat die direkteur—

*(a)* nagelaat het om 'n vereiste van hierdie Hoofstuk na te kom; of
*(b)* deur doen of late—
  (i) die praktisyn in die uitvoering van die bevoegdhede en funksies van praktisyn verhinder het of hinder;
  (ii) die bestuur van die maatskappy deur die praktisyn verhinder het of verhinder; of
  (iii) die ontwikkeling of implementering van 'n ondernemingreddingsplan ooreenkomstig hierdie Hoofstuk verhinder het of verhinder.

(6) Subartikel (5) is bykomend tot enige reg van 'n persoon om by 'n hof aansoek te doen vir 'n bevel soos beoog in artikel 162.

***Deel B***

***Praktisyn se funksies en aanstellingsvoorwaardes***

**Praktisyns se kwalifikasies**

**138.** (1) 'n Persoon mag as die praktisyn van 'n maatskappy aangestel word slegs indien die persoon—

*(a)* 'n lid van goeie naam is van 'n beroep behoudens regulasies deur 'n regulerende gesag wat deur die Minister kragtens subartikel (2) voorgeskryf is;
*(b)* nie kragtens artikel 162(7) aan 'n proefbevel onderhewig is nie;
*(c)* nie kragtens artikel 69(8) gediskwalifiseer sou wees om as 'n direkteur van die maatskappy op te tree nie;

- *(d)* nie enige ander verwantskap met die maatskappy het wat 'n redelike en ingeligte derde party sou laat aflei dat die integriteit, onpartydigheid of objektiwiteit van daardie persoon deur daardie verwantskap in verdenking gebring word nie; en
- *(e)* nie verwant is aan 'n persoon wat 'n verwantskap het soos beoog in paragraaf *(d)* nie.

(2) Die Minister kan een persoon of vereniging in die Republiek aanwys om die praktyk van persone as praktisyns kragtens hierdie Wet te reguleer, indien daardie persoon of vereniging—

- *(a)* daartoe verbind is om die doelstellings van hierdie Hoofstuk te bereik;
- *(b)* hoofsaaklik optree om gesonde beginsels en goeie praktyk van ondernemingsregruk of -redding te bevorder; en
- *(c)* voldoende mense-, finansiële en operasionele hulpbronne, en toereikende administratiewe prosedures en veiligheidsmaatreëls, het om hom in staat te stel om doeltreffend te funksioneer en sy funksies kragtens hierdie Hoofstuk effektief uit te voer, of aan die Minister 'n geloofwaardige plan voor te lê om daardie hulpbronne te verkry of te ontwikkel.

(3) Die Minister kan—

- *(a)* kragtens hierdie Hoofstuk redelike voorwaardes ten opsigte van die uitvoering van funksies en bevoegdhede aan 'n persoon of vereniging oplê wat kragtens subartikel (2) deur die Minister aangewys is; en
- *(b)* regulasies uitvaardig wat—
  - (i) minimum kwalifikasies voorskryf vir toelating van 'n persoon tot die praktyk van 'n ondernemingreddingspraktisyn; en
  - (ii) prosedures voorskryf wat 'n persoon of vereniging wat kragtens subartikel (2) deur die Minister aangewys is, in die uitvoering van sy funksies en bevoegdhede kragtens hierdie Hoofstuk moet volg.

**Ontheffing en vervanging van praktisyn**

**139.** (1) 'n Praktisyn kan slegs onthef word—

- *(a)* deur 'n hofbevel kragtens artikel 130; of
- *(b)* soos in hierdie artikel bepaal.

(2) Die hof kan op versoek van 'n geaffekteerde persoon, of uit eie beweging, 'n praktisyn op enige van die volgende gronde uit die amp onthef:

- *(a)* Onbevoegdheid of versuim om pligte uit te voer;
- *(b)* versuim om die toepaslike mate van sorgsaamheid in die uitvoering van die praktisyn se funksies aan die dag te lê;
- *(c)* deelname aan onwettige handelinge of gedrag;
- *(d)* indien die praktisyn nie meer aan die vereistes soos uiteengesit in artikel 138(1) voldoen nie;
- *(e)* belangebotsing of gebrek aan onafhanklikheid; of
- *(f)* indien die praktisyn onbevoeg of nie in staat is om die funksies van daardie amp uit te voer nie, en dit onwaarskynlik is dat daardie vermoë binne 'n redelike tyd herwin sal word.

(3) Die maatskappy, of die skuldeiser wat die praktisyn benoem het, na gelang van die geval, moet 'n nuwe praktisyn aanstel wanneer 'n praktisyn sterf, bedank of uit die amp verwyder word, behoudens die reg van 'n geaffekteerde persoon om 'n nuwe aansoek kragtens artikel 130(1)*(b)* te bring om daardie nuwe aanstelling ter syde te stel.

**Algemene bevoegdhede en pligte van praktisyns**

**140.** (1) Tydens 'n maatskappy se ondernemingreddingsverrigtinge, en benewens enige ander bevoegdhede en pligte soos in hierdie Hoofstuk uiteengesit—

- *(a)* het die praktisyn in die plek van sy direksie en voorafbestaande bestuur volle bestuursbeheer oor die maatskappy;
- *(b)* kan die praktisyn enige bevoegdheid of funksie delegeer aan 'n persoon wat deel van die direksie of voorafbestaande bestuur van die maatskappy was;
- *(c)* kan die praktisyn—
  - (i) enige persoon wat deel van die voorafbestaande bestuur van die maatskappy is uit die amp onthef; of
  - (ii) behoudens subartikel (2), 'n persoon as deel van die bestuur van 'n maatskappy aanstel, hetsy om 'n vakature te vul al dan nie; en

*(d)* is die praktisyn verantwoordelik om—
(i) 'n ondernemingreddingsplan te ontwikkel wat deur geaffekteerde persone in ooreenstemming met Deel D van hierdie Hoofstuk oorweeg moet word; en
(ii) enige ondernemingreddingsplan te implementeer wat in ooreenstemming met Deel D van hierdie Hoofstuk aanvaar is.

(2) Behalwe met die goedkeuring van die hof op aansoek van die praktisyn, mag 'n praktisyn nie 'n persoon as deel van die bestuur van die maatskappy, of 'n adviseur vir die maatskappy of vir die praktisyn, aanstel nie indien daardie persoon—
*(a)* enige ander verwantskap met die maatskappy het wat 'n redelike en ingeligte derde party sou laat aflei dat die integriteit, onpartydigheid of objektiwiteit van daardie persoon deur daardie verwantskap in verdenking gebring word; of
*(b)* verwant is aan 'n persoon wat 'n verwantskap het soos beoog in paragraaf *(a)*.

(3) Tydens 'n maatskappy se ondernemingreddingsverrigtinge—
*(a)* is die praktisyn 'n beampte van die hof, en moet aan die hof verslag doen ooreenkomstig enige toepaslik hofreëls of bevele van die hof;
*(b)* het die praktisyn die verantwoordelikhede, pligte en aanspreeklikhede van 'n direkteur van die maatskappy, soos uiteengesit in artikels 75 tot 77; en
*(c)* buiten soos beoog in paragraaf *(b)*—
(i) is die praktisyn nie aanspreeklik vir enige doen of late in goeder trou in die uitoefening van die bevoegdhede en uitvoering van die funksies van praktisyn nie; maar
(ii) kan die praktisyn ooreenkomstig enige relevante wetsbepaling aanspreeklik gehou word vir die gevolge van enige doen of late wat neerkom op growwe nalatigheid in die uitoefening van die bevoegdhede en uitvoering van die funksies van praktisyn.

(4) Indien die ondernemingreddingsproses eindig met 'n bevel wat die maatskappy in likwidasie plaas, mag 'n persoon wat tydens die ondernemingreddingsproses as praktisyn opgetree het nie as likwidateur van die maatskappy aangestel word nie.

**Ondersoek na maatskappy se sake**

**141.** (1) 'n Praktisyn moet so gou moontlik na aanstelling die maatskappy se sake, bedrywighede, eiendom en finansiële situasie ondersoek, en daarna oorweeg of daar 'n redelike vooruitsig is dat die maatskappy gered kan word.

(2) Indien die praktisyn te eniger tyd tydens ondernemingreddingsverrigtinge aflei dat—
*(a)* daar geen redelike vooruitsig is dat die maatskappy gered kan word nie, moet die praktisyn—
(i) die hof, die maatskappy en alle geaffekteerde persone op die voorgeskrewe wyse aldus inlig; en
(ii) by die hof aansoek doen om 'n bevel om die ondernemingreddingsverrigtinge te beëindig en die maatskappy in likwidasie te plaas;
*(b)* daar nie meer redelike gronde is om te glo dat die maatskappy in finansiële nood is nie, moet die praktisyn die hof, die maatskappy, en alle geaffekteerde persone op die voorgeskrewe wyse aldus inlig, en—
(i) indien die ondernemingreddingsproses kragtens artikel 130 deur 'n hofbevel bekragtig is, of kragtens artikel 131 deur 'n aansoek by die hof geïnisieer is, by 'n hof aansoek doen om 'n bevel wat die ondernemingreddingsverrigtinge beëindig; of
(ii) andersins, 'n kennisgewing van beëindiging van die ondernemingreddingsverrigtinge indien; of
*(c)* daar, voordat die ondernemingreddingsverrigtinge begin het, bewyse in die maatskappy se transaksies is van—
(i) vernietigbare transaksies, of 'n versuim deur die maatskappy of enige direkteur om 'n wesenlike verpligting met betrekking tot die maatskappy na te kom, moet die praktisyn aan die bestuur opdrag gee om alle nodige stappe te doen om die aangeleentheid reg te stel;
(ii) roekelose verhandeling, bedrog of ander oortreding van enige wetsbepaling met betrekking tot die maatskappy, moet die praktisyn—
*(aa)* die bewyse aan die toepaslike gesag besorg vir verdere ondersoek en moontlike vervolging; en

*(bb)* aan die bestuur opdrag gee om alle nodige stappe te doen om die aangeleentheid, insluitende die verhaling van enige wanaanwending van bates van die maatskappy, reg te stel.

(3) 'n Hof by wie aansoek gedoen is kragtens subartikel (2)*(a)*(ii), kan die bevel gee waarvoor aansoek gedoen is, of enige ander bevel wat die hof in die omstandighede toepaslik ag.

**Direkteure van maatskappy moet samewerking en hulp aan praktisyn gee**

**142.** (1) So gou doenlik nadat ondernemingreddingsverrigtinge begin, moet elke direkteur van 'n maatskappy alle boeke en rekords wat met die sake van die maatskappy verband hou en in die direkteur se besit is aan die praktisyn oorhandig.

(2) 'n Direkteur van 'n maatskappy wat weet waar ander boeke en rekords rakende die maatskappy gehou word, moet die praktisyn inlig oor waar daardie boeke en rekords is.

(3) Binne vyf sakedae nadat ondernemingreddingsverrigtinge begin, of sodanige langer tydperk as wat die praktisyn toelaat, moet die direkteure van 'n maatskappy 'n uiteensetting van die toestand van sake aan die praktisyn oorhandig, en so 'n uiteensetting moet ten minste besonderhede van die volgende bevat:

*(a)* Enige wesenlike transaksies wat die maatskappy of die bates van die maatskappy raak, en plaasgevind het binne 12 maande onmiddellik voor die ondernemingreddingsverrigtinge begin het;

*(b)* enige hof-, arbitrasie- of administratiewe verrigtinge, insluitende afdwingverrigtinge, waarby die maatskappy betrokke is;

*(c)* die bates en laste van die maatskappy en sy inkomste en uitbetalings in die onmiddellik voorafgaande 12 maande;

*(d)* die getal werknemers, en enige kollektiewe ooreenkomste of ander ooreenkoms rakende die regte van werknemers;

*(e)* enige skuldenaars en hulle verpligtinge teenoor die maatskappy; en

*(f)* enige skuldeisers en hulle regte of eise teen die maatskappy.

(4) Geen persoon het die reg, teenoor die praktisyn van 'n maatskappy, om besit van enige boeke of rekords van die maatskappy te behou of om 'n retensiereg oor enige sodanige boeke of rekords te eis of af te dwing nie.

**Praktisyn se vergoeding**

**143.** (1) Die praktisyn het die reg om 'n bedrag teen die maatskappy te hef vir vergoeding en uitgawes in ooreenstemming met die tarief wat kragtens subartikel (6) voorgeskryf word.

(2) Die praktisyn kan 'n ooreenkoms met die maatskappy voorstel wat voorsiening maak vir verdere vergoeding, bykomend tot dit wat in subartikel (1) beoog word, en wat bereken moet word op grond van 'n gebeurlikheid wat verband hou met—

*(a)* die aanvaarding van 'n ondernemingreddingsplan te alle tye, of binne 'n bepaalde tyd, of die insluiting van enige besondere aangeleentheid in so 'n plan; of

*(b)* die bereiking van 'n bepaalde resultaat of kombinasie van resultate rakende die ondernemingreddingsverrigtinge.

(3) Behoudens subartikel (4), is 'n ooreenkoms beoog in subartikel (2) finaal en bindend op die maatskappy indien dit goedgekeur word deur—

*(a)* die houers van 'n meerderheid van die skuldeisers se stemdraende belange, soos bepaal ooreenkomstig artikel 145(4) tot (6), wat teenwoordig is en stem op 'n vergadering wat belê is met die doel om die voorgestelde ooreenkoms te oorweeg; en

*(b)* die houers van 'n meerderheid van die stemreg verbonde aan enige aandele van die maatskappy, wat die aandeelhouer by likwidasie die reg gee op 'n gedeelte van die reswaarde van die maatskappy, en teenwoordig is en stem by 'n vergadering wat belê is met die doel om die voorgestelde ooreenkoms te oorweeg.

(4) 'n Skuldeiser of aandeelhouer wat teen 'n voorstel soos beoog in hierdie artikel gestem het, mag binne 10 sakedae na die datum van stemming oor daardie voorstel by 'n hof aansoek doen vir 'n bevel wat die ooreenkoms ter syde stel op grond daarvan dat—

*(a)* die ooreenkoms nie billik en regverdig is nie; of

*(b)* dat die vergoeding waarvoor in die ooreenkoms voorsiening gemaak is, met inagneming van die finansiële omstandighede van die maatskappy, uiters onredelik is.

(5) In die mate dat die praktisyn se vergoeding en uitgawes nie ten volle betaal word nie, sal die praktisyn se eis vir daardie bedrae voorrang geniet bo die eise van alle ander gesekureerde en ongesekureerde skuldeisers.

(6) Die Minister kan regulasies uitvaardig wat 'n tarief van gelde en uitgawes vir die doel van subartikel (1) voorskryf.

## *Deel C*

### *Regte van geaffekteerde persone tydens ondernemingreddingsverrigtinge*

**Werknemers se regte**

**144.** (1) Tydens 'n maatskappy se ondernemingreddingsverrigtinge kan enige werknemers van die maatskappy wat—

*(a)* deur 'n geregistreerde vakbond verteenwoordig word, enige regte soos uiteengesit in hierdie Hoofstuk—

(i) kollektief deur hulle vakbond uitoefen; en

(ii) ooreenkomstig toepaslike arbeidsreg; of

*(b)* nie deur 'n geregistreerde vakbond verteenwoordig word nie, kies om enige regte soos uiteengesit in hierdie Hoofstuk, óf regstreeks óf deur volmag deur middel van 'n werknemerorganisasie of verteenwoordiger, uit te oefen.

(2) In die mate wat enige vergoeding, terugbetaling vir uitgawes of ander bedrag rakende indiensneming op enige tydstip voor die aanvang van die maatskappy se ondernemingreddingsverrigtinge deur 'n maatskappy aan 'n werknemer verskuldig geraak het, en nie onmiddellik voor die aanvang van daardie verrigtinge aan daardie werknemer betaal is nie, is die werknemer vir die doeleindes van hierdie Hoofstuk 'n ongesekureerde voorkeurskuldeiser van die maatskappy.

(3) Tydens 'n maatskappy se ondernemingreddingsproses, is elke geregistreerde vakbond wat enige werknemers van die maatskappy verteenwoordig, en enige werknemer wat nie so verteenwoordig word nie, geregtig om—

*(a)* 'n kennisgewing van elke hofverrigting, besluit, vergadering of ander relevante gebeurtenis rakende die ondernemingreddingsverrigtinge te ontvang, en sodanige kennisgewing moet by hulle werkplek aan werknemers gegee word en by die hoofkantoor van die betrokke vakbond beteken word;

*(b)* aan enige hofverrigtinge deel te neem wat tydens die ondernemingreddingsverrigtinge ontstaan;

*(c)* 'n komitee van werknemerverteenwoordigers te vorm;

*(d)* tydens die ontwikkeling van die ondernemingreddingsplan deur die praktisyn geraadpleeg te word, en voldoende geleentheid te kry om enige so 'n plan te hersien en 'n voorlegging soos beoog in artikel 152(1)*(c)* op te stel;

*(e)* teenwoordig te wees op, en 'n voorlegging te doen aan, die vergadering van die houers van stemdraende belange voordat daar oor enige voorgestelde ondernemingreddingsplan, soos beoog in artikel 152(1)*(c)*, gestem word.

*(f)* tesame met skuldeisers te stem oor 'n mosie om 'n voorgestelde sakeplan goed te keur, in die mate wat die werknemer 'n skuldeiser is, soos beoog in subartikel (1); en

*(g)* indien die voorgestelde ondernemingreddingsplan verwerp word, om—

(i) die ontwikkeling van 'n alternatiewe plan voor te stel, op die wyse soos beoog in artikel 153; of

(ii) 'n aanbod te maak om die belange van een of meer geaffekteerde persone te verkry, op die wyse soos beoog in artikel 153.

(4) 'n Mediese skema, of 'n pensioenskema, insluitende 'n voorsorgskema, tot voordeel van die vorige of huidige werknemers van 'n maatskappy is vir die doeleindes van hierdie Hoofstuk 'n ongesekureerde skuldeiser van die maatskappy tot die omvang van—

*(a)* enige bedrag wat op enige tydstip voor die aanvang van die maatskappy se ondernemingreddingsverrigtinge deur die maatskappy aan die trustees van die skema verskuldig was, en wat nie onmiddellik voor die aanvang van daardie verrigtinge betaal was nie; en

*(b)* by die inwerkingtreding van die ondernemingreddingsverrigtinge, in die geval van 'n omskrewevoordeel-pensioenskema, die huidige waarde van enige onbefondsde aanspreeklikheid kragtens daardie skema.

(5) Die regte soos uiteengesit in hierdie artikel is bykomend tot enige ander regte wat ontstaan uit of toeval kragtens enige wetsbepaling, kontrak, kollektiewe ooreenkoms, aandeelhouding, sekuriteit of hofbevel.

**Skuldeisers se deelname**

**145.** (1) Elke skuldeiser is geregtig om—

*(a)* 'n kennisgewing van elke hofverrigting, besluit, vergadering of ander relevante gebeurtenis rakende die ondernemingreddingsverrigtinge te ontvang;

*(b)* aan enige hofverrigtinge deel te neem wat tydens die ondernemingreddingsverrigtinge ontstaan;

*(c)* formeel deel te neem aan 'n maatskappy se ondernemingreddingsverrigtinge in die mate waarvoor in hierdie Hoofstuk voorsiening gemaak word; en

*(d)* informeel aan daardie verrigtinge deel te neem deur voorstelle vir 'n ondernemingreddingsplan by die praktisyn in te dien.

(2) Benewens die regte soos uiteengesit in subartikel (1), het elke skuldeiser—

*(a)* die reg om te stem om 'n voorgestelde ondernemingreddingsplan te wysig, goed te keur of te verwerp, op die wyse soos beoog in artikel 152; en

*(b)* indien die voorgestelde ondernemingreddingsplan verwerp word, om—

(i) die ontwikkeling van 'n alternatiewe plan voor te stel, op die wyse soos beoog in artikel 153; of

(ii) 'n aanbod te maak om die belange van enige of al die ander skuldeisers te verkry, op die wyse soos beoog in artikel 153.

(3) Die skuldeisers van 'n maatskappy het die reg om 'n skuldeiserskomitee te vorm, en is deur middel van daardie komitee geregtig om tydens die ontwikkeling van die ondernemingreddingsplan deur die praktisyn geraadpleeg te word.

(4) Ten opsigte van enige besluit soos beoog in hierdie Hoofstuk, wat die steun van die houers van skuldeisers se stemdraende belange vereis—

*(a)* het 'n gesekureerde of ongesekureerde skuldeiser 'n stemdraende belang gelyk aan die waarde van die bedrag wat deur die maatskappy aan daardie skuldeiser verskuldig is; en

*(b)* het 'n konkurrente skuldeiser wat in 'n likwidasie ondergeskik sou wees, 'n stemdraende belang, soos onafhanklik en kundig op versoek van die praktisyn geëvalueer en gewaardeer, gelyk aan die bedrag, indien enige, wat die skuldeiser redelik kan verwag om in so 'n likwidasie van die maatskappy te ontvang.

(5) Die praktisyn van 'n maatskappy moet—

*(a)* vir die doeleindes van hierdie Hoofstuk bepaal of 'n skuldeiser onafhanklik is;

*(b)* versoek dat 'n paslik gekwalifiseerde persoon 'n belang soos beoog in subartikel (4)*(b)* onafhanklik en kundig evalueer en waardeer; en

*(c)* minstens 15 sakedae voor die datum van die vergadering wat kragtens artikel 151 belê moet word, skriftelike kennisgewing van die beslissing, of beoordeling en waardasie, aan die betrokke persoon gee.

(6) Binne vyf sakedae na ontvangs van 'n kennisgewing van 'n beslissing soos beoog in subartikel (5), kan 'n persoon by 'n hof aansoek doen om—

*(a)* die praktisyn se beslissing dat die persoon 'n onafhanklike skuldeiser is al dan nie te hersien; of

*(b)* daardie persoon se stemdraende belang, soos bepaal kragtens subartikel (5)*(b)*, te hersien, te herbeoordeel en te herwaardeer.

**Deelname deur houers van maatskappy se sekuriteite**

**146.** Tydens 'n maatskappy se ondernemingreddingsverrigtinge is elke houer van enige uitgereikte sekuriteit van die maatskappy geregtig om—

*(a)* 'n kennisgewing van elke hofverrigting, besluit, vergadering of ander relevante gebeurtenis rakende die ondernemingreddingsverrigtinge te ontvang;

*(b)* aan enige hofverrigtinge deel te neem wat tydens die ondernemingreddingsverrigtinge ontstaan;

*(c)* formeel deel te neem aan 'n maatskappy se ondernemingreddingsverrigtinge in die mate waarvoor in hierdie Hoofstuk voorsiening gemaak word;

*(d)* te stem om 'n voorgestelde ondernemingreddingsplan goed te keur of te verwerp op die wyse soos beoog in artikel 152, indien die plan die regte verbonde aan die klas sekuriteite wat deur daardie persoon gehou word sal verander; en

*(e)* indien die ondernemingreddingsplan verwerp word, om—

(i) die ontwikkeling van 'n alternatiewe plan voor te stel, op die wyse soos beoog in artikel 153; of

(ii) 'n aanbod te maak om die belange van enige of al die skuldeisers of ander houers van die maatskappy se sekuriteite te verkry, op die wyse soos beoog in artikel 153.

**Eerste vergadering van skuldeisers**

**147.** (1) Binne 10 sakedae na aanstelling, moet die praktisyn 'n eerste vergadering van skuldeisers belê en daarop voorsit, waar—

*(a)* die praktisyn—

(i) die skuldeisers moet inlig of die praktisyn glo dat daar 'n redelike vooruitsig is om die maatskappy te red; en

(ii) bewys van eise deur skuldeisers kan ontvang; en

*(b)* die skuldeisers kan bepaal of 'n komitee van skuldeisers aangestel moet word al dan nie en, indien wel, die lede van die komitee aanstel.

(2) Die praktisyn moet aan elke skuldeiser van die maatskappy wie se naam en adres aan die praktisyn bekend is of wat redelikerwys verkry kan word, kennis van die eerste vergadering van skuldeisers gee, en die—

*(a)* datum, tyd en plek van die vergadering; en

*(b)* sakelys vir die vergadering,

daarin uiteensit.

(3) Op enige vergadering van skuldeisers, buiten die vergadering soos beoog in artikel 151, is 'n besluit soos ondersteun deur die houers van 'n gewone meerderheid van die onafhanklike skuldeisers se stemdraende belange, wat oor 'n aangeleentheid gestem het, die besluit van die vergadering oor daardie aangeleentheid.

**Eerste vergadering van werknemers se verteenwoordigers**

**148.** (1) Binne 10 sakedae na aanstelling, moet die praktisyn 'n eerste vergadering van werknemerverteenwoordigers belê en daarop voorsit, waar—

*(a)* die praktisyn die werknemerverteenwoordigers moet inlig of die praktisyn glo dat daar 'n redelike vooruitsig is om die maatskappy te red; en

*(b)* die werknemerverteenwoordigers kan bepaal of 'n komitee van skuldeisers aangestel moet word al dan nie en, indien wel, die lede van die komitee aanstel.

(2) Die praktisyn moet aan elke geregistreerde vakbond wat werknemers van die maatskappy verteenwoordig en indien daar enige werknemers is wat nie deur so 'n geregistreerde vakbond verteenwoordig word nie, aan daardie werknemers, of hulle verteenwoordigers, kennis van die vergadering gee, en die—

*(a)* datum, tyd en plek van die vergadering; en

*(b)* sakelys vir die vergadering,

daarin uiteensit.

**Funksies, pligte en lidmaatskap van komitees van geaffekteerde persone**

**149.** (1) 'n Komitee van werknemers of van skuldeisers, onderskeidelik, aangestel kragtens artikel 147 of 148—

*(a)* kan die praktisyn oor enige aangeleentheid rakende die ondernemingreddingsverrigtinge raadpleeg, maar mag nie aan die praktisyn voorskryf of opdrag gee nie;

*(b)* kan verslae rakende die ondernemingreddingsverrigtinge namens die breë groep skuldeisers of werknemers, onderskeidelik, ontvang en oorweeg; en

*(c)* moet onafhanklik van die praktisyn optree om billike en onbevooroordeelde verteenwoordiging van skuldeisers of werknemers se belange te verseker.

(2) ’n Persoon kan ’n lid van ’n komitee van skuldeisers of werknemers, onderskeidelik, wees slegs indien die persoon—

*(a)* ’n onafhanklike skuldeiser, of ’n werknemer, van die maatskappy is;
*(b)* ’n agent, volmag of prokureur van ’n onafhanklike skuldeiser of werknemer is, of van ’n ander persoon wat kragtens ’n algemene volmag optree; of
*(c)* skriftelik deur ’n onafhanklike skuldeiser of werknemer gemagtig is om ’n lid te wees.

### *Deel D*

### *Ontwikkeling en goedkeuring van ondernemingreddingsplan*

**Voorstel vir ondernemingreddingsplan**

**150.** Die praktisyn moet, nadat die krediteure, ander geaffekteerde persone en die maatskappy se bestuur geraadpleeg is, ’n ondernemingreddingsplan opstel vir oorweging en moontlike aanvaarding op ’n vergadering wat kragtens artikel 151 gehou word.

(2) Die ondernemingreddingsplan moet al die inligting bevat wat redelikerwys benodig word om geaffekteerde persone te help besluit of hulle die plan moet aanvaar of verwerp, en moet soos volg in drie dele verdeel word:

*(a)* **Deel A—Agtergrond**, wat minstens moet insluit—
  (i) ’n volledige lys van al die maatskappy se materiële bates, sowel as ’n aanduiding oor watter bates deur krediteure as sekuriteit gehou is toe die ondernemingreddingsverrigtinge begin het;
  (ii) ’n volledige lys van die maatskappy se krediteure toe die ondernemingreddingsverrigtinge begin het, sowel as ’n aanduiding van wie kragtens insolvensiewette as beveiligde, statutêre, voorkeur- en konkurrente krediteure sou kwalifiseer, en ’n aanduiding van watter krediteure hul eise bewys het;
  (iii) die dividend wat krediteure, in hul spesifieke klasse, waarskynlik sou ontvang indien die maatskappy in likwidasie geplaas sou word;
  (iv) ’n volledige lys van die houers van die maatskappy se uitgereikte sekuriteite;
  (v) ’n kopie van die skriftelike ooreenkoms rakende die praktisyn se vergoeding; en
  (vi) ’n verklaring daaroor of die ondernemingreddingsplan ’n voorstel insluit wat informeel deur een van die maatskappy se krediteure gemaak is.

*(b)* **Deel B—Voorstelle**, wat minstens moet insluit—
  (i) die aard en duur van enige moratorium waarvoor die ondernemingreddingsplan voorsiening maak;
  (ii) die mate waarin die maatskappy van die betaling van sy skuld vrygestel sal word, en die mate waarin voorgestel word dat enige skuld in ekwiteit in die maatskappy, of ’n ander maatskappy, omskep word;
  (iii) die voortgesette rol van die maatskappy, en die hantering van enige bestaande ooreenkomste;
  (iv) die maatskappy-eiendom wat beskikbaar sal wees om krediteure se eise kragtens die ondernemingreddingsplan te betaal;
  (v) die rangorde waarin die opbrengs op eiendom aangewend sal word om krediteure te betaal indien die ondernemingreddingsplan aangeneem word;
  (vi) die voordele daarvan om die ondernemingreddingsplan aan te neem teenoor die voordele wat krediteure sou geniet indien die maatskappy in likwidasie geplaas word; en
  (vii) die uitwerking wat die ondernemingreddingsplan op die houers van elke klas van die maatskappy se uitgereikte sekuriteite sal hê.

*(c)* **Deel C—Aannames en voorwaardes**, wat minstens moet insluit—
  (i) ’n uiteensetting van die voorwaardes, indien enige, wat nagekom moet word voordat die ondernemingreddingsplan—
    *(aa)* in werking kan tree; en
    *(bb)* ten volle geïmplementeer kan word;
  (ii) die uitwerking, indien enige, wat die ondernemingreddingsplan voorsien op die werknemertal en hul diensbepalings en -voorwaardes;

(iii) die omstandighede waarin die ondernemingreddingsplan sal eindig; en
(iv) ’n geprojekteerde—
*(aa)* balansstaat vir die maatskappy*;* en
*(bb)* staat van inkomste en uitgawes vir die daaropvolgende drie jaar, opgestel met die veronderstelling dat die voorgestelde ondernemingsplan aangeneem word.

(3) Die geprojekteerde balansstaat en staat vereis deur subartikel (2)*(c)*(iv)—
*(a)* moet kennisgewing insluit van enige wesenlike aannames waarop die projeksies gebaseer is; en
*(b)* kan alternatiewe projeksies insluit wat op uiteenlopende aannames en gebeurlikhede gebaseer is.

(4) ’n Voorgestelde ondernemingreddingsplan moet afsluit met ’n sertifikaat deur die praktisyn wat verklaar dat enige—
*(a)* werklike inligting wat verskaf is, blyk akkuraat, volledig en tot op hede bygewerk te wees; en
*(b)* projeksies wat verskaf is, ramings is wat te goeder trou gemaak is op grond van feitelike inligting en aannames soos in die verklaring uiteengesit.

(5) Die ondernemingreddingsplan moet deur die maatskappy gepubliseer word binne 25 sakedae na die datum waarop die praktisyn aangestel is, of sodanige langer tydperk wat toegestaan word deur—
*(a)* die hof, by aansoek deur die maatskappy; of
*(b)* die houers van die meerderheid van die krediteure se stemdraende belange.

**Vergadering om maatskappy se toekoms te bepaal**

**151.** (1) Die praktisyn moet ’n vergadering van krediteure en enige ander houers van ’n stemdraende belang belê en daarop voorsit, welke vergadering byeengeroep word ten behoewe van die oorweging van die voorgestelde reddingsplan, binne 10 sakedae na die publikasie van daardie plan kragtens artikel 150.

(2) Minstens vyf sakedae voor die vergadering wat in subartikel (1) beoog word, moet die praktisyn ’n kennisgewing van die vergadering aan alle geaffekteerde persone besorg, wat uiteensit—
*(a)* die datum, tyd en plek van die vergadering;
*(b)* die agenda vir die vergadering; en
*(c)* ’n opsomming van die regte van geaffekteerde persone om aan die vergadering deel te neem en daarop te stem.

(3) Die vergadering wat in hierdie artikel beoog word, kan van tyd tot tyd soos nodig of gerade verdaag word totdat ’n besluit rakende die maatskappy se toekoms ooreenkomstig artikels 152 en 153 geneem is.

**Oorweging van ondernemingreddingsplan**

**152.** (1) Op ’n vergadering wat kragtens artikel 151 belê is, moet die praktisyn—
*(a)* die voorgestelde ondernemingreddingsplan indien vir oorweging deur die krediteure en, indien van toepassing, deur die aandeelhouers;
*(b)* die vergadering meedeel of die praktisyn steeds van mening is dat daar ’n redelike vooruitsig is dat die maatskappy gered kan word;
*(c)* ’n geleentheid aan die werknemers se verteenwoordigers bied om die vergadering toe te spreek;
*(d)* geleentheid vir bespreking oor enige mosies gee, en dit tot stemming bring, om—
(i) die voorgestelde plan te wysig, op enige wyse wat deur die houers van krediteure se stemdraende belang voorgestel en gesekondeer word, en wat vir die praktisyn bevredigend is; of
(ii) die praktisyn te gelas om die vergadering te verdaag ten einde die plan vir verdere oorweging te hersien; en
*(e)* die voorlopige goedkeuring van die voorgestelde plan, soos gewysig indien van toepassing, tot stemming bring tensy die vergadering reeds kragtens paragraaf *(d)*(ii) verdaag is.

(2) Tydens ’n stemming kragtens subartikel (1)*(e)* sal die voorgestelde ondernemingreddingsplan op ’n voorlopige grondslag goedgekeur word indien—
*(a)* dit gesteun is deur die houers van meer as 75% van die krediteure se stemdraende belang ingevolge waarvan gestem is; en

*(b)* die stemme ter ondersteuning van die voorgestelde plan minstens 50% ingesluit het van die onafhanklike krediteure se stemdraende belang, indien enige, ingevolge waarvan gestem is.

(3) Indien ’n voorgestelde ondernemingreddingsplan—

*(a)* nie op ’n voorlopige grondslag, soos in subartikel (2) beoog, goedgekeur word nie, word die plan verwerp, en mag dit slegs kragtens artikel 153 verder oorweeg word;

*(b)* nie die regte van die houers van enige klas van die maatskappysekuriteite verander nie, sal goedkeuring van daardie plan op ’n voorlopige grondslag kragtens subartikel (2) ook die finale aanneming van daardie plan uitmaak, behoudens voldoening aan enige voorwaardes waaraan daardie plan onderhewig is; of

*(c)* wel die regte van enige klas van houers van die maatskappysekuriteite verander—

(i) moet die praktisyn onmiddellik ’n vergadering hou van houers van die klas of klasse sekuriteite wie se regte deur die plan verander sou word, en vra dat hulle stem om die aanneming van die voorgestelde ondernemingreddingsplan goed te keur; en

(ii) indien die meerderheid van die stemreg wat in ’n stemming soos in subparagraaf (i) beoog, uitgeoefen is—

*(aa)* die aanneming van die plan steun, sal dit finaal aangeneem wees, slegs behoudens voldoening aan enige moontlike voorwaardes waaraan dit onderhewig is; of

*(bb)* die aanneming van die plan teenstaan, sal die plan verwerp wees, en mag dit slegs kragtens artikel 153 verder oorweeg word.

(4) ’n Ondernemingreddingsplan wat aangeneem is, is bindend op die maatskappy, en op elk van die maatskappy se krediteure en elke houer van die maatskappy se sekuriteite, ongeag of so ’n persoon—

*(a)* op die vergadering teenwoordig was of nie;

*(b)* ten gunste van die aanneming van die plan gestem het of nie; of

*(c)* in die geval van krediteure, hul eise teen die maatskappy bewys het of nie.

(5) Die maatskappy, onder leiding van die praktisyn, moet alle nodige stappe doen om—

*(a)* te poog om te voldoen aan enige voorwaardes waaraan die ondernemingreddingsplan onderhewig is; en

*(b)* die plan soos aangeneem, te implementeer.

(6) Tot die mate waarin dit nodig is om ’n ondernemingreddingsplan wat aangeneem is, te implementeer—

*(a)* kan die praktisyn, ooreenkomstig daardie plan, die teenprestasie vir enige gemagtigde sekuriteite van die maatskappy bepaal en dit uitreik, ondanks die teenstrydigheid daarvan met artikel 38 of 40; en

*(b)* kan die praktisyn, indien die ondernemingreddingsplan deur die aandeelhouers van die maatskappy goedgekeur is, soos in subartikel (3)*(c)* beoog, die maatskappy se Akte van Oprigting wysig om die verwysings, regte, begrensings en ander voorwaardes van enige sekuriteite wat nie andersins gemagtig is nie, maar waarvan die uitreiking kragtens die ondernemingreddingsplan beoog word, te magtig en bepaal, ondanks die teenstrydigheid daarvan met enige bepaling van artikels 16, 36 of 37.

(7) Buiten tot die mate waarin ’n goedgekeurde ondernemingreddingsplan anders bepaal, is ’n voorkoopreg van enige aandeelhouer van die maatskappy, soos in artikel 39 beoog, nie van toepassing ten opsigte van ’n uitreiking van aandele deur die maatskappy kragtens die ondernemingreddingsplan nie.

(8) Wanneer die ondernemingreddingsplan wesenlik geïmplementeer is, moet die praktisyn ’n kennisgewing van die wesenlike implementering van die ondernemingreddingsplan indien.

**Versuim om ondernemingreddingsplan aan te neem**

**153.** (1)*(a)* Indien ’n ondernemingreddingsplan verwerp is soos in artikel 152(3)*(a)* of *(c)*(ii)*(bb)* beoog, kan die praktisyn—

(i) ’n mosie van goedkeuring van die houers van stemdraende belang versoek om ’n hersiene plan op te stel en te publiseer; of

(ii) die vergadering meedeel dat die maatskappy by ’n hof aansoek gaan doen om die resultaat van die stemming deur die houers van stemdraende belang of aandeelhouers, na gelang van die geval, tersyde te stel, op grond daarvan dat dit onvanpas was.

*(b)* Indien die praktisyn nie enige stappe doen soos in paragraaf *(a)* beoog nie—

(i) kan enige geaffekteerde persoon wat op die vergadering teenwoordig is—

*(aa)* ’n mosie van goedkeuring van die houers van stemdraende belang versoek wat eis dat die praktisyn ’n hersiene plan moet opstel en publiseer; of

*(bb)* by die hof aansoek doen om die resultaat van die stemming deur die houers van stemdraende belang of aandeelhouers, na gelang van die geval, tersyde te stel, op grond daarvan dat dit onvanpas was; of

(ii) kan enige geaffekteerde persoon, of kombinasie van geaffekteerde persone, ’n bindende aanbod maak om die stemdraende belang te koop van een of meer persone wat die aanneming van die ondernemingreddingsplan teengestaan het, teen ’n waarde wat onafhanklik en deskundig, op versoek van die praktisyn, as ’n billike en redelike raming van die opbrengs vir daardie persoon of daardie persone bepaal is, indien die maatskappy gelikwideer sou word.

(2) Indien die praktisyn, wat kragtens subartikel (1)*(a)*(ii) handel, of ’n geaffekteerde persoon, wat kragtens subartikel (1)*(b)*(i)*(bb)* handel, die vergadering meedeel dat aansoek by die hof gedoen gaan word soos in daardie bepalings beoog, moet die praktisyn die vergadering verdaag—

*(a)* vir vyf sakedae, tensy die beoogde aansoek gedurende daardie tyd by die hof gedoen word; of

*(b)* totdat die hof die beoogde aansoek afgehandel het.

(3) Indien die vergadering, op versoek van die praktisyn kragtens subartikel (1)*(a)*(i), of ’n beroep deur ’n geaffekteerde persoon kragtens subartikel (1)*(b)*(i)*(aa)*, die praktisyn gelas om ’n hersiene ondernemingreddingsplan op te stel en te publiseer—

*(a)* moet die praktisyn—

(i) die vergadering na daardie stemming afsluit; en

(ii) binne 10 sakedae ’n nuwe of hersiene ondernemingreddingsplan opstel en publiseer; en

*(b)* sal die bepalings van hierdie Deel opnuut op die publisering en oorweging van daardie nuwe of hersiene plan van toepassing wees.

(4) Indien ’n geaffekteerde persoon ’n aanbod maak soos in subartikel (1)*(b)*(ii) beoog word, moet die praktisyn—

*(a)* die vergadering verdaag vir nie meer as vyf sakedae nie, soos nodig om die praktisyn geleentheid te bied om enige nodige hersienings aan die ondernemingreddingsplan te maak om die resultate van die aanbod op gepaste wyse te weerspieël; en

*(b)* sonder verdere kennisgewing ’n datum vasstel vir die hervatting van die vergadering, waarop die bepalings van artikel 152 en hierdie artikel opnuut van toepassing sal wees.

(5) Indien geen persoon enige stappe doen soos in subartikel (1) beoog nie, moet die praktisyn onmiddellik ’n kennisgewing van beëindiging van die ondernemingreddingsverrigtinge indien.

(6) ’n Houer van ’n stemdraende belang, of ’n persoon wat daardie belang kragtens ’n bindende aanbod verkry, kan kragtens subartikel (1)*(b)*(ii) by ’n hof aansoek doen om ’n bepaling deur ’n onafhanklike deskundige te laat hersien, hertakseer en herwaardeer.

**Vereffening van skuld en afhandeling van eise**

**154.** (1) ’n Ondernemingreddingsplan kan bepaal dat, indien dit ooreenkomstig die voorwaardes en bepalings daarvan geïmplementeer word, ’n krediteur wat die volle of gedeeltelike vereffening aanvaar het van skuld wat aan daardie krediteur verskuldig is, die reg sal verloor om die tersaaklike skuld of gedeelte daarvan af te dwing.

(2) Indien ’n ondernemingreddingsplan ooreenkomstig hierdie Hoofstuk goedgekeur en geïmplementeer is, is ’n krediteur nie daarop geregtig om enige skuld af te dwing wat die maatskappy onmiddellik voor die aanvang van die ondernemingreddingsproses geskuld het nie, buiten tot die mate waarin daar in die ondernemingreddingsplan daarvoor voorsiening gemaak is.

### *Deel E*

### *Skikking met krediteure*

**Skikking tussen maatskappy en krediteure**

**155.** (1) Hierdie artikel is van toepassing op ’n maatskappy, ongeag of hy in finansiële nood is soos in artikel 128(1)*(f)* omskryf of nie, tensy hy kragtens hierdie Hoofstuk by ondernemingreddingsverrigtinge betrokke is.

(2) Die direksie van ’n maatskappy, of die likwidateur van sodanige maatskappy, indien hy gelikwideer word, kan ’n reëling of ’n skikking van sy finansiële verpligtinge aan al sy krediteure, of aan al die lede van enige klas van sy krediteure voorstel, deur ’n kopie van die voorstel, en kennis van ’n vergadering om die voorstel te oorweeg, te lewer aan—

*(a)* elke krediteur van die maatskappy, of elke lid van die tersaaklike klas krediteure wie se naam of adres bekend is aan, of redelikerwys verkry kan word deur, die maatskappy; en

*(b)* die Kommissie.

(3) ’n Voorstel soos in subartikel (2) beoog, moet al die inligting bevat wat redelikerwys benodig word om krediteure te help besluit of hulle die voorstel moet aanvaar of verwerp, en moet soos volg in drie Dele verdeel word:

*(a)* **Deel A—Agtergrond**, wat minstens moet insluit—

(i) ’n volledige lys van al die maatskappy se materiële bates, sowel as ’n aanduiding van watter bates vanaf die datum van die voorstel deur krediteure as sekuriteit gehou word;

(ii) ’n volledige lys van die maatskappy se krediteure vanaf die datum van die voorstel, sowel as ’n aanduiding oor watter krediteure kragtens insolvensiewette as beveiligde, statutêre, voorkeur- en konkurrente krediteure sou kwalifiseer, en ’n aanduiding van watter krediteure hul eise bewys het;

(iii) die dividend wat krediteure, in hul spesifieke klasse, waarskynlik sou ontvang indien die maatskappy in likwidasie geplaas sou word;

(iv) ’n volledige lys van die houers van die maatskappy se uitgereikte sekuriteite, en die uitwerking, indien enige, wat die voorstel op hulle sou hê; en

(v) ’n verklaring daaroor of die voorstel ’n voorstel insluit wat informeel deur een van die maatskappy se krediteure gemaak is.

*(b)* **Deel B—Voorstelle**, wat minstens moet insluit—

(i) die aard en duur van enige voorgestelde skuldmoratorium;

(ii) die mate waarin die maatskappy van die betaling van sy skuld vrygestel gaan word, en die mate waarin voorgestel word dat enige skuld omskep word in ekwiteit in die maatskappy, of ’n ander maatskappy;

(iii) die hantering van kontrakte en die voortgesette rol van die maatskappy;

(iv) die eiendom van die maatskappy wat volgens voorstel beskikbaar is om krediteure se eise te betaal;

(v) die rangorde waarin die opbrengs op die maatskappy se eiendom aangewend sal word om krediteure te betaal indien die voorstel aanvaar word; en

(vi) die voordele daarvan om die voorstel te aanvaar teenoor die voordele wat krediteure sou geniet indien die maatskappy in likwidasie geplaas sou word.

*(c)* **Deel C—Aannames en voorwaardes**, wat minstens moet insluit—

(i) ’n verklaring van die voorwaardes, indien enige, wat nagekom moet word voordat die voorstel—

*(aa)* in werking kan tree; en

*(bb)* ten volle geïmplementeer kan word;

(ii) die uitwerking, indien enige, wat die plan voorsien op die werknemertal, en hul diensbepalings en -voorwaardes; en

(iii) ’n geprojekteerde —

*(aa)* balansstaat vir die maatskappy; en

*(bb)* staat van inkomste en uitgawes vir die daaropvolgende drie jaar, opgestel met die veronderstelling dat die voorstel aanvaar word.

(4) Die geprojekteerde balansstaat en staat vereis deur subartikel (3)*(c)*(iii)—

*(a)* moet kennisgewing insluit van enige wesenlike aannames waarop die projeksies gebaseer is; en
*(b)* kan alternatiewe projeksies insluit wat op uiteenlopende aannames en gebeurlikhede gebaseer is.

(5) 'n Voorstel moet afsluit met 'n sertifikaat deur 'n gemagtigde direkteur of voorgeskrewe beampte van die maatskappy wat verklaar dat enige—

*(a)* feitelike inligting wat verskaf is, akkuraat, volledig en tot op hede bygewerk blyk te wees; en
*(b)* projeksies wat verskaf is, ramings is wat te goeder trou gemaak is op grond van feitelike inligting en aannames soos in die verklaring uiteengesit.

(6) 'n Voorstel soos in hierdie artikel beoog, sal aanvaar wees deur die maatskappy se krediteure, of die lede van 'n tersaaklike klas krediteure, indien dit gesteun word deur 'n meerderheid in getalle wat minstens 75% in waarde van die krediteure of klas verteenwoordig, na gelang van die geval, wat teenwoordig is en persoonlik of by volmag stem, op 'n vergadering wat vir daardie doel belê is.

(7) Indien 'n voorstel aanvaar word soos in subartikel (6) beoog—

*(a)* kan die maatskappy by die hof aansoek doen vir 'n bevel wat die voorstel goedkeur; en
*(b)* kan die hof, by 'n aansoek kragtens paragraaf *(a)*, die skikking soos uiteengesit in die voorstel wat aangeneem is, bekragtig indien hy dit as reg en billik beskou om dit te doen, met inagneming van—
  (i) die aantal krediteure uit 'n geaffekteerde klas krediteure wat op die vergadering teenwoordig of verteenwoordig was, en wat ten gunste van die voorstel gestem het; en
  (ii) in die geval van 'n skikking ten opsigte van 'n maatskappy wat gelikwideer word, die verslag van die Meester wat kragtens die wette beoog in item 9 van Bylae 7 vereis word.

(8) 'n Kopie van 'n hofbevel wat 'n skikking bekragtig—

*(a)* moet binne vyf sakedae deur die maatskappy ingedien word;
*(b)* moet aangeheg word aan elke kopie van die maatskappy se Akte van Oprigting wat by die maatskappy se geregistreerde kantoor, of elders soos in artikel 25 beoog, bewaar word; en
*(c)* is finaal en bindend op al die maatskappy se krediteure of al die lede van die tersaaklike klas krediteure, na gelang van die geval, vanaf die datum waarop dit ingedien word.

(9) 'n Reëling of 'n skikking soos in hierdie artikel beoog, beïnvloed nie die aanspreeklikheid van enige persoon wat 'n borg van die maatskappy is nie.

## HOOFSTUK 7

## REGSMIDDELE EN AFDWINGING

### *Deel A*

### *Algemene beginsels*

**Alternatiewe prosedures vir hantering van klagtes of beveiliging van regte**

**156.** 'n Persoon waarna in artikel 157(1) verwys word, kan poog om 'n beweerde oortreding van hierdie Wet reg te stel, of enige bepaling van, of reg kragtens hierdie Wet, 'n maatskappy se Akte van Oprigting of reëls, of 'n transaksie of ooreenkoms wat in hierdie Wet, die maatskappy se Akte van Oprigting of reëls beoog word, af te dwing, deur—

*(a)* te poog om 'n geskil met of in 'n maatskappy deur alternatiewe geskiloplossing ooreenkomstig Deel C van hierdie Hoofstuk op te los;
*(b)* by die Maatskappytribunaal aansoek te doen vir 'n beregting ten opsigte van enige aangeleentheid waarvoor sodanige aansoek kragtens hierdie Wet toegelaat word;
*(c)* om toepaslike verligting aansoek te doen by die afdeling van die Hoë Hof wat jurisdiksie oor die aangeleentheid het; of
*(d)* binne die tydperk wat deur artikel 219 toegelaat word 'n klagte ooreenkomstig Deel D van hierdie Hoofstuk in te dien by—

(i) die Paneel, indien die klagte ’n aangeleentheid binne sy jurisdiksie behels; of

(ii) die Kommissie ten opsigte van enige aangeleentheid wat kragtens hierdie Wet ontstaan, benewens ’n aangeleentheid wat in subparagraaf (i) beoog word.

**Uitgebreide status om vir regsmiddele aansoek te doen**

**157.** (1) Wanneer daar kragtens hierdie Wet aansoek gedoen kan word by, of ’n aangeleentheid gebring kan word voor, ’n hof, die Maatskappytribunaal, die Paneel of die Kommissie, kan die reg om die aansoek te doen of die aangeleentheid te bring, uitgeoefen word deur ’n persoon—

*(a)* wat direk in die betrokke bepaling van hierdie Wet beoog word;

*(b)* wat optree namens ’n persoon wat in paragraaf *(a)* beoog word, wat nie in hul eie naam kan optree nie;

*(c)* wat optree as ’n lid van, of in belang van, ’n groep of klas geaffekteerde persone, of ’n vereniging wat in belang van sy lede optree; of

*(d)* wat met die hof se toestemming in openbare belang optree.

(2) Die Kommissie of die Paneel, handelend in beide gevalle uit eie beweging en geheel en al volgens eie goeddunke, kan—

*(a)* met geregtelike stappe in ’n hof begin in die naam van ’n persoon wat, ten tyde van die indiening van ’n klagte by die Kommissie of Paneel, na gelang van die geval, ten opsigte van die aangeleentheid wat tot die geding gelei het, ook ’n skriftelike versoek gerig het dat die Kommissie of Paneel dit moet doen; of

*(b)* aansoek doen om toestemming om in te gryp in enige hofverrigtinge wat kragtens hierdie Wet ontstaan, ten einde ’n belang te verteenwoordig wat andersins nie voldoende in daardie verrigtinge verteenwoordig sou word nie.

(3) Vir groter sekerheid, niks in hierdie artikel skep ’n reg vir enige persoon om regsverrigtinge soos in artikel 165(1) beoog, aanhangig te maak nie, behalwe—

*(a)* namens ’n persoon wat daarop geregtig is om kragtens artikel 165(2) ’n eis te stel; en

*(b)* op die wyse wat in artikel 165 uiteengesit word.

**Regsmiddele om doel van Wet te bevorder**

**158.** By die beslegting van ’n aangeleentheid wat kragtens hierdie Wet voor hom gebring is, of die gee van ’n bevel wat in hierdie Wet beoog word—

*(a)* moet ’n hof die gemene reg na behoefte ontwikkel om die realisering en genot van regte wat deur hierdie Wet gevestig word, te verbeter; en

*(b)* moet die Kommissie, die Paneel, die Maatskappytribunaal of ’n hof—

(i) die gees, oogmerk en doelwitte van hierdie Wet bevorder; en

(ii) indien enige bepaling van hierdie Wet, of ander dokument kragtens hierdie Wet, in sy verband gelees, redelikerwys vertolk kan word om meer as een betekenis te hê, voorkeur gee aan die betekenis wat die gees en oogmerk van hierdie Wet ten beste uitdra, en die realisering en genot van regte ten beste sal verbeter.

**Beskerming vir alarmmakers**

**159.** (1) In die mate waartoe hierdie artikel vir ’n werknemer ’n reg skep of beskerming vestig, soos in die Wet op Beskermde Bekendmakings, 2000 (Wet No. 26 van 2000), omskryf—

*(a)* is daardie reg of beskerming bykomend tot ’n reg of beskerming wat deur daardie Wet gevestig word, en nie ter plaasvervanging daarvan nie; en

*(b)* is daardie Wet van toepassing op ’n openbaarmaking, in hierdie artikel beoog, deur ’n werknemer, soos in daardie Wet omskryf, ongeag of daardie Wet andersins op daardie openbaarmaking van toepassing sou wees of nie.

(2) Enige bepaling van ’n maatskappy se Akte van Oprigting of reëls, of ’n ooreenkoms, is nietig tot die mate waarin dit onbestaanbaar is met die strekking van hierdie artikel of die bedoeling het om dit te beperk, ter syde te stel of te weerspreek.

(3) Hierdie artikel is van toepassing op enige openbaarmaking van inligting deur ’n persoon wat in subartikel (4) beoog word indien—

*(a)* dit te goeder trou aan die Kommissie, die Maatskappytribunaal, die Paneel, 'n regulerende gesag, beurs, regsadviseur, direkteur, voorgeskrewe beampte, maatskappysekretaris, ouditeur, direksie of komitee van die betrokke maatskappy gemaak is; en

*(b)* die persoon wat die openbaarmaking doen ten tyde van die openbaarmaking redelikerwys oortuig was dat die inligting getoon het of geneig het om te toon dat 'n maatskappy of eksterne maatskappy, of 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van 'n maatskappy wat in daardie hoedanigheid optree—

(i) hierdie Wet, of 'n wet wat in Bylae 6 genoem word, oortree het;

(ii) versuim het of versuim om 'n regsverpligting waaraan die maatskappy onderhewig is, na te kom;

(iii) sodanig opgetree het dat dit enige individu se gesondheid of veiligheid in gevaar gestel het of waarskynlik in gevaar gaan stel, of die omgewing beskadig het of waarskynlik sal beskadig;

(iv) onbillik gediskrimineer het, of onbillike diskriminasie oorgesien het, teen enige persoon, soos in artikel 9 van die Grondwet en die Wet op die Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, 2000 (Wet No. 4 van 2000), beoog; of

(v) enige ander wetgewing oortree het op 'n wyse wat die maatskappy aan 'n werklike of voorwaardelike risiko van aanspreeklikheid kan blootstel, of inherent benadelend vir die maatskappy se belange is.

(4) 'n Aandeelhouer, direkteur, maatskappysekretaris, voorgeskrewe beampte of werknemer van 'n maatskappy, 'n geregistreerde vakbond wat werknemers van die maatskappy verteenwoordig of 'n ander verteenwoordiger van die werknemers van daardie maatskappy, 'n verskaffer van goedere of dienste aan 'n maatskappy, of 'n werknemer van sodanige verskaffer, wat 'n openbaarmaking doen soos in hierdie artikel beoog—

*(a)* geniet beperkte privilegie ten opsigte van die openbaarmaking; en

*(b)* is onvatbaar vir enige privaatregtelike, strafregtelike of administratiewe aanspreeklikheid vir sodanige openbaarmaking.

(5) 'n Persoon wat in subartikel (4) beoog word, is geregtig op vergoeding vanaf 'n ander persoon vir enige skade wat gely is indien die eerste persoon daarop geregtig is om 'n openbaarmaking soos in hierdie artikel beoog, te maak of gemaak het en die tweede persoon, as gevolg van daardie moontlike of werklike openbaarmaking—

*(a)* 'n handeling uitvoer met die opset om die eerste persoon te benadeel, en die optrede sodanige benadeling veroorsaak; of

*(b)* regstreeks of onregstreeks 'n uitdruklike of geïmpliseerde dreigement maak, hetsy voorwaardelik of onvoorwaardelik, om enige benadeling van die eerste persoon of 'n ander persoon te veroorsaak, en—

(i) die oogmerk het dat die eerste persoon moet vrees dat die dreigement uitgevoer sal word; of

(ii) onverskillig is daaroor dat veroorsaak kan word dat die eerste persoon vrees dat die dreigement uitgevoer sal word, ongeag of die eerste persoon werklik gevrees het dat die dreigement uitgevoer sal word.

(6) Enige handeling of dreigement soos in subartikel (5) beoog, word geag plaas te gevind het as gevolg van 'n moontlike of werklike openbaarmaking wat 'n persoon geregtig is om te maak, of gemaak het, tensy die persoon wat die handeling uitgevoer of die dreigement gemaak het, genoegsame bewys kan lewer ter stawing van 'n ander rede vir die uitvoering van die handeling of die maak van die dreigement.

(7) 'n Openbare maatskappy moet regstreeks of onregstreeks—

*(a)* 'n stelsel vestig en in stand hou om openbaarmakings soos in hierdie artikel beoog, vertroulik te ontvang en daarop te reageer; en

*(b)* die beskikbaarheid van daardie stelsel gereeld aan die kategorieë persone wat in subartikel (4) beoog word, bekend stel.

### *Deel B*

### *Regte tot spesifieke regsmiddele*

**Geskille rakende reservering of registrasie van maatskappyname**

**160.** (1) ’n Persoon aan wie ’n kennisgewing kragtens artikel 12(3) of artikel 14(3) gelewer word, of enige ander persoon met ’n belang in die naam van ’n maatskappy, kan op die voorgeskrewe wyse en vorm by die Maatskappytribunaal aansoek doen vir ’n bepaling daaroor of die naam aan artikel 11 se vereistes voldoen.

(2) ’n Aansoek kragtens subartikel (1) kan gedoen word—

*(a)* binne drie maande na die datum van ’n kennisgewing beoog in subartikel (1), indien die aansoeker sodanige kennisgewing ontvang het; of

*(b)* by aanvoering van goeie gronde op enige tydstip na die datum van die reservering of registrasie van die naam wat die onderwerp van die aansoek is, in enige ander geval.

(3) Na oorweging van ’n aansoek wat kragtens subartikel (1) gedoen is, en enige betoë deur die aansoeker en enige ander persoon met ’n belang in die naam of voorgenome naam wat die onderwerp van die aansoek is—

*(a)* moet die Maatskappytribunaal ’n beslissing lewer of die naam aan artikel 11 se vereistes voldoen; en

*(b)* kan die Maatskappytribunaal ’n administratiewe bevel gee wat—

(i) die Kommissie gelas om—

*(aa)* ’n betwiste naam kragtens artikel 12 vir die aansoeker te reserveer;

*(bb)* die betwiste naam, of gewysigde naam, as die naam van ’n maatskappy te registreer; of

*(cc)* ’n reservering te kanselleer wat kragtens artikel 12 toegeken is, indien die gereserveerde naam nog nie gebruik is deur die persoon wat daarop geregtig is nie; of

(ii) ’n maatskappy gelas om ’n nuwe naam te kies, en ’n kennisgewing van wysiging aan sy Akte van Oprigting in te dien, binne ’n tydperk en onderhewig aan enige voorwaardes wat die Tribunaal as reg, billik en gerade onder die omstandighede ag, insluitende ’n voorwaarde wat die maatskappy onthef van die vereiste om die voorgeskrewe fooi te betaal vir die indiening van die kennisgewing van wysiging wat in hierdie paragraaf beoog word.

(4) Binne 20 sakedae na ontvangs van ’n kennisgewing of ’n beslissing wat kragtens hierdie artikel deur die Maatskappytribunaal uitgereik is, kan ’n inkorporeerder van ’n maatskappy, ’n maatskappy, ’n persoon wat kragtens artikels 12(3) of 14(3) kennis ontvang het, ’n aansoeker kragtens subartikel (1) of enige ander persoon met ’n belang in die naam of voorgenome naam wat die onderwerp van die aansoek is, na gelang van die geval, by ’n hof aansoek doen vir ’n hersiening van die kennisgewing of beslissing.

**Aansoek om regte van sekuriteitehouers te beskerm**

**161.** (1) ’n Houer van uitgereikte sekuriteite van ’n maatskappy kan by ’n hof aansoek doen vir—

*(a)* ’n bevel wat die regte van daardie sekuriteitehouer bepaal kragtens hierdie Wet, die maatskappy se Akte van Oprigting, enige van die maatskappy se reëls, of enige toepaslike skuldinstrument; of

*(b)* enige toepaslike bevel wat nodig is om—

(i) enige reg te beskerm wat in paragraaf *(a)* beoog word; of

(ii) enige skade reg te stel wat die sekuriteitehouer aangedoen is deur—

*(aa)* die maatskappy as gevolg van ’n daad of versuim wat hierdie Wet of die maatskappy se Akte van Oprigting, reëls of toepaslike skuldinstrument oortree het, of enige reg geskend het wat in paragraaf *(a)* beoog word; of

*(bb)* enige van sy direkteure in die mate dat hulle kragtens artikel 77 aanspreeklik is of gehou kan word.

(2) Die reg om kragtens hierdie artikel by ’n hof aansoek te doen, is bykomend tot enige ander regsmiddel wat aan ’n houer van maatskappysekuriteite beskikbaar is—

*(a)* kragtens hierdie Wet; of

*(b)* kragtens die gemene reg, behoudens hierdie Wet.

**Aansoek om direkteur as misdadig of op proef te laat verklaar**

**162.** (1) In hierdie artikel beteken ''wetgewing'' enige nasionale of provinsiale wetgewing—

*(a)* met betrekking tot die oprigting of bestuur van 'n regspersoon;
*(b)* wat 'n bedryf of sektor van 'n bedryf reguleer; of
*(c)* wat verpligtinge oplê op, enige handelinge verbied deur, of andersins die aktiwiteite reguleer van, 'n regspersoon.

(2) 'n Maatskappy, 'n aandeelhouer, direkteur, maatskappysekretaris of voorgeskrewe beampte van 'n maatskappy, 'n geregistreerde vakbond wat werknemers van die maatskappy verteenwoordig of ander verteenwoordiger van die werknemers van 'n maatskappy kan by 'n hof aansoek doen vir 'n bevel wat 'n persoon misdadig of op proef verklaar, indien—

*(a)* die persoon 'n direkteur van daardie maatskappy is of, binne die 24 maande wat die aansoek voorafgegaan het, 'n direkteur van daardie maatskappy was; en
*(b)* enige van die omstandighede beoog in—
  (i) subartikel 5*(a)* tot *(c)* van toepassing is, in geval van 'n aansoek vir 'n verklaring van misdadigheid; of
  (ii) subartikels (7)*(a)* en (8) van toepassing is, in die geval van 'n aansoek om 'n persoon op proef te plaas.

(3) Die Kommissie of die Paneel kan by 'n hof aansoek doen vir 'n bevel wat 'n persoon misdadig of op proef verklaar indien—

*(a)* die persoon 'n direkteur van 'n maatskappy is of, binne die 24 maande wat die aansoek voorafgegaan het, 'n direkteur van 'n maatskappy was; en
*(b)* enige van die omstandighede beoog in—
  (i) subartikel (5) van toepassing is, in die geval van 'n aansoek vir 'n verklaring van misdadigheid; of
  (ii) subartikels (7) en (8) van toepassing is, in die geval van 'n aansoek om 'n persoon op proef te plaas.

(4) Enige staatsorgaan wat vir die administrasie van enige wetgewing verantwoordelik is, kan by 'n hof aansoek doen vir 'n bevel wat 'n persoon misdadig verklaar indien—

*(a)* die persoon 'n direkteur van 'n maatskappy is of, binne die 24 maande wat die aansoek voorafgegaan het, 'n direkteur van 'n maatskappy was; en
*(b)* enige van die omstandighede wat in subartikel (5)*(d)* tot *(f)* beoog word, van toepassing is ten opsigte van enige wetgewing wat deur daardie staatsorgaan geadministreer word.

(5) 'n Hof moet 'n bevel gee wat verklaar dat 'n persoon 'n misdadige direkteur is indien die persoon—

*(a)* ingestem het om as direkteur te dien, of in die hoedanigheid van direkteur of voorgeskrewe beampte gehandel het, terwyl die persoon kragtens artikel 69 ongeskik of gediskwalifiseer was, tensy die persoon opgetree het—
  (i) onder beskerming van 'n hofbevel soos in artikel 69(11) beoog; of
  (ii) as 'n direkteur soos in artikel 69(12) beoog;
*(b)* onderwyl onderhewig aan 'n proefbevel kragtens hierdie artikel of artikel 47 van die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No.69 van 1984), as direkteur opgetree het op 'n wyse wat in stryd was met daardie bevel;
*(c)* terwyl hy 'n direkteur was—
  (i) die posisie van direkteur erg misbruik het;
  (ii) persoonlike voordeel uit inligting of 'n geleentheid getrek het, strydig met artikel 76(2)*(a)*;
  (iii) opsetlik, of deur growwe nalatigheid, skade aan die maatskappy of 'n filiaal van die maatskappy berokken het, strydig met artikel 76(2)*(a)*;
  (iv) opgetree het op 'n wyse—
    *(aa)* wat neergekom het op growwe nalatigheid, opsetlike wangedrag of trustbreuk met betrekking tot die uitvoering van die direkteur se funksies in, en pligte teenoor, die maatskappy; of
    *(bb)* soos beoog in artikel 77(3)*(a)*, *(b)* of *(c)*;
*(d)* herhaaldelik persoonlik onderworpe was aan 'n voldoeningskennisgewing of soortgelyke afdwingingsmeganisme, vir wesenlik soortgelyke gedrag, kragtens enige wetgewing;

*(e)* al minstens twee keer kragtens enige wetgewing persoonlik skuldig bevind is aan 'n misdaad, of onderwerp is aan 'n administratiewe boete of soortgelyke straf; of

*(f)* binne 'n tydperk van vyf jaar 'n direkteur van een of meer maatskappye of 'n besturende lid van een of meer beslote korporasies was, of beheer uitgeoefen het of aan die uitoefening van beheer deelgeneem het oor 'n regspersoon, ongeag of dit gelyktydig, opeenvolgend of op onverwante tye was, wat kragtens enige wetgewing skuldig bevind is aan 'n misdaad, of onderwerp is aan 'n administratiewe boete of soortgelyke straf, en—

(i) die persoon 'n direkteur van elke sodanige maatskappy, of 'n besturende lid van elke sodanige beslote korporasie was of vir die bestuur van elke sodanige regspersoon verantwoordelik was, ten tyde van die oortreding wat tot die skuldigbevinding, administratiewe boete of ander straf gelei het; en

(ii) die hof oortuig is dat die verklaring van misdadigheid geregverdig is, met inagneming van die aard van die oortredings, en die persoon se optrede met betrekking tot die bestuur, sake of eiendom van enige maatskappy, beslote korporasie of regspersoon op daardie tydstip.

(6) 'n Verklaring van misdadigheid kragtens—

*(a)* subartikel (5)*(a)* of *(b)* is onvoorwaardelik, en is lewenslank van toepassing op die persoon wat misdadig verklaar word; of

*(b)* subartikel (5)*(c)* tot *(f)*—

(i) kan onderworpe gemaak word aan enige voorwaardes wat die hof as gepas beskou, insluitende voorwaardes wat die toepassing van die verklaring op een of meer bepaalde kategorieë maatskappye beperk; en

(ii) is van toepassing vir sewe jaar vanaf die datum van die bevel, of sodanige langer tydperk wat die hof ten tyde van die maak van die verklaring bepaal, behoudens subartikels (11) en (12).

(7) 'n Hof kan 'n bevel gee wat 'n persoon op proef plaas, indien—

*(a)* die persoon, terwyl hy as direkteur gedien het—

(i) op 'n vergadering teenwoordig was en versuim het om teen 'n besluit te stem ondanks die onvermoë van die maatskappy om aan die solvensie-en-likiditeitstoets te voldoen, in stryd met hierdie Wet;

(ii) andersins op 'n wyse wat wesenlik teenstrydig met die pligte van 'n direkteur was, gehandel het; of

(iii) gehandel het, of 'n besluit deur die maatskappy gesteun het om te handel, op 'n wyse wat in artikel 163(1) beoog word; of

*(b)* binne enige tydperk van 10 jaar na die inwerkingtredingsdatum—

(i) die persoon 'n direkteur van meer as een maatskappy, of 'n besturende lid van meer as een beslote korporasie was, ongeag of dit gelyktydig, opeenvolgend of op onverwante tye was; en

(ii) gedurende die tyd waarin die persoon 'n direkteur van elke sodanige maatskappy of besturende lid van elke sodanige beslote korporasie was, twee of meer van daardie maatskappye of beslote korporasies elk versuim het om al hul krediteure ten volle te betaal of al hul verpligtinge na te kom, buiten ingevolge—

*(aa)* 'n ondernemingreddingsplan voortspruitend uit 'n besluit van die direksie kragtens artikel 129*;* of

*(bb)* 'n skikking met krediteure kragtens artikel 155.

(8) Die hof kan 'n persoon op proef verklaar in die omstandighede beoog in—

*(a)* subartikel (7)*(a)*(iii), alleenlik indien die hof oortuig is dat die verklaring geregverdig is met inagneming van die omstandighede van die maatskappy of beslote korporasie se optrede, indien van toepassing, en die persoon se optrede met betrekking tot die bestuur, sake of eiendom van die maatskappy of beslote korporasie op daardie tydstip; of

*(b)* subartikel (7)*(b)*, alleenlik indien die hof oortuig is dat—

(i) die wyse waarop die maatskappy of beslote korporasie bestuur is, ten volle of gedeeltelik daarvoor verantwoordelik was dat hy versuim het om sy verpligtinge na te kom; en

(ii) die verklaring geregverdig is, met inagneming van die omstandighede van die maatskappy of beslote korporasie se versuim, en die persoon se optrede met betrekking tot die bestuur, sake of eiendom van die maatskappy of beslote korporasie op daardie tydstip.

(9) 'n Verklaring wat 'n persoon op proef plaas—

*(a)* kan onderworpe gemaak word aan enige voorwaardes wat die hof as gepas beskou, insluitende voorwaardes wat die toepassing van die verklaring op een of meer bepaalde kategorieë van maatskappye beperk; en

*(b)* is van toepassing vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar, soos bepaal deur die hof ten tyde van die maak van die verklaring, behoudens subartikels (11) en (12).

(10) Sonder benadeling van die magte van die hof mag 'n hof gelas, as voorwaardes van toepassing op of bykomstig tot 'n misdadigheids- of proefverklaring, dat die betrokke persoon—

*(a)* 'n aangewese program van remediërende opvoeding moet volg wat met die aard van die persoon se optrede as direkteur verband hou;

*(b)* 'n aangewese program van gemeenskapsdiens moet volg;

*(c)* vergoeding moet betaal aan enige persoon wat nadelig deur die persoon se optrede as direkteur beïnvloed is, in die mate dat sodanige slagoffer nie andersins 'n regsbasis het om vergoeding te eis nie; of

*(d)* in die geval van 'n proefbevel—

(i) tydens enige toekomstige deelname as direkteur onder toesig van 'n mentor moet wees terwyl die bevel van krag is; of

(ii) daartoe beperk moet word om as direkteur van 'n privaatmaatskappy, of van 'n maatskappy waarvan daardie persoon die alleenaandeelhouer is, te dien.

(11) 'n Persoon wat misdadig verklaar is, buiten soos beoog in subartikel (6)*(a)*, of wat aan 'n proefbevel onderworpe is, kan by 'n hof aansoek doen—

*(a)* om die misdadigheidsbevel op te skort, en 'n proefbevel, met of sonder voorwaardes, in die plek daarvan te stel, op enige tydstip meer as drie jaar nadat die misdadigheidsbevel gegee is; of

*(b)* om 'n tersydestelling te doen van—

(i) 'n misdadigheidsbevel op enige tydstip meer as twee jaar nadat dit opgeskort is soos in paragraaf *(a)* beoog; of

(ii) 'n proefbevel, op enige tydstip meer as twee jaar nadat dit gegee is.

(12) By oorweging van 'n aansoek soos in subartikel (11) beoog, kan die hof—

*(a)* nie die bevel toestaan waarvoor aansoek gedoen is nie, tensy die aansoeker voldoen het aan enige voorwaardes wat vir die oorspronklike bevel voorgeskryf is, of wat kragtens subartikel (11)*(a)* opgelê is; en

*(b)* 'n bevel toestaan indien die hof, met inagneming van die omstandighede wat tot die oorspronklike bevel aanleiding gegee het, en die aansoeker se gedrag in die daaropvolgende tydperk, oortuig is dat—

(i) die aansoeker bevredigende vordering ten opsigte van rehabilitasie getoon het; en

(ii) daar 'n redelike vooruitsig is dat die aansoeker in die toekoms in staat sal wees om suksesvol as direkteur van 'n maatskappy te dien.

(13) 'n Aansoeker kragtens subartikel (4) moet 'n kopie van die aansoek op die Kommissie bedien.

**Verligting van onderdrukkende of benadelende optrede of van misbruik van afsonderlike regspersoonlikheid van maatskappy**

**163.** (1) 'n Aandeelhouer of 'n direkteur van 'n maatskappy kan om verligting by 'n hof aansoek doen indien—

*(a)* enige handeling of versuim van die maatskappy, of 'n verwante persoon, die gevolg gehad het dat dit onderdrukkend of onredelik benadelend is jeens die aansoeker of sy belange op onredelike wyse veronagsaam;

*(b)* die maatskappy of 'n verwante persoon se sake gedryf word of is op 'n wyse wat onderdrukkend of onredelik benadelend is jeens die aansoeker of sy belange op onredelike wyse veronagsaam; of

*(c)* die bevoegdhede van 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die maatskappy, of 'n persoon verwant aan die maatskappy, uitgeoefen word of is op 'n wyse wat onderdrukkend of onredelik benadelend is jeens die aansoeker of sy belange op onredelike wyse veronagsaam.

(2) By oorweging van 'n aansoek kragtens subartikel (1) kan die hof enige tussentydse of finale bevel gee wat hy goedvind, insluitende—

*(a)* 'n bevel wat die optrede waaroor gekla is, aan bande lê;

*(b)* 'n bevel wat 'n likwidateur aanstel, indien dit voorkom asof die maatskappy insolvent is;

*(c)* 'n bevel wat die maatskappy onder toesig plaas en ondernemingreddingsverrigtinge kragtens Hoofstuk 6 aan die gang sit, indien die hof oortuig is dat die omstandighede wat in artikel 131(4)*(a)* uiteengesit word, van toepassing is;

*(d)* 'n bevel om die maatskappy se sake te reël deur die maatskappy te gelas om sy Akte van Oprigting te wysig of om 'n eenparige aandeelhoudersooreenkoms te skep of wysig;

*(e)* 'n bevel wat die uitreiking of ruil van aandele gelas;

*(f)* 'n bevel—

(i) wat direkteure aanstel in die plek van of bykomend tot al of enige van die direkteure wat dan die amp dra; of

(ii) wat enige persoon misdadig of op proef verklaar, soos in artikel 162 beoog;

*(g)* 'n bevel wat die maatskappy of enige ander persoon gelas om enige deel van die teenprestasie wat die aandeelhouer vir aandele betaal het, aan die aandeelhouer terug te besorg, of die gelykstaande waarde te betaal, met of sonder voorwaardes;

*(h)* 'n bevel wat 'n transaksie of 'n ooreenkoms waartoe die maatskappy 'n party is, wysig of ter syde stel en die maatskappy of enige ander party tot die transaksie of ooreenkoms vergoed;

*(i)* 'n bevel wat die maatskappy verplig om, binne 'n tyd wat deur die hof gespesifiseer is, finansiële state in 'n formaat wat deur hierdie Wet vereis word, of rekenskap in enige ander formaat wat die hof bepaal, aan die hof of 'n belanghebbende voor te lê;

*(j)* 'n bevel om vergoeding aan 'n benadeelde persoon te betaal, behoudens enige ander wet wat daardie persoon op vergoeding geregtig maak;

*(k)* 'n bevel wat die regstelling van 'n maatskappy se registers of ander rekords gelas; of

*(l)* 'n bevel vir die verhoor van enige aangeleentheid soos deur die hof bepaal.

(3) Indien 'n bevel wat kragtens hierdie artikel gegee is, die wysiging van die maatskappy se Akte van Oprigting gelas—

*(a)* moet die direkteure onmiddellik 'n kennisgewing van wysiging indien om uitvoering aan daardie bevel te gee, ooreenkomstig artikel 16(4); en

*(b)* mag geen verdere wysiging wat die uitwerking van die hofbevel wysig, beperk of weerspreek aan die Akte van Oprigting gemaak word nie, totdat 'n hof anders gelas.

(4) Wanner 'n hof ook al, op aansoek van 'n belanghebbende persoon, of in enige verrigtinge waarby 'n maatskappy betrokke is, vind dat die inkorporasie van, of enige handeling deur of namens van, of enige gebruik van, daardie maatskappy 'n onbillike misbruik van die regspersoonlikheid van die maatskappy as 'n afsonderlike entiteit uitmaak, mag die hof verklaar dat die maatskappy nie as 'n regspersoon geag moet word ten opsigte van sodanige regte, verpligtinge of aanspreeklikhede van die maatskappy, of van sodanige lid of aandeelhouer daarvan, of van sodanige ander persoon soos in die verklaring gespesifiseer nie, en die hof mag sodanige verdere bevel of bevele uitreik as wat geskik geag word om uitvoering aan sodanige verklaring te gee.

**Teenstemmende aandeelhouers se waardasieregte**

**164.** (1) Hierdie artikel is nie van toepassing in enige omstandighede met betrekking tot 'n transaksie, ooreenkoms of aanbod ingevolge 'n ondernemingreddingsplan wat kragtens artikel 152 deur aandeelhouers van 'n maatskappy goedgekeur is nie.

(2) Indien 'n maatskappy aan aandeelhouers kennis gegee het van 'n vergadering om die aanneming van 'n besluit te oorweeg om—

*(a)* sy Akte van Oprigting te wysig deur die voorkeure, regte, begrensings of ander voorwaardes van enige klas van sy aandele te verander op enige wyse wat wesenlik nadelig is vir die regte of belange van houers van daardie klas aandele, soos in artikel 37(8) beoog; of

*(b)* 'n transaksie aan te gaan soos beoog in artikel 112, 113 of 114,

moet daardie kennisgewing 'n verklaring insluit wat aandeelhouers inlig oor hulle regte ingevolge hierdie artikel.

(3) Te eniger tyd voordat daar gestem word oor 'n besluit waarna in subartikel (2) verwys word, kan 'n teenstemmende aandeelhouer 'n skriftelike kennisgewing aan die maatskappy gee wat teen die besluit beswaar maak.

(4) Binne 10 sakedae nadat 'n maatskappy 'n besluit aangeneem het wat in hierdie artikel beoog word, moet die maatskappy 'n kennisgewing dat die besluit aangeneem is, stuur aan elke aandeelhouer wat—

*(a)* 'n skriftelike kennisgewing van beswaar kragtens subartikel (3) aan die maatskappy gegee het; en

*(b)* nie—

(i) daardie kennisgewing onttrek het nie; of

(ii) ten gunste van die besluit gestem het nie.

(5) 'n Aandeelhouer kan eis dat die maatskappy die billike waarde aan die aandeelhouer betaal van al die aandele van die maatskappy wat daardie persoon besit, indien

*(a)* die aandeelhouer—

(i) 'n kennisgewing van beswaar aan die maatskappy gestuur het, behoudens subartikel (6); en

(ii) in die geval van 'n wysiging aan die maatskappy se Akte van Inkorporasie, aandele hou van 'n klas wat wesenlik en nadelig deur die wysiging beïnvloed word;

*(b)* die maatskappy die besluit aangeneem het wat in subartikel (2) beoog word; en

*(c)* die aandeelhouer—

(i) teen daardie besluit gestem het; en

(ii) aan al die prosedurele vereistes van hierdie artikel voldoen het.

(6) Die vereistes van subartikel (5)*(a)*(i) is nie van toepassing indien die maatskappy versuim het om kennis van die vergadering te gee of versuim het om 'n verklaring van die aandeelhoudersregte kragtens hierdie artikel in daardie kennisgewing in te sluit nie.

(7) 'n Aandeelhouer wat aan die vereistes van subartikel (5) voldoen, kan 'n eis stel wat in daardie subartikel beoog word deur 'n skriftelike kennisgewing aan die maatskappy te lewer binne—

*(a)* 20 sakedae na ontvangs van 'n kennisgewing kragtens subartikel (4); of

*(b)* indien die aandeelhouer nie 'n kennisgewing kragtens subartikel (4) ontvang nie, 20 sakedae nadat hy daarvan kennis geneem het dat die besluit aangeneem is.

(8) 'n Eis wat kragtens subartikels (5) tot (7) gelewer word, moet melding maak van—

*(a)* die aandeelhouer se naam en adres;

*(b)* die aantal en klas van aandele ten opsigte waarvan die aandeelhouer betaling verlang; en

*(c)* 'n eis vir betaling van die billike waarde van daardie aandele.

(9) 'n Aandeelhouer wat 'n eis kragtens subartikels (5) tot (8) gestuur het, het geen verdere regte ten opsigte van daardie aandele nie, buiten om die billike waarde daarvan betaal te word, tensy—

*(a)* die aandeelhouer daardie eis onttrek voordat die maatskappy 'n aanbod kragtens subartikel (11) maak, of toelaat dat 'n aanbod wat deur die maatskappy gemaak is, verstryk, soos in subartikel (12)*(b)* beoog;

*(b)* die maatskappy versuim om 'n aanbod kragtens subartikel (11) te maak en die aandeelhouer die eis onttrek; of

*(c)* die maatskappy die aangenome besluit wat tot die aandeelhouer se regte kragtens hierdie artikel aanleiding gegee het, herroep.

(10) Indien enige van die gebeure wat in subartikel (9) beoog word, plaasvind, word al die aandeelhouer se regte ten opsigte van die aandele sonder onderbreking herstel.

(11) Binne vyf sakedae na—

*(a)* die dag waarop die handeling wat deur die besluit goedgekeur is, in werking tree;

*(b)* die laaste dag vir die ontvangs van eise kragtens subartikel (7)*(a)*; of

*(c)* die dag waarop die maatskappy 'n eis ontvang het soos in subartikel (7)*(b)* beoog, indien van toepassing, wat ook al die laaste gebeur, moet die maatskappy aan elke aandeelhouer wat sodanige eis gestuur het 'n skriftelike aanbod stuur om 'n bedrag te betaal wat die maatskappy se direkteure as die billike waarde van die tersaaklike aandele beskou, behoudens subartikel (16), vergesel van 'n staat wat aantoon hoe daardie waarde bepaal is.

(12) Elke aanbod wat kragtens subartikel (11) gemaak word—

*(a)* ten opsigte van aandele van dieselfde klas of reeks moet op dieselfde voorwaardes wees; en

*(b)* verval indien dit nie aanvaar is binne 30 sakedae nadat gemaak is nie.

(13) Indien 'n aandeelhouer 'n aanbod aanvaar wat kragtens subartikel (12) gemaak is—

*(a)* moet die aandeelhouer in die geval van—

(i) aandele bewys deur sertifikate, die tersaaklike aandeelsertifikate by die maatskappy of die maatskappy se oordragagent indien; of

(ii) ongesertifiseerde aandele, die stappe doen wat kragtens artikel 53 vereis word om die oordrag van daardie aandele aan die maatskappy of die maatskappy se oordragagent te gelas; en

*(b)* moet die maatskappy die ooreengekome bedrag aan daardie aandeelhouer betaal binne 10 sakedae nadat die aandeelhouer die aanbod aanvaar het en—

(i) die aandeelsertifikate ingedien het; of

(ii) die oordrag van die aandele sonder sertifikate aan die maatskappy gelas het.

(14) 'n Aandeelhouer wat 'n eis kragtens subartikels (5) tot (8) gestel het, kan by 'n hof aansoek doen om 'n billike waarde te bepaal ten opsigte van die aandele wat die onderwerp van die eis was, en 'n bevel wat die maatskappy verplig om die billike waarde wat sodoende bepaal is, aan die aandeelhouer te betaal, indien die maatskappy—

*(a)* versuim het om 'n aanbod kragtens subartikel (11) te maak; of

*(b)* 'n aanbod gemaak het wat die aandeelhouer as onvoldoende beskou, en daardie aanbod nog nie verstryk het nie.

(15) By 'n aansoek by die hof kragtens subartikel (14)—

*(a)* moet alle teenstemmende aandeelhouers wat nie teen die datum van die aansoek 'n aanbod van die maatskappy aanvaar het nie, as partye gevoeg word en is hulle gebind deur die besluit van die hof;

*(b)* moet die maatskappy elke geaffekteerde teenstemmende aandeelhouer verwittig van die datum, plek en gevolge van die aansoek en van hul reg om aan die hofverrigtinge deel te neem; en

*(c)* kan die hof—

(i) bepaal of enige ander persoon 'n teenstemmende aandeelhouer is wat as 'n party gevoeg moet word;

(ii) moet die hof 'n billike waarde ten opsigte van die aandele van alle teenstemmende aandeelhouers bepaal, behoudens subartikel (16);

(iii) kan die hof na goeddunke—

*(aa)* een of meer waardeerders aanstel om hom te help om die billike waarde ten opsigte van die aandele te bepaal; of

*(bb)* 'n redelike rentekoers toelaat op die bedrag wat aan elke teenstemmende aandeelhouer betaalbaar is vanaf die datum waarop die handeling wat deur die besluit goedgekeur word, in werking tree, tot die datum van betaling;

(iv) kan die hof 'n gepaste kostebevel gee, met inagneming van enige aanbod wat deur die maatskappy gemaak is, en die finale bepaling van die billike waarde deur die hof; en

(v) moet die hof 'n bevel gee wat vereis—

*(aa)* dat die teenstemmende aandeelhouers óf hul onderskeie eise onttrek, in welke geval die aandeelhouers herstel word tot hul volle regte as aandeelhouers, óf aan subartikel (13)*(a)* voldoen; en

*(bb)* dat die maatskappy die billike waarde ten opsigte van hul aandele aan elke teenstemmende aandeelhouer betaal wat aan subartikel (13)*(a)* voldoen, behoudens enige voorwaardes wat die hof nodig ag om te verseker dat die maatskappy sy verpligtinge kragtens hierdie artikel nakom.

(16) Die billike waarde ten opsigte van enige aandele moet bepaal word soos op die datum waarop, en die tydstip onmiddellik voor, die maatskappy die besluit aangeneem het wat tot 'n aandeelhouer se regte kragtens hierdie artikel aanleiding gegee het.

(17) Indien daar redelike gronde is om te glo dat voldoening deur 'n maatskappy aan subartikel (13)*(b)*, of aan 'n hofbevel kragtens subartikel (15)*(c)*(v)*(bb)*, tot gevolg sou hê dat die maatskappy nie in staat is om sy skuld te betaal na gelang dit in die daaropvolgende 12 maande verskuldig en betaalbaar raak nie—

*(a)* kan die maatskappy by 'n hof aansoek doen om 'n bevel wat die maatskappy se verpligtinge kragtens die tersaaklike subartikel wysig; en

*(b)* kan die hof 'n bevel gee—

(i) dat dit billik en regverdig is, met inagneming van die maatskappy se finansiële omstandighede; en

(ii) wat verseker dat die persoon aan wie die maatskappy kragtens hierdie artikel geld skuld, betaal word op die vroegste moontlike datum wat daarmee versoenbaar is dat die maatskappy sy ander finansiële verpligtinge nakom na gelang hulle verskuldig en betaalbaar raak.

(18) Indien die besluit wat tot 'n aandeelhouer se regte kragtens hierdie artikel aanleiding gegee het, die maatskappy gemagtig het om met een of meer ander maatskappye te amalgameer of saam te smelt, op sodanige wyse dat die maatskappy wie se aandele die onderwerp van 'n eis kragtens hierdie artikel is, nie meer bestaan nie, is die verpligtinge van daardie maatskappy kragtens hierdie artikel die verpligtinge van die opvolger tot daardie maatskappy wat uit die amalgamasie of samesmelting ontstaan.

(19) Vir groter sekerheid maak die stel van 'n eis, indien van aandele en betaling deur 'n maatskappy aan 'n aandeelhouer kragtens hierdie artikel nie 'n uitkering deur die maatskappy, of 'n verkryging van sy aandele deur die maatskappy binne die betekenis van artikel 48, uit nie, en is dus nie onderhewig aan—

*(a)* die bepalings van daardie artikel nie; of

*(b)* die toepassing deur die maatskappy van die solvensie-en-likiditeitstoets soos in artikel 4 uiteengesit nie.

**Afgeleide handelinge**

**165.** (1) Enige reg ingevolge gemene reg van 'n persoon buiten 'n maatskappy om enige regsverrigtinge namens daardie maatskappy in te stel, word afgeskaf, en die regte in hierdie artikel is ter vervanging van enige sodanige afgeskafte reg.

(2) 'n Persoon kan 'n eis op 'n maatskappy bedien om regsverrigtinge aanhangig te maak of voort te sit, of verwante stappe te doen, om die maatskappy se regsbelange te beskerm indien die persoon—

*(a)* 'n aandeelhouer, of 'n persoon geregtig op registrasie as aandeelhouer, van die maatskappy of 'n verwante maatskappy is;

*(b)* 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die maatskappy of 'n verwante maatskappy is;

*(c)* 'n geregistreerde vakbond is wat werknemers van die maatskappy verteenwoordig, of 'n ander verteenwoordiger van werknemers van die maatskappy; of

*(d)* toestemming deur die hof verleen is om dit te doen, wat slegs verleen mag word indien die hof oortuig is dat dit nodig of gerade is om dit te doen om 'n wetlike reg van daardie ander persoon te beskerm.

(3) 'n Maatskappy op wie 'n eis kragtens subartikel (2) bedien is, kan binne 15 sakedae by 'n hof aansoek doen dat die eis ter syde gestel word slegs op grond daarvan dat dit beuselagtig, kwelsugtig of sonder meriete is.

(4) Indien 'n maatskappy nie 'n aansoek beoog in subartikel (3) doen nie, of die hof nie die eis kragtens daardie subartikel ter syde stel nie, moet die maatskappy—

*(a)* 'n onafhanklike en onpartydige persoon of komitee aanstel om die eis te ondersoek, en aan die direksie verslag te doen oor—

(i) enige feite of omstandighede—

*(aa)* wat moontlik tot 'n skuldoorsaak wat in die eis beoog word, aanleiding kan gee; of

*(bb)* wat met enige verrigtinge wat in die eis beoog word, verband kan hou;

(ii) die waarskynlike koste wat aangegaan sou word indien die maatskappy enige sodanige skuldoorsaak sou opneem of enige sodanige verrigtinge sou voortsit; en

(iii) of dit blyk in die beste belang van die maatskappy te wees om enige sodanige skuldoorsaak op te neem of sodanige verrigtinge voort te sit; en

*(b)* binne 60 sakedae nadat die eis op hom bedien is, of binne 'n langer tydperk wat 'n hof, by aansoek deur die maatskappy, toelaat, hetsy—

(i) regsverrigtinge aanhangig maak of voortsit, of verwante regstappe doen ter beskerming van die maatskappy se regsbelange, soos in die eis beoog; of

(ii) 'n kennisgewing bedien op die persoon wat die eis gestel het, waarin hy weier om daaraan te voldoen.

(5) 'n Persoon wat kragtens subartikel (2) 'n eis gestel het, kan by 'n hof aansoek doen om toestemming om 'n geding in die naam van en namens die maatskappy aanhangig te maak of voort te sit, en die hof mag slegs toestemming verleen indien—

*(a)* die maatskappy—

(i) versuim het om enige bepaalde stap te doen wat deur subartikel (4) vereis word;

(ii) 'n ondersoeker of komitee aangestel het wat nie onafhanklik en onpartydig was nie;

(iii) 'n verslag aanvaar het wat onvoldoende was ten opsigte van die opstel daarvan, of wat irrasioneel of onredelik was in die gevolgtrekkings of aanbevelings daarin;

(iv) op 'n wyse gehandel het wat teenstrydig was met die redelike verslag van 'n onafhanklike, onpartydige ondersoeker of komitee; of

(v) 'n kennisgewing bedien het waarin hy weier om aan die eis te voldoen, soos in subartikel (4)*(b)*(ii) beoog; en

*(b)* die hof oortuig is dat—

(i) die aansoeker te goeder trou handel;

(ii) die voorgenome of voortgesette verrigtinge die verhoor van 'n ernstige vraag van wesenlike gevolg vir die maatskappy behels; en

(iii) dit in die maatskappy se beste belang is dat toestemming aan die aansoeker verleen word om met die voorgestelde verrigtinge te begin of met die verrigtinge voort te gaan, na gelang van die geval.

(6) In buitengewone omstandighede kan 'n persoon wat in subartikel (2) beoog word, by 'n hof aansoek doen om toestemming om 'n geding in die naam van en namens die maatskappy aanhangig te maak sonder om 'n eis te stel soos in daardie subartikel beoog, of sonder om aan die maatskappy tyd te gee om op die eis te reageer ooreenkomstig subartikel (4), en die hof mag slegs toestemming verleen indien die hof oortuig is dat—

*(a)* die oponthoud wat nodig is vir die voltooiing van die prosedures wat in subartikels (3) tot (5) beoog word, aanleiding kan gee tot—

(i) onherstelbare skade aan die maatskappy; of

(ii) wesenlike benadeling van die belange van die aansoeker of 'n ander persoon;

*(b)* daar 'n redelike waarskynlikheid is dat die maatskappy nie sal optree om daardie skade of benadeling te voorkom nie, of nie sal optree om die maatskappy se belange wat die aansoeker probeer beskerm, te beskerm nie; en

*(c)* daar aan die vereistes van subartikel (5)*(b)*voldoen is.

(7) 'n Weerlegbare vermoede dat die verlening van toestemming nie in die beste belang van die maatskappy is nie, ontstaan indien daar vasgestel word dat—

*(a)* die voorgenome of voortgesette verrigtinge deur—

(i) die maatskappy teen 'n derde party is; of

(ii) 'n derde party teen die maatskappy is;

*(b)* die maatskappy besluit het—

(i) om nie die geding aanhangig te maak nie;

(ii) om nie die geding te verdedig nie; of

(iii) om die geding te staak, te skik of by te lê; en

*(c)* al die direkteure wat aan daardie besluit deelgeneem het—

(i) te goeder trou vir 'n behoorlike oogmerk opgetree het;

(ii) nie 'n persoonlike finansiële belang in die besluit gehad het nie, en nie verwant was aan 'n persoon wat 'n persoonlike finansiële belang in die besluit gehad het nie;

(iii) hulself vergewis het van die onderwerp van die besluit tot die mate wat hulle redelikerwys geglo het gepas is; en

(iv) redelikerwys geglo het dat die besluit in die beste belang van die maatskappy was.

(8) Vir die doel van subartikel (7)—

*(a)* is 'n persoon 'n derde party indien die maatskappy en daardie persoon nie verwant of onderling verbonde is nie; en

*(b)* sluit 'n geding deur of teen die maatskappy enige appèl in teen 'n besluit gemaak in 'n geding deur of teen die maatskappy.

(9) Indien 'n hof kragtens hierdie artikel toestemming aan 'n persoon verleen—

*(a)* moet die hof ook 'n bevel gee wat verklaar wie aanspreeklik is vir die vergoeding en onkoste van die persoon wat aangestel word;

*(b)* kan die hof die bevel te eniger tyd wysig;

*(c)* is die persone wat kragtens die bevel, of die bevel soos gewysig, aanspreeklik gemaak kan word—

(i) alle of enige van die partye by die geding of aansoek; en

(ii) die maatskappy;

*(d)* indien die bevel, of die bevel soos gewysig, twee of meer persone aanspreeklik maak, kan die bevel ook die aard en omvang van die aanspreeklikheid van elk van daardie persone bepaal; en

*(e)* is die persoon aan wie toestemming verleen is, daarop geregtig, na redelike kennisgewing aan die maatskappy, om enige van die maatskappy se boeke te ondersoek vir enige oogmerk wat met die regsverrigtinge verband hou.

(10) 'n Hof kan te eniger tyd enige bevel gee wat hy as gepas beskou rakende die koste van die volgende persone met betrekking tot 'n geding wat met toestemming kragtens hierdie artikel aanhangig gemaak of by toegetree is, of ten opsigte van 'n aansoek om toestemming kragtens hierdie artikel:

*(a)* Die persoon wat om toestemming aansoek gedoen het of aan wie toestemming verleen is;

*(b)* die maatskappy; of

*(c)* enige ander party tot die geding of aansoek.

(11) 'n Bevel kragtens hierdie artikel kan sekuriteit vir koste vereis.

(12) Te eniger tyd nadat 'n hof kragtens hierdie artikel toestemming verleen het, kan 'n persoon wat in subartikel (2) beoog word, aansoek doen by 'n hof vir 'n bevel dat hulle in die plek gestel word van die persoon aan wie toestemming oorspronklik verleen is, en die hof kan die bevel gee waarvoor aansoek gedoen is indien hy oortuig is dat—

*(a)* die aansoeker te goeder trou handel; en

*(b)* dit gepas is om die bevel in al die omstandighede te gee.

(13) 'n Bevel wat een persoon in die plek van 'n ander stel, het die gevolg dat—

*(a)* die verlening van toestemming geag word ten gunste van die plaasvervangende persoon gemaak te gewees het; en

*(b)* indien die persoon aan wie toestemming oorspronklik verleen is, reeds die geding aanhangig gemaak het, die plaasvervangende persoon geag word daardie geding aanhangig te gemaak het of daardie toetrede te gemaak het.

(14) Indien die aandeelhouers van 'n maatskappy enige bepaalde handeling van die maatskappy geratifiseer of goedgekeur het—

*(a)* sal die ratifikasie of goedkeuring—

(i) nie 'n persoon verhoed om met toestemming kragtens hierdie artikel 'n eis te stel, om toestemming aansoek te doen, of 'n geding aanhangig te maak of daartoe toe te tree nie; en

(ii) nie die uitkoms benadeel van enige aansoek om toestemming, of geding wat aanhangig gemaak of waartoe toegetree is met toestemming, kragtens hierdie artikel nie; of

*(b)* kan die hof daardie ratifikasie of goedkeuring in ag neem wanneer hy enige uitspraak lewer of bevel gee.

(15) 'n Geding wat aanhangig gemaak of waartoe toegetree is met toestemming kragtens hierdie artikel mag nie sonder toestemming van die hof gestaak, bygelê of geskik word nie.

(16) Vir groter sekerheid kan die reg van 'n persoon kragtens hierdie artikel om 'n eis op 'n maatskappy te bedien, of by 'n hof om toestemming aansoek te doen, regstreeks deur daardie persoon, of deur die Kommissie of Paneel, of 'n ander persoon namens daardie eerste persoon, uitgeoefen word, op die wyse wat deur artikel 157 toegelaat word.

## *Deel C*

### *Vrywillige oplossing van geskille*

**Alternatiewe geskiloplossing**

**166.** (1) As ’n alternatief vir ’n aansoek om verligting by ’n hof, of die indiening van ’n klagte by die Kommissie kragtens Deel D, kan ’n persoon wat kragtens hierdie Wet daarop geregtig sou wees om verligting aansoek te doen, of ’n klagte in te dien, ’n aangeleentheid wat die onderwerp van sodanige aansoek of klagte sou kon wees, verwys na—

*(a)* die Maatskappytribunaal; of
*(b)* ’n geakkrediteerde entiteit, soos in subartikel (3) omskryf, vir oplossing deur bemiddeling, konsiliasie of arbitrasie.

(2) Indien die Maatskappytribunaal, of ’n geakkrediteerde entiteit, na wie ’n aangeleentheid vir alternatiewe geskiloplossing verwys is, tot die gevolgtrekking kom dat een van die partye by die konsiliasie, bemiddeling of arbitrasie nie te goeder trou aan daardie proses deelneem nie, of dat daar geen redelike waarskynlikheid is dat die partye hul geskil deur daardie proses sal kan oplos nie, moet die Maatskappytribunaal of geakkrediteerde entiteit ’n sertifikaat in die voorgeskrewe vorm uitreik wat verklaar dat die proses misluk het.

(3) In hierdie artikel beteken **“geakkrediteerde entiteit”**—

*(a)* ’n regspersoon of ’n vereniging van persone wat kragtens subartikel (4) deur die Kommissie geakkrediteer is; of
*(b)* ’n staatsorgaan, of entiteit opgerig deur of kragtens ’n openbare regulasie wat—
   (i) onder andere gemagtig is om bemiddeling, konsiliasie of arbitrasie uit te voer; en
   (ii) vir die doeleindes van hierdie Deel kragtens subartikel (5) deur die Minister as ’n geakkrediteerde entiteit aangewys is.

(4) Vir die doeleindes van hierdie Deel—

*(a)* kan die Kommissie, met of sonder voorwaardes, ’n regspersoon of vereniging akkrediteer wat—
   (i) hoofsaaklik funksioneer om konsiliasie-, bemiddelings- of arbitrasiedienste te lewer;
   (ii) die bewese vermoë het om sodanige dienste binne die verband van maatskappyreg te verrig; en
   (iii) aan die voorgeskrewe vereistes vir akkreditasie voldoen;
*(b)* moet die Kommissie die effektiwiteit van ’n geakkrediteerde persoon of vereniging met betrekking tot die oogmerke en beleide van hierdie Wet moniteer; en
*(c)* kan die Kommissie—
   (i) redelikerwys van enige persoon of vereniging wat deur hom geakkrediteer is, verwag om inligting te verskaf wat nodig is vir die doel van monitering kragtens paragraaf *(b)*; en
   (ii) met redelike kennisgewing enige akkreditasie terugtrek wat kragtens hierdie artikel deur hom verleen is indien die persoon of vereniging nie meer voldoen aan die kriteria wat in paragraaf *(a)* uiteengesit is nie.

(5) Na oorlegpleging met die Kommissie—

*(a)* kan die Minister enige staatsorgaan of ander entiteit wat in subartikel (3)*(b)* beoog word as ’n geakkrediteerde entiteit vir die doel van hierdie Deel aanwys; en
*(b)* moet die Minister vir die Kommissie kriteria voorskryf om te volg by die beoordeling daarvan of ’n aansoeker om akkreditasie kragtens subartikel (4) aan hierdie artikel se vereistes voldoen.

**Geskiloplossing kan tot toestemmingsbevel aanleiding gee**

**167.** (1) Indien die Maatskappytribunaal, of ’n entiteit wat kragtens artikel 166 geakkrediteer is, ’n geskil kragtens hierdie Deel opgelos het of partye bygestaan het om ’n geskil kragtens hierdie Deel op te los, kan die Tribunaal of geakkrediteerde entiteit—

*(a)* die oplossing van daardie geskil in die vorm van ’n bevel aanteken; en

*(b)* indien die partye by die geskil tot daardie bevel toestem, dit by 'n hof indien om kragtens sy reëls as 'n toestemmingsbevel bekragtig te word.

(2) Na die aanhoor van 'n aansoek om 'n toestemmingsbevel kan die hof—

*(a)* die bevel gee soos in die aansoek ooreengekom en voorgestel;

*(b)* enige veranderinge aandui wat aan die konsepbevel gemaak moet word voordat dit 'n bevel van die hof gemaak word; of

*(c)* weier om die bevel te gee.

(3) 'n Toestemmingsbevel wat kragtens subartikel (2) bevestig is—

*(a)* kan die toekenning van skadevergoeding insluit; en

*(b)* sluit nie 'n persoon uit wat om die toekenning van siviele skadevergoeding aansoek doen nie, tensy die toestemmingsbevel die toekenning van skadevergoeding aan daardie persoon insluit.

(4) 'n Hof wat enige verrigtinge rakende 'n geskil voortspruitend uit 'n toestemmingsbevel aanhoor, kan beveel dat die verrigtinge agter geslote deure geskied indien dit in belang van die vertroulikheid van die partye by die toestemmingsbevel is om dit te doen.

## *Deel D*

## *Klagtes by Kommissie of Paneel*

### Inisiëring van klagte

**168.** (1) Enige persoon kan skriftelik 'n klagte indien—

*(a)* by die Paneel ten opsigte van 'n aangeleentheid beoog in Deel B of C van Hoofstuk 5, of in die Oornameregulasies; of

*(b)* by die Kommissie ten opsigte van enige bepaling van hierdie Wet waarna nie in paragraaf *(a)* verwys word nie, waarin aangevoer word dat 'n persoon opgetree het op 'n wyse wat teenstrydig is met hierdie Wet, of dat daar op die klaer se regte kragtens hierdie Wet, of kragtens 'n maatskappy se Akte van Oprigting of reëls, inbreuk gemaak is.

(2) 'n Klagte kan, uit eie beweging of op versoek van 'n ander regulerende gesag, regstreeks by die Kommissie of die Paneel, na gelang van die geval, geïnisieer word.

(3) Die Minister kan die Kommissie, soos in artikel 190(2)*(b)* beoog, of die Paneel gelas om 'n ondersoek te doen na—

*(a)* 'n beweerde oortreding van hierdie Wet; of

*(b)* ander gespesifiseerde omstandighede.

### Ondersoek deur Kommissie of Paneel

**169.** (1) By inisiëring of ontvangs van 'n klagte, of ontvangs van 'n opdrag vanaf die Minister, kragtens hierdie Wet, kan die Kommissie of Paneel, na gelang van die geval—

*(a)* buiten in die geval van 'n opdrag vanaf die Minister, 'n kennisgewing in die voorgeskrewe formaat aan die klaer uitreik wat aandui dat hy nie die klagte gaan ondersoek nie, indien die klagte beuselagtig of kwelsugtig voorkom, of nie enige feite aanvoer wat, indien dit bewys word, gronde vir verhaal kragtens hierdie Wet sou uitmaak nie;

*(b)* indien hy dink dit is dienstig as 'n wyse om die aangeleentheid op te los, die klaer na die Maatskappytribunaal, of na 'n geakkrediteerde entiteit, soos omskryf in artikel 166(3), verwys, met 'n aanbeveling dat die klaer moet poog om die aangeleentheid met die hulp van daardie agent op te los; of

*(c)* in enige ander geval, 'n inspekteur of ondersoeker gelas om die klagte so gou doenlik te ondersoek.

(2) Die Kommissie of Paneel, na gelang van die geval, kan te eniger tyd gedurende 'n ondersoek—

*(a)* een of meer persone aanwys om die inspekteur of ondersoeker wat die ondersoek uitvoer, by te staan; of

*(b)* indien 'n klagte 'n geskil behels wat intern tot 'n bepaalde maatskappy is, en nie blyk 'n ander party as die maatskappy, die houers van sy sekuriteite, sy direkteure, komitees, voorgeskrewe beamptes, maatskappysekretaris of ouditeur te impliseer nie—

(i) 'n voorstel aan die maatskappy voorlê wat 'n ooreenkoms aan die hand doen om gesamentlik 'n onafhanklike ondersoeker aan te stel—

*(aa)* op die maatskappy se onkoste, of op ’n kostedelingsgrondslag; en

*(bb)* om aan beide die maatskappy, en die Kommissie of Paneel, na gelang van die geval, verslag te doen; of

(ii) by ’n hof aansoek doen vir ’n bevel wat ’n onafhanklike ondersoeker aanstel—

*(aa)* op die maatskappy se onkoste; en

*(bb)* om aan beide die Kommissie of Paneel, na gelang van die geval, en die maatskappy verslag te doen.

(3) By die uitvoering van ’n ondersoek soos in hierdie artikel beoog, kan ’n inspekteur of ondersoeker enige persoon ondersoek—

*(a)* wat in die klagte genoem word, of wat verwant is aan ’n persoon wat in die klagte genoem word; of

*(b)* wat na die inspekteur se redelike mening moontlik inligting mag hê wat op die ondersoek van die klagte betrekking het.

**Uitslag van ondersoek**

**170.** (1) Na ontvangs van die inspekteur of onafhanklike ondersoeker se verslag kan die Kommissie of Paneel, na gelang van die geval—

*(a)* enige persoon as respondent in die klagte verskoon, indien die Kommissie of Paneel van mening is dat dit redelik is om so te maak, met inagneming van die persoon se gedrag, en die mate waarin die persoon tydens die ondersoek met die Kommissie of Paneel saamgewerk het;

*(b)* die klagte verwys na die Maatskappytribunaal, of na die Kommissie of Paneel, na gelang van die geval, indien die aangeleentheid kragtens hierdie Wet binne hul onderskeie jurisdiksies val;

*(c)* ’n nie-verwysingskennisgewing aan die klaer uitreik, met ’n verklaring wat die klaer inlig oor enige regte wat hy moontlik kragtens hierdie Wet het om hom tot die hof te wend vir verhaal;

*(d)* in die geval van die Kommissie, voorstel dat die klaer en enige geaffekteerde persoon met die Kommissie of die Maatskappytribunaal vergader met die oog daarop om die aangeleentheid deur middel van ’n toestemmingsbevel op te los;

*(e)* in die naam van die klaer verrigtinge in die hof aanhangig maak, indien die klaer—

(i) ’n reg kragtens hierdie Wet het om ten opsigte van daardie aangeleentheid by ’n hof aansoek te doen; en

(ii) daartoe ingestem het dat die Kommissie of Paneel, na gelang van die geval, so maak;

*(f)* die aangeleentheid na die Nasionale Vervolgingsgesag, of ander betrokke regulerende gesag, verwys indien die Kommissie of Paneel, na gelang van die geval, beweer dat ’n persoon ’n misdryf kragtens hierdie Wet of enige ander wetgewing begaan het; of

*(g)* in die geval van—

(i) die Kommissie, ’n voldoeningskennisgewing kragtens artikel 171 uitreik; of

(ii) die Paneel, die aangeleentheid na die Uitvoerende Direkteur verwys, wat onder andere ’n voldoeningskennisgewing kragtens artikel 171 kan uitreik.

(2) Die Kommissie of Paneel, na gelang van die geval—

*(a)* kan geheel na sy eie goeddunke ’n verslag publiseer wat in subartikel (1) beoog word; en

*(b)* moet, ongeag of hy so ’n verslag publiseer, ’n kopie van die verslag lewer aan—

(i) die klaer, of ’n regulerende gesag wat die inisiëring van die klagte versoek het;

(ii) enige persoon wat ’n onderwerp van die ondersoek was;

(iii) enige hof, indien hy deur die hof versoek of beveel word om so te maak; en

(iv) enige houer van sekuriteite, of skuldeiser, of ’n maatskappy wat die onderwerp van die verslag was, of enige ander persoon wat in die verslag geïmpliseer word, by betaling van die voorgeskrewe fooi.

**Uitreiking van voldoeningskennisgewings**

**171.** (1) Behoudens subartikel (3) kan die Kommissie, of die Uitvoerende Direkteur van die Paneel, 'n voldoeningskennisgewing in die voorgeskrewe formaat uitreik aan enige persoon wat die Kommissie of Uitvoerende Direkteur, na gelang van die geval, op redelike gronde meen—

*(a)* hierdie Wet oortree het; of

*(b)* toegestem het tot, of geïmpliseer was in, of regstreeks of onregstreeks voordeel getrek het uit, 'n oortreding van hierdie Wet, tensy die beweerde oortreding andersins kragtens hierdie Wet deur 'n aansoek by 'n hof of by die Maatskappytribunaal aangespreek kan word.

(2) 'n Voldoeningskennisgewing kan verg dat die persoon aan wie dit gerig is—

*(a)* enige handeling teenstrydig met hierdie Wet staak, regstel of omkeer;

*(b)* enige stappe doen wat deur hierdie Wet vereis word;

*(c)* bates of hul waarde aan 'n maatskappy of enige ander persoon teruggee;

*(d)* 'n gemeenskapsdiens verrig, in die geval van 'n kennisgewing uitgereik deur die Kommissie; of

*(e)* enige ander stappe doen wat redelikerwys aan die oortreding verwant is en ontwerp is om die gevolg daarvan reg te stel.

(3) By die uitreiking van 'n kennisgewing kragtens subartikel (1) aan 'n gereguleerde persoon of entiteit moet die Kommissie of Uitvoerende Direkteur, na gelang van die geval, 'n kopie van die kennisgewing stuur aan die regulerende gesag wat 'n lisensie of soortgelyke magtiging aan daardie regulerende persoon of entiteit toegestaan het, en waarkragtens daardie persoon gemagtig is om sake te doen.

(4) 'n Voldoeningskennisgewing beoog in subartikel (1)—

*(a)* moet 'n uiteensetting bied van—

(i) die persoon of 'n vereniging waarop die kennisgewing van toepassing is;

(ii) die bepaling van hierdie Wet wat oortree is;

(iii) besonderhede van die aard en omvang van die nie-voldoening;

(iv) enige stappe wat gedoen moet word en die tydperk waarin daardie stappe gedoen moet word; en

(v) enige boete wat kragtens hierdie Wet opgelê kan word indien daardie stappe nie gedoen word nie.

(5) 'n Voldoeningskennisgewing uitgereik kragtens hierdie artikel, of enige deel daarvan, bly van krag totdat—

*(a)* dit tersyde gestel word deur—

(i) die Maatskappytribunaal, of 'n hof by hersiening van die kennisgewing, in die geval van 'n kennisgewing uitgereik deur die Kommissie; of

(ii) die Spesiale Oornamekomitee, of 'n hof by hersiening van die kennisgewing, in die geval van 'n kennisgewing uitgereik deur die Uitvoerende Direkteur; of

*(b)* die Kommissie, of Uitvoerende Direkteur, na gelang van die geval, 'n voldoeningsertifikaat beoog in subartikel (6) uitreik.

(6) Indien daar aan die vereistes van 'n voldoeningskennisgewing uitgereik kragtens subartikel (1) voldoen is, moet die Kommissie of die Uitvoerende Direkteur, na gelang van die geval, 'n voldoeningsertifikaat uitreik.

(7) Indien 'n persoon aan wie 'n voldoeningskennisgewing uitgereik is, versuim om aan die kennisgewing te voldoen, kan die Kommissie of die Uitvoerende Direkteur, na gelang van die geval—

*(a)* óf by 'n hof om die oplegging van 'n administratiewe boete aansoek doen; óf

*(b)* die aangeleentheid na die Nasionale Vervolgingsgesag verwys vir vervolging as 'n oortreding kragtens artikel 214(3), maar hy mag nie beide ten opsigte van enige bepaalde voldoeningskennisgewing doen nie.

**Beswaar teen kennisgewings**

**172.** (1) Enige persoon aan wie 'n voldoeningskennisgewing kragtens artikel 171 uitgereik is, kan aansoek doen by die Maatskappytribunaal in die geval van 'n kennisgewing wat deur die Kommissie uitgereik is, of by die Spesiale Oornamekomitee in die geval van 'n kennisgewing wat deur die Uitvoerende Direkteur uitgereik is, of by 'n hof in beide gevalle, om die kennisgewing te hersien, binne—

*(a)* 15 sakedae na ontvangs van daardie kennisgewing; of

(*b*) sodanige langer tydperk wat by aanvoering van goeie gronde toegestaan word.

(2) Na die oorweging van enige vertoë deur die aansoeker en enige ander tersaaklike inligting kan die Maatskappytribunaal, die Spesiale Oornamekomitee of ’n hof die voldoeningskennisgewing volledig of gedeeltelik bevestig, wysig of kanselleer.

(3) Indien die Maatskappytribunaal, die Spesiale Oornamekomitee of ’n hof ’n kennisgewing in die geheel of gedeeltelik bevestig of gewysig het, moet die aansoeker aan daardie kennisgewing soos bevestig of gewysig, voldoen, binne die tydperk wat daarin gespesifiseer is, behoudens subartikel (4).

(4) ’n Besluit deur die Maatskappytribunaal of die Spesiale Oornamekomitee kragtens hierdie artikel is bindend, behoudens enige reg tot hersiening of appèl deur ’n hof.

**Toestemmingsbevele**

**173.** (1) Indien ’n aangeleentheid kragtens hierdie Deel ondersoek is, en die Kommissie en die respondent oor ’n oplossing vir die klagte ooreengekom het, kan die Kommissie—

(*a*) die oplossing in die vorm van ’n bevel opteken; en

(*b*) indien die persoon wat die onderwerp van die klagte is, tot daardie bevel toestem, by die Hoë Hof aansoek doen om dit kragtens sy reëls as ’n toestemmingsbevel te bekragtig.

(2) Artikel 167(2) tot (4), saamgelees met die veranderinge wat deur die samehang vereis word, is van toepassing op ’n aansoek beoog in subartikel (1).

**Verwysing van klagtes na hof**

**174.** (1) Indien die Kommissie of Paneel, na gelang van die geval, ’n nie-verwysingskennisgewing in reaksie op ’n klagte uitreik, kan die betrokke klaer by ’n hof aansoek doen vir toestemming om die aangeleentheid regstreeks na die hof te verwys, maar geen sodanige klagte mag regstreeks na ’n hof verwys word ten opsigte van ’n persoon wat, soos in artikel 170(1)(*a*) beoog, as respondent verskoon is nie.

(2) ’n Hof—

(*a*) kan slegs toestemming verleen soos in subartikel (1) beoog indien dit blyk dat die aansoeker geen ander verhaal kragtens hierdie Wet tot sy beskikking het nie; en

(*b*) kan, indien hy toestemming verleen, en nadat ’n verhoor gehou is waartydens bepaal is dat die respondent die Wet oortree het—

(i) die Kommissie of Uitvoerende Direkteur, na gelang van die geval, gelas om ’n voldoeningskennisgewing uit te reik wat voldoende is om met daardie oortreding te handel; of

(ii) enige ander bevel gee wat in hierdie Wet beoog word wat onder die omstandighede reg en redelik is.

**Administratiewe boetes**

**175.** (1) ’n Hof kan, by aansoek deur die Kommissie of Paneel, ’n administratiewe boete oplê—

(*a*) slegs vir versuim om te voldoen aan ’n voldoeningskennisgewing soos in artikel 171(7) beoog; en

(*b*) wat nie groter is nie as die grootste van—

(i) 10% van die respondent se omset vir die tydperk waartydens die maatskappy versuim het om aan die voldoeningskennisgewing te voldoen; en

(ii) die maksimum wat kragtens subartikel (5) voorgeskryf word.

(2) Wanneer die bedrag van ’n gepaste administratiewe boete bepaal word, moet die volgende faktore oorweeg word:

(*a*) Die aard, duur, erns en omvang van die oortreding;

(*b*) enige verlies of skade wat as gevolg van die oortreding gely is;

(*c*) die respondent se gedrag;

(*d*) die markomstandighede waarin die oortreding plaasgevind het;

(*e*) hoeveel daar deur die oortreding gebaat is;

(f) die mate waarin die respondent met die Kommissie of Paneel, na gelang van die geval, en 'n hof saamgewerk het; en

(g) of daar al voorheen bevind is dat die respondent in stryd met hierdie Wet was.

(3) Vir die doel van hierdie artikel is die jaarlikse omset van enige persoon die bedrag wat op die voorgeskrewe wyse bepaal is.

(4) 'n Boete wat kragtens hierdie artikel betaalbaar is, moet in die Nasionale Inkomstefonds waarna in artikel 213 van die Grondwet verwys word, inbetaal word.

(5) Die Minister kan 'n regulasie maak wat die maksimum bedrag van 'n administratiewe boete voorskryf, welke bedrag nie minder as R1 000 000 moet wees nie.

## *Deel E*

### *Bevoegdheid om ondersoeke en inspeksies te steun*

**Dagvaarding**

**176.** (1) Die Kommissie of die Paneel, na gelang van die geval, kan te eniger tyd gedurende 'n ondersoek wat deur hom gedoen word 'n dagvaarding uitreik aan enige persoon wat hy meen enige inligting oor die onderwerp van die ondersoek kan verstrek, of wat hy meen in besit of beheer van enige boek, dokument of ander voorwerp is wat betrekking op daardie onderwerp het om—

*(a)* voor die Kommissie of Paneel, of voor 'n inspekteur of onafhanklike ondersoeker, te verskyn om ondervra te word op 'n tyd en plek wat in die dagvaarding gespesifiseer word; of

*(b)* enige boek, dokument of ander voorwerp waarna in paragraaf *(a)* verwys word op 'n tyd en plek wat in die dagvaarding gespesifiseer word aan die Kommissie of Paneel, of aan 'n inspekteur of onafhanklike ondersoeker, te lewer of voor te lê.

(2) 'n Dagvaarding wat in subartikel (1) beoog word—

*(a)* moet onderteken wees deur die Kommissaris of die Uitvoerende Direkteur, na gelang van die geval, of deur 'n werknemer van die Kommissie of Paneel wat aangewys is deur die Kommissaris of die Uitvoerende Direkteur, na gelang van die geval; en

*(b)* kan bedien word op dieselfde wyse as 'n getuiedagvaarding in 'n strafsaak wat deur die landdroshof uitgereik word.

(3) 'n Inspekteur of ondersoeker voor wie 'n persoon gedagvaar is om te verskyn, of aan wie 'n persoon enige boek, dokument of ander voorwerp moet lewer, kan—

*(a)* die persoon wat in die dagvaarding genoem word, ondervra en 'n eed van hom afneem of 'n plegtige verklaring van hom aanvaar; en

*(b)* enige sodanige boek, dokument of ander voorwerp vir ondersoek hou vir 'n tydperk wat nie twee maande oorskry nie, of sodanige langer tydperk wat die hof by die aanvoering van goeie gronde toelaat.

(4) 'n Persoon wat ondervra word deur die Kommissie, die Paneel of 'n inspekteur of onafhanklike ondersoeker wat 'n ondersoek uitvoer, moet elke vraag eerlik en tot die beste van daardie persoon se vermoë beantwoord, maar—

*(a)* 'n persoon is nie verplig om enige vraag te beantwoord indien die antwoord selfbeskuldigend is nie; en

*(b)* die persoon wat die vrae stel, moet daardie persoon inlig oor die reg wat in paragraaf *(a)* uiteengesit is.

(5) Geen selfbeskuldigende antwoord wat 'n persoon gee, of verklaring wat 'n persoon maak, aan die Kommissie, Paneel, of 'n inspekteur of onafhanklike ondersoeker wat bevoegdhede kragtens hierdie Wet uitoefen, sal as getuienis teen daardie persoon toelaatbaar wees in strafregtelike verrigtinge wat in enige hof teen daardie persoon aanhangig gemaak word nie, behalwe in strafregtelike verrigtinge vir meineed of waarin daardie persoon teregstaan vir 'n misdryf beoog in artikel 215(2)*(e)*, en dan slegs in die mate dat die antwoord of verklaring tersaaklik is om die ten las gelegde misdryf te bewys.

**Magtiging om ingevolge lasbrief te betree en deursoek**

**177.** (1) 'n Regter van die Hoë Hof of 'n landdros kan 'n lasbrief uitreik om enige perseel wat binne daardie regter of landdros se jurisdiksie is, te betree en deursoek,

indien daar uit inligting onder eed of plegtige verklaring redelike gronde bestaan om te glo dat—

*(a)* ’n oortreding van hierdie Wet op of in daardie perseel plaasgevind het, plaasvind, of waarskynlik gaan plaasvind; of

*(b)* enigiets verbonde aan ’n ondersoek kragtens hierdie Wet in besit of onder beheer van ’n persoon is wat op of in daardie perseel is.

(2) ’n Lasbrief om te betree en deursoek kan te eniger tyd uitgereik word en moet spesifiek—

*(a)* die perseel identifiseer wat betree en deursoek mag word; en

*(b)* ’n inspekteur of ’n polisiebeampte magtig om die perseel te betree en deursoek en enigiets te doen wat in artikel 178 gelys word.

(3) ’n Lasbrief om te betree en deursoek is geldig totdat een van die volgende gebeure plaasvind:

*(a)* Die lasbrief word uitgevoer;

*(b)* die lasbrief word deur die persoon wat dit uitgereik het of, in daardie persoon se afwesigheid, deur ’n persoon met soortgelyke magtiging gekanselleer;

*(c)* die oogmerk vir die uitreiking daarvan het verval; of

*(d)* ’n maand het verloop vanaf die datum waarop dit uitgereik is.

(4) ’n Lasbrief om te betree en deursoek mag slegs bedags uitgevoer word, tensy die regter of landdros wat dit uitgereik het, magtiging gee dat dit in die aand uitgevoer mag word op ’n tyd wat onder die omstandighede redelik is.

(5) ’n Persoon met magtiging ingevolge ’n lasbrief wat kragtens subartikel (2) uitgereik is, kan ’n perseel wat in daardie lasbrief genoem word, betree en deursoek.

(6) Onmiddellik voordat daar met die uitvoering van ’n lasbrief begin word, moet die persoon wat daardie lasbrief uitvoer—

*(a)* indien die eienaar, of persoon in beheer, van die perseel wat deursoek gaan word teenwoordig is—

(i) identifikasie aan daardie persoon lewer en die magtiging waarkragtens die lasbrief uitgevoer word, aan daardie persoon verduidelik; en

(ii) ’n kopie van die lasbrief aan daardie persoon of aan die persoon wat daarin genoem word, oorhandig; of

*(b)* indien nie een van daardie persone teenwoordig is nie, ’n kopie van die lasbrief op ’n prominente en sigbare plek op die perseel aanbring.

**Bevoegdheid om te betree en deursoek**

**178.** (1) ’n Persoon wat kragtens artikel 177 gemagtig is om ’n perseel te betree en deursoek, mag—

*(a)* daardie perseel betree;

*(b)* daardie perseel deursoek;

*(c)* enige persoon op daardie perseel deursoek indien daar redelike gronde is om te glo dat die persoon in persoonlike besit van ’n voorwerp of dokument is wat op die ondersoek betrekking het;

*(d)* enige voorwerp of dokument wat op of in daardie perseel is wat op die ondersoek betrekking het, ondersoek;

*(e)* inligting oor enige voorwerp of dokument versoek van die eienaar van, of persoon in beheer van, die perseel of van enige persoon met beheer oor die voorwerp of dokument, of van enige ander persoon wat moontlik die inligting het;

*(f)* uittreksels neem uit, of kopieë maak van, enige boek of dokument wat op of in die perseel is wat op die ondersoek betrekking het;

*(g)* enige rekenaarstelsel op die perseel gebruik, of van enige persoon op die perseel bystand versoek om daardie rekenaarstelsel te gebruik, om—

(i) enige data te deursoek wat bevat word deur of beskikbaar is aan daardie rekenaarstelsel; of

(ii) enige rekord uit daardie data te reproduseer; en

*(h)* op enige uitset uit daardie rekenaar beslag lê vir ondersoek en kopiëring; en

*(i)* op enigiets wat op die ondersoek betrekking het, beslag lê en dit, indien nodig, vir ondersoek en veilige bewaring van die perseel verwyder.

(2) Artikel 176(4) en (5) is van toepassing op—

*(a)* enige persoon wat kragtens hierdie artikel deur ’n inspekteur of polisiebeampte ondervra word; of

(b) enige antwoord gegee of verklaring gedoen aan 'n inspekteur of polisiebeampte kragtens hierdie artikel.

(3) 'n Inspekteur wat gemagtig is om kragtens artikel 177 'n betreding en deursoeking uit te voer, kan deur 'n polisiebeampte vergesel en bygestaan word.

**Uitvoering van betreding en deursoeking**

**179.** (1) 'n Persoon wat enige perseel kragtens artikel 178 betree en deursoek, moet die betreding en deursoeking met groot agting vir fatsoenlikheid en orde uitvoer, en met agting vir elke persoon se reg op waardigheid, vryheid, sekuriteit en privaatheid.

(2) Gedurende enige deursoeking kragtens artikel 178(1)*(c)* mag slegs 'n vroulike inspekteur of polisiebeampte 'n vroulike persoon deursoek, en mag slegs 'n manlike inspekteur of polisiebeampte 'n manlike persoon deursoek.

(3) 'n Persoon wat 'n perseel kragtens artikel 178 betree en deursoek moet, voordat enigeen ondervra word—

*(a)* daardie persoon inlig oor die reg om ten tyde daarvan deur 'n advokaat of prokureur bygestaan te word; en

*(b)* daardie persoon toelaat om die reg uit te oefen wat in paragraaf *(a)* beoog word.

(4) 'n Persoon wat enigiets verwyder van die perseel wat deursoek word, moet—

*(a)* 'n ontvangsbewys daarvoor aan die eienaar van, of persoon in beheer van, die perseel uitreik; en

*(b)* dit so gou doenlik na bereiking van die oogmerk waarvoor dit verwyder is, terugbesorg.

(5) 'n Persoon kan tydens 'n deursoeking weier om die ondersoek of verwydering van 'n voorwerp of dokument toe te laat op grond daarvan dat dit bevoorregte inligting bevat.

(6) Indien die eienaar of persoon in beheer van 'n voorwerp of dokument kragtens subartikel (5) weier om daardie voorwerp of dokument aan die persoon te gee wat die deursoeking uitvoer, kan die persoon wat die deursoeking uitvoer die registrateur of balju van die Hoë Hof wat jurisdiksie het, versoek om op die voorwerp of dokument beslag te lê en dit vir veilige bewaring te verwyder daardie die hof bepaal of die inligting bevoorreg is of nie.

(7) 'n Polisiebeampte wat gemagtig is om 'n perseel kragtens artikel 177 te betree en deursoek, of wat 'n inspekteur bystaan wat gemagtig is om 'n perseel kragtens artikel 178 te betree en deursoek, mag weerstand teen die betreding en deursoeking oorkom deur soveel geweld te gebruik as wat redelikerwys nodig is, insluitende die breek van 'n deur of venster van die perseel.

(8) Voor die gebruik van geweld kragtens subartikel (7) moet 'n polisiebeampte hoorbaar toegang eis en die doel van die betreding aankondig, tensy dit redelik is om te glo dat dit kan veroorsaak dat iemand 'n voorwerp of dokument wat die oogmerk van die deursoeking is, vernietig of daarmee wegdoen.

(9) Die Kommissie kan enigiemand vergoed wat skade ly as gevolg van 'n gedwonge betreding gedurende 'n deursoeking toe niemand wat vir die perseel verantwoordelik is, teenwoordig was nie.

***Deel F***

***Beregtingsprosedures van Maatskappytribunaal***

**Beregtingsverhore voor Tribunaal**

**180.** (1) Die Maatskappytribunaal—

*(a)* moet sy beregtingsverrigtinge soos in hierdie Wet beoog onverwyld en ooreenkomstig die beginsels van natuurlike geregtigheid uitvoer; en

*(b)* kan daardie verrigtinge informeel uitvoer.

(2) Indien beregtingsverrigtinge voor die Tribunaal oop is vir die publiek, kan die voorsittende Tribunaal lede van die publiek, of spesifieke persone of kategorieë persone, daarvan uitsluit om die verrigtinge by te woon—

*(a)* indien getuienis wat aangebied gaan word vertroulike inligting is, maar slegs tot die mate waarin die inligting nie andersins beskerm kan word nie;

*(b)* indien die behoorlike uitvoering van die verhoor dit verg; of

(*c*) om enige ander rede wat in privaatregtelike verrigtinge in ’n Hoë Hof geregverdig sou wees.

(3) By die afsluiting van beregtingsverrigtinge moet die voorsittende lid ’n besluit tesame met skriftelike redes vir die besluit uitreik.

**Reg om aan verhoor deel te neem**

**181.** Die volgende persone mag aan ’n beregtingsverhoor beoog in hierdie Deel deelneem, hetsy persoonlik of deur ’n verteenwoordiger, en mag vrae aan getuies stel en enige boeke, dokumente of items wat by die verhoor voorgelê word, inspekteer:

(*a*) Die Kommissie;
(*b*) die aansoeker of klaer*;* en
(*c*) enige ander persoon met ’n wesenlike belang in die verhoor, tensy daardie belang voldoende deur ’n ander deelnemer verteenwoordig word.

**Bevoegdhede van Tribunaalberegtingsaanhoor**

**182.** Die Maatskappytribunaal kan—

(*a*) enige persoon gelas of daag om op enige gespesifiseerde tyd en plek te verskyn;
(*b*) enige persoon onder eed of plegtige verklaring ondervra;
(*c*) enige persoon daag of gelas—
    (i) om enige boek, dokument of ander item wat nodig is vir die doel van die aanhoor voor te lê; of
    (ii) om enige ander handeling met betrekking tot hierdie Wet uit te voer; en
(*d*) opdragte gee wat die publikasie van enige getuienis wat aan die Tribunaal gegee is, verbied of beperk.

**Prosesreëls**

**183.** Behoudens die vereistes van die toepaslike artikels van hierdie Wet kan die Maatskappytribunaal enige prosessuele aangeleentheid in ’n beregtingsverhoor besleg, met die nodige inagneming van die omstandighede van die saak.

**Getuies**

**184.** (1) Elke persoon wat tydens ’n beregtingsverhoor voor die Maatskappytribunaal getuig, moet enige tersaaklike vraag beantwoord.

(2) Die wet rakende ’n getuie se privilegie in ’n strafsaak in ’n geregshof is eweneens van toepassing op ’n persoon wat gedurende ’n beregtingsverhoor inligting verskaf.

(3) Gedurende ’n beregtingsverhoor kan die Maatskappytribunaal ’n persoon beveel om enige vraag te beantwoord, of om enige voorwerp of dokument voor te lê, behoudens subartikel (4).

(4) Artikel 176(4) en (5) is van toepassing op enige persoon wat ondervra word, of enige getuienis wat gelewer word, voor die Maatskappytribunaal kragtens hierdie artikel.

## HOOFSTUK 8

## REGULERENDE AGENTSKAPPE EN ADMINISTRASIE VAN WET

### *Deel A*

### *Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom*

**Totstandbrenging van Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom**

**185.** (1) Die Kommissie word hiermee as ’n regspersoon tot stand gebring om as ’n staatsorgaan binne die openbare administrasie te funksioneer, maar as ’n instansie buite die staatsdiens.

(2) Die Kommissie —

(*a*) het jurisdiksie regdeur die Republiek;
(*b*) is onafhanklik, en ondergeskik slegs aan—

(i) die Grondwet en die reg; en

(ii) enige beleidsverklaring, voorskrif of versoek wat deur die Minister ingevolge hierdie Wet uitgereik word;

*(c)* moet onpartydig wees en sy funksies sonder vrees, begunstiging of vooroordeel verrig; en

*(d)* moet die funksies uitoefen wat ingevolge hierdie Wet of enige ander wet of deur die Minister aan hom opgedra word, op—

(i) die mees kostedoeltreffende en effektiewe wyse; en

(ii) in ooreenstemming met die waardes en beginsels wat in artikel 195 van die Grondwet vermeld word.

(3) Alle staatsorgane moet die Kommissie bystaan om sy onafhanklikheid en onpartydigheid te handhaaf, en om sy gesag doeltreffend uit te oefen en sy funksies doeltreffend te verrig.

(4) Behalwe in die mate wat voorgeskryf word deur of ingevolge hierdie Wet, is ’n sertifikaat, kennisgewing, besluit, bepaling of reëling wat uitgegee of getref word ten opsigte van enige besondere aangeleentheid wat in hierdie Wet beoog word deur—

*(a)* die Kommissaris; of

*(b)* ’n persoon wat deur die Kommissaris aangewys word om ’n bepaalde funksie van die Kommissie te verrig,

die sertifikaat, kennisgewing, besluit, bepaling of beslissing van die Kommissie ten opsigte van daardie aangeleentheid.

**Oogmerke van Kommissie**

**186.** (1) Die oogmerke van die Kommissie is—

*(a)* die doeltreffende en effektiewe registrasie van—

(i) maatskappye, en buitelandse maatskappye, ingevolge hierdie Wet;

(ii) ander regspersone, ingevolge enige toepaslike wetgewing wat in Bylae 6 bedoel word; en

(iii) intellektuele eiendomsreg, ingevolge enige toepaslike wetgewing;

*(b)* die instandhouding van akkurate, bygewerkte en toepaslike inligting betreffende maatskappye, vreemde maatskappye en ander regspersone beoog in subartikel (1)*(a)*(ii), en betreffende intellektuele eiendomsreg, en die voorsiening van daardie inligting aan die publiek en ander staatsorgane;

*(c)* die bevordering van opvoeding en bewustheid van maatskappy- en intellektuele eiendomsreg, en verwante aangeleenthede;

*(d)* die bevordering van voldoening aan hierdie Wet, en enige ander toepaslike wetgewing; en

*(e)* die effektiewe, doeltreffende en wydste moontlike afdwinging van hierdie Wet, en enige ander wetgewing wat in Bylae 6 gelys word.

(2) Om sy oogmerke te bereik, kan die Kommissie—

*(a)* internasionale ontwikkelings op die gebied van maatskappy- en intellektuele eiendomsreg in aanmerking neem; of

*(b)* enige persoon, organisasie of instansie met betrekking tot enige aangeleentheid raadpleeg.

**Funksies van Kommissie**

**187.** (1) In hierdie artikel het **“die Wet”** die betekenis wat in artikel 1 uiteengesit word, maar sluit dit ook enige wetgewing in wat in Bylae 6 gelys word.

(2) Uitgesonderd wat betref aangeleenthede binne die jurisdiksie van die Oornamereguleringspaneel moet die Kommissie hierdie Wet afdwing deur, onder andere—

*(a)* die bevordering van vrywillige oplossing van geskille wat ingevolge hierdie Wet ontstaan tussen ’n maatskappy enersyds en ’n aandeelhouer of direkteur andersyds, soos in Deel C van Hoofstuk 7 beoog, sonder inmenging in of beregting van enige sodanige geskil;

*(b)* die monitering van behoorlike voldoening aan hierdie Wet;

*(c)* die ontvangs of inisiëring van klagtes betreffende beweerde oortredings van hierdie Wet, evaluering van hierdie klagtes en inisiëring van ondersoeke na klagtes;

*(d)* die ontvangs van opdragte van die Minister ingevolge artikel 190 betreffende ondersoeke wat na beweerde oortredings van hierdie Wet, of ander

omstandighede, uitgevoer moet word, en uitvoering van enige sodanige ondersoek;

*(e)* die versekering dat oortredings van hierdie Wet stiptelik en behoorlik ondersoek word;

*(f)* bedinging en sluiting van ondernemings en instemmingsbevele wat in artikels 169(1)*(b)* en 173 beoog word;

*(g)* uitreiking en afdwinging van voldoeningskennisgewings;

*(h)* verwysing van beweerde oortredings ingevolge hierdie Wet na die Nasionale Vervolgingsgesag; en

*(i)* verwysing van aangeleenthede na 'n hof, en verskyning voor die hof of die Maatskappytribunaal, soos deur hierdie Wet toegelaat of vereis.

(3) Die Kommissie moet die betroubaarheid van finansiële state bevorder deur, onder andere—

*(a)* monitering van voldoeningspatrone aan, en oortredings van, finansiële verslagdoeningstandaarde; en

*(b)* die doen van aanbevelings by die Raad vir Finansiële Verslagdoeningstandaarde vir wysigings aan finansiële verslagdoeningstandaarde, ten einde beter betroubaarheid en voldoening te verkry.

(4) Die Kommissie moet—

*(a)* op die voorgeskrewe wyse en vorm—

(i) 'n Register van maatskappye; en

(ii) enige ander register wat in hierdie Wet of in enige ander wetgewing beoog word wat 'n registrasiefunksie aan die Kommissie opdra,

tot stand bring en in stand hou;

*(b)* in die register enige dokumente ontvang en in bewaring neem wat ingevolge hierdie Wet ingedien moet word;

*(c)* die inligting in hierdie registers doeltreffend en effektief aan die publiek en aan ander staatsorgane beskikbaar stel;

*(d)* maatskappye, direkteure, ondernemingsname en intellektuele eiendomsregte ooreenkomstig toepaslike wetgewing registreer en deregistreer; en

*(e)* enige verbandhoudende funksies verrig wat deur wetgewing aan hom opgedra word, of wat redelik nodig is om die registrasiefunksies wat aan hulle opgedra is, uit te voer.

(5) Behoudens die bepalings van subartikels (6) en (7) mag enige persoon, by betaling van die voorgeskrewe geld—

*(a)* insae verkry in 'n dokument wat ooreenkomstig hierdie Wet ingedien is;

*(b)* 'n sertifikaat van die Kommissie verkry oor die inhoud of deel van die inhoud van enige dokument wat—

(i) ooreenkomstig hierdie Wet ten opsigte van enige maatskappy ingedien is; en

(ii) ter insae is; of

*(c)* 'n kopie van of uittreksel uit enige dokument verkry wat in paragraaf *(b)* beoog word;

*(d)* deur enige elektroniese medium wat goedgekeur is deur die Kommissie—

(i) 'n kopie van of uittreksel uit enige dokument verkry wat in paragraaf *(b)* beoog word wat in elektroniese formaat omskep is; of

(ii) 'n sertifikaat beoog in paragraaf *(b)* verkry.

(6) Subartikel (5) is nie van toepassing nie op enige deel van 'n ingediende dokument indien daar bepaal is dat daardie deel vertroulik is, of vertroulike inligting bevat, ooreenkomstig artikel 212.

(7) Die Kommissie—

*(a)* moet enige voorgeskrewe registrasiegeld beoog in subartikel (5) kwytskeld indien die Kommissie hom daarvan vergewis het—

(i) dat 'n ondersoek, sertifikaat, afskrif of uittreksel vereis word namens 'n buitelandse regering wat by die Republiek geakkrediteer is; en

(ii) dat geen gelde in die betrokke vreemde land ten opsigte van sodanige ondersoek, sertifikaat, kopie of uittreksel betaalbaar is wat namens die Republiek vereis word nie; en

*(b)* kan enige sodanige gelde kwytskeld indien hy hom daarvan vergewis het dat enige ondersoek, sertifikaat, kopie of uittreksel vir die doel van navorsing deur of onder die beheer van 'n hoëronderwysinstelling vereis word.

**Verslagdoening, navorsing, openbare inligting en verhoudings met ander reguleerders**

**188.** (1) Benewens enige ander advies of verslagdoeningsvereistes wat in hierdie Deel uiteengesit word, is die Kommissie daarvoor verantwoordelik om—

*(a)* die Minister te adviseer oor aangeleenthede van nasionale beleid met betrekking tot maatskappy- en intellektuele eiendomsreg, en by die Minister veranderinge aan te beveel om die wetgewing en die administrasie van hierdie Wet op datum en in ooreenstemming met internasionale beste praktyk te bring;

*(b)* jaarliks aan die Minister te rapporteer oor die volume en aard van registrasie- en afdwingingsaktiwiteite ingevolge hierdie Wet en oor enige ander aangeleentheid, soos deur die Minister voorgeskryf; en

*(c)* ondersoek te doen na en verslag te doen aan die Minister oor enige aangeleentheid rakende die doeleindes van hierdie Wet, en die Minister te adviseer ten opsigte van enige aangeleentheid wat deur die Minister na hulle verwys word.

(2) Die Kommissie is daarvoor verantwoordelik om kennis van die aard en dinamiek van maatskappy- en intellektuele eiendomsreg te verhoog en openbare bewustheid van openbare aangeleenthede rakende maatskappy- en intellektuele eiendomsreg te bevorder deur—

*(a)* implementering van opvoedings- en inligtingsmaatreëls om openbare bewustheid van die bepalings van hierdie Wet te ontwikkel, en in die besonder om die doeleindes van hierdie Wet te bevorder;

*(b)* leiding aan die publiek te voorsien deur—

(i) verduidelikende kennisgewings uit te gee wat sy prosedures uiteensit of sy nie-bindende mening oor die vertolking van enige bepaling van hierdie Wet uitspreek; of

(ii) aansoek te doen by ’n hof vir ’n verklarende bevel oor die uitleg of toepassing van enige bepaling van hierdie Wet;

*(c)* navorsing met betrekking tot sy mandaat en aktiwiteite te doen en, van tyd tot tyd, die resultate van daardie navorsing te publiseer; en

*(d)* mettertyd wetgewing en openbare regulasies te hersien en verslag te doen aan die Minister rakende aangeleenthede met betrekking tot maatskappy- en intellektuele eiendomsreg.

(3) Die Kommissie mag—

*(a)* met enige regulerende owerheid skakel oor aangeleenthede van gemeenskaplike belang, en sonder beperking van die algemeenheid van hierdie paragraaf, inligting uitruil met, en inligting ontvang van, enige sodanige regulerende owerheid ten opsigte van—

(i) aangeleenthede van gemeenskaplike belang; of

(ii) ’n spesifieke klagte of ondersoek;

*(b)* ooreenkomste met enige regulerende owerheid beding, en sy gesag deur enige sodanige ooreenkoms uitoefen, om—

(i) die uitoefening van jurisdiksie oor aangeleenthede rakende maatskappy- en intellektuele eiendomsreg binne die betrokke bedryf of sektor te koördineer en te harmonieer; en

(ii) die konsekwente toepassing van die beginsels van hierdie Wet te verseker;

*(c)* aan die verrigtinge van enige regulerende owerheid deelneem; en

*(d)* enige regulerende owerheid adviseer, of advies van hom ontvang.

(4) Die Kommissie mag met enige buitelandse of internasionale owerhede skakel wat enige oogmerke het wat soortgelyk aan die funksies en bevoegdhede van die Kommissie is.

(5) Die Kommissie mag—

*(a)* enige besorgdheid rakende gedrag wat ingevolge die Wet op Mededinging verbode of gereguleer is na die Mededingingskommissie verwys;

*(b)* enige besorgdheid rakende gedrag of optrede wat ingevolge wetgewing binne die jurisdiksie van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens verbied of gereguleer kan wees, na hierdie Diens verwys;

*(c)* enige besorgdheid rakende gedrag of optrede wat ingevolge die Wet op die Ouditprofessie verbied of gereguleer word, na die Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure verwys; of

(*d*) enige kommer rakende gedrag of optrede wat ingevolge wetgewing binne die jurisdiksie van enige ander regulerende owerheid verbied of gereguleer word, na daardie owerheid verwys.

**Aanstelling van Kommissaris**

**189.** (1) Die Minister moet 'n geskik gekwalifiseerde en ervare persoon aanstel om—

(*a*) die Kommissaris van die Kommissie te wees, wat—

(i) die amp beklee vir 'n ooreengekome termyn van nie langer nie as 5 jaar; en

(ii) verantwoordelik is vir alle aangeleenthede met betrekking tot die funksies van die Kommissie; en

(*b*) die Adjunkkommissaris van die Kommissie te wees, wat—

(i) die amp beklee vir 'n ooreengekome termyn van nie langer nie as 5 jaar; en

(ii) enige funksie van die Kommissaris mag vervul wanneer die amp van die Kommissaris vakant is, of wanneer die Kommissaris afwesig is of om enige rede nie in staat is om die funksies van daardie amp te verrig nie.

(2) 'n Persoon mag ná verstryking van 'n ooreengekome ampstermyn as Kommissaris of Adjunkkommissaris heraangestel word.

(3) Die Kommissaris is die rekenpligtige gesag van die Kommissie en is as sodanig verantwoordelik vir—

(*a*) die behoorlike beheer en bestuur van die Kommissie;

(*b*) die doeltreffendheid en effektiwiteit van die Kommissie;

(*c*) alle inkomste en uitgawes van die Kommissie;

(*d*) alle inkomste wat deur die Kommissie ingevorder word;

(*e*) alle bates, en die vereffening van alle laste, van die Kommissie; en

(*f*) die behoorlike en noulettende implementering van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), ten opsigte van die Kommissie.

(4) Die Kommissaris mag—

(*a*) bestuurs- of ander pligte opdra aan werknemers van die Kommissie wat oor toepaslike vaardighede beskik om behulpsaam te wees met die bestuur van of beheer oor enige funksie van die Kommissie; en

(*b*) op of sonder voorwaardes, enige van die bevoegdhede of funksies van die Kommissaris aan die Adjunkkommissaris of enige ander geskik gekwalifiseerde werknemer van die Kommissie delegeer, maar enige sodanige delegering stel nie die Kommissaris vry van verantwoordelikheid vir die uitoefening van enige bevoegdheid of die uitvoering van enige plig nie.

**Minister mag beleid bepaal en ondersoek vereis**

**190.** (1) In hierdie artikel het **"die Wet"** die betekenis wat in artikel 1 uiteengesit word, maar sluit dit ook enige wetgewing in wat in Bylae 6 gelys word.

(2) Die Minister—

(*a*) mag by kennisgewing in die *Staatskoerant* beleidsvoorskrifte aan die Kommissie uitreik ten opsigte van die toepassing, administrasie en afdwinging van hierdie Wet, maar enige sodanige voorskrif moet bestaanbaar met hierdie Wet wees; en

(*b*) mag te eniger tyd aan die Kommissie opdrag gee om ondersoek te doen na—

(i) 'n beweerde oortreding van hierdie Wet; of

(ii) enige aangeleentheid of omstandighede ten opsigte van die administrasie van een of meer maatskappye ingevolge Wet, ongeag of hierdie omstandighede ten tyde van die opdrag voorkom of dit 'n moontlike oortreding van hierdie Wet kan wees, al dan nie.

**Totstandbrenging van spesialiskomitees**

**191.** (1) Die Minister mag een of meer spesialiskomitees aanstel om—

(*a*) die Minister oor enige aangeleentheid betreffende maatskappyreg of -beleid te adviseer; of

(*b*) die Kommissaris oor die bestuur van die Kommissie se hulpbronne te adviseer.

(2) Die Minister kan spesifieke bevoegdhede aan die lede van 'n spesialiskomitee opdra vir die doeleindes van die verrigting van enige funksie wat in subartikel (1) beoog word.

(3) 'n Spesialiskomitee kan—

*(a)* vir 'n onbepaalde termyn tot stand gebring word, of vir 'n tydperk wat deur die Minister bepaal word wanneer die komitee tot stand gebring word; en

*(b)* sy eie prosedures bepaal.

**Samestelling van spesialiskomitees**

**192.** (1) 'n Spesialiskomitee wat ooreenkomstig artikel 191 tot stand gebring word, moet—

*(a)* sy funksies onpartydig en sonder vrees, begunstiging of vooroordeel verrig; en

*(b)* bestaan uit—

(i) nie meer nie as agt persone wat onafhanklik van die Kommissie is en deur die Minister aangestel word om vir 'n tydperk van nie meer nie as vyf jaar te dien, soos deur die Minister bepaal wanneer die persoon aangestel word; en

(ii) nie meer nie as twee senior werknemers van die Kommissie wat deur die Kommissaris aangewys word.

(2) Om as 'n lid van 'n spesialiskomitee ingevolge hierdie artikel aangestel of aangewys te word, moet 'n persoon—

*(a)* 'n geskikte en gepaste persoon wees;

*(b)* oor toepaslike kundigheid of ervaring beskik; en

*(c)* oor die vermoë beskik om doeltreffend as 'n lid van daardie komitee op te tree.

(3) Die lede van 'n spesialiskomitee moet nie—

*(a)* op enige wyse optree wat teenstrydig is met subartikel (1)*(a)* of hulle blootstel aan enige situasie waarin die risiko van 'n botsing tussen hul verantwoordelikhede en enige persoonlike finansiële belang kan ontstaan nie; of

*(b)* hul posisie of enige inligting aan hulle toevertrou, gebruik om hulself te verryk of enige ander persoon onbehoorlik te bevoordeel nie.

(4) 'n Lid hou op om 'n lid van 'n spesialiskomitee te wees indien—

*(a)* die persoon uit die komitee bedank;

*(b)* die Minister die persoon se lidmaatskap beëindig omdat die lid nie meer aan subartikel (2) voldoen nie of subartikel (3) oortree het; of

*(c)* die lid se termyn verstryk het.

(5) 'n Lid van 'n spesialiskomitee wat 'n persoonlike of finansiële belang het in enige aangeleentheid waaroor die komitee advies gee, moet hierdie belang openbaar maak en uit die verrigtinge van die spesialiskomitee onttrek wanneer daardie aangeleentheid bespreek word.

(6) Die Kommissie moet vergoeding en kompensasie vir onkoste voorsien aan—

*(a)* 'n lid bedoel in subartikel (1)*(b)*(i), soos deur die Minister bepaal; en

*(b)* 'n lid aangewys soos beoog in subartikel (1)*(b)*(ii), in dié mate dat die lid se vergoeding en kompensasie vir onkoste as 'n werknemer van die Kommissie nie op daardie persoon se dienste as 'n lid van die spesialiskomitee van toepassing is nie.

### *Deel B*

### *Maatskappytribunaal*

**Totstandbrenging van Maatskappytribunaal**

**193.** (1) Daar word hiermee 'n regspersoon tot stand gebring wat bekend staan as die Maatskappytribunaal, wat—

*(a)* jurisdiksie regdeur die Republiek het;

*(b)* onafhanklik is, en slegs aan die Grondwet en die reg ondergeskik is;

*(c)* sy funksies ooreenkomstig hierdie Wet moet uitoefen; en

*(d)* sy funksies onpartydig en sonder vrees, begunstiging of vooroordeel moet verrig, en op so 'n deursigtige wyse as wat toepaslik is met betrekking tot die aard van die spesifieke funksie.

(2) Alle staatsorgane moet die Maatskappytribunaal bystaan om sy onafhanklikheid en onpartydigheid te handhaaf, en om sy funksies doeltreffend te verrig.

(3) In die verrigting van sy funksies kan die Maatskappytribunaal—

*(a)* internasionale ontwikkelings op die gebied van maatskappyreg in aanmerking neem; of

*(b)* enige persoon, organisasie of instansie met betrekking tot enige aangeleentheid raadpleeg.

(4) Die Maatskappytribunaal bestaan uit 'n voorsitter en nie minder nie as 10 ander vroue of mans wat deur die President op 'n voltydse of deeltydse grondslag aangestel is.

**Aanstelling van Maatskappytribunaal**

**194.** (1) Die Minister moet—

*(a)* die voorsitter en ander lede van die Maatskappytribunaal aanstel nie later nie as die datum waarop hierdie Wet in werking tree; en

*(b)* 'n persoon aanstel om enige vakature in die Tribunaal te vul.

(2) 'n Persoon mag nie—

*(a)* as voorsitter of lid van die Tribunaal aangestel word nie, tensy die persoon aan die vereistes van artikel 205 voldoen; of

*(b)* vir 'n tweede termyn as voorsitter van die Tribunaal heraangestel word nie.

(3) Die Tribunaal moet bestaan uit—

*(a)* persone met geskikte kwalifikasies en ervaring in ekonomie, die reg, handel, nywerheid of openbare aangeleenthede; en

*(b)* genoeg persone met regsopleiding om aan die vereistes van subartikel (3)*(a)* te voldoen.

(4) Die Minister moet 'n lid van die Tribunaal as ondervoorsitter van die Tribunaal aanwys.

(5) Die adjunkvoorsitter verrig die funksies van voorsitter wanneer ook al—

*(a)* die amp van die voorsitter vakant is; of

*(b)* die voorsitter om enige ander rede tydelik nie in staat is om daardie funksies te vervul nie.

(6) Artikels 206 en 207 is op die Voorsitter en ander lede van die Maatskappytribunaal van toepassing.

**Funksies van Maatskappytribunaal**

**195.** (1) Die Maatskappytribunaal, of 'n lid van die Tribunaal wat slegs ooreenkomstig hierdie Wet optree, mag—

*(a)* beslis ten opsigte van enige aansoek wat ingevolge hierdie Wet aan die Tribunaal gerig word, en mag enige opdrag uitreik waarvoor daar in hierdie Wet ten opsigte van so 'n aansoek voorsiening gemaak word;

*(b)* behulpsaam wees met die oplossing van geskille soos in Deel C van Hoofstuk 7 beoog; en

*(c)* enige ander funksie verrig wat deur of ingevolge hierdie Wet of enige wet bedoel in Bylae 6 daaraan opgedra word.

(2) Die voorsitter is daarvoor verantwoordelik om die sake op die rol van die Maatskappytribunaal te bestuur, en moet elke saak wat na die Tribunaal verwys word, opdra aan—

*(a)* 'n lid van die Tribunaal, in die mate waartoe hierdie Wet voorsiening maak vir 'n aangeleentheid om deur 'n enkele lid van die Tribunaal oorweeg te word; of

*(b)* 'n paneel saamgestel uit enige drie lede van die Tribunaal, in enige ander saak.

(3) Wanneer 'n aangeleentheid ingevolge subartikel (2)*(b)* aan 'n paneel opgedra word, moet die voorsitter—

*(a)* seker maak dat minstens een lid van die paneel 'n persoon is wat oor geskikte regskwalifikasies en -ervaring beskik; en

*(b)* 'n lid van die paneel aanwys om by die paneel se verrigtinge as voorsitter op te tree.

(4) Indien 'n lid van die paneel, as gevolg van bedanking, siekte, dood of onttrekking uit 'n verhoor ingevolge artikel 206(3), nie in staat is om die verrigtinge te voltooi in 'n saak wat aan daardie paneel opgedra is nie, moet die voorsitter—

*(a)* gelas dat die verhoor van daardie saak voortgaan voor die oorblywende lede van die paneel, behoudens die vereistes van subartikel (3)*(a)*; of

(*b*) die verrigtinge voor daardie paneel beëindig en 'n ander paneel saamstel, wat enige lid van die oorspronklike paneel mag insluit, en daardie paneel gelas om 'n nuwe verhoor te hou.

(5) Die besluit van 'n paneel oor 'n aangeleentheid wat na hulle verwys is, moet skriftelik wees en moet redes vir daardie besluit insluit.

(6) 'n Besluit van 'n enkele lid van die Tribunaal wat 'n saak aanhoor soos in subartikel (1)*(a)* beoog, of van 'n meerderheid van die lede van 'n paneel in enige ander saak, is die besluit van die Tribunaal.

(7) 'n Besluit deur die Tribunaal ten opsigte van 'n besluit, kennisgewing of bevel deur die Kommissie is bindend op die Kommissie behoudens enige hersiening deur die hof.

(8) 'n Bevel van die Maatskappytribunaal kan as 'n hofbevel by die Hoë Hof ingedien word, ooreenkomstig die reëls daarvan.

(9) 'n Lid van die Tribunaal mag nie enige persoon voor die Tribunaal verteenwoordig nie.

(10) Indien 'n lid van die Tribunaal, by verstryking van die ampstermyn van daardie lid, steeds 'n saak voor die Tribunaal oorweeg, mag daardie lid ten opsigte slegs van daardie saak as 'n lid voortgaan.

## *Deel C*

## *Oornamereguleringspaneel*

### Totstandbrenging van Oornamereguleringspaneel

**196.** (1) Die Oornamereguleringspaneel word hiermee as 'n regspersoon tot stand gebring om as 'n staatsorgaan binne die openbare administrasie te funksioneer, maar as 'n instansie buite die staatsdiens.

(2) Die paneel—

(*a*) het jurisdiksie regdeur die Republiek;

(*b*) is onafhanklik, en ondergeskik slegs aan—

(i) die Grondwet en die reg; en

(ii) enige beleidsverklaring, voorskrif of versoek wat deur die Minister ingevolge hierdie Wet uitgereik word;

(*c*) moet onpartydig wees en sy funksies sonder vrees, begunstiging of vooroordeel verrig; en

(*d*) moet die funksies uitoefen wat ingevolge hierdie Wet of enige ander wet of deur die Minister aan hom opgedra word, op—

(i) die mees kostedoeltreffende en effektiewe wyse; en

(ii) in ooreenstemming met die waardes en beginsels wat in artikel 195 van die Grondwet bedoel word.

(3) Alle staatsorgane moet die Paneel bystaan om sy onafhanklikheid en onpartydigheid te handhaaf, en om sy gesag doeltreffend uit te oefen en sy funksies doeltreffend te verrig.

(4) In die verrigting van sy funksies kan die Paneel—

(*a*) internasionale ontwikkelings op die gebied van maatskappyreg in aanmerking neem; of

(*b*) enige persoon, organisasie of instansie met betrekking tot enige aangeleentheid raadpleeg.

### Samestelling van Paneel

**197.** (1) Die Paneel bestaan uit—

(*a*) die Kommissaris, of 'n persoon deur die Kommissaris aangewys;

(*b*) die Kommissaris van die Raad vir Mededinging wat ingevolge artikel 19 van die Wet op Mededinging tot stand gebring is, of 'n persoon deur daardie Kommissaris aangewys;

(*c*) drie persone aangewys deur elke bedoelde beurs wat vir dié doel deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* aangewys word; en

(*d*) nie meer nie as 'n getal, naamlik 15 minus die totale getal persone wat ingevolge paragraaf *(c)* aangewys is, of ander persone wat deur die Minister op grond van hul kennis en ervaring in die regulering van sekuriteite en oornames aangestel is.

(2) Die Paneel kan op enige tydstip bykomende lede vir 'n besondere doel en 'n beperkte tydperk koöpteer.

(3) Persone wat aangewys, aangestel of gekoöpteer word om lede van die Oornamereguleringspaneel te wees—

*(a)* moet oor die kwalifikasies beskik en voldoen aan die verdere vereistes wat in artikel 205 uiteengesit word; en

*(b)* is onderworpe aan die bepalings van artikels 206 en 207.

(4) Lede van die Paneel—

*(a)* wat in subartikel (1)*(a)* of *(b)* beoog word, dien solank hulle die betrokke amp beklee wat in daardie subartikel bedoel word;

*(b)* wat ingevolge subartikel (1)*(c)* aangewys is, dien vir 'n termyn van vyf jaar, tensy hulle vroeër deur die aanwysende beurs vervang word;

*(c)* wat ingevolge subartikel (1)*(d)* aangewys is, dien vir 'n termyn van nie langer nie as vyf jaar, soos deur die Minister bepaal op die tydstip wanneer die persoon aangestel word; of

*(d)* wat ingevolge subartikel (2) gekoöpteer is, dien tot die voltooiing van die doel waarvoor hulle gekoöpteer is.

(5) 'n Persoon wie se dienstermyn as lid van die Paneel verstryk het, mag aangewys, aangestel of gekoöpteer word om vir 'n verdere termyn, of termyne sonder beperking, te dien, behoudens die vereistes van subartikel (3) en artikel 205.

**Voorsitter en adjunkvoorsitters**

**198.** (1) Die Minister mag—

*(a)* een van die lede van die Paneel aanwys om die Voorsitter van die Paneel te wees; en

*(b)* twee van die lede daarvan aanwys om adjunkvoorsitters van die Paneel te wees.

(2) Enige van die adjunkvoorsitters mag die bevoegdhede en pligte van die voorsitter vervul en uitoefen wanneer die voorsitter nie in staat is om dit te doen nie of terwyl die amp van voorsitter vakant is.

**Vergaderings van Paneel**

**199.** (1) Die voorsitter van die Paneel—

*(a)* mag die datum, tyd en plek vir vergaderings van die Paneel bepaal; en

*(b)* sit voor op vergaderings van die Paneel, indien hy of sy teenwoordig is.

(2) In die afwesigheid van die voorsitter, en van albei adjunkvoorsitters, op 'n vergadering van die Paneel, mag die lede wat teenwoordig is 'n persoon uit hul geledere kies om op die vergadering voor te sit.

(3) Die Oornameregulasies moet die kworum vir 'n vergadering van die Paneel bepaal.

(4) Die lid wat op 'n vergadering van die Paneel voorsit, kan die prosedures op die vergadering bepaal.

(5) Die besluit van 'n meerderheid van die lede van die Paneel wat op enige vergadering teenwoordig is waar daar 'n kworum is, is die besluit van die Paneel.

(6) Indien daar 'n staking van stemme oor enige kwessie voor 'n vergadering van die Oornamereguleringspaneel is—

*(a)* mag die lid wat op die vergadering voorsit 'n beslissende stem uitbring, indien daardie voorsittende lid nie aanvanklik 'n stem gehad of uitgebring het nie; of

*(b)* die aangeleentheid waaroor daar gestem word, nie slaag nie, in enige ander geval.

(7) Verrigtinge van die Paneel is geldig ten spyte van enige vakature wat daar op dié tydstip in die Paneel bestaan het, of die afwesigheid van enige lid tydens enige deel van daardie verrigtinge.

(8) Die Paneel mag die uitoefening van enige van sy bevoegdhede of die verrigting van enige van sy funksies aan die voorsitter, enige lid van die Uitvoerende Komitee soos ingevolge artikel 200 beoog, enige komitee wat die Paneel tot stand kan bring of enige lid van die Paneel delegeer.

**Uitvoerende Komitee van Paneel**

**200.** (1) Die Paneel kan—
*(a)* ’n Uitvoerende Direkteur aanstel; en
*(b)* een of meer Uitvoerende Direkteure, volgens bepalings en voorwaardes wat die Paneel bepaal, aanstel.

(2) Die Uitvoerende Direkteur kan—
*(a)* enige funksie van die Paneel verrig, behoudens—
(i) hierdie Wet en die Oornameregulasies; en
(ii) die beleid en rigting van die Paneel; en
*(b)* ander beamptes en werknemers aanstel wat nodig is om die funksies van die Paneel behoorlik te verrig.

(3) ’n Uitvoerende Adjunkdirekteur mag enige funksie van die Uitvoerende Direkteur verrig wanneer die amp van die Uitvoerende Direkteur vakant is, of wanneer die Uitvoerende Direkteur afwesig is of om enige rede nie in staat is om die funksies van daardie amp te verrig nie.

**Funksies van Paneel**

**201.** (1) Die Paneel is daarvoor verantwoordelik om—
*(a)* geaffekteerde transaksies en aanbiedinge te reguleer in die mate waartoe daarvoor voorsiening gemaak word in, en ooreenkomstig, Deel B en C van Hoofstuk 5 en die Oornameregulasies;
*(b)* klagtes ten opsigte van geaffekteer transaksies en aanbiedinge ooreenkomstig Deel D van Hoofstuk 7 te ondersoek;
*(c)* aansoek te doen om ’n hofbevel om ’n maatskappy te likwideer, op die wyse wat in artikel 81(1)*(f)* beoog word; en
*(d)* die Minister raadpleeg ten opsigte van byvoegings, skrappings of wysigings van Oornameregulasies.

(2) Die Paneel kan—
*(a)* enige persoon op versoek van enige belanghebbende party raadpleeg met die oog op advies oor die toepassing van ’n bepaling van Deel B en C van Hoofstuk 5, of die Oornameregulasies;
*(b)* inligting oor huidige beleid betreffende voorgestelde geaffekteerde transaksies wat in Deel B en C van Hoofstuk 5 beoog word, uitreik, wysig of terugtrek ten einde as riglyne te dien tot die voordeel van persone wat by sodanige voorgestelde transaksies betrokke is;
*(c)* vertoë betreffende enige aangeleentheid wat hy ingevolge hierdie Wet mag hanteer, ontvang en daarmee handel; en
*(d)* enige ander funksie verrig wat deur wetgewing aan hom opgedra word.

(3) In die uitoefening van sy bevoegdhede en die verrigting van sy funksies moet die Paneel nie enige standpunt of mening oor die kommersiële voordele of nadele van enige transaksie of voorgestelde transaksie uitspreek nie.

**Spesiale Oornamekomitee**

**202.** (1) Daar word hiermee ’n komitee van die Paneel tot stand gebring, wat as die Spesiale Oornamekomitee bekend sal staan.

(2) Die Spesiale Oornamekomitee bestaan uit—
*(a)* ’n Voorsitter, wat ’n prokureur of advokaat moet wees, hetsy praktiserend al dan nie; en
*(b)* minstens twee ander persone, wat elkeen van tyd tot tyd deur die Paneel aangewys moet word vanuit diegene van sy lede wat deur die Minister ingevolge artikel 197(1)*(d)* aangestel is.

(3) Die Spesiale Oornamekomitee mag—
*(a)* die volgende aanhoor en daaroor besluit—
(i) enige aangeleentheid wat deur die Paneel na hulle verwys word; en
(ii) enige aangeleentheid wat die Uitvoerende Direkteur, of ’n Uitvoerende Adjunkdirekteur wat in die hoedanigheid van die Uitvoerende Direkteur optree, na die Spesiale Oornamekomitee kan verwys; en
*(b)* voldoeningskennisgewings hersien wat uitgegee is deur die Uitvoerende Direkteur of ’n Uitvoerende Adjunkdirekteur wat in die hoedanigheid van die Uitvoerende Direkteur optree.

(4) Behoudens hierdie Wet en die Oornameregulasies mag die Voorsitter van die Spesiale Oornamekomitee die prosedure bepaal betreffende enige verhoor of enige aangeleentheid wat na die Spesiale Oornamekomitee verwys word.

(5) Die besluit van die meerderheid van die lede van die Spesiale Oornamekomitee is die besluit van die Spesiale Oornamekomitee.

(6) Indien daar 'n staking van stemme oor enige kwessie voor 'n vergadering van die Spesiale Oornamekomitee is—

*(a)* mag die lid wat op die vergadering voorsit 'n beslissende stem uitbring, indien daardie voorsittende lid nie aanvanklik 'n stem gehad of uitgebring het nie; of

*(b)* die aangeleentheid waaroor daar gestem word, nie slaag nie, in enige ander geval.

***Deel D***

***Raad vir Finansiële Verslagdoeningstandaarde***

**Totstandbrenging en samestelling van Raad**

**203.** (1) Die Minister moet 'n raad tot stand bring wat as die Raad vir Finansiële Verslagdoeningstandaarde tot stand bring wat bestaan uit—

*(a)* vier persone, wat almal as ouditeure geregistreer is en praktiseer;

*(b)* twee persone wat elk vir die opstel van finansiële state namens openbare maatskappye verantwoordelik is;

*(c)* twee persone wat vir die opstel van finansiële state vir privaatmaatskappye verantwoordelik is;

*(d)* vier persone wat, in hul hoedanigheid as houers van sekuriteite wat deur 'n maatskappy uitgegee is, of van wie daar as krediteure van 'n maatskappy redelikerwys verwag word om op finansiële state staat te maak, soos in die woordomskrywing van **'finansiële staat'** in artikel (1) beoog word;

*(e)* twee persone wat kundig is in maatskappyreg;

*(f)* een persoon wat deur die uitvoerende beampte van die Raad vir Finansiële Dienste aangewys word, soos omskryf word in die Wet op die Raad vir Finansiële Dienste, 1990 (Wet No. 97 van 1990), of enige opvolgerliggaam daarvan;

*(g)* een persoon genomineer deur die President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, of enige opvolgerliggaam daarvan; en

*(h)* 'n aantal persone, een elk genomineer deur enige beurs wat voldoening aan finansiële verslagdoeningstandaarde as 'n noteringsvereiste stel, en wat elk deur die Minister aangestel moet word om vir 'n termyn van drie jaar te dien.

(2) Die Minister moet kandidate kies—

*(a)* met die kwalifikasies, kennis en ervaring wat nodig is om die funksies van die Raad te bevorder; en

*(b)* die voorsitter en adjunkvoorsitter van die Raad aanstel.

(3) Persone wat as lede van die Raad aangestel word—

*(a)* moet aan die vereistes van artikel 205 voldoen; en

*(b)* is onderworpe aan artikels 206 en 207.

(4) 'n Persoon mag, behoudens artikel 205, in die Raad heraangestel word.

(5) Die Minister kan van die Raad vereis om 'n lid te wees van 'n tersaaklike organisasie wat internasionale rekeningkundige standaarde opstel.

**Funksies van Raad vir Finansiële Verslagdoeningstandaarde**

**204.** Die Raad vir Finansiële Verslagdoeningstandaarde moet—

*(a)* enige toepaslike inligting met betrekking tot die betroubaarheid van, en voldoening aan, finansiële verslagdoeningstandaarde ontvang en oorweeg en internasionale verslagdoeningstandaarde vir plaaslike omstandighede aanpas en inligting van die Kommissie oorweeg soos beoog in artikel 187(3)*(b)*;

*(b)* die Minister adviseer oor aangeleenthede betreffende finansiële verslagdoeningstandaarde; en

*(c)* die Minister raadpleeg oor die uitvaardiging van regulasies wat finansiële verslagdoeningstandaarde tot stand bring, behoudens die vereistes wat in artikel 29(5) uiteengesit word.

*Deel E*

*Administratiewe voorsienings van toepassing op agentskappe*

**Kwalifikasies vir lidmaatskap**

**205.** (1) Om vir aanstelling, aanwysing of koöptering as ’n lid van die Maatskappytribunaal, die Paneel of die Raad en vir voortsetting van die bekleding van daardie amp te kwalifiseer, moet ’n persoon, benewens voldoening aan enige ander spesifieke vereiste wat in hierdie Wet uiteengesit word—

*(a)* nie onderhewig wees aan enige diskwalifikasie wat in subartikel (2) uiteengesit word nie; en
*(b)* aan die Minister ’n skriftelike verklaring voorgelê het wat verklaar dat die persoon nie ingevolge subartikel (2) onbevoeg is nie.

(2) ’n Persoon mag nie ’n lid van die Maatskappytribunaal, die Paneel of die Raad word of voortgaan om dit te wees nie indien daardie persoon—

*(a)* ’n ampsdraer van enige party, beweging, organisasie of liggaam van ’n partydige politieke aard is;
*(b)* persoonlik of deur ’n verwante persoon ’n persoonlike finansiële belang het of verkry wat in botsing kan wees of inmeng met die behoorlike uitvoering van die pligte van ’n lid van die Tribunaal, Paneel of Raad;
*(c)* ingevolge artikel 69 onbevoeg is om as ’n direkteur van ’n maatskappy te dien; of
*(d)* onderhewig is aan ’n bevel van ’n bevoegde hof wat bevind dat daardie persoon geestelik ongeskik of versteur is.

**Botsende belange van lede van agentskappe**

**206.** (1) ’n Lid van die Maatskappytribunaal, die Paneel of die Raad moet die Minister sonder versuim skriftelik inlig nadat daardie persoon of ’n verwante persoon ’n persoonlike finansiële belang verkry het wat ’n belang is, of waarskynlik sal word, wat in artikel 205 (2)*(b)* beoog word.

(2) ’n Lid van die Maatskappytribunaal, die Paneel of die Raad moet nie—

*(a)* betrokke wees by enige aktiwiteit wat die integriteit van die Maatskappytribunaal, die Paneel of die Raad, na gelang van die geval, kan ondermyn nie;
*(b)* die verrigtinge gedurende ’n vergadering van die Maatskappytribunaal, die Paneel of die Raad bywoon, daaraan deelneem of dit beïnvloed nie, na gelang van die geval, indien daardie lid, met betrekking tot die aangeleentheid wat oorweeg word, ’n persoonlike finansiële belang het—
    (i) wat in artikel 205(2)*(b)* beoog word; of
    (ii) wat daardie persoon daarvan uitsluit om die funksies van ’n lid van die Maatskappytribunaal, die Paneel of die Raad vir ’n billike, onbevooroordeelde en behoorlike wyse uit te voer;
*(c)* op enige vergadering van die Tribunaal, Paneel of Raad, na gelang van die geval, stem in verband met ’n aangeleentheid wat in paragraaf *(b)* beoog word nie;
*(d)* private gebruik maak van, of baat vind by, enige vertroulike inligting wat verkry word as gevolg van die uitvoering van daardie persoon se funksies as ’n lid van Maatskappytribunaal, die Paneel of die Raad nie; of
*(e)* enige vertroulike inligting waarna in paragraaf *(d)* verwys word, aan enige derde party bekend maak nie, behalwe soos in artikel 212(5) beoog word, of—
    (i) aan—
        *(aa)* die Kommissie, die Minister of die Nasionale Tesourie, in die mate wat deur hierdie Wet of ’n wet bedoel in Bylae 6 vereis word;
        *(bb)* Die Suid-Afrikaanse Reserwebank;
        *(cc)* die Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure, ingevolge die Wet op die Ouditprofessie;
        *(dd)* die Finansiële Inligtingsentrum, wat tot stand gebring is deur die Wet op die Finansiële Inligtingsentrum, 2001 (Wet No. 38 van 2001); of
    (ii) soos andersins as deel van daardie persoon se amptelike funksies as ’n lid van die Maatskappytribunaal, die Paneel of die Raad vereis word.

(3) Indien dit, te eniger tyd, vir ’n lid van die Maatskappytribunaal, Paneel of Raad voorkom of ’n aangeleentheid wat op ’n vergadering oorweeg word ’n persoonlike finansiële belang van daardie lid of ’n verwante persoon raak, soos in subartikel (2)*(b)* beoog, moet daardie lid—

*(a)* die aard van daardie belang onmiddellik en ten volle aan die vergadering openbaar maak; en

*(b)* uit die vergadering onttrek om die oorblywende lede toe te laat om die aangeleentheid te bespreek en te bepaal of die lid verbied moet word om aan enige verdere verrigtinge betreffende daardie aangeleentheid deel te neem.

(4) Die openbaarmaking deur ’n persoon ingevolge subartikel (3)*(a)* en die besluit deur die Maatskappytribunaal, die Paneel of die Raad ingevolge subartikel (3)*(b)* moet uitdruklik in die notule van die betrokke vergadering aangeteken word.

(5) Verrigtinge van die Maatskappytribunaal, die Paneel of die Raad, en enige besluite wat geneem word deur ’n meerderheid van die lede wat teenwoordig is en daarop geregtig is om aan daardie besluite deel te neem, is geldig ten spyte van die feit dat—

*(a)* ’n lid versuim om ’n belang soos vereis deur subartikel (3) openbaar te maak; of

*(b)* ’n lid wat sodanige belang gehad het, daardie verrigtinge bygewoon, op enige wyse daaraan deelgeneem het of daardie verrigtinge regstreeks of onregstreeks beïnvloed het.

**Bedanking, ontheffing uit amp en vakatures**

**207.** (1) ’n Lid van die Maatskappytribunaal of die Raad kan bedank deur aan die Minister—

*(a)* een maand skriftelike kennis te gee; of

*(b)* minder as een maand skriftelike kennis te gee, met die goedkeuring van die Minister.

(2) ’n Lid van die Paneel kan bedank deur gesamentlike skriftelike kennis te gee aan die Minister en die betrokke entiteit wat verantwoordelik is vir die aanwysing van daardie lid, indien daar so ’n entiteit is.

(3) Die Minister, nadat die stappe gedoen is wat deur subartikel (4) vereis word, kan ’n lid van die Maatskappytribunaal, Paneel of Raad verwyder slegs indien daardie lid—

*(a)* ingevolge artikel 205(2) onbevoeg is;

*(b)* strydig met artikel 206(2) opgetree het;

*(c)* versuim het om ’n belang openbaar te maak of uit ’n vergadering te onttrek soos deur artikel 206(3) vereis word; of

*(d)* versuim het om die funksies van hul amp behoorlik te vervul.

(4) Voordat ’n persoon ingevolge subartikel (3) uit ’n amp verwyder word, moet die Minister die persoon ’n geleentheid gun om ’n saak ter verdediging van sy posisie te stel.

**Botsende belange van werknemers**

**208.** Die Kommissaris, en elke ander werknemer van die Kommissie, asook die Uitvoerende Direkteur, en elke ander werknemer van die Paneel en werknemers van die Raad, moet nie—

*(a)* betrokke wees by enige aktiwiteit wat die integriteit van die Kommissie of Paneel, na gelang van die geval, kan ondermyn nie;

*(b)* deelneem aan enige ondersoek, verhoor of besluit betreffende ’n aangeleentheid ten opsigte waarvan daardie persoon ’n persoonlike finansiële belang het nie;

*(c)* private gebruik maak van, of baat vind by, enige vertroulike inligting wat verkry is as gevolg van die uitvoering van daardie persoon se amptelike funksies in die Kommissie of Paneel nie; of

*(d)* enige inligting wat in paragraaf *(c)* bedoel word, aan enige derde party bekend maak nie, behalwe soos as deel van daardie persoon se amptelike funksies binne die Kommissie of Paneel vereis word.

**Aanstelling van inspekteurs**

**209.** (1) Die Kommissaris en die Uitvoerende Direkteur—

*(a)* mag elk enige geskikte werknemer van die Kommissie of Paneel, na gelang van die geval, of enige ander geskikte persoon in diens van die Staat as 'n inspekteur aanstel; en

*(b)* moet aan elke inspekteur 'n sertifikaat in die voorgeskrewe vorm uitreik wat verklaar dat die persoon as 'n inspekteur ingevolge hierdie Wet aangestel is.

(2) Indien 'n inspekteur enige funksie van 'n inspekteur ingevolge hierdie Wet vervul—

*(a)* moet die inspekteur in besit wees van 'n aanstellingsertifikaat wat ingevolge subartikel (1) aan daardie inspekteur uitgereik is; en

*(b)* moet die inspekteur daardie sertifikaat toon aan enige persoon wat—

(i) deur die inspekteur se handelinge ingevolge hierdie Wet geraak word; en

(ii) om die sertifikaat te sien; en

*(c)* het die inspekteur die bevoegdhede—

(i) wat in Deel E van Hoofstuk 7 uiteengesit word; en

(ii) van 'n vredesbeampte soos omskryf in artikel 1 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), en mag hy die bevoegdhede uitoefen wat by wet aan 'n vredesbeampte verleen word.

(3) Die Kommissaris en Uitvoerende Direkteur mag elk enige toepaslik gekwalifiseerde persoon aanstel of kontrakteer om die Kommissie, of die Paneel, na gelang van die geval, in die uitvoering van sy funksies by te staan, insluitende, maar nie beperk nie tot, die doen van navorsing, oudits, navrae of ander ondersoeke namens die Kommissie of Paneel, na gelang van die geval, maar 'n persoon wat ingevolge hierdie subartikel aangestel is, is nie 'n inspekteur binne die betekenis van hierdie Wet nie.

(4) Die Minister, met die instemming van die Minister van Finansies, mag die vergoeding bepaal wat betaal moet word aan 'n persoon wat ingevolge hierdie artikel aangestel word, indien daardie persoon nie in die voltydse diens van die Kommissie of Paneel is nie, na gelang van die geval.

**Finansies**

**210.** (1) Die Kommissie, die Maatskappytribunaal en die Paneel word elk befonds uit—

*(a)* geld wat deur die Parlement toegewys word;

*(b)* enige geld wat ingevolge hierdie Wet betaalbaar is;

*(c)* inkomste verkry uit hul onderskeie beleggings en deposito's van surplusgeld ingevolge subartikel (2); en

*(d)* ander geld wat uit enige bron toeval.

(2) Die finansiële jaar van elk van die Kommissie, die Maatskappytribunaal en die Paneel is die tydperk van 12 maande wat jaarliks op 1 April begin en die volgende jaar op 31 Maart eindig, met die uitsondering dat, in elke geval, die eerste finansiële jaar—

*(a)* begin op die datum waarop die artikel van hierdie Wet wat daardie entiteit tot stand bring, in werking getree het; en

*(b)* eindig die volgende jaar op 31 Maart.

(3) Die Kommissaris of Uitvoerende Direkteur, na gelang van die geval, in oorleg met die Minister en met die instemming van die Minister van Finansies, mag die vergoeding, toelaes, voordele en aanstellingsvoorwaardes van elke werknemer van die Kommissie of Paneel, na gelang van die geval, bepaal.

**Oorsigte en verslae aan Minister**

**211.** (1) Die Minister moet minstens een maal elke vyf jaar 'n ouditoorsig uitvoer van die verrigting van die funksies en bevoegdhede van die Kommissie, die Maatskappytribunaal, die Paneel en die Raad.

(2) Benewens enige ander verslagdoeningsvereiste wat in hierdie Wet uiteengesit word, moet die Kommissie, Tribunaal, Raad en Paneel minstens een maal elke jaar oor hul aktiwiteite aan die Minister verslag doen, soos vereis deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999).

(3) So gou prakties moontlik ná ontvangs van 'n oorsigverslag soos in subartikel (1) beoog, of nadat 'n verslag ontvang is soos in subartikel (2) beoog, moet die Minister dit in die Parlement ter tafel lê.

**Vertroulike inligting**

**212.** (1) Wanneer inligting voorgelê word aan die Kommissie, die Paneel, die Maatskappytribunaal, die Raad of 'n inspekteur of ondersoeker wat ingevolge hierdie Wet aangestel is, kan 'n persoon beweer dat al daardie inligting of 'n deel daarvan vertroulik is.

(2) Enige bewering wat in subartikel (1) beoog word, moet ondersteun word deur 'n skriftelike verklaring wat verduidelik hoekom die inligting vertroulik is.

(3) Die Kommissie, Paneel, Maatskappytribunaal, Raad, inspekteur of ondersoeker, na gelang van die geval, moet—

*(a)* 'n bewering wat ingevolge subartikel (1) gemaak word, oorweeg; en

*(b)* so gou prakties uitvoerbaar 'n besluit neem oor die vertroulikheid van die inligting en toegang tot daardie inligting, en skriftelike redes vir daardie besluit verstrek.

(4) Artikel 172, gelees met die veranderinge wat deur die samehang vereis word, is van toepassing op 'n besluit ingevolge subartikel (3).

(5) Wanneer 'n reëling, besluit of bevel kragtens hierdie Wet uitgevaardig word, kan die Kommissie, die Paneel, die Maatskappytribunaal of die Raad vertroulike inligting in aanmerking neem.

(6) Indien enige redes vir 'n besluit ingevolge hierdie Wet enige vertroulike inligting aan die lig bring, moet die Kommissie, die Paneel, die Maatskappytribunaal of die Raad, na gelang van die geval, minstens vyf sakedae voor die publisering van die voorgestelde redes aan die party wat vertroulikheid beweer 'n kopie van daardie redes voorsien.

(7) Binne vyf sakedae ná ontvangs van 'n kopie van voorgestelde redes ingevolge subartikel (6) mag 'n party by 'n hof aansoek doen om 'n toepaslike bevel ten einde die vertroulikheid van die betrokke inligting te beskerm.

## HOOFSTUK 9

## OORTREDINGS, DIVERSE AANGELEENTHEDE EN ALGEMENE BEPALINGS

### *Deel A*

### *Oortredings en Strawwe*

**Vertrouensbreuk**

**213.** (1) Dit is 'n misdryf om enige vertroulike inligting bekend te maak betreffende die aangeleenthede van enige persoon wat verkry is—

*(a)* in die uitvoering van enige funksies ingevolge hierdie Wet; of

*(b)* as gevolg van die inisiëring van 'n klagte, of deelname aan enige verrigtinge ingevolge hierdie Wet.

(2) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op inligting wat openbaar gemaak word—

*(a)* soos in artikels 206(2)*(e)*(i) of (ii) of 212(5) tot (7) beoog;

*(b)* vir die doel van die behoorlike administrasie of afdwinging van hierdie Wet;

*(c)* vir die doel van regspleging;

*(d)* op die versoek van die Kommissie, die Paneel, 'n inspekteur of ondersoeker, die Maatskappytribunaal of 'n hof wat daarop geregtig is om die inligting te ontvang nie; of

*(e)* wanneer dit deur 'n hof of ingevolge enige wet vereis word.

**Vals verklarings, roekelose gedrag en nie-voldoening**

**214.** (1) 'n Persoon is skuldig aan 'n misdryf nie indien die persoon—

*(a)* 'n party is tot die vervalsing van enige rekeningkundige rekords van 'n maatskappy;

*(b)* vir 'n bedrieglike doel bewustelik vals of misleidende inligting verstrek het in enige omstandighede waarin hierdie Wet van die persoon vereis om inligting te verstrek of kennis te gee aan 'n ander persoon;

*(c)* bewustelik 'n party was tot—

(i) gedrag wat deur artikel 22(1) verbied word; of

(ii) 'n handeling of versuim deur 'n onderneming wat bereken was om 'n krediteur, werknemer of sekuriteitehouer van die maatskappy te bedrieg, of met enige ander bedrieglike doel; of

*(d)* 'n party is tot die opstel, goedkeuring of publikasie van—

(i) finansiële state of opsommings, in die mate wat in artikel 29(6) uiteengesit word;

(ii) 'n prospektus, of 'n skriftelike verklaring soos in artikel 101 beoog, wat 'n 'vals verklaring' bevat het, soos in artikel 95 omskryf en beskryf word.

(2) Vir doeleindes van subartikel (1)*(d)* is 'n persoon 'n party by die opstel van 'n dokument wat in daardie subartikel beoog word indien—

*(a)* die dokument 'n skema, struktuur of vorm van woorde of syfers wat deur daardie persoon ontwerp, opgestel of aanbeveel is, insluit of andersins daarop gegrond is; en

*(b)* die skema, struktuur of vorm van woorde van so 'n aard is dat die persoon geweet het, of redelikerwys behoort te geweet het, dat die insluiting of ander gebruik daarvan in verband met die opstel van die dokument sou veroorsaak dat die dokument vals of misleidend is.

(3) Dit is 'n misdryf om te versuim om 'n voldoeningskennisgewing na te kom wat ingevolge hierdie Wet uitgereik is, maar geen persoon mag vir so 'n misdryf ten opsigte van 'n spesifieke voldoeningskennisgewing vervolg word indien die Kommissie of Paneel, na gelang van die geval, ingevolge artikel 171(7)*(a)* aansoek gedoen het om die oplegging van 'n administratiewe boete ten opsigte van daardie persoon se versuim om aan daardie kennisgewing te voldoen nie.

**Verhindering van administrasie van Wet**

**215.** (1) Dit is 'n misdryf om die Kommissie, die Paneel, die Maatskappytribunaal, 'n inspekteur of ondersoeker, of 'n hof te verhinder, belemmer of onbehoorlik te poog om hulle te beïnvloed indien enigeen van hulle 'n mag uitoefen of 'n plig vervul wat deur hierdie Wet aan hulle gedelegeer, verleen of opgelê word.

(2) 'n Persoon pleeg 'n misdryf indien hy—

*(a)* enigiets doen wat gerig is op die onbehoorlike beïnvloeding van—

(i) die Kommissie, die Paneel, die Maatskappytribunaal, 'n inspekteur of ondersoeker betreffende enige aangeleentheid wat met 'n ondersoek verband hou; of

(ii) die Maatskappytribunaal in enige saak wat voor hom dien;

*(b)* enige bevindinge van die Kommissie, die Paneel, die Maatskappytribunaal, 'n inspekteur of ondersoeker antisipeer op 'n wyse wat bereken is om die verrigtinge of bevindinge onbehoorlik te beïnvloed;

*(c)* enigiets in verband met 'n ondersoek of verhoor doen wat minagting van die hof sou wees indien die verrigtinge in 'n geregshof sou plaasgevind het;

*(d)* weier om teenwoordig te wees wanneer hy gedagvaar word, of nadat hy teenwoordig is, weier om enige vraag te beantwoord of enige dokument voor te lê soos deur die dagvaarding vereis word, behalwe soos in subartikel 176(4)*(a)* beoog;

*(e)* bewustelik vals inligting aan die Kommissie, die Paneel, die Maatskappytribunaal, 'n inspekteur of ondersoeker verstrek;

*(f)* die uitvoering van 'n lasbrief tot betreding en deursoeking onbehoorlik verydel of belemmer, of poog om dit te doen;

*(g)* strydig optree met 'n lasbrief tot betreding en deursoeking of dit te bowe gaan; en

*(h)* hy sonder gesag, maar terwyl hy beweer dat hy oor gesag ingevolge artikel 177 beskik—

(i) 'n perseel betree of deursoek; of

(ii) beslag lê op 'n artikel of dokument, of dit verwyder.

**Boetes**

**216.** 'n Persoon wat skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet, is onderhewig aan—

*(a)* in die geval van 'n oortreding van artikels 213(1) of 214(1), 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van nie langer nie as 10 jaar, of 'n boete sowel as gevangenisstraf; of

*(b)* in enige ander geval, 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van nie langer nie as 12 maande, of 'n boete sowel as gevangenisstraf.

**Jurisdiksie van landdroshof om strawwe op tel lê**

**217.** Ongeag enige andersluidende bepalings in enige ander wet het 'n landdroshof jurisdiksie om enige strafmaatreël op te lê waarvoor daar in artikel 216 voorsiening gemaak word.

***Deel B***

***Diverse aangeleenthede***

**Siviele handelings**

**218.** (1) Niks in hierdie Wet maak 'n ooreenkoms, besluit of bepaling van 'n ooreenkoms, 'n besluit, 'n Akte van Oprigting of reëls van 'n maatskappy wat verbode, nietig of vernietigbaar is of ingevolge hierdie Wet onwettig verklaar kan word nietig nie, tensy 'n hof verklaar dat sodanige ooreenkoms, besluit of bepaling nietig is.

(2) Enige persoon wat enige bepaling van hierdie Wet oortree, is aanspreeklik teenoor enige ander persoon vir enige verlies of skade wat daardie persoon as gevolg van daardie oortreding gely het.

(3) Die bepalings van hierdie artikel raak nie die reg op enige verhaal wat 'n persoon andersins kan hê nie.

**Beperkte tyd vir inisiëring van klagtes**

**219.** (1) 'n Klagte ingevolge hierdie Wet mag nie geïnisieer word deur, of gelê word by, die Kommissie of die Paneel meer as drie jaar ná—

*(a)* die handeling of versuim wat die oorsaak van die klagte is nie; of

*(b)* in die geval van 'n gedragslyn of voortgesette praktyk, die datum waarop die gedrag of praktyk gestaak is nie.

(2) 'n Klagte mag nie ingevolge hierdie Wet vervolg word teen enige persoon wat 'n respondent is, of was, in verrigtinge ingevolge 'n ander artikel van hierdie Wet wat met wesenlik dieselfde gedrag verband hou nie.

**Betekening van dokumente**

**220.** Tensy daar anders in hierdie Wet bepaal word, is 'n kennisgewing, bevel of ander dokument wat, ingevolge hierdie Wet, aan 'n persoon beteken moet word, behoorlik beteken indien dit hetsy—

*(a)* aan daardie persoon afgelewer is; of

*(b)* per geregistreerde pos aan daardie persoon se laaste bekende adres gestuur is.

**Bewys van feite**

**221.** (1) Indien daar in enige verrigtinge ingevolge hierdie Wet bewys word dat 'n valse verklaring, inskrywing of rekord of vals inligting in of op 'n boek, dokument, plan, tekening of rekenaarstoormedium verskyn, moet daar veronderstel word dat die persoon wat daardie item gehou het, die verklaring, inskrywing, rekord of inligting gemaak het, tensy die teendeel bewys word.

(2) 'n Verklaring, inskrywing of rekord, of inligting, in of oor enige boek, dokument, plan, tekening of rekenaarstoormedium is toelaatbaar as bewys van 'n erkenning van die feite daarin of daarop deur die persoon wat dit klaarblyklik gemaak, ingeskryf, opgeteken of gestuur het, tensy daar bewys word dat daardie persoon dit nie gemaak, ingeskryf, opgeteken of gestuur het nie.

**Staatsaanspreeklikheid**

**222.** Die Staat, die Kommissie, die Tribunaal, die Kommissaris, die Maatskappytribunaal, die Paneel, 'n inspekteur of enige staatsamptenaar of soortgelyke persoon met pligte wat hy ingevolge hierdie Wet moet vervul, is nie aanspreeklik vir enige verlies wat gely word deur of skade wat veroorsaak word aan 'n persoon as gevolg van

enige *bona fide*-handeling of -versuim met betrekking tot die uitvoering van enige plig ooreenkomstig hierdie Wet nie, tensy growwe nalatigheid bewys word.

## *Deel C*

### *Regulasies, voortvloeiende aangeleenthede en inwerkingtreding*

**Regulasies**

**223.** (1) Die Minister—

*(a)* kan enige regulasies uitvaardig wat uitdruklik elders in hierdie Wet gemagtig of beoog word, in ooreenstemming met subartikel (2);

*(b)* kan, in oorleg met die Kommissie en by kennisgewing in die *Staatskoerant*, regulasies uitvaardig vir aangeleenthede met betrekking tot die funksies van die Kommissie, insluitende—

(i) vorms;

(ii) tydperke;

(iii) inligting wat vereis word;

(iv) bykomende woordomskrywings wat op daardie regulasies van toepassing is;

(v) indieningsgeld;

(vi) toegang tot vertroulike inligting; en

(vii) wyse en vorm van deelname aan prosedures van die Kommissie;

(viii) vorms van Akte van Oprigting en vereistes met betrekking tot die aanbieding van sekuriteite.

*(c)* kan, in oorleg met die Voorsitter van die Paneel, en by kennisgewing in die Staatskoerant—

(i) regulasies uitvaardig vir aangeleenthede met betrekking tot die funksies van die paneel, onderskeidelik; en

(ii) reëls maak vir die voer van sake voor die Paneel; en

*(d)* kan regulasies uitvaardig betreffende—

(i) enige vorms wat nodig is om vir die doeleindes van hierdie Wet gebruik te word; en

(ii) oor die algemeen, enige bykomstige of bybehorende aangeleentheid wat nodig is vir die behoorlike implementering en administrasie van hierdie Wet.

(2) Voordat die Minister enige regulasies ingevolge hierdie Wet uitvaardig, moet hy die voorgestelde regulasies vir openbare kommentaar publiseer, behoudens subartikel (3).

(3) In die geval van regulasies wat finansiële verslagdoeningstandaarde voorskryf soos beoog in artikel 29(4)*(a)*, is die bepalings van subartikel (2) nie van toepassing nie.

(4) 'n Regulasie ingevolge hierdie Wet moet by kennisgewing in die *Staatskoerant* uitgevaardig word.

**Opvolgende wysigings, herroeping van wette en oorgangsreëlings**

**224.** (1) Die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), word hiermee herroep, behoudens subartikel (3).

(2) Die wette wat in Bylae 5 bedoel word, word hiermee gewysig op die wyse wat in daardie Bylae uiteengesit word.

(3) Die herroeping van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), raak nie die oorgangsreëlings wat in Bylae 5 uiteengesit word nie.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**225.** Hierdie Wet heet die Maatskappywet, 2008, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal, wat nie vroeër mag wees nie as een jaar ná die datum waarop die President hierdie Wet bekragtig het.

**BYLAE 1**

***Bepalings rakende maatskappye sonder winsoogmerk***

**Doelstellings en beleid**

**1.** (1) Die Akte van Oprigting van 'n maatskappy sonder winsoogmerk moet—

*(a)* minstens een doelstelling van die maatskappy uiteensit, en elke sodanige doelstelling moet of—

(i) 'n doelstelling met openbare voordeel wees; of

(ii) 'n doelstelling met betrekking tot een of meer kulturele of maatskaplike aktiwiteite, of gemeenskaplike of groepsbelange wees; en

*(b)* in ooreenstemming wees met die beginsels wat in subitems (2) tot (9) uiteengesit word.

(2) 'n Maatskappy sonder winsoogmerk—

*(a)* moet al sy bates en inkomste, hoe ook al verkry, aanwend om sy verklaarde doelstellings te bevorder, soos in sy Akte van Oprigting uiteengesit; en

*(b)* kan, behoudens paragraaf *(a)*—

(i) sekuriteite uitgereik deur 'n maatskappy met 'n winsoogmerk verkry en hou; of

(ii) regstreeks of onregstreeks, alleen of saam met enige ander persoon, enige besigheid, handel of onderneming bedryf wat in ooreenstemming met of bykomend tot sy verklaarde doelstellings is.

(3) 'n Maatskappy sonder winsoogmerk moet nie, regstreeks of onregstreeks, enige gedeelte van sy inkomste betaal of enige van sy bates oordra, ongeag of die inkomste of bate verkry is, aan enige persoon wat 'n inkorporeerder van die maatskappy is of was, of wat 'n lid of direkteur van die maatskappy is, of 'n persoon is wat 'n direkteur van die maatskappy aanstel nie, behalwe—

*(a)* as redelike—

(i) vergoeding vir goedere of dienste gelewer aan, of volgens die opdrag van, die maatskappy; of

(ii) betaling van, of vergoeding vir, onkoste wat aangegaan is om 'n verklaarde doelstelling van die maatskappy te bevorder;

*(b)* as 'n betaling van 'n bedrag wat ingevolge 'n *bona fide*-ooreenkoms tussen die maatskappy en daardie, of 'n ander persoon, deur die maatskappy verskuldig en betaalbaar is nie;

*(c)* as 'n betaling ten opsigte van enige regte van daardie persoon, in die mate wat sodanige regte deur die maatskappy geadministreer word ten einde 'n verklaarde doelstelling van die maatskappy te bevorder; of

*(d)* ten opsigte van enige wetlike verpligting wat bindend op die maatskappy is.

(4) Ten tyde van die likwidasie of ontbinding van 'n maatskappy sonder winsoogmerk, ten spyte van enige andersluidende bepaling in enige wet of ooreenkoms—

*(a)* is geen vorige of huidige lid of direkteur van daardie maatskappy, of 'n persoon wat 'n direkteur van daardie maatskappy aanstel, op enige deel van die netto waarde van die maatskappy ná aflossing van sy verpligtinge en aanspreeklikhede geregtig nie; en

*(b)* moet die hele netto waarde van die maatskappy uitgekeer word aan een of meer maatskappye sonder winsoogmerk, buitelandse maatskappye sonder winsoogmerk wat aktiwiteite binne die Republiek bedryf, vrywillige verenigings of trusts sonder winsoogmerk—

(i) wat doelstellings soortgelyk aan sy hoofdoelstelling het; en

(ii) soos bepaal—

*(aa)* ingevolge die maatskappy se Akte van Oprigting;

*(bb)* deur sy lede, indien daar is, of sy direkteure, ten tyde van of onmiddellik voor die tydstip van sy ontbinding; of

*(cc)* deur die hof, indien die Akte van Oprigting, of die lede of direkteure versuim om sodanige bepaling te maak.

(5) Die Kommissie kan, namens 'n maatskappy sonder winsoogmerk, by 'n hof aansoek doen om 'n bepaling soos in subartikel (4)*(b)*(ii)*(cc)* indien die maatskappy sonder winsoogmerk—

*(a)* geen oorblywende lede of direkteure het nie; en

*(b)* versuim het om—

(i) 'n bepaling te maak soos in subartikel (4)*(b)*(ii)*(bb)* beoog; of

(ii) by die hof om so 'n bepaling aansoek te doen.

(6) Inkorporasie as 'n maatskappy sonder winsoogmerk ingevolge hierdie Wet, of registrasie as 'n buitelandse maatskappy sonder winsoogmerk ingevolge hierdie Wet, en voldoening deur enige van die twee aan die bepalings van hierdie Wet kwalifiseer nie noodwendig daardie maatskappy sonder winsoogmerk, of buitelandse maatskappy sonder winsoogmerk, vir enige besondere status, kategorie, klassifikasie of behandeling ingevolge die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962), of enige ander wetgewing nie, behalwe in die mate wat enige sodanige wetgewing anders bepaal.

(7) Elke stemgeregtigde lid van 'n maatskappy sonder winsoogmerk het minstens een stem.

(8) Die stem van elke lid van 'n maatskappy sonder winsoogmerk is gelykwaardig aan die stem van elke ander stemgeregtigde lid oor enige aangeleentheid wat deur stemming van die lede bepaal moet word, behalwe in die mate dat die maatskappy se Akte van Oprigting anders bepaal.

(9) Indien 'n maatskappy sonder winsoogmerk lede het, moet die vereiste in artikel 24(4) om 'n sekuriteiteregister in stand te hou, gelees word as sou dit vereis dat die maatskappy 'n lederegister in stand moet hou.

**Fundamentele transaksies**

**2.** (1) 'n Maatskappy sonder winsoogmerk mag nie—

*(a)* amalgameer of saamsmelt met, of omskep word in, 'n maatskappy met 'n winsoogmerk nie; of

*(b)* enige deel van sy bates, onderneming of besigheid aan 'n maatskappy met winsoogmerk vervreem nie, behalwe teen billike waarde, behalwe in die mate wat so 'n vervreemding van 'n bate in die gewone gang van die aktiwiteite van die maatskappy sonder winsoogmerk plaasvind.

(2) Indien 'n maatskappy sonder winsoogmerk stemgeregtigde lede het, moet enige voorstel om—

*(a)* die geheel van sy bates of onderneming, of die grootste gedeelte daarvan, te vervreem; of

*(b)* met 'n ander maatskappy sonder winsoogmerk te amalgameer of saam te smelt, vir goedkeuring aan die stemgeregtigde lede voorgelê word, op 'n wyse wat vergelykbaar is met dié wat van maatskappye met winsoogmerke vereis word, onderskeidelik ooreenkomstig artikels 112 en 113.

(3) Artikels 115 en 116, gelees met die veranderinge wat deur die samehang vereis word, is van toepassing op die goedkeuring van 'n voorstel wat in subitem (2) beoog word.

**Inkorporeerders van maatskappy sonder winsoogmerk**

**3.** Die inkorporeerders van 'n maatskappy sonder winsoogmerk is sy—

*(a)* eerste direkteure; en

*(b)* sy eerste lede, indien sy Akte van Oprigting bepaal dat hy lede moet hê.

**Lede**

**4.** (1) Daar word nie van 'n maatskappy sonder winsoogmerk vereis om lede te hê nie, maar sy Akte van Oprigting kan bepaal dat hy moet hê.

(2) Indien die Akte van Oprigting van 'n maatskappy bepaal dat die maatskappy lede moet hê—

*(a)* moet hy nie daardie lidmaatskap beperk of reguleer, of voorsiening maak vir enige beperking of regulering daarvan, wat op enige wyse op onbillike diskriminasie ingevolge artikel 23 van die Grondwet neerkom nie;

*(b)* moet hy nie die lidmaatskap van enige persoon veronderstel, 'n persoon as 'n lid beskou of vir die outomatiese of *ex officio*-lidmaatskap van enige persoon voorsiening maak op enige grondslag behalwe lewenslange lidmaatskap wat aan 'n persoon toegeken is nie—

(i) vir diens aan die maatskappy of vir die doeleindes van openbare voordeel wat in die maatskappy se Akte van Oprigting uiteengesit word; en

(ii) met daardie persoon se toestemming;

*(c)* kan hy voorsiening maak vir lidmaatskap om gehou te word deur regspersone, insluitende maatskappye met winsoogmerk;

*(d)* kan hy voorsiening maak vir nie meer nie as twee klasse lede, naamlik onderskeidelik stemgeregtigde en nie—stemgeregtigde lede; en

*(e)* moet hy die volgende uiteensit:

(i) die kwalifikasies vir lidmaatskap;

(ii) die proses om aansoek te doen om lidmaatskap;

(iii) enige aanvanklike of periodieke koste van lidmaatskap in enige klas;

(iv) die regte en verpligtinge, indien daar is, van lidmaatskap in enige klas; en

(v) die gronde waarop lidmaatskap opgeskort of verloor kan of sal word.

**Direkteure**

**5.** (1) Indien 'n maatskappy sonder winsoogmerk lede het, moet die Akte van Oprigting—

*(a)* die grondslag uiteensit waarop die lede die direkteure van die maatskappy kies; en

*(b)* indien enige direkteure deur stemgeregtigde lede verkies moet word, vir die jaarlikse verkiesing van minstens een derde van daardie verkose direkteure voorsiening maak.

(2) Indien 'n maatskappy sonder winsoogmerk geen lede het nie, moet die Akte van Oprigting die grondslag uiteensit waarop direkteure deur die direksie daarvan of deur ander persone aangestel moet word.

(3) 'n Maatskappy sonder winsoogmerk mag nie 'n lening voorsien aan, skuld of 'n verpligting sekureer van of andersins regstreeks of onregstreeks finansiële bystand verleen aan 'n direkteur van die maatskappy of van 'n verwante of onderling verwante maatskappy of aan 'n persoon wat aan enige sodanige direkteur verwant is nie.

(4) Subitem (3) verbied nie 'n transaksie nie indien dit—

*(a)* in die gewone gang van die maatskappy se besigheid en teen billike waarde is;

*(b)* 'n rekeningkundig verantwoordbare voorskot uitmaak ter vereffening van—

(i) wettige onkoste in verband met 'n aangeleentheid rakende die maatskappy; of

(ii) verwagte onkoste wat namens die maatskappy deur die persoon aangegaan sal word;

*(c)* aangegaan word om die persoon se onkoste vir verhuising op versoek van die maatskappy te dek; of

*(d)* geskied ingevolge 'n werknemervoordeelskema wat algemeen aan alle werknemers of aan 'n spesifieke klas werknemers beskikbaar is.

## BYLAE 2

## OMSKEPPING VAN BESLOTE KORPORASIES IN MAATSKAPPYE

**Kennisgewing van omskepping van beslote korporasie**

**1.** (1) 'n Beslote korporasie mag te eniger tyd volgens die voorgeskrewe wyse en vorm 'n kennisgewing van omskepping indien.

(2) 'n Kennisgewing van omskepping moet vergesel gaan van—

*(a)* 'n gesertifiseerde kopie van 'n spesiale besluit wat die omskepping van die beslote korporasie goedkeur;

*(b)* of 'n nuwe Akte van Oprigting, of 'n wysiging van die maatskappy se Akte van Oprigting, wat in ooreenstemming is met die vereistes van hierdie Wet, in elke geval; en

*(c)* die voorgeskrewe indieningsgeld.

(3) Artikel 14, gelees met die veranderinge wat deur die samehang vereis word, is van toepassing op die indiening van 'n kennisgewing van omskepping, asof dit 'n Kennisgewing van Inkorporasie ingevolge hierdie Wet is.

(4) By omskepping van 'n beslote korporasie ingevolge hierdie Bylae moet die Kommissie—

*(a)* die registrasie van daardie beslote korporasie ingevolge die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984) kanselleer;

*(b)* in die *Staatskoerant* kennis gee van die omskepping van 'n beslote korporasie in 'n maatskappy; en

*(c)* die Registrateur van Aktes in staat stel om die nodige veranderinge aan te bring wat voortspruit uit omskeppings en naamveranderings.

**Uitwerking van omskepping op regstatus**

**2.** (1) Elke lid van ’n beslote korporasie wat ingevolge hierdie Bylae omskep word, is daarop geregtig om ’n aandeelhouer te word van die maatskappy wat die gevolg van daardie omskepping is, maar die aandele in die maatskappy wat deur die aandeelhouers individueel gehou sal word, hoef nie noodwendig in verhouding te wees tot die ledebelange soos in die stigtingsverklaring van die betrokke beslote korporasie vermeld word nie.

(2) By die registrasie van ’n maatskappy wat uit ’n beslote korporasie omskep is—

*(a)* bestaan die regspersoon wat as ’n beslote korporasie voor die omskepping bestaan het, steeds as ’n regspersoon voort, maar in die vorm van ’n maatskappy;

*(b)* gaan al die bates, laste, regte en verpligtinge van die beslote korporasie op die maatskappy oor;

*(c)* kan enige regsaksies wat voor die registrasie teen of deur die korporasie ingestel is, deur of teen die maatskappy voortgesit word, en enigiets anders wat deur of ten opsigte van die beslote korporasie gedoen is, word geag deur of ten opsigte van die maatskappy gedoen te wees;

*(d)* kan enige afdwingingsmaatreëls wat ingevolge die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984) ten opsigte van die beslote korporasie ’n aanvang geneem het vir optrede wat voor die datum van registrasie voorgekom het, op dieselfde grondslag teen die maatskappy ingestel word, asof die omskepping nie plaasgevind het nie; en

*(e)* oorleef enige aanspreeklikheid van ’n lid van die korporasie vir die korporasie se skuld, wat ingevolge die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984), ontstaan het en wat onmiddellik voor die datum van registrasie bestaan het, die omskepping en bestaan steeds as ’n aanspreeklikheid van daardie persoon voort, asof die omskepping nie plaasgevind het nie.

## BYLAE 3

## WYSIGING VAN WETTE

### A: Wet op Beslote Korporasies, 1984

| **Wet no. en Jaar** | **Kort titel** | **Omvang van wysiging of herroeping** |
|---|---|---|
| **1. Wysigings van woordomskrywings van Wet op Beslote Korporasies** | | |
| Wet No. 69 van 1984 | Wet op Beslote Korporasies, 1984 | **Wysiging van artikel 1 van Wet 69 van 1984, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 38 van 1986, artikel 1 van Wet 26 van 1997, artikel 1 van Wet 22 van 2001 en artikel 57 van Wet 24 van 2006**<br><br>1. Artikel 1 van die Wet op Beslote Korporasies word hierby gewysig deur—<br>*(a)* paragraaf *(b)* van die omskrywing van **"beampte"** deur die volgende paragraaf te vervang:<br>"*(b)* 'n maatskappy', 'n voorgeskrewe beampte soos omskryf in artikel 1 **[(1)]** van die Maatskappywet;";<br>*(b)* die omskrywing van **"direkteur"** deur die volgende omskrywing te vervang:<br>" **'direkteur'**, met betrekking tot 'n maatskappy, **['n direkteur soos omskryf]** het die betekenis wat in artikel 1 **[(1)]** van die Maatskappywet uiteengesit word;";<br>*(c)* die omskrywing van **"filiaal"** deur die volgende omskrywing te vervang:<br>" **'filiaal'** met betrekking tot 'n maatskappy, **['n filiaal soos omskryf in artikel 1(1)]** het die betekenis wat bepaal word ooreenkomstig artikel 3 van die Maatskappywet;";<br>*(d)* die omskrywing van **"hierdie Wet"** deur die volgende omskrywing te vervang:<br>" **'hierdie Wet'** ook die regulasies, en enige regulasies wat ingevlge die Maatskappywet gemaak word, in die mate waartoe hulle op hierdie Wet van toepassing is;";<br>*(e)* die omskrywing van **"houermaatskappy"** deur die volgende omskrywing te vervang:<br>" **'houermaatskappy'** met betrekking tot 'n maatskappy, **['n houermaatskappy soos omskryf]** het die betekenis wat omskryf word in artikel 1 **[(1)]** van die Maatskappywet;";<br>*(f)* die volgende omskrywing voor die omskrywing van '**korporasie**' in te voeg:<br>" **'Kommissie'** beteken die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom, wat deur artikel 185 van die Maatskappywet ingestel is;"<br>*(g)* die omskrywing van **"maatskappy"** deur die volgende omskrywing te vervang:<br>" **'maatskappy' ['n maatskappy soos in artikel 1(1) van]** het die betekenis wat in artikel 1 van die Maatskappywet omskryf word;";<br>*(h)* die omskrywing van **"Maatskappywet"** deur die volgende omskrywing te vervang:<br>" **'Maatskappywet'** die Maatskappywet, **[1973 (Wet No. 61 van 1973)]** 2008);"; |

| Wet no. en Jaar | Kort titel | Omvang van wysiging of herroeping |
|---|---|---|
| | | *(i)* die omskrywing van **"Registrasiekantoor"** deur die volgende omskrywing te vervang:<br>" **'Registrasiekantoor'** die **[Registrasiekantoor vir Beslote Korporasies in artikel 3 bedoel]** kantoor van die Kommissie;"; en<br>*(j)* die omskrywing van **"Registrateur"** deur die volgende omskrywing te vervang:<br>" **'Registrateur'** die **[Registrateur van Beslote Korporasies in artikel 4 bedoel]** Kommissaris, wat ingevolge artikel 189 van die Maatskappywet aangestel is;". |
| **2. Beperking van tydperk om beslote korporasies te inkorporeer of maatskappye te omskep** | | |
| | | **Wysiging van artikel 2 van Wet 69 van 1984**<br><br>(1) Artikel 2 van die Wet op Beslote Korporasies word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:<br>"(1) **[Een]** Te eniger tyd voordat artikel 13 van die Maatskappywet in werking tree, kan een of meer persone, maar hoogstens tien, wat vir lidmaatskap van 'n beslote korporasie ingevolge hierdie Wet kwalifiseer, **[kan]** 'n beslote korporasie oprig en inlywing daarvan verkry deur te voldoen aan die vereistes van hierdie Wet ten opsigte van die registrasie van sy of haar stigtingsverklaring bedoel in artikel 12.". |
| | | **Wysiging van artikel 13 van Wet 69 van 1984**<br><br>(2) Artikel 13 van die Wet op Beslote Korporasies word hierby deur die volgende artikel vervang:<br><br>"**Registrasie van stigtingsverklaring**<br><br>**13.** Indien 'n stigtingsverklaring bedoel in artikel 12 wat aan die vereistes van hierdie Wet voldoen, op die voorgeskrewe wyse by die Registrateur ingedien word voordat artikel 13 van die Maatskappywet in werking tree, en indien die besigheid wat deur die korporasie gedryf staan te word wettig is, moet die Registrateur by betaling van die voorgeskrewe gelde sodanige **[verandering]** verklaring in sy of haar registers registreer en op die voorgeskrewe wyse kennis van die registrasie gee.". |
| | | **Herroeping van artikel 27 van Wet 69 van 1984**<br><br>(3) Artikel 27 van die Wet op Beslote Korporasies word hierby herroep met ingang van die datum waarop Bylae 2 van die Maatskappywet in werking tree. |

| Wet no. en Jaar | Kort titel | Omvang van wysiging of herroeping |
|---|---|---|
| **3. Regstatus van beslote korporasies** | | |
| | | **Wysiging van artikel 2 van Wet 69 van 1984**<br><br>(1) Artikel 2 van die Wet op Beslote Korporasies word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:<br>"(2) 'n Korporasie opgerig ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet is by registrasie ingevolge daardie bepalings 'n regspersoon en bly, behoudens die bepalings van hierdie Wet, as 'n regspersoon voortbestaan ondanks veranderinge in sy lidmaatskap, of sy omskepping in 'n maatskappy ingevolge Bylae 2 van die Maatskappywet, totdat dit **[hy of sy haar ingevolge hierdie Wet]** gederegistreer of ontbind word—<br>*(a)* ingevolge hierdie Wet; of<br>*(b)* ingevolge die Maatskappywet, in die geval van 'n regspersoon wat na 'n maatskappy omskep is.". |
| **4. Name van korporasies** | | |
| | | **Wysiging van artikel 19 van Wet 69 van 1984, soos vervang deur artikel 5 van Wet 26 van 1997**<br><br>(1) Artikel 19 van die Wet op Beslote Korporasies word hierby deur die volgende artikel vervang:<br><br>"**Onwenslike name en reservering van name**<br><br>**19.** (1) **[Geen stigtingsverklaring wat 'n naam bevat vir 'n korporasie wat ingelyf gaan word en geen gewysigde stigtingsverklaring wat 'n nuwe naam vir 'n korporasie bevat, word geregistreer indien die naam volgens die oordeel van die Registrateur onwenslik is nie]** Deel A van Hoofstuk 2 van die Maatskappywet, gelees met die veranderinge wat deur die samehang vereis word, is van toepassing op 'n korporasie en op 'n aansoeker om naamreservering ingevolge subartikel (2), maar—<br>*(a)* 'n verwysing in enige van daardie bepalings na 'n maatskappy moet vir die doeleindes van hierdie Wet as 'n verwysing na 'n korporasie beskou word; en<br>*(b)* die toepassing van artikel 11(4) van die Maatskappywet op 'n korporasie is onderhewig aan die bepalings van artikel 22(1) van hierdie Wet.<br>(2) Iemand wat beoog om 'n korporasie te stig of 'n korporasie wat beoog om sy of haar naam te verander, **[moet]** kan by die Registrateur op die voorgeskrewe vorm en teen betaling van die voorgeskrewe geld om die reservering van 'n naam aansoek doen**:** **[Met dien verstande dat 'n maatskappy wat ingevolge hierdie Wet in 'n korporasie omskep word, nie sy of haar naam sodanig hoef te reserveer indien die naam identies bly nie]**."; |

| Wet no. en Jaar | Kort titel | Omvang van wysiging of herroeping |
|---|---|---|
| | | **Wysiging van artikel 20 van Wet 69 van 1984, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 81 van 1992 en vervang deur artikel 8 van Wet 22 van 2001**<br><br>(2) Artikel 20 van die Wet op Beslote Korporasies word hierby deur die volgende artikel vervang:<br><br>“**[Bevel om naam te verander]** Besware teen name<br><br>**20.** “Artikel 14(4), 16(8) en 160 van die Maatskappywet, elk gelees met die veranderinge wat deur die samehang vereis word, is van toepassing op ’n korporasie of ten opsigte van ’n gereserveerde naam, of ’n aansoek om ’n naam ingevolge artikel 19(2) te reserveer, maar ’n verwysing in enige van daardie bepalings na ’n maatskappy moet vir die doeleindes van hierdie Wet as ’n verwysing na ’n korporasie beskou word.” |
| | | **Wysiging van artikel 22 van Wet 69 van 1984, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 26 van 1997**<br><br>(3) Artikel 22(2) en (4) van die Wet op Beslote Korporasies word hiermee herroep. |
| | | **Wysiging van artikel 23 van Wet 69 van 1984, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 81 van 1992, artikel 8 van Wet 26 van 1997 en artikel 9 van Wet 22 van 2001**<br><br>(4) Die Wet op Beslote Korporasies word hierby gewysig deur artikel 23 deur die volgende artikel te vervang:<br><br>“**Gebruik en publikasie van name**<br><br>**23.** Artikel 32 van die Maatskappywet, gelees met die veranderinge wat deur samehang vereis word, is van toepassing op ’n korporasie, maar ’n verwysing in daardie artikel na ’n maatskappy moet vir die doeleindes van hierdie Wet as ’n verwysing na ’n korporasie beskou word.”. |
| | | **Herroeping van artikel 41 van Wet 69 van 1984**<br><br>(5) Artikel 41 van die Wet op Beslote Korporasies word hierby herroep. |
| **5. Deursigtigheid en aanspreeklikheid van beslote korporasies** | | |
| | | **Wysiging van artikel 10 van Wet 69 van 1984, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 38 van 1986 en artikel 4 van Wet 22 van 2001 en vervang deur artikel 20 van Wet 16 van 2003**<br><br>(1) Artikel 10 van die Wet op Beslote Korporasies word hierby gewysig deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg: |

| Wet no. en Jaar | Kort titel | Omvang van wysiging of herroeping |
|---|---|---|
| | | “(3) Regulasies gemaak deur die Minister ingevolge artikel 29(4) en (5) van die Maatskappywet is van toepassing op ’n korporasie asof daardie regulasies ingevolge hierdie Wet gemaak is, maar enige verwysing in daardie regulasies na ’n maatskappy moet as ’n verwysing na ’n korporasie gelees word.” |
| | | **Wysiging van artikel 47 van Wet 69 van 1984, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 26 van 1997, artikel 13 van Wet 22 van 2001 en vervang deur artikel 36 van Wet 12 van 2004**<br><br>(2) Artikel 47 van die Wet op Beslote Korporasies word hierby gewysig deur—<br>*(a)* subparagraaf (ii) en (iii) van paragraaf *(b)* van subartikel (1) te herroep;<br>*(b)* paragraaf *(c)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:<br>“*(c)* iemand wat **[onderworpe is aan ’n hofbevel kragtens]** onbevoeg is om ’n direkteur van ’n maatskappy te wees ingevolge artikel 69(8) tot (11) van die Maatskappywet, behoudens subartikel (1B) **[wat hom of haar onbevoeg maak om ’n direkteur van ’n maatskappy te wees]**.”;<br>*(c)* die volgende subartikels ná subartikel *(a)* in te voeg:<br>“(1A) ’n Persoon wat deur ’n hof ingevolge artikel 162 van die Maatskappywet, of subartikel (1C) op proef geplaas is, moet nie aan die bestuur van die besigheid van ’n korporasie deelneem nie, behalwe in die mate wat die proefbevel toelaat.”<br>“(1B) Ten spyte daarvan dat ’n persoon ingevolge artikel 69(8)*(b)* van die Maatskappywet gelees met subartikel (1)*(c)* onbevoeg is, mag ’n persoon aan die bestuur van ’n korporasie deelneem indien 100% van die lede se belang in die korporasie gehou word deur—<br>*(a)* daardie persoon; of<br>*(b)* daardie persoon en ander persone, wat almal aan daardie onbevoegde persoon verwant is, en elke sodanige persoon skriftelik daartoe ingestem het dat die onbevoegde persoon aan die bestuur van die korporasie deelneem.”<br>“(1C) Artikel 162 van die Maatskappywet, gelees met die veranderinge wat deur die samehang vereis word, is van toepassing op ’n korporasie, maar ’n verwysing in daardie artikel na—<br>*(a)* ’n maatskappy moet beskou word asof dit na ’n maatskappy of ’n korporasie verwys; of<br>*(b)* ’n direkteur moet beskou word asof dit na ’n direkteur van ’n maatskappy verwys, of na ’n lid wat aan die bestuur van ’n korporasie deelneem.” |

| Wet no. en Jaar | Kort titel | Omvang van wysiging of herroeping |
|---|---|---|
| | | **Herroeping van artikel 55 van Wet 69 van 1984**<br><br>(3) Artikel 55 van die Wet op Beslote Korporasies word hierby herroep. |
| | | **Wysiging van artikel 58 van Wet 69 van 1984, soos vervang deur artikel 12 van Wet 38 van 1986 en gewysig deur artikel 4 van Wet 64 van 1988**<br><br>(4) Artikel 58 van die Wet op Beslote Korporasies word hierby gewysig deur—<br>*(a)* subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:<br>“(1) Die lede van ’n korporasie moet binne **[nege]** ses maande na die einde van elke boekjaar van die korporasie finansiële jaarstate ten opsigte van daardie boekjaar in een van die amptelike tale van die Republiek laat opstel.,<br>*(b)* die volgende subartikel ná subartikel (2) in te voeg,<br>“(2A) Artikel 30(2)*(b)* en (3) tot (6) van die Maatskappywet, gelees met die veranderinge wat deur die samehang vereis word, is van toepassing op ’n korporasie wat ingevolge die regulasies van artikel 30(7) van die Maatskappywet sy finansiële jaarstate moet laat oudit.” |
| | | **Wysiging van artikel 62 van Wet 69 van 1984, soos gewysig deur artikel 13 van Wet 38 van 1986 en artikel 4 van Wet 17 van 1990**<br><br>(5) Artikel 62 van die Wet op Beslote Korporasies word hierby gewysig deur die volgende artikel na artikel 62 in te voeg:<br><br>“**Toepassing van aanspreeklikheids-bepalings van Maatskappywet**<br><br>62A. (1) Artikel 34(2) van die Maatskappywet, gelees met die veranderinge wat deur die samehang vereis word, is op ’n korporasie van toepassing.<br>(2) Hoofstuk 3 van die Maatskappywet, gelees met die veranderinge wat deur die samehang vereis word—<br>*(a)* is van toepassing op ’n korporasie wat vrywillig bepaal het om enige stap te doen wat in artikel 34(2) van die Maatskappywet beoog word; en<br>*(b)* geniet voorrang bo enige andersluidende bepaling van hierdie Wet, ten opsigte van ’n korporasie wat in paragraaf *(a)* beoog word.”. |

| Wet no. en Jaar | Kort titel | Omvang van wysiging of herroeping |
|---|---|---|
| **6. Redding van beslote korporasies in finansiële nood** | | |
| | | **Wysiging van artikel 66 van Wet 69 van 1984, soos vervang deur artikel 16 van Wet 26 van 1997**<br><br>(1) Artikel 66 van die Wet op Beslote Korporasies word hierby gewysig deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:<br>‘‘(1A) Die bepalings van Hoofstuk 6 van die Maatskappywet, gelees met die veranderinge wat deur die samehang vereis word, is van toepassing op ’n korporasie, maar ’n verwysing in daardie Hoofstuk na—<br>*(a)* ’n maatskappy moet as ’n verwysing na ’n korporasie beskou word; of<br>*(b)* ’n aandeelhouer van ’n maatskappy, of die houer van sekuriteite uitgegee deur ’n maatskappy, moet as ’n verwysing na ’n lid van ’n korporasie gelees word.’’ |
| **7. Ontbinding van korporasies** | | |
| | | **Wysiging van artikel 66 van Wet 69 van 1984, soos vervang deur artikel 16 van Wet 26 van 1997**<br><br>(1) Artikel 66 van die Wet op Beslote Korporasies word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:<br>‘‘(1) Die **[bepalings]** wette genoem of bedoel in item 9 van Bylae 5 van die Maatskappywet, **[wat betrekking het op die likwidasie van ’n maatskappy, met inbegrip van die regulasies daarkragtens uitgevaardig (behalwe artikels 311, 312, 313, 337, 338, 344, 345, 346(2), 347(3), 349, 364, 365(2), 367 tot en met 370, 377, 387, 389, 390, 395 tot en met 399, 400(1)*(b)*, 401, 402, 417, 418, 419(4), 421, 423 en 424),]** gelees met die veranderinge wat deur die samehang vereis word, is **[*mutatis mutandis* en vir sover hulle toegepas kan word]** met betrekking tot die likwidasie van ’n korporasie van toepassing ten opsigte van enige aangeleentheid waarvoor nie uitdruklik in hierdie Deel of in ’n ander bepaling van hierdie Wet voorsiening gemaak word nie.’’ |
| | | **Wysiging van artikel 67 van Wet 69 van 1984**<br><br>(2) Artikel 67 van die Wet op Beslote Korporasies word hierby deur die volgende artikel vervang:<br><br>‘‘**Ontbinding van korporasies**<br><br>**67.** (1) Deel G van Hoofstuk 2 van die Maatskappywet, gelees met die veranderinge wat deur die samehang vereis word, is op ’n solvente korporasie van toepassing.<br>(2) Hierdie Deel van hierdie Wet moet in ooreenstemming met die wette genoem of bedoel in Item 9 van Bylae 5 van die Maatskappywet geadministreer word.’’; |

| Wet no. en Jaar | Kort titel | Omvang van wysiging of herroeping |
|---|---|---|
| | | **Herroeping van artikel 68 van Wet 69 van 1984**<br><br>*(b)* Artikel 68 van die Wet op Beslote Korporasies word hierby herroep. |
| **8. Deregistrasie van korporasies** | | |
| | | **Wysiging van artikel 26 van Wet 69 van 1984, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 38 van 1986, artikel 14 van Wet 22 van 2001, artikel 9 van Wet 39 van 2002 en artikel 62 van Wet 24 van 2001**<br><br>(1) Artikel 26 van die Wet op Beslote Korporasies word hierby deur die volgende artike vervang:<br><br>‘‘**Deregistrasie**<br><br>**26. Artikel 81(1)***(f)*, 81(3), 82(3) tot (4) en 83 van die Maatskappywet, elk gelees met die veranderinge wat deur die samehang vereis word, is van toepassing ten opsigte van die deregistrasie van ’n korporasie, maar ’n verwysing in enige van daardie bepalings na ’n maatskappy moet vir die doeleindes van hierdie Wet as ’n verwysing na ’n korporasie beskou word.’’. |
| | | **Herroeping van artikel 3(1) van Wet 69 van 1984**<br><br>(2) Artikel 3(1) van die Wet op Beslote Korporasies word hierby herroep. |
| | | **Wysiging van artikel 4 van Wet 69 van 1984**<br><br>(3) Artikel 4 van die Wet op Beslote Korporasies word hierby gewysig deur—<br>*(a)* subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:<br>‘‘(1) **[Die Minister stel, behoudens die wetsbepalings op die staatsdiens, ’n Registrateur van Beslote Korporasies aan, wat]** Die Kommissie—<br>*(a)* kan die bevoegdhede uitoefen en moet die pligte verrig wat deur hierdie Wet aan die Registrateur toegewys is; en<br>*(b)* **[onderworpe aan die voorskrifte van die Minister]** is verantwoordelik vir die administrasie van die Registrasiekantoor.’’;<br>*(b)* subartikel (2) te herroep; en<br>*(c)* subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:<br>‘‘(3) Die **[Registrateur] Kommissie** kan enige van die magte en enige van die pligte **[wat deur hierdie Wet aan hom of haar toegeken word]** van die Registrateur delegeer of toevertrou aan enige beampte of werknemer in die **[staatsdiens]** Kommissie.’’. |

| Wet no. en Jaar | Kort titel | Omvang van wysiging of herroeping |
|---|---|---|
| | | **Herroeping van artikel 11 en 16 van Wet 69 van 1984**<br><br>(4) Artikel 11 en 16(3) van die Wet op Beslote Korporasies word hierby herroep. |
| | | **Herroeping van artikel 47(7), 49(5) en 58(4) van Wet 69 van 1984**<br><br>(5) Artikel 47(2), 49(5) en 58(4) van die Wet op Beslote Korporasies word hierby herroep. |
| | | **Wysiging van artikel 64 van Wet 69 van 1984**<br><br>(6) Artikel 64 van die Wet op Beslote Korporasies word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:<br>‘‘(2) **[Sonder om af te doen aan enige ander strafregtelike aanspreeklikheid opgedoen waar]** Indien enige besigheid van ’n korporasie op enige wyse in subartikel (1) beoog, gedryf word, is elkeen wat wetend ’n party is by die dryf van die besigheid op so n wyse, aan ’n misdryf skuldig.’’. |
| | | **Wysiging van artikel 82 van Wet 69 van 1984**<br><br>(7) Artikel 82 van die Wet op Beslote Korporasies word hierby deur die volgende artikel vervang:<br><br>‘‘**Toepassing van Maatskappywet op afdwinging van Wet**<br><br>**82.** Deel D, E en F van Hoofstuk 7, en Deel A van Hoofstuk 9 van die Maatskappywet, gelees met die veranderinge wat deur die samehang vereis word, is van toepassing ten opsigte van enige beweerde oortreding van hierdie Wet of oortreding van enige bepaling van die Maatskappywet, in die mate wat die bepaling op ’n korporasie of sy lede van toepassing is.’’ |

## B: Gevolglike Wysigings aan sekere ander Wette in Bylae 4 gelys

| Wet no. en Jaar | Kort titel | Omvang van wysiging of herroeping |
|---|---|---|
| Wet No. 62 van 1977 | Wet op Registrasie van Outeursreg in Rolprente, 1977 | **Wysiging van artikel 1 van Wet 62 van 1977**<br><br>**1.** Artikel 1 van die Wet op Registrasie van Outeursreg in Rolprente, 1977, word hierby gewysig deur—<br>*(a)* die volgende omskrywing na die omskrywing van **"hof"** in te voeg:<br>" **'Kommissie'** die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom, deur artikel 185 van die Maatskappywet, 2008 ingestel";<br>*(b)* die omskrywing van **"regspraktisyn"** deur die volgende omskrywing te vervang:<br>" **'regspraktisyn'** 'n prokureur van die **[Hooggeregshof]** Hoë Hof van Suid-Afrika of 'n advokaat van daardie Hof behoorlik deur 'n prokureur of patentagent gelas om voor die Registrateur **[of sy plaasvervanger]** te verskyn;"<br>*(c)* die omskrywing van **"Registrateur"** deur die volgende omskrywing te vervang:<br>" **'Registrateur'** die **[Registrateur van Outeursreg kragtens hierdie Wet aangestel]** Kommissaris wat aangestel is ingevolge artikel 189 van die Maatskappywet, 2008;";<br>*(d)* die omskrywing van **"registrasiekantoor"** deur die volgende omskrywing te vervang:<br>" **'registrasiekantoor'** die **[registrasiekantoor vir outeursreg in rolprente in artikel 2 bedoel]** kantoor van die Kommissie;"<br><br>**Herroeping van artikel 2 van Wet 62 van 1977**<br><br>**2.** Artikel 2 van die Wet op Registrasie van Outeursreg in Rolprente, 1977, word hiermee herroep.<br><br>**Wysiging van artikel 3 van Wet 62 van 1977**<br><br>**3.** Artikel 3 van die Wet op Registrasie van Outeursreg in Rolprente, 1977, word hierby gewysig deur subartikel (1) en (2) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:<br>"(1) Die Kommissie moet die magte uitoefen en die pligte verrig wat deur hierdie Wet aan die Registrateur verleen word en is verantwoordelik vir die administrasie van die registrasiekantoor.<br>(2) Die **[Registrateur]** Kommissie kan aan 'n beampte of werknemer in die **[staatsdiens]** Kommissie enige van die bevoegdhede delegeer en enige van die pligte opdra wat aan **[hom]** die registrateur deur hierdie Wet toegewys is." |

| Wet no. en Jaar | Kort titel | Omvang van wysiging of herroeping |
|---|---|---|
| Wet No. 57 van 1978 | Wet op Patente, 1978 | **Wysiging van artikel 2 van Wet 57 van 1978, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 76 van 1988, artikel 1 van Wet 49 van 1996, artikel 27 van Wet 38 van 1977 en artikel 1 van Wet 20 van 2005**<br><br>**1.** Artikel 2 van die Wet op Patente, 1978, word hierby gewysig deur—<br>*(a)* die volgende omskrywing na die omskrywing van **“kommissaris”** in te voeg:<br>“ **‘Kommissie’** beteken die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom, wat deur artikel 185 van die Maatskappywet, 2008 ingestel is”;<br>*(b)* die omskrywing van **“patentkantoor”** deur die volgende omskrywing te vervang:<br>“ **‘patentkantoor’** die **[patentkantoor wat ingevolge artikel 5 ingestel is]** kantoor van die Kommissie; en<br>*(c)* die omskrywing van **“registrateur”** deur die volgende omskrywing te vervang:<br>“ **‘registrateur’** die **[registrateur van patente wat ingevolge artikel 7 aangestel is]** Kommissaris wat aangestel word kragtens artikel 189 van die Maatskappywet, 2008;”;<br><br>**Herroeping van artikel 5 van Wet 57 van 1978**<br><br>**2.** Artikel 5 van die Wet op Patente, 1978, word hierby herroep.<br><br>**Wysiging van artikel 7 van Wet 57 van 1978**<br><br>**3.** Artikel 7 van die Wet op Patente, 1978, word hierby gewysig deur—<br>*(a)* subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:<br>“(1) Die **[Minister stel, met inagneming van die wette tot reeling van die staatsdiens, ’n registrateur van patente aan wat]** Kommissie—<br>*(a)* kan die bevoegdhede uitoefen en moet die pligte verrig wat by hierdie Wet aan die registrateur verleen en hom opgelê word; en<br>*(b)* **[en wat, behoudens die voorskrifte van die Minister, die hoofbeheer oor]** is verantwoordelik vir die administrasie van die patentkantoor **[het]**.<br>*(b)* subartikel (2) te herroep;<br>*(c)* subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:<br>“(3) Die Kommissie mag enige van die magte en pligte wat deur hierdie Wet aan die registrateur verleen word, delegeer of toevertrou aan enige beampte of werknemer van die Kommissie.” |

| Wet no. en Jaar | Kort titel | Omvang van wysiging of herroeping |
|---|---|---|
| Wet No. 98 van 1978 | Wet op Outeursreg, 1978 | **Wysiging van artikel 1 van Wet 98 van 1978, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 56 van 1980, artikel 1 van Wet 66 van 1983, artikel 1 van Wet 52 van 1984, artikel 1 van Wet 13 van 1988, artikel 1 van Wet 125 van 1992, artikel 50 van Wet 38 van 1977 en artikel 1 van Wet 9 van 2002**<br><br>**1.** Artikel 1 van die Wet op Outeursreg, 1978, word hierby gewysig deur die omskrywing van **"Registrateur"** deur die volgende omskrywing te vervang:<br>" **'Registrateur'** die **[Registrateur van Outeursreg, wat die persoon is wat as Registrateur van Patente ingevolge artikel 7 van die Wet op Patente, 1978, aangestel is]** Kommissaris wat ingevolge artikel 189 van die Maatskappywet, 2008 aangestel is;" |
| Wet No. 59 van 1980 | Wet op die Beheer van Aandeleblokke, 1980 | **Wysiging van artikel 1 van Wet 59 van 1980**<br><br>**1.** Artikel 1 van die Wet op die Beheer van Aandeleblokke, 1980, word hiermee gewysig deur:<br>*(a)* die omskrywing van **"Maatskappywet"** deur die volgende omskrywing te vervang:<br>" **'Maatskappywet'** die Maatskappywet **[1973 (Wet No. 61 van 1973)]** 2008;"; en<br>*(b)* die volgende omskrywing na die omskrywing van **"praktisyn"** in te voeg:<br>" **'Registrateur'** die Kommissaris wat ingevolge artikel 189 van die Maatskappywet aangestel is;"; |
| Wet No. 194 van 1993 | Wet op Handelsmerke, 1993 | **Wysiging van artikel 2 van Wet 194 van 1993**<br><br>**1.** Artikel 2 van die Wet op Handelsmerke, 1993, word hierby gewysig deur—<br>*(a)* die volgende omskrywing na die omskrywing van **"hof'** in te voeg:<br>" **'Kommissie'** beteken die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom, wat by artikel 185 van die Maatskappywet, 2008, ingestel is;<br>*(b)* die omskrywing van **"registrateur"** deur die volgende omskrywing te vervang:<br>" **'registrateur'** die **[registrateur van handelsmerke wat kragtens artikel 6 aangestel is of geag word daarkragtens aangestel te wees]** Kommissaris wat ingevolge artikel 189 van die Maatskappywet, 2008 aangestel is;"; en<br>*(c)* die volgende omskrywing na die omskrywing van **"handelsmerk"** in te voeg:<br>" **'handelsmerkekantoor'** die kantoor van die Kommissie;";<br><br>**Herroeping van artikel 5 van Wet 194 van 1994**<br><br>**2.** Artikel 5 van die Wet op Handelsmerke, 1993, word hierby herroep. |

| Wet no. en Jaar | Kort titel | Omvang van wysiging of herroeping |
|---|---|---|
| | | **Wysiging van artikel 6 van Wet 194 van 1993**<br><br>**3.** Artikel 6 van die Wet op Handelsmerke, 1993, word hierby gewysig deur—<br>*(a)* subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:<br>(1) Die Kommissie—<br>*(a)* moet die magte uitoefen en die pligte verrig wat deur hierdie Wet aan die registrateur verleen word; en<br>*(b)* is verantwoordelik vir die administrasie van die handelsmerkekantoor.''.<br>*(b)* subartikel (2) en (4) te herroep. |
| Wet No. 195 van 1993 | Wet op Modelle, 1993 | **Wysiging van artikel 1 van Wet 195 van 1993 soos gewysig deur artikel 69 van Wet 38 van 1997**<br><br>**1.** Artikel 1 van die Wet op Modelle, 1993, word hierby gewysig deur—<br>*(a)* die volgende omskrywing na die omskrywing van **"joernaal"** in te voeg:<br>" **'Kommissie'** beteken die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom, wat by artikel 185 van die Maatskappywet, 2008; ingestel is'';<br>*(b)* die omskrywing van **"modellekantoor"** deur die volgende omskrywing te vervang:<br>" **'modellekantoor'** die **[modellekantoor in artikel 4 bedoel]** kantoor van die Kommissie;<br>*(c)* die omskrywing van **"registrateur"** deur die volgende omskrywing te vervang:<br>" **'registrateur'** die **[registrateur van modelle wat kragtens artikel 6 aangestel is of geag word daarkragtens aangestel te wees]** Kommissaris wat kragtens artikel 189 van die Maatskappywet, 2008 aangestel is;'';<br><br>**Herroeping van artikel 4 van Wet 195 van 1993**<br><br>**2.** Artikel 4 van die Wet op Modelle, 1993, word hierby herroep.<br><br>**Wysiging van artikel 6 van Wet 195 van 1993**<br><br>**3.** Artikel 6 van die Wet op Modelle, 1993, word hierby gewysig deur—<br>*(a)* subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:<br>"(1) Die **[Minister stel, met inagneming van die wette tot reeling van die staatsdiens, 'n registrateur van modelle aan, wat]** Kommissie—<br>*(a)* kan die bevoegdhede uitoefen en moet die pligte verrig wat by hierdie Wet aan die registrateur verleen en **[hom]** opgelê word; en<br>*(b)* **[en wat, behoudens die voorskrifte van die Minister, die hoofbeheer oor]** is verantwoordelik vir die administrasie van die modellekantoor **[het]**.<br>*(b)* subartikel (2) en (3) te herroep; |

| **Wet no. en Jaar** | **Kort titel** | **Omvang van wysiging of herroeping** |
|---|---|---|
| | | *(c)* subartikel 4 deur die volgende subartikel te vervang:<br>"4. Die Kommissie mag enige van die magte en enige van die pligte wat deur hierdie Wet aan die registrateur verleen word, delegeer of toevertrou aan enige beampte of werknemer van die Kommissie.". |
| UmThetho ongunombolo 14 wonyaka ka-2005 | UmThetho weeManyano zamaShishini ka-2005 | **Ukulungiswa kwecandelo 1 lomThetho 14 ka-2005**<br><br>1. Icandelo 1 lomThetho weeManyano zamaShishini, ka-2005 lilungiswa ngoku—<br>*(a)* fakela emva kwenkcazo **'yomanyano lwamashishini ezolimo'** ezi nkcazo zilandelayo:<br>" **'IKhomishini'** ithetha iiKhampani kunye neKhomishini yePropati yeNgqondo, eyamiselwa ngokwecandelo 185 lomThetho weeKhampani;<br>**'UmThetho weeKhampani'** uthetha umThetho weeKhampani ka-2008:"<br>*(b)* ukususwa kwenkcazo yo**"sekela mgcini zincwadi"** kunye no**"Mlawuli Jikelele"**; kunye<br>*(c)* nokutshintshwa kwenkcazo **yo'mgcini zincwadi'** njengezi nkcazo zilandelayo:<br>" **'umgcini zincwadi'** uthetha **[umGcini zincwadi weeManyano zamaShishini]** UmKhomishinala onyulwe ngokwecandelo 189 lomThetho weeKhampani;". |
| | | **Ukulungiswa kwecandelo 78 lomThetho 14 ka-2005**<br><br>1. ICandelo 78 lomThetho weeManyano zamaShishini ka-2008 ulungiswa ngoku—<br>*(a)* tshintshwa kwecandelwana (1) leli candelwana lilandelayo:<br>"(1) **[UMphathiswa]** IKhomoshini—<br>*(a)* **[kufuneka onyule igosa kwinkonzo karhulumente njengomGcini zincwadi weeManyano zamaShishini, kunye negunya loku—]** ingasebenzisa amagunya kwaye kufuneka yenze imisebenzi enikwe umgcini zincwadi ngu- okanye ngokwemigaqo yalo mThetho;<br>*(b)* Ukususwa kwecandelwana (1)*(b)* kunye no*(c)*;<br>*(c)* Ukutshintshwa ngokwecandelwana (2) leli candelwana lilandelayo:<br>(2) **[Umgcini zincwadi]** IKhomishini ingagunyazisa, kumaxesha ngamaxesha, naliphina igunya elinikwe **[yena]** umgcini zincwadi ngu- okanye phantsi kwalo mThetho nakweliphina igosa okanye umqeshwa **[kwinkonzo karhulumente]** kwiKhomishini.". |

## BYLAE 4

## WETGEWING WAT DEUR DIE KOMMISSIE AFGEDWING MOET WORD

Soos in subartikel 188 bedoel, is die Kommissie verantwoordelik vir die administrasie en afdwinging van die volgende wette:

Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984)
Wet op die Beheer van Aandeleblokke, 1980 (Wet No. 59 van 1980)
''Co-operatives Act, 2005'' (Wet No. 14 van 2005)
Wet op Outeursreg, 1978 (Wet No. 98 van 1978)
Wet op die Beskerming van Voordraers, 1967 (Wet No. 11 van 1967)
Wet op Registrasie van Outeursreg in Rolprente, 1977 (Wet No. 62 van 1977)
Wet op Nagemaakte Goedere, 1977 (Wet No. 37 van 1997)
Wet op Modelle, 1993 (Wet No. 195 van 1993)
Wet op Handelswaremerke, 1941 (Wet No. 17 van 1941)
Wet op Patente, 1978 (Wet No. 57 van 1978)
Wet op Handelsmerke, 1993 (Wet No. 195 van 1993)
Wet op Ongeoorloofde Gebruik van Embleme, 1961 (Wet No. 37 van 1961)
Wet op Outeursreg in die Vlaglied, 1974 (Wet No. 9 van 1974)
Wet op die Beskerming van Ondernemings, 1987 (Wet No. 99 van 1978)

## BYLAE 5

## OORGANGSBEPALINGS

### Vertolking

**1.** (1) In hierdie Bylae beteken—

*(a)* **''algemene inwerkingtredingsdatum''** die datum waarop artikel 1 van hierdie Wet in werking getree het; en

*(b)* **''vorige Wet''** die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973).

(2) 'n Verwysing in hierdie Bylae—

*(a)* na 'n artikel volgens nommer, is 'n verwysing na die ooreenstemmende artikel van—

(i) die vorige Wet, indien die nommer gevolg word deur die woorde ''van die vorige Wet''; of

(ii) in enige ander geval, hierdie Wet; of

*(b)* na 'n item of enige subitem volgens nommer is 'n verwysing na die ooreenstemmende item of subitem van hierdie Bylae.

(3) Nieteenstaande enige ander bepaling van hierdie Wet—

*(a)* kan die Minister, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, 'n datum bepaal waarop die Kommissie enige bepaalde funksie of mag wat ingevolge hierdie Wet aan hulle verleen word, mag uitoefen; en

*(b)* tot op 'n datum soos deur die Minister bepaal ingevolge paragraaf *(a)*—

(i) kan die Kommissie nie daardie bepaalde funksie verrig of daardie bepaalde mag uitoefen nie; en

(ii) het die Minister die gesag en dra die verantwoordelikheid om enige sodanige funksie te verrig of enige sodanige gesag uit te oefen wat hierdie Wet aan die Kommissie verleen.

### Voortsetting van voorafbestaande maatskappye

**2.** Vanaf die algemene inwerkingtredingsdatum gaan elke voorafbestaande maatskappy wat onmiddellik voor daardie datum—

*(a)* geïnkorporeer of geregistreer was ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973); of

*(b)* erken word as 'n ''bestaande maatskappy'' ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973)

voort om as 'n maatskappy te bestaan asof dit ingevolge hierdie Wet geïnkorporeer en geregistreer is, met dieselfde naam en registrasienommer wat voorheen daaraan toegeken is, onderhewig aan item 4.

**Hangende indienings**

**3.** (1) Enige saak wat kragtens die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), voor die inwerkingtredingsdatum ingedien is en op daardie tydstip nie ten volle afgehandel is nie, moet kragtens daardie Wet deur die Registrateur afgehandel word ten spyte van die herroeping daarvan.

(2) Enige omskepping van 'n maatskappy na 'n beslote korporasie wat ingevolge artikel 27 van die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984), voor die inwerkingtredingsdatum by die Registrateur ingedien is en op daardie tydstip nie ten volle afgehandel is nie, moet ingevolge daardie Wet deur die Registrateur afgehandel word ten spyte van die herroeping van daardie artikel.

(3) 'n Maatskappy wat ingevolge subitem (1) geïnkorporeer en geregistreer is, word geag—

*(a)* as ingevolge die vorige Wet geregistreer te wees; en

*(b)* as 'n voorafbestaande maatskappy vir alle doeleindes van hierdie Wet.

**Akte van Oprigting en Reëls**

**4.** (1) Elke voorafbestaande maatskappy—

*(a)* wat ingevolge artikel 21 van die vorige Wet geïnkorporeer is, word geag sy Akte van Oprigting vanaf die inwerkingtredingsdatum te gewysig het om uitdruklik te verklaar dat dit 'n maatskappy sonder winsoogmerk is, en sy naam te verander het in soverre vereis word om aan artikel 11(3)*(b)* te voldoen;

*(b)* waarvan die Statute persoonlike aanspreeklikheid aan sy direkteure of vorige direkteure opgelê het, soos beoog in artikel 53*(c)* van die vorige Wet, word geag sy Akte van Oprigting te gewysig het met ingang van die algemene inwerkingtredingsdatum om uitdruklik te verklaar dat dit 'n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid is, en sy naam te verander het in soverre vereis word om aan artikel 11(3)*(b)* te voldoen;

*(c)* wat ingevolge die vorige Wet geregistreer is, en ingevolge hierdie Wet binne die omskrywing van 'n maatskappy in staatsbesit val, word geag sy Akte van Oprigting vanaf die algemene inwerkingtredingsdatum te gewysig het om sy naam te verander het in soverre vereis word om aan artikel 11(3)*(b)* te voldoen; of

*(d)* wat deur waarborg beperk word, behalwe ingevolge artikel 21 van die vorige Wet—

(i) mag binne 20 sakedae na die algemene inwerkingtredingsdatum 'n kennisgewing indien met die keuse om vanaf die algemene inwerkingtredingsdatum 'n maatskappy met 'n winsoogmerk te word, en sy naam te verander het in soverre vereis word om aan artikel 11(3)*(b)* te voldoen; of

(ii) indien dit versuim om 'n kennisgewing ingevolge subparagraaf (i) in te dien, word geag om sy Akte van Oprigting vanaf die algemene inwerkingtredingsdatum te gewysig het om uitdruklik te bepaal dat dit 'n maatskappy sonder winsoogmerk is, en sy naam te verander het in soverre vereis word om te voldoen aan artikel 11(3)*(b)*.

(2) 'n Voorafbestaande maatskappy mag op enige tydstip binne twee jaar onmiddellik na die algemene inwerkingtredingsdatum kosteloos—

*(a)* 'n wysiging van sy Akte van Oprigting aanbring om dit met hierdieWet te laat ooreenstem; en

*(b)* indien nodig, 'n kennisgewing van naamverandering en kopie van 'n spesiale besluit soos in artikel 16 beoog, indien ten einde sy naam te verander om aan die vereistes van hierdie Wet te voldoen.

(3) Indien, voor die algemene inwerkingtredingsdatum, 'n voorafbestaande maatskappy enige bindende bepalings aangeneem het, onder watter styl of titel ook al, wat in doel en effek vergelykbaar is met die reëls van 'n maatskappy soos in artikel 15(3) beoog, gaan daardie bepalings voort om dieselfde gewig te dra—

*(a)* vir 'n tydperk van twee jaar vanaf die algemene inwerkingtredingsdatum, of tot deur die maatskappy verander; en

*(b)* na die tydperk van twee jaar, in die mate wat dit met hierdie Wet strook.

(4) Gedurende die tydperk van twee jaar onmiddellik na die algemene inwerkingtredingsdatum—

*(a)* indien daar 'n strydigheid is tussen 'n bepaling van hierdie Wet en 'n bepaling van 'n voorafbestaande maatskappy se Akte van Oprigting, geld die laasgenoemde bepaling behalwe in die mate wat hierdie Bylae andersins bepaal; en

*(b)* nieteenstaande Hoofstuk 7, totdat 'n voorafbestaande maatskappy 'n wysiging ingedien het soos beoog in subitem (2), kan nóg die Kommissie nóg die Paneel 'n voldoeningskennisgewing aan daardie maatskappy uitreik ten opsigte van gedrag wat—

(i) strydig met hierdie Wet is; maar

(ii) strook met daardie maatskappy se Akte van Oprigting.

**Voorinkorporasiekontrakte**

**5.** Artikel 21 is nie van toepassing ten opsigte van 'n voorafbestaande maatskappy nie.

**Pariwaarde van aandele, skatkisaandele, kapitaalrekeninge en aandelesertifikate**

**6.** (1) Artikel 35(2) is nie van toepassing op 'n bank, soos omskryf in die Bankwet, 1993 (Wet No. 124 van 1993), tot op 'n datum wat deur die Minister verklaar word na oorleg met die lid van die Kabinet wat verantwoordelik is vir nasionale finansiële sake nie.

(2) Nieteenstaande artikel 35(2) behou enige aandele van 'n voorafbestaande maatskappy wat met 'n nominale of pariwaarde uitgereik is en onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum deur 'n aandeelhouer gehou word, die nominale of pariwaarde wat daaraan toegeken is toe dit uitgereik is, kragtens enige regulasies wat ingevolge subitem (3) gemaak is.

(3) Die Minister, in oorleg met die lid van die Kabinet wat vir nasionale finansiële sake verantwoordelik is, moet regulasies maak wat op die algemene inwerkingtredingsdatum in werking moet tree en voorsiening maak vir die oorgangstatus en omskepping van enige aandele met 'n nominale of pariwaarde, skatkisaandele, en kapitaalrekeninge van 'n voorafbestaande maatskappy, maar enige sodanige regulasies moet—

*(a)* die regte bewaar van aandeelhouers wat op die inwerkingtredingsdatum met sodanige aandele verbind word, in die mate wat dit sodoende verenigbaar is met die doeleindes van hierdie item; of

*(b)* bepaal dat die maatskappy sy aandeelhouers vergoed vir die verlies van enige sodanige regte.

(4) Versuim van enige aandelesertifikaat wat deur 'n voorafbestaande maatskappy uitgereik word om te voldoen aan die vereistes van artikels 51(1) tot (4)—

*(a)* is nie 'n oortreding van daardie artikel nie; en

*(b)* maak nie daardie aandelesertifikaat ongeldig nie.

**Maatskappyfinansies en -bestuur**

**7.** (1) 'n Persoon wat onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum 'n amp beklee as 'n direkteur, voorgeskrewe beampte, maatskappysekretaris of ouditeur van 'n voorafbestaande maatskappy, behou daardie amp vanaf die inwerkingtredingsdatum, onderhewig aan die maatskappy se Akte van Oprigting, en hierdie Wet.

(2) 'n Persoon soos beoog in subitem (1), wat ingevolge hierdie Wet nie verkiesbaar is nie of onbevoeg verklaar word om 'n direkteur, sekretaris of ouditeur te wees, word geag as uit daardie amp te bedank het vanaf die inwerkingtredingsdatum.

(3) Vanaf die algemene inwerkingtredingsdatum word 'n voorafbestaande maatskappy geag 'n aantal vakatures op die direksie te hê gelyk aan die verskil tussen—

*(a)* die minimum aantal direkteure wat vereis word deur of ingevolge hierdie Wet; en

*(b)* die werklike aantal direkteure van daardie voorafbestaande maatskappy onmiddellik voor die algemene inwerkingtredingsdatum, indien daardie aantal minder is as die minimum waarna in paragraaf *(a)* verwys word.

(4) 'n Vakature in die amp van direkteur, sekretaris of ouditeur van 'n voorafbestaande maatskappy vanaf die inwerkingtredingsdatum, hetsy ontstaan deur die werking van subitems (2) of (3), of andersins, moet ooreenkomstig hierdie Wet gevul word.

(5) Ongeag enige strydige bepaling in 'n maatskappy se Akte van Oprigting, is die bepalings van hierdie Wet met betrekking tot—

*(a)* die pligte, gedrag en aanspreeklikheid van direkteure op elke direkteur van 'n voorafbestaande maatskappy van toepassing vanaf die inwerkingtredingsdatum;

*(b)* regte van aandeelhouers om ingevolge hierdie Wet enige kennis te ontvang of toegang te hê tot enige inligting vanaf die inwerkingtredingsdatum, op elke voorafbestaande maatskappy van toepassing;

*(c)* vergaderings van aandeelhouers of direkteure, en die aanneem van besluite vanaf die inwerkingtredingsdatum op elke voorafbestaande maatskappy van toepassing; en

*(d)* Hoofstuk 5 vanaf die inwerkingtredingsdatum op elke voorafbestaande maatskappy van toepassing behalwe in die mate wat dit deur of ingevolge daardie Hoofstuk vrygestel word.

(6) Nieteenstaande enige strydige bepaling in die maatskappy se Akte van Oprigting is goedkeuring van enige uitkering, finansiële bystand, binnekenner-aandelekwessies of opsies, aan hierdie Wet onderhewig, selfs al is enige sodanige optrede voor die inwerkingtredingsdatum deur 'n maatskappy se aandeelhouers goedgekeur.

(7) 'n Reg van enige persoon om 'n regsmiddel ingevolge hierdie Wet te verkry, is van toepassing ten opsigte van gedrag wat betrekking het op 'n voorafbestaande maatskappy en voor die inwerkingtredingsdatum plaasgevind het, tensy die persoon voor die inwerkingtredingsdatum in 'n hof regstappe ingestel het ten opsigte van dieselfde gedrag.

(8) 'n Voorafbestaande maatskappy oortree nie hierdie Wet slegs uit hoofde van 'n versuim om—

*(a)* enige rekord in stand te hou vir die tydsduur wat deur artikel 24(1) vereis word nie, indien—

(i) die maatskappy voor die inwerkingtredingsdatum van daardie rekord ontslae geraak het; en

(ii) op die tydstip toe die maatskappy van die rekord ontslae geraak het, daar nie ingevolge enige openbare regulasie vereis is om daardie rekord in stand te bly hou nie; of

*(b)* by sy kennisgewing van inkorporasie ingevolge die vorige Wet 'n duidelike verklaring in te sluit wat vergelykbaar is met dié wat deur artikel 13(3) van hierdie Wet vereis word nie.

(9) 'n Bepaling van die Akte van Oprigting van 'n voorafbestaande maatskappy wat vergelykbaar is met 'n bepaling soos beoog in artikel 15(2), is na die inwerkingtredingsdatum net so geldig as wat dit onmiddellik voor daardie datum was, ongeag enige versuim van die maatskappy om die aandag op daardie bepaling te gevestig het op die wyse soos deur artikel 13(3) vereis.

(10) Artikel 19(4) is van toepassing op enige bepaling van die Akte van Oprigting van 'n voorafbestaande maatskappy wat vergelykbaar is met 'n bepaling soos beoog in artikel 15(2), vanaf die tydstip wat die maatskappy 'n kennisgewing van daardie bepaling indien.

**Maatskappyname en reservering van name**

**8.** (1) Enige reservering van 'n naam deur die Registrateur ingevolge artikel 42 van die vorige Wet, wat onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum in werking was, word kragtens subitem (2) vanaf die inwerkingtredingsdatum beskou as 'n reservering ingevolge artikel 12 van hierdie Wet.

(2) Indien die Kommissie glo dat 'n gereserveerde naam soos in subitem (1) beoog nie aan die vereistes van artikel 11 voldoen nie—

*(a)* moet die Kommissie die persoon vir wie se gebruik die naam gereserveer is, in kennis stel en die persoon uitnooi om die reservering van 'n plaasvervangende naam wat aan die vereistes van hierdie Wet voldoen, aan te vra; en

*(b)* die betrokke persoon mag enige tyd binne 120 sakedae na die datum van die Kommissie se kennisgewing kosteloos 'n versoek indien soos in paragraaf *(a)* beoog.

(3) Enige registrasie deur die Registrateur van—

*(a)* 'n vertaling of verkorte weergawe van 'n naam ingevolge artikel 43 van die vorige Wet wat onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum van krag was,

word geag 'n registrasie van daardie naam te wees, asof dit as 'n naam van daardie betrokke maatskappy geregistreer was ingevolge hierdie Wet; of

*(b)* 'n defensiewe naam ingevolge artikel 43 van die vorige Wet, wat onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum van krag was, moet geag word asof dit vanaf die inwerkingtredingsdatum gereserveer is ingevolge artikel 12 van hierdie Wet, maar enige sodanige reservering van 'n naam verstryk op die vroegste van—
   (i) die datum waarop die naam gebruik word deur 'n maatskappy wat geïnkorporeer is deur die persoon vir wie die naam gereserveer is; of
   (ii) die tweede herdenking van die algemene inwerkingtredingsdatum.

**Volgehoue toepassing van die vorige Wet op likwidasie**

**9.** (1) Nieteenstaande die herroeping van die vorige Wet, bly Hoofstuk 14 van daardie Wet tot op die datum wat behoudens subitem (4) bepaal word, van toepassing ten opsigte van die likwidasie van maatskappye kragtens hierdie Wet, asof daardie Wet nie behoudens subitems (2) en (3) herroep is nie.

(2) Nieteenstaande subitem (1), is artikels 343, 344, 346 en 348 tot 353 nie van toepassing op die likwidasie van 'n solvente maatskappy nie, behalwe in die mate wat nodig is om ten volle uitvoering te gee aan die bepalings van Deel G van Hoofstuk 2.

(3) Indien daar ten opsigte van 'n solvente maatskappy strydigheid bestaan tussen 'n bepaling van die vorige Wet wat steeds ingevolge subitem (1) van toepassing is, en 'n bepaling van Deel G van Hoofstuk 2 van hierdie Wet, geld die bepalings van hierdie Wet.

(4) Die Minister mag by kennisgewing in die *Staatskoerant*—

*(a)* 'n datum bepaal waarop hierdie item ophou om van krag te wees, maar geen sodanige kennisgewing mag gegee word totdat die Minister tevrede is dat alternatiewe wetgewing van krag geraak het wat toereikend voorsiening maak vir die likwidasie van insolvente maatskappye nie; en

*(b)* bykomende reëls voorskryf wat nodig mag wees om voorsiening te maak vir die doeltreffende oorgang vanaf die bepalings van die Wet wat herroep is na die bepalings van die alternatiewe wetgewing wat in paragraaf *(a)* beoog word.

**Handhawing en voortsetting van hofverrigtinge en -bevele**

**10.** (1) Enige verrigtinge in enige hof ingevolge die vorige Wet onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum, word ingevolge daardie Wet voortgesit asof dit nie afgeskaf is nie.

(2) Enige bevel van 'n hof wat ingevolge die vorige Wet en onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum van krag was, bly van krag asof daardie Wet nie afgeskaf is nie, onderhewig aan enige verdere bevel van die hof.

**Algemene handhawing van regulasies, regte, pligte, kennisgewings en ander instrumente**

**11.** (1) Enige reg of begunstiging wat ingevolge enige bepaling van die vorige Wet geniet is deur, of verpligting wat opgelê is aan, enige persoon, wat nie onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum uitgeoefen of nagekom is nie, is vanaf die datum waarop die reg, begunstiging of verpligting die eerste keer ontstaan het, 'n geldige reg of begunstiging van, of verpligting wat opgelê is aan daardie persoon ingevolge enige vergelykbare bepaling van hierdie Wet, onderhewig aan die bepalings van hierdie Wet.

(2) 'n Kennisgewing wat deur enige persoon aan 'n ander persoon gegee word ingevolge enige bepaling van die vorige Wet, moet vanaf die datum waarop die kennisgewing kragtens die vorige Wet gegee is, beskou word as kennis gegee ingevolge enige vergelykbare bepaling van hierdie Wet.

(3) 'n Dokument wat voor die inwerkingtredingsdatum ooreenkomstig die vorige Wet beteken is, moet vir enige vergelykbare doel van hierdie Wet beskou word as bevredigend beteken.

(4) 'n Bevel wat deur 'n inspekteur uitgereik is ingevolge enige bepaling van die vorige Wet en onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum van krag was, bly van krag, onderworpe aan die bepalings van hierdie Wet.

**Oorgang van regulerende agentskappe**

**12.** (1) Die persoon wat voor die algemene inwerkingtredingsdatum die pos van hoof uitvoerende beampte van die Registrasiekantoor vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom beklee het, moet beskou word as op die algemene inwerkingtredingsdatum as die Kommissaris aangestel te wees ingevolge artikel 189, vir 'n termyn wat deur die Minister bepaal moet word.

(2) 'n Persoon in diens van die Registrasiekantoor vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom of die Kantoor vir die Wetstoepassing van Maatskappye en Intellektuele Eiendom in die Departement van Handel en Nywerheid, raak op die inwerkingtredingsdatum 'n werknemer van die Kommissie.

(3) Die oorplasing van departementele werknemers na die Kommissie moet uitgevoer word ooreenkomstig—

*(a)* artikel 197 van die Wet op Arbeidsbetrekkinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995); en

*(b)* enige gesamentlike ooreenkoms wat voor die inwerkingtredingsdatum bereik word tussen die Staat en die vakbondpartye van die Departementele Kamer van die Staatsdiensbedingingsraad.

(4) 'n Persoon na wie in subitem (2) verwys word, bly onderworpe aan enige besluite, verrigtinge, beslissings en aanwysings wat onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum op daardie persoon van toepassing was, en enige regstappe teen sodanige persoon wat onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum hangende was, moet afgehandel word asof hierdie Wet nie verorden is nie.

(5) Enige persoon wat ingevolge subitem (2) en (3) oorgeplaas word—

*(a)* bly 'n lid van die Pensioenfonds vir Regeringswerknemers wat in artikel 2 van die Wet op Pensioene vir Regeringswerknemers, 1996, genoem word; en

*(b)* is geregtig op pensioen- en aftreevoordele asof daardie persoon in diens was in 'n pos wat geklassifiseer word in 'n afdeling van die staatsdiens wat in artikel 8(1)*(a)*(i) van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 21 van 1996) genoem word.

(6) Met ingang van die algemene inwerkingtredingsdatum—

*(a)* word alle roerende bates van die staat wat onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum gebruik is deur of tot beskikking was van die Registrasiekantoor vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom en die Kantoor vir die Wetstoepassing van Maatskappye en Intellektuele Eiendom in die Departement, behalwe daardie bates wat deur die Minister uitgesluit word, die eiendom van die Kommissie;

*(b)* gaan alle kontraktuele regte, verpligtinge en laste van die Maatskappy en die Registrasiekantoor vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom oor na die Kommissie;

*(c)* word alle finansiële, administratiewe en ander rekords van die Maatskappy en die Registrasiekantoor vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom, insluitende alle toepaslike dokumente in besit van daardie kantoor onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum, na die Kommissie oorgeplaas; en

*(d)* word die bates en laste van die Sekuriteitereguleringspaneel wat tot stand gekom het deur artikel 440B van die Maatskappywet, 1973, oorgeplaas na en is bates en laste onderskeidelik van die Paneel.

(7) Behoudens subitem (8), op die algemene inwerkingtredingsdatum—

*(a)* word die persoon, indien enige, wat onmiddellik voor daardie datum ingevolge die Maatskappywet, 1973, die amp beklee het van lid, Voorsitter, Ondervoorsitter of Uitvoerende Direkteur van die Sekuriteitereguleringspaneel, ingevolge hierdie Wet beskou as aangestel te wees as 'n lid, Voorsitter, Ondervoorsitter of Uitvoerende Direkteur onderskeidelik van die Paneel;

*(b)* word enige persoon in diens van die Sekuriteitereguleringspaneel 'n werknemer van die Paneel;

*(c)* is die bepalings en voorwaardes van die amp of aanstelling van 'n persoon soos in hierdie subitem beoog, presies dieselfde as die bepalings en voorwaardes van die amp of aanstelling wat tussen daardie persoon en die Sekuriteitereguleringspaneel bestaan het onmiddellik voor die algemene inwerkingtredingsdatum, behoudens enige verdere beslissing deur die Paneel in die uitoefening van sy gesag soos uiteengesit in artikels 200(1), 200(2)*(b)* en 210(3); en

(*d*) behou enige persoon soos in hierdie subitem beoog, wat as 'n werknemer of ampsdraer van die Sekuriteitereguleringspaneel onmiddellik voor die algemene inwerkingtredingsdatum enige regte gehad het om te deel in, of gevestigde regte ingevolge enige pensioenskema of mediese skema gehad het, daardie regte, behoudens enige verdere beslissing deur die Paneel in die uitoefening van sy gesag soos uiteengesit is artikels 200(1), 200(2)*(b)* en 210(3).

(8) Indien, na die algemene inwerkingtredingsdatum, 'n persoon na wie in subitem (7)*(c)* of *(d)* verwys word—

(*a*) bedank uit 'n amp, of daardie persoon se diens deur die Paneel beëindig word; en

(*b*) daarna aangestel word in 'n amp, of deur die Paneel heraangestel word, is artikels 200(1), 200(2)*(b)* en 210(3) ten opsigte van daardie persoon van toepassing asof die persoon vir die eerste keer aldus aangestel of in diens geneem word deur die Paneel.

(9) Die registers van maatskappye, buitelandse maatskappye, gereserveerde name en misdadige direkteure onderskeidelik, soos deur die Registrasiekantoor vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom ingevolge die vorige Wet in stand gehou is, word elk voortgesit as die register van maatskappye, buitelandse maatskappye, gereserveerde name en direkteure onderskeidelik, wat ingevolge hierdie Wet deur die Kommissie tot stand gebring moet word.

**Volgehoue ondersoek en afdwinging van vorige Wet**

**13.** (1) Nieteenstaande die herroeping van die vorige Wet—

(*a*) mag enige ondersoek deur die Minister of die Registrateur wat onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum ingevolge die vorige Wet hangende was, deur die Kommissie voortgesit word;

(*b*) mag enige ondersoek of ander saak wat deur die Sekuriteitereguleringspaneel oorweeg word ingevolge die vorige Wet en onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum hangende is, deur die Paneel voortgesit word; en

(*c*) vir 'n tydperk van drie jaar na die inwerkingtredingsdatum—

(i) mag die Kommissie enige mag van die Registrateur uitoefen, of die Paneel mag enige mag van die Sekuriteitereguleringspaneel ingevolge die vorige Wet uitoefen om enige oortreding van daardie Wet wat plaasgevind het gedurende die tydperk van drie jaar onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum, te ondersoek en te vervolg behoudens subitem (2); en

(ii) mag 'n hof 'n bevel uitreik wat in die omstandighede kragtens daardie Wet deur 'n hof uitgereik kon word.

(2) Wanneer gesag kragtens subartikel (1) uitgeoefen word, moet die Kommissie of Paneel onderskeidelik die ondersoek of ander saak ooreenkomstig die vorige Wet uitvoer.

**Regulasies**

**14.** Op die inwerkingtredingsdatum, en vir 'n tydperk van 60 sakedae na die inwerkingtredingsdatum, mag die Minister enige regulasie maak wat in hierdie Wet beoog word sonder om die prosesvereistes na te kom wat in artikel 223 of elders in hierdie Wet uiteengesit word, met dien verstande dat die Minister daardie voorgenome regulasies vir minstens 30 sakedae in die *Staatskoerant* gepubliseer het vir kommentaar.